# *DIE STEDELIKE BANTOERAAD VAN WELKOM*

## *ENKELE FAKTORE WAT DIE DOELTREFFENDE FUNKSIONERING DAARVAN (KAN) BEÏNVLOED*

*J.C.N. MENTZ.* Hons. - B.A. (Bantoereg en -administrasie) (U.S.)

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike
nakoming van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in

NATURELLE-ADMINISTRASIE

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

vir

CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Studieleier: Prof. J.H. Coetzee. 18 Desember 1970

# *V O O R W O O R D*

Talle persone het 'n bydrae tot die voltooiing van hierdie studie gelewer, maar ek wil die volgende persone of instansies in die besonder noem:

Geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing ten opsigte van die navorsing van hierdie studie word hiermee erken. Menings in die verhandeling uitgespreek, of die gevolgtrekkings waartoe geraak is, is egter die van my persoonlik en moet nie beskou word as 'n weergawe van die menings of gevolgtrekkings van die Raad nie.

My hartelike dank aan prof. J.H. Coetzee, Hoof van die Dept. Volkekunde, en vroeër ook van die Dept. Naturelle-administrasie, aan die P.U. vir C.H.O. vir die simpatieke leiding en opbouende kritiek in die tydperk wat ek onder hom studeer het. Verder ook vir die gasvryheid wat ek deurgaans by hom aan huis geniet het.

Op Welkom wil ek graag die name noem van mnr. P.R. Smit, Direkteur van Bantoesake en ook mnr. M.P.D. Spies en H.P. Scheepers, onderskeidelik Adjunk- en Assistent-Direkteur en mnr. W.J. Fourie, Bantoedorpsbestuurder. Nie alleen het hulle baie tyd aan my tydens die navorsing afgestaan vir onderhoude nie, maar het ook my navorsingsbesoeke in vele ander opsigte vergemaklik. Dit was inderwaarheid 'n plesier om in daardie Departement navorsing te kon doen. Dan wil ek ook mnre. J.D.B. Mosiako, W.K. Leutluileng en L. Mokgoera bedank wat my nie alleen deur Welkom vergesel het nie, maar ook as tolk opgetree het.

Ds. W.J. Pieterse van die sendinggemeente, Merafong, het die vraelys nie alleen vertaal nie, maar ook die doel en betekenis daarvan aan Lazarus verduidelik.

Aan die raadslede van die Stedelike Bantoeraad vir die tydperk 1966-1969, dank vir die verskaffing van inligting en bereidwilligheid om tyd af te staan vir

onderhoude en so ook aan die groot aantal inwoners van Thabong wat bereid was om mee te doen aan die meningsopname en sonder wie se samewerking hierdie verhandeling nie moontlik sou gewees het nie.

Aan mej. Danine le Roux, 'n woord van dank vir die bekwame wyse waarop sy die tikwerk afgehandel het.

Ek wil ook my kollega, dr. D.A. Kotzé, aan die Universiteit van Suid-Afrika, bedank vir sy stimulerende kritiek en advies oor baie jare.

My innige dank aan my ouers wat 'n besondere rol in my lewensvorming en opvoeding gespeel het en ook voortdurend aangemoedig het.

Ek dra hierdie verhandeling aan my vrou, Wilma, op. Haar liefde, belangstelling, aanmoediging en stimulerende kommentaar het 'n belangrike rol in die voltooiing van hierdie verhandeling gespeel.

PRETORIA
November 1970.

# *I N H O U D S O P G A W E*


| | Bladsy |
|---|---|
| *VOORWOORD* ........................................ | i |
| *HOOFSTUK 1* | |
| *ALGEMENE INLEIDING* .............................. | 1 |
| *1. PROBLEEMSTELLING* ............................ | 2 |
| *2. SAMESTELLING VAN DIE VERHANDELING* ............. | 2 |
| *3. METODES VAN ONDERSOEK* ........................ | 3 |
| *4. TERMINOLOGIE* ................................ | 7 |
| *HOOFSTUK 2* | |
| *DIE ADVISERENDE NATURELLEKOMITEESTELSEL* .......... | 9 |
| *1. ONTSTAAN VAN DIE ADVISERENDE NATURELLEKOMITEE-STELSEL* ...... | 9 |
| *1.1 INLEIDING* .................................. | 9 |
| *1.2 DIE NATURELLEN (STADSGEBIEDEN) WET, 1923* .. | 10 |
| *2. INSTELLING VAN ADVISERENDE NATURELLEKOMITEES* .. | 12 |
| *3. INSTELLING VAN DIE THABONGSE ADVISERENDE NATURELLEKOMITEE* ...... | 15 |
| *3.1 INLEIDING* .................................. | 15 |
| *3.2 INSTELLING VAN DIE THABONGSE ADVISERENDE NATURELLEKOMITEE* ...... | 18 |
| *3.2.1 SAMESTELLING* .......................... | 18 |
| *3.2.2 VERKIESING VAN LEDE* ................... | 19 |
| *3.2.3 THABONGSE ADVISERENDE NATURELLE-KOMITEE-VERKIESINGS* ........ | 22 |
| *3.3 FUNKSIONERING VAN DIE ADVISERENDE NATURELLE-KOMITEE VAN THABONG* ........ | 28 |
| *3.3.1 OORWEGING VAN DIE BEGROTING VAN UIT-GAWES VAN DIE BANTOE-INKOMSTE-REKENING* ........ | 29 |
| *3.3.2 DIE VERSKAFFING VAN ADVIES IN VER-BAND MET DORPSAANGELEENTHEDE* ........ | 33 |
| *3.3.2.1 AANBRING VAN FASILITEITE IN WOONGEBIEDE* ........ | 34 |
| *a. Straatname* .............. | 34 |
| *b. Erf-en-Dienseskema* ....... | 34 |
| *3.3.2.2 VERBETERINGE IN DIE BANTOE-WOONGEBIEDE* ........ | 35 |
| *3.3.2.3 DIE HANDHAWING VAN WET EN ORDE* ........ | 35 |

Bladsy

*HOOFSTUK 3*

*DIE STEDELIKE BANTOERAAD VAN WELKOM* .............. 38

1. *DIE STRUKTUUR VAN STEDELIKE BANTOERADE IN DIE ALGEMEEN* .................................... 38
    1.1 *INSTELLING VAN STEDELIKE BANTOERADE* ....... 38
    1.2 *SAMESTELLING VAN STEDELIKE BANTOERADE* ..... 40
        1.2.1 *VERKOSE LEDE* ........................ 40
        1.2.2 *GEKOSE LEDE* ......................... 43
            1.2.2.1 *DIE STEDELIKE AGTERGROND* .... 45
            1.2.2.2 *ONTSTAAN VAN DIE STELSEL VAN KAPTEINS-/GEBIEDSOWERHEIDS-VERTEENWOORDIGERS* ........... 47
        1.2.3 *INSTELLING VAN KOMITEES VIR STEDELIKE BANTOERADE* ......................... 53

2. *SAMESTELLING VAN DIE STEDELIKE BANTOERAAD VAN WELKOM* ................................... 53

3. *ONTSTAAN VAN DIE STEDELIKE BANTOERAAD VAN WELKOM* ................................... 54

4. *VERKIESING VAN LEDE VAN DIE STEDELIKE BANTOERAAD* .................................... 56
    4.1 *KWALIFIKASIES VAN VERKOSE, GEKOSE LEDE EN KIESERS* ............................... 57
        4.1.1 *VERKOSE LEDE* ........................ 57
        4.1.2 *GEKOSE LEDE* .......................... 58
        4.1.3 *KIESERS* ............................. 60
    4.2 *ONTSTAAN VAN VAKATURES IN DIE STEDELIKE BANTOERAAD* ............................. 61
    4.3 *BEPALINGS VAN WYKSGRENSE* .................. 63
    4.4 *PROSEDURE BY DIE VERKIESING/AANWYSING VAN LEDE VAN DIE STEDELIKE BANTOERAAD* ......... 65
        4.4.1 *GEKOSE LEDE* ......................... 65
            4.4.1.1 *NOMINASIE VAN KANDIDATE* ..... 65
            4.4.1.2 *VERKIESING VAN KANDIDATE* .... 66
        4.4.2 *AANWYSING VAN GEKOSE LEDE* ........... 68
    4.5 *VERKIESING VAN LEDE VIR DIE STEDELIKE BANTOERAAD VAN WELKOM* ..................... 69

Bladsy

*HOOFSTUK 4*

*DIE FUNKSIONERING VAN DIE STEDELIKE BANTOERAAD VAN WELKOM* .......... 72

1. *INLEIDING* .......... 72
2. *DIE VERHOUDING VAN PLAASLIKE BESTURE TOT DIE SENTRALE OWERHEID* .......... 75
3. *DIE VERHOUDING TUSSEN STEDELIKE PLAASLIKE BESTURE EN STEDELIKE BANTOERADE* .......... 78
4. *DIE FUNKSIONERING VAN STEDELIKE BANTOERADE IN DIE ALGEMEEN* .......... 80

4.1 *INLEIDING* .......... 80

4.2 *UITEENSETTING VAN DIE FUNKSIES SOOS IN DIE WET BEPAAL* .......... 82

4.2.1 *BESKERMINGSDIENSTE* .......... 85

4.2.1.1 *POLISIE* .......... 85

4.2.1.2 *REGSPREKING* .......... 86

4.2.1.3 *BEHEERFUNKSIES* .......... 88

4.2.2 *WELSYNSDIENSTE* .......... 88

4.2.2.1 *PERSOONLIKE WELSYNSDIENSTE* .. 88

4.2.2.2 *OMGEWINGSDIENSTE* .......... 89

4.2.3 *GERIEFSDIENSTE* .......... 89

4.3 *DIE FUNKSIONERING VAN DIE STEDELIKE BANTOERAAD VAN WELKOM* .......... 91

4.3.1 *BESKERMINGSDIENSTE* .......... 92

4.3.2 *WELSYNSDIENSTE* .......... 93

4.3.2.1 *PERSOONLIKE WELSYNSDIENSTE* .. 93

4.3.2.2 *OMGEWINGSDIENSTE* .......... 95

4.4 *OORDRAG VAN FUNKSIES AAN DIE STEDELIKE BANTOERAAD* .......... 98

4.5 *DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE KOMITEES VAN DIE STEDELIKE BANTOERAAD* .......... 108

4.5.1 *INLEIDING* .......... 108

4.5.2 *DIE SPORT- EN ONTSPANNINGSKOMITEE* ... 115

a. *Toer na ander stedelike sentra* ... 118

b. *Aansoek om die gebruik van die gemeenskapsaal* .......... 120

4.5.3 *DIE SOSIALE-WELSYNSKOMITEE* .......... 121

4.5.4 *DIE PUBLIEKEWERKE-KOMITEE* .......... 125

(Vervolg)

Bladsy


a. HUISVESTING .......................... 125

b. INSTANDHOUDING VAN GEBOUE .......... 125

c. SANITÊRE DIENSTE .................... 125

a. Skoonhou van Bantoedorp .......... 128

b. Versoek om groter huise .......... 129

4.5.5 DIE VERVOER- EN LISENSIEKOMITEE ...... 137

4.5.6 DIE ALGEMENEDOELEINDES-KOMITEE ........ 144

4.5.7 WYKSKOMITEES .......................... 153

HOOFSTUK 5

FAKTORE WAT DIE FUNKSIONERING VAN DIE STEDELIKE BANTOERAAD (KAN) BEÏNVLOED ........................ 163

1. INLEIDING ................................... 163

2. FAKTORE WAT 'N INVLOED OP DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE STEDELIKE BANTOERAAD VAN WELKOM UITGEOEFEN HET ................................ 169

2.1 DIE HANTERING VAN DIE STEDELIKE BANTOERAAD DEUR DIE DEPARTEMENT VAN BANTOESAKE VAN WELKOM .............................. 169

2.2 DIE INVLOED VAN DIE DEPARTEMENT BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING DEUR DIE HANTERING VAN STEDELIKE BANTOE-ADMINISTRASIE IN DIE ALGEMEEN ................ 174

2.3 DIE HOUDING VAN DIE RAADSLEDE EN KIESERS JEENS DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE STEDELIKE BANTOERAAD ..................... 183

2.3.1 DIE KIESERS ...................... 183

2.3.2 RAADSLEDE ........................ 193

3. ENKELE ALGEMENE GEVOLGTREKKINGS .............. 198

HOOFSTUK 6

ALGEMENE GEVOLGTREKKINGE ......................... 199

BIBLIOGRAFIE .................................... 210

(Vervolg)

Bladsy

*BYLAE 1*

*VRAELYS AAN KIESERS VIR DIE STEDELIKE BANTOERAAD VAN WELKOM* ............................ 223

*BYLAE 2*

*STEDELIKE BANTOERADE IN DIE REPUBLIEK* ;;;....... 226

*BYLAE 3*

*TABEL I. BEVOLKINGSAANWAS VAN DIE STEDELIKE BANTOEBEVOLKING* .................................... 227

*BYLAE 4*

*VOORSTEL VAN DIE THABONGSE ADVISERENDE NATUREL-LEKOMITEE WAARIN DIE MINISTER VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING VERSOEK IS OM 'N STEDELIKE BANTOERAAD VIR WELKOM IN TE STEL (NOTULE T.A.N.K., 11 JULIE 1961)* ............... 228

*BYLAE 5*

*KENNISGEWING VAN DIE HOU VAN 'N ALGEMENE VER-KIESING VAN DIE STEDELIKE BANTOERAAD VAN WELKOM* 230

*BYLAE 6*

*NOMINASIEVORM VIR NOMINERING VAN KANDIDATE VIR VERKIESING TOT LEDE VAN DIE STEDELIKE BANTOE-RAAD* ............................................ 231

*BYLAE 7*

*REGLEMENT VAN ORDE VAN DIE STEDELIKE BANTOE-RAAD VAN WELKOM* ................................. 232

*BYLAE 8*

*a. SAKELYS VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE ALGEMENEDOELEINDES-KOMITEE VAN DIE STEDELIKE BANTOERAAD VAN WELKOM, 24 FEBRU-ARIE 1966* .................................. 237

*b. VERSLAG VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE ALGEMENEDOELEINDES-KOMITEE AAN DIE STEDELIKE BANTOERAAD, 24 FEBRUARIE 1966 (SAKELYS VAN DIE STEDELIKE BANTOERAAD VAN WELKOM, 17 MAART 1966, pp. 4 - 7)* .................... 249

# *HOOFSTUK 1*

## *ALGEMENE INLEIDING*

Die ontdekking van diamante (1867) en goud (1886) kan as van die belangrikste stimuli tot Suid-Afrika se industriële ontwikkeling beskou word. Die ontwikkeling van die mynboubedryf wat hierop gevolg het, het 'n groot vraag na arbeid geskep, wat op sy beurt 'n grootskaalse volksverskuiwing van alle bevolkingsgroepe van die platteland af na die stedelike gebiede tot gevolg gehad het en wat die demografie van Suid-Afrika onherroeplik verander het.

Reeds vroeg het die akkomodasie van die Bantoebevolking in Blanke stadsgebiede in 'n probleemvraagstuk ontwikkel. Die *Naturellen (Stadsgebieden) Wet,* 1923 (Wet nr. 21/1923) was die eerste na-Unie maatreël wat die probleem op landswye grondslag die hoof probeer bied het.

Die grootte van die Bantoebevolking in Blanke stadsgebiede het benewens 'n doeltreffende administrasiestelsel ook vereis dat daar een of ander wyse van direkte skakeling met die Bantoe geskep moes word. Hieruit het die Adviserende Naturellekomiteestelsel sy ontstaan gehad. Uit die staanspoor was daar baie kritiek teen die stelsel. Een algemene meningsopvatting was dat die stelsel ondoeltreffend was omdat dit 'n adviserende liggaam was, geen uitvoerende bevoegdhede besit nie, en dus nie werklik die behoeftes van die Bantoe op die plaaslike vlak kon kanaliseer nie. 'n Ander gedagterigting was weer dat in die lig van die beleid van gebiedskeiding die Bantoebevolking slegs tydelik in die Blanke stadsgebiede aanwesig was en dus op geen vorm van verteenwoordiging op plaaslike bestuursvlak kon aanspraak maak nie.

In 1961 is die *Wet op Stedelike Bantoerade,* 1961 (Wet nr. 79/1961) gepromulgeer. Hierdie maatreël het die instelling van verdere Adviserende Naturellekomitees beëindig en voorsiening gemaak vir die instelling van Stedelike Bantoerade.

## 1. *PROBLEEMSTELLING*

Teen die agtergrond wat in die inleiding geskets is, kan nou die volgende vrae gestel word:

Is Stedelike Bantoerade 'n vorm van plaaslike bestuur, en indien wel, funksioneer dit doeltreffend om die behoeftes van die Bantoebevolking op die plaaslike vlak te kanaliseer? Is Stedelike Bantoerade 'n antwoord op die kritiek wat oor baie jare teen die Adviserende Naturellekomiteestelsel opgebou het? Hoe rym die instelling van Stedelike Bantoerade met die aanvaarde beleid van gebiedskeiding in Suid-Afrika?

Deur 'n bestudering van die Thabongse Adviserende Naturellekomitee, soos vervang deur die Stedelike Bantoeraad van Welkom, sal gepoog word om 'n antwoord op hierdie vrae te vind.

## 2. *SAMESTELLING VAN DIE VERHANDELING*

In Hoofstuk 2 word kortliks op die ontstaan van stedelike Bantoe-administrasie in die Blanke stadsgebiede ingegaan. Verder word ingegaan op die ontstaan van Adviserende Naturellekomitees in die algemeen en van Welkom in die besonder. Ten slotte word dan kortliks die struktuur van die Thabongse Adviserende Naturellekomitee gegee en die wyse waarop dit gefunksioneer het.

Hoofsaaklik vanweë die feit dat hierdie komitees, soos hul naam trouens ook aandui, bloot adviserend was, het hulle met die verloop van tyd 'n mislukking blyk te wees. Die Stedelike Bantoeraadstelsel is ingestel om 'n antwoord hierop te bied. In Hoofstukke 3 en 4 word die struktuur van Stedelike Bantoerade beskryf asook die wyse waarop dit in Welkom gefunksioneer het. Daarna word ingegaan op sekere eksterne invloede wat die funksionering van die raad kan beïnvloed, nl. (i) die Departement Bantoesake van die Munisipaliteit van Welkom; (ii) die staatsdepartement Bantoe-administrasie en -ontwikkeling- en (iii) die kiesers.

Laasgenoemde word in Hoofstuk 5 gedoen.

Ten slotte word die hele stelsel van Stedelike Bantoerade teen die agtergrond van die Suid-Afrikaanse beleid van gebiedskeiding evalueer. Op grond hiervan, en gemeet aan die funksionering van die stelsel op Welkom, word dan tot sekere gevolgtrekkings geraak waarop enkele aanbevelings gebaseer is.

### *3. METODES VAN ONDERSOEK*

Vooraf is die Adviserende Naturellekomiteestelsel in die breë bestudeer. Weens die betreklike skaarste aan gepubliseerde materiaal is hoofsaaklik van primêre bronne gebruik gemaak. Ook is 'n studie gemaak van plaaslike bestuur in ander lande van Afrika, suid van die Sahara. Hierdie studies het hoofsaaklik betrekking gehad op plaaslike bestuur in landelike gebiede aangesien weinig gepubliseer is oor stedelike plaaslike bestuur in ander lande van Afrika.

Op Welkom self is 'n intensiewe studie van dokumente gemaak wat op die Thabongse Adviserende Naturellekomitee asook die Stedelike Bantoeraad van Welkom betrekking het. Dit sluit in alle beskikbare agendas en notules van die twee liggame (ongeveer 90% is verkry) en verskeie lêers van die Departement van Bantoesake.

Verder is daar ook onderhoude gevoer met senior amptenare van die Departement Bantoesake van Welkom en op twee na al die raadslede van die Stedelike Bantoeraad.

Daar is ook probeer om 'n verteenwoordigende monster van kiesers te verkry. Hierdie monstergroep is getrek uit die twee wyke waarin daar tydens die 1966-verkiesing gestem is en 'n derde wyk, waarin daar nie gestem is nie, is as kontrole geneem.

As basis vir die monstergroep is die kieserslys van elke wyk gebruik waaruit dan 'n 5%-monster getrek is.

Die samestelling van die kiesers van elke wyk en die monster wat uit elkeen verkry is, was soos volg:

*Wyk 3 (oorwegend Sotho)*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Huiseienaars | : | 193 | = | 13.4% |
| Loseerders | : | 148 | = | 10.4% |
| Hostelbewoners | : | 1 090 | = | 76.2% |
| Totaal | : | 1 431 | = | 100 % |

*Monster*

| | | |
|---|---|---|
| Huiseienaars | : | 10 |
| Loseerders | : | 8 |
| Hostelbewoners | : | 54 |
| Totaal | : | 72 |

*Wyk 8 (oorwegend Nguni)*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Huiseienaars | : | 539 | = | 55.5% |
| Loseerders | : | 442 | = | 44.5% |
| Totaal | : | 981 | = | 100 % |

*Monster*

| | | |
|---|---|---|
| Huiseienaars | : | 22 |
| Loseerders | : | 25 |
| Totaal | : | 47 |

*Wyk 5 (Ngunien Sotho)*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Huiseienaars | : | 558 | = | 53.1% |
| Loseerders | : | 492 | = | 46.9% |
| Totaal | : | 1 050 | = | 100 % |

*Monster*

| | | |
|---|---|---|
| Huiseienaars | : | 27 |
| Loseerders | : | 25 |
| Totaal | : | 52 |

Die arbeidsburo se rekords is gebruik om vas te stel welke van die kiesers in die monstergroep nog in Welkom in diens is en welke nie. Op grond hiervan is vasgestel dat 15% óf oorlede is óf reeds Welkom verlaat het.

Vervolgens is die rekords in die Bantoedorpsbestuurder se kantoor nagegaan ten einde die adresse van die oorblywendes te probeer vasstel. Dit het geblyk 'n onbegonne taak te wees, veral wat die hostelbewoners aanbetref.(Laasgenoemde is oorwegend ongetroud en trekarbeiders - kyk Hoofstuk 3.)

Enkele redes hiervoor is die volgende:

a. van die loseerders wat kwalifiseer om in die voorgeskrewe gebied aanwesig te wees[1] het sedert die verkiesing in die huwelik getree en self huiseienaars geword;

b. tussen-hostel verskuiwings (daar is vyf hosteleenhede);

c. loseerders wat voortdurend van woonplek verwissel (so kon byvoorbeeld in een geval vasgestel word dat 'n bepaalde loseerder in die twee jaar ná die verkiesing vyf keer van woonplek verwissel het, waarna hy nie verder gevolg kon word nie alhoewel hy volgens die arbeidsburo nog steeds in Welkom in diens was); en

d. persone wat hostelbewoners tydens die verkiesing was, maar sedertdien loseerders geword het.

Uit die oorspronklike monstergroep kon dus slegs 48 opgespoor word, nl. 10 in Wyk 3, 23 in Wyk 5 en 15 in Wyk 8.

Die metode om 'n 5%-monster te trek, was om elke twintigste naam op die kieserslys te neem. Daar is besluit dat indien 'n bepaalde kieser nie opgespoor kan word nie, die daaropvolgende kieser op die kieserslys gebruik moet word. In die lig van die probleme wat hierbo bespreek is, het dit net nie moontlik blyk te wees nie.

In die geval van hierdie studie is daar dus geen sprake van 'n verteenwoordigende monster nie. Die onderhoude wat dus wel met kiesers gevoer is, kan daarom net as 'n meningsopname beskou word. Toevallig was die respondente taamlik eweredig oor die drie wyke versprei.

Die doel met die meningsopname was hoofsaaklik om die kiesers se bekendheid met die Stedelike Bantoeraad se werksaamhede te toets. Hierdie metode om 'n monster ten opsigte van 'n bepaalde verkiesing in stedelike Bantoewoongebiede te verkry, kan dus nie aanbeveel word indien meer as 'n jaar ná die verkiesing verloop het nie.

---

1. Hoofsaaklik ingevolge Art. 10 van Wet nr. 25/1945 (soos gewysig).

Tydens die onderhoude is gebruik gemaak van 'n vooraf-opgestelde skedule wat gebaseer is op 'n vraelys wat deur D.A. Kotzé[2] tydens navorsing in die Transkei gebruik is. 'n Tolk, aan wie die vrae vooraf verduidelik is, is gebruik. Nadat 'n paar respondente deur die hele vraelys geneem is, is verdere onderhoude beperk tot vrae 1 - 14[3], omdat dit geblyk het dat nóg die tolk nóg die respondente die vrae ten volle begryp. Nadat so halfpad deur die vraelys gevorder is, het beide rusteloos begin word en was onwillig om heel-hartig verder saam te werk.

Aanvanklik is kiesers by hul werkplekke opgesoek. Die tolk wat gebruik is, was 'n konstabel van die Departement Bantoesake wat goedgunstiglik aan skrywer tydens die ondersoek beskikbaar gestel is. Met behulp van een van die plaaslike sendelinge, is hy, soos reeds gesê, deeglik touwys gemaak in die hantering van die vraelys, en ook in die doel met met die vraelys en die betekenis van elke vraag.

Die kiesers wat by hul werkplekke opgesoek is, was enkelinge wat bv. as huisbediendes, petroljoggies, bodes, ens. gewerk het. Nadat hierdie groep ondervra is, was die volgende groep kiesers hoofsaaklik by die stedelike plaaslike bestuur self en ander groot werkgewers werksaam. Om hulle by werkplekke op te soek, sou in die woorde van een van die bestuurders, produksie ontwrig het. Gevolglik is oorgegaan om respondente na werktyd by hul huise in Thabong self op te soek, en hierin het skrywer die hulp ontvang van die Sekretaris van die Stedelike Bantoeraad en een van die Senior Bantoeklerke in die Bantoedorpsbe-stuurder se kantoor. Albei is ontwikkelde persone en het goed daarin geslaag om die doel met die ondersoek en die betekenis van die vrae aan die respondente oor te dra.

---

2. Kotzé, D.A., *Traditionalism in African local government.* Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.S., Stellenbosch, 1968, p. 3 en ook Bylae C.

3. Kyk Bylae 1.

Waar moontlik, en nodig, is dan verder op die vraelys uitgebrei en die vrae verduidelik. In die geval van die raadslede en die meer ontwikkelde groep is die volle reeks vrae gestel.

Nogtans kan die bevinding van Kotzé[4] in hierdie verband nie anders as heelhartig onderskryf word nie.

> „Suspicion among the population towards being interviewed by a stranger on their political beliefs and attitudes largely diminishes the value of the results of interviews by questionnaire. The Bantu population is also reluctant to co-operate in interviews of this nature."

Hierdie feit vorm beslis 'n ernstige struikelblok in die weg van die navorser onder die Bantoe. Skrywer wil dit ook nie waag om 'n oplossing aan die hand te doen om hierdie probleem die hoof te bied nie. Hy wil egter aan die hand doen dat daar sover moontlik daarna gestreef moet word om 'n vertrouensverhouding tussen navorser en respondent op te bou. Verder moet dit baie eksplisiet gestel word dat die navorser onafhanklik is en dat daar geen verbintenis met die regering is nie. Sonder so 'n vertrouensverhouding en duidelikheid aangaande die navorser se premisse kan die betroubaarheid van sy navorsing ernstig bevraagteken word.

### *4. TERMINOLOGIE*

Met verloop van tyd raak sekere begrippe in onbruik (of onguns) en word dan deur ander vervang. Dit is om hierdie rede dat die term „Bantoe" deurgaans in die plek van „naturel" gebruik is. Daarom is ook deurgaans gebruik gemaak van „Bantoedorpsbestuurder" in plaas van „lokasiesuperintendent", en van „Bantoewoongebied" in plaas van „lokasie". „Minister" verwys deurgaans na die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling tensy uitdruklik anders vermeld.

---

4. Kotzé, op.cit., p.3.

Die uitsondering wat hierop gemaak is, is die gebruik van die term „Adviserende Naturellekomitee". Dit word om tweërlei redes gedoen. In die eerste plek het die term met die verloop van tyd geyk geraak en tweedens was die Thabongse Adviserende Naturellekomitee tot met sy ontbinding onder daardie naam bekend. In Hoofstuk 2 is die afkorting T.A.N.K. vir Thabongse Adviserende Naturellekomitee deurgaans in die voetnote gebruik of T.N.A.B. (Thabong Native Advisory Board) waar die aanhaling in Engels voorkom. Alle ander afkortings wat gebruik word, is dié wat deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in sy *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* erken word.

Die navorsing vir hierdie verhandeling is gedurende September 1968 vir twee weke en in Januarie 1969 gedoen. Dit is verder aangevul met periodieke kort besoeke aan Welkom. Daar is op 1 Oktober 1969 met die op skrif stel van die gegewens begin en alle nuwe ontwikkelinge tot op daardie datum is bygewerk.

# HOOFSTUK 2

## DIE ADVISERENDE NATURELLEKOMITEESTELSEL

### 1. ONTSTAAN VAN DIE ADVISERENDE NATURELLEKOMITEESTELSEL

#### 1.1. INLEIDING

Voor die uitvaardiging van die *Naturellen (Stadsgebieden) Wet*, 1923 (Wet nr. 21/1923) is daar in 'n paar stedelike gebiede reeds van adviserende naturellekomitees gebruik gemaak in die administrasie van die naturellebevolking. In die twee lokasies[1] onder die beheer van die Departement van Naturellesake van die Kaapkolonie, N'Dabeni en New Brighton, het sodanige komitees bestaan om in die administrasie van die lokasies behulpsaam te wees. In die Jaarverslag van die Departement van Naturellesake van 1911[2] word die volgende in verband met hierdie komitees opgemerk:

> „...although there is no local government in the true sense at these places, Advisory Boards, elected by the residents with two Government nominees, take a keen interest in regard to local matters and serve a most useful purpose as a connecting link between the Government and the residents of these locations."

Geen verdere verwysing na hierdie komitees kon gevind word nie, gevolglik is daar geen aanduiding hoe hulle gefunksioneer het nie.

Ook in Pretoria en Bloemfontein was daar sodanige komitees, bestaande uit verteenwoordigers van die naturellebevolking van die lokasie om die Blanke administrasie behulpsaam te wees in die uitvoering van sy werk. In Bloemfontein is reeds in 1882 pogings aangewend om 'n naturel as Veldkornet vir die Waaihoek Lokasie aan te stel, maar die Staatsekretaris het die Stadsklerk meegedeel dat die Regering nie die aanstelling kon bekragtig nie[3]. Toe is daar in 1908 'n blokmanstelsel vir Bloemfontein ingestel. Waaihoek Lokasie is in 15 wyke verdeel en vir elke wyk is

---

1. Ingestel ingevolge die *Native Reserve Locations Act*, 1902. Met „lokasies" word in hierdie hoofstuk bedoel 'n Bantoewoongebied in voorgeskrewe gebiede (Vgl. Art. 1 van Wet nr. 25/1945 (soos gewysig)).
2. *Report of the Native Affairs Department for the year ended 31st December*, 1911 Cape Town, Government Printer, U.G. 10/13, p. 12.
3. Taljaard, J.C., *Die naturelle-administrasie van die stad Bloemfontein*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Univ. Stellenbosch, 1953, p. 192.

'n blokman op 'n vergadering van inwoners van die wyk verkies. In 1919 het die stadsraad van Bloemfontein selfs 'n konstitusie vir die blokkomitee, deur hulself opgestel, met kleinere wysigings aanvaar.

*1.2. DIE NATURELLEN (STADSGEBIEDEN) WET, 1923.*

Na unifikasie was daar 'n dringende behoefte aan eenvormige wetgewing om die posisie van die naturellebevolking in die Blanke stedelike gebiede te reguleer. Die oorsprong van die dilemma was in die *Zuid-Afrika Wet*, 1909 geleë wat voorsiening gemaak het vir die instelling van 'n Departement van Naturellesake wat die funksies van die Departemente van Naturellesake in die voormalige kolonies oorgeneem het[4]. Aan die ander kant is die toesig en beheer oor stedelike plaaslike besture oorgedra na die onderskeie provinsiale besture[5]. Die vraag het algou ontstaan: Wie moes verantwoordelikheid vir die administrasie van die naturellebevolking in die stedelike gebiede aanvaar? Die sentrale regering het die standpunt ingeneem dat aangesien hy verantwoordelik is vir die formulering en uitvoering van 'n nasionale naturellebeleid hy ipso facto ook vir die versorging van die naturellebevolking binne die regsgebied van stedelike plaaslike besture verantwoordelik is. Die provinsiale besture aan die ander kant het die standpunt ingeneem dat aangesien hulle verantwoordelik vir die beheer oor plaaslike bestuursliggame is, daardie beheer oor alle inwoners wonende binne die regsgebied van plaaslike besture, insluitende die naturelle-inwoners, strek. Die standpunt van die sentrale regering het uiteindelik geseëvier, maar weens 'n verskeidenheid faktore is daar eers in 1920 aandag daaraan geskenk. In daardie jaar is die Naturellesakekommissie ingestel[6], en in sy eerste jaarverslag sê die Kommissie[7]:

> „Het probleem van de stedelike naturel is niet nieuw en voor en na de Unie Wet hebben sommige steden voorziening gemaakt voor de behuizing en de kontrôle van naturellen overeenkomstig de machten hen gegeven onder

---

4. *Zuid-Afrika Wet*, 1909, art. 14 en ook Gk. nrs. 1 en 8/1910 (ged. 31.5.1910).
5. Ibid., art. 85
6. Ingevolge die *Naturellenzaken Wet*, 1923 (Wet nr. 23/1920).
7. Suid-Afrika, Unie van, *Rapport van die Naturellenzaken Kommissie voor het jaar 1921* (U.G. 15/1922), Kaapstad, Staatsdrukker, 1922, pp. 26-27.

de onderscheidelike koloniale, republikeinse en provinciale goevernementen.

„De onvoldoende bepalingen van deze machten, het verschil van behandeling van de naturellen in de verschillende provincies, het bestaan van artikel 147 in de Grondwet en het niet kunnen toepassen van de Naturelle Land Wet van 1913 op stedelike gebieden hebben samenvattende wetgewing nodig gemaakt en hierin heeft de Naturelle kommissie een poging aangewend in het Naturellen (Stedelike Gebieden) wetsontwerp kort geleden aan de Regering gezonden."

Ook die Stallardkommissie[8] het oorweging aan die verlening van 'n mate van seggenskap aan naturelle in die administrasie van die lokasies binne die regsgebied van stedelike plaaslike besture geskenk en sê die volgende daaroor[9]:

„While we are of the opinion that the successful administration of these villages (d.w.s. die lokasies) will to a very large extent depend upon the superintendent in charge, we consider that there will be much advantage in his having an advisory committee representing all native residents in the area under his jurisdiction. In this way, and as ex officio chairman of this body, he would be able to keep in close touch with the natives under his charge - their needs and aspirations - thus ensuring prudent administration and general contentment." 1921

Op grond hiervan beveel die kommissie aan dat aan stedelike plaaslike besture die bevoegdheid verleen word om adviserende naturellekomitees in hul lokasies in te stel.

Die Stallardkommissie en die Naturellesakekommissie het van 10 - 12 Augustus 1921 in Johannesburg samesprekings met verteenwoordigers van die Departement van Naturellesake gevoer oor hierdie hele aangeleentheid. Na afloop van die samesprekings is 'n memorandum opgestel waarin die drie instansies ooreengekom het dat[10]

„Native Advisory Boards (should) be established in every native village, the Boards to be so constituted and with such duties as may be fixed by by-law."

---

8. *Report of the local government commission*, 1921 (T.P. 1/1922), Pretoria, Staatsdrukker.
9. Ibid, p. 52.
10. Ibid., Bylae VII, p. 95 en ook *Naturellenzaken Kommissie*, loc. cit., pp. 8 en 36.

Gevolggewend aan hierdie verskillende aanbevelings is in die *Naturellen (Stadsgebieden) Wet*, 1923 (Wet nr. 21/1923) voorsiening gemaak vir die instelling van Adviserende Naturellekomitees.[11]

> „The 1923 Act did not assign any particular functions to the Boards beyond stating that no regulation for the location concerned could be made or withdrawn by the local authority without consultation with the Board."

Die verdere omskrywing van die bevoegdhede is aan die plaaslike besture oorgelaat om te omskrywe in die regulasies waarvolgens 'n komitee ingestel sou word. Die Departement van Naturellesake het dan ook in 1924 'n stel modelregulasies uitgevaardig as gids vir stedelike plaaslike besture. Hierdie regulasies is van tyd tot tyd gewysig om by veranderende omstandighede aan te pas. So is bv. 'n belangrike wysiging van Wet nr. 21/1923 in 1944 ingevoer toe plaaslike besture verplig is om hul jaarlikse begroting van uitgawes eers aan die Adviserende Naturellekomitee voor te lê voor dit na die Minister van Naturellesake deurgestuur word vir goedkeuring.[12]

## 2. *INSTELLING VAN ADVISERENDE NATURELLEKOMITEES*

Alvorens die instelling van die Thabongse Adviserende Naturellekomitee bespreek word, is dit nodig om kortliks in te gaan op die bepalings van Wet nr. 25/1945 (soos gewysig) wat voorsiening vir die instelling van Adviserende Naturellekomitees maak.[13]

In art. 21 van Wet nr. 25/1945 word voorsiening gemaak vir die instelling van 'n Adviserende Naturellekomitee „vir elke lokasie of naturelledorp onder beheer van 'n stedelike plaaslike bestuur." Verder kan die Minister na oorlegpleging met 'n stedelike plaaslike bestuur, beveel dat 'n Adviserende Naturellekomitee vir 'n stadsgebied of 'n gedeelte van 'n stadsgebied ingestel word.[14]

---

11. Reyburn, L., *The urban African in local government.* (9/1960) Johannesburg, S.A.I.R.R., 1960, p. 4.
12. *Wet tot Wysiging van die Wette op Naturelle*, 1944 (Wet nr. 36/1944).
13. Wet nr. 21/1923 is in 1945 gekonsolideer en vervang deur die *Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet*, 1945 (Wet nr. 25/1945 (soos gewysig)).
14. Ibid., art. 21(1).

Die wyse van verkiesing van 'n sodanige komitee, die ampstermyn van lede en die bevoegdhede en funksies daarvan word by regulasie bepaal wat die stedelike plaaslike bestuur ingevolge hierdie wet mag uitvaardig.

'n Adviserende Naturellekomitee bestaan uit minstens drie naturelle woonagtig binne die regsgebied van die stedelike plaaslike bestuur. Davis, Melunsky en Du Randt[15] is van mening dat dit nie noodsaaklik is dat 'n naturel in 'n lokasie of naturelledorp hoef te woon as hy 'n lid van 'n Adviserende Naturellekomitee is nie, maar dat dit voldoende is as so 'n naturel wel binne die stadsgebied, d.w.s. nog binne die regsgebied van die stedelike plaaslike bestuur woon. Ook meen die skrywers dat 'n regulasie wat die reg om op 'n Adviserende Naturellekomitee te dien, beperk tot naturelle woonagtig binne die lokasie of naturelledorp, ongeldig is. Hulle betoog ook verder dat 'n regulasie ultra vires is as dit bepaal dat 'n komiteelid sy setel moet ontruim as hy nie langer in die lokasie of naturelledorp woon nie.

Ten slotte bestaan 'n Adviserende Naturellekomitee ook uit 'n voorsitter wat 'n blanke *mag* wees.[16]

Die funksies van 'n Adviserende Naturellekomitee sluit die volgende in:

a. Oorweging van enige regulasie deur die stedelike plaaslike bestuur uitgevaardig;[17]

b. enige aangeleentheid deur die stedelike plaaslike bestuur of Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling na die komitee verwys;[18] en

c. enige aangeleentheid wat die belange van die inwoners van die lokasie of naturelledorp raak.[19]

---

15. Davis, G.L., L. Melunsky en F.B. du Randt, *Urban Native Law*. Port Elizabeth, Grotius Publications, 1959, p. 144.
16. Wet nr. 25/1945 (soos gewysig), art. 21(1).
17. Ibid., art. 21 (2).
18. Ibid., art. 21(2)(a)(ii).
19. Ibid., art. 21(2)(a)(iii).

Nadat die Adviserende Naturellekomitee enige van bogenoemde aangeleenthede oorweeg het, moet hy 'n verslag daaroor aan die Minister of die stedelike plaaslike bestuur, na die geval mag wees, voorlê.

Waar daar 'n Adviserende Naturellekomitee(s) binne die regsgebied van 'n stedelike plaaslike bestuur bestaan, mag die Administrateur van die betrokke provinsie of die Minister[20] nie sy goedkeuring aan die uitvaardiging van 'n regulasie heg nie, tensy 'n sodanige regulasie aan die Adviserende Naturellekomitee(s) voorgelê was. Hierdie vereiste verval indien 'n verslag oor so 'n regulasie nie binne dertig dae aan die stedelike plaaslike bestuur vir oorweging voorgelê is nie met die voorbehoud dat indien die Minister daarvan oortuig is dat dit nie wenslik is om 'n Adviserende Naturellekomitee in te stel nie, of indien die regulasie binne die voorgeskrewe tydperk van dertig dae aan die komitee voorgelê was, maar geen verslag daaroor van die komitee ontvang is nie, die Minister/Administrateur dit kan goedkeur.

Indien 'n komiteeverslag binne die voorgeskrewe tydperk ontvang is, word 'n kopie van die verslag tesame met die konsepregulasie(s) na die Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling gestuur vir goedkeuring deur die Minister/Administrateur. Sou die Minister enige wysiging aan 'n regulasie(s) aanbring[21] hoef dit nie opnuut aan die komitee voorgelê te word nie.

Benewens hierdie bevoegdhede van 'n Adviserende Naturellekomitee is daar in Wet nr. 25/1945 (soos gewysig) ook ander bevoegdhede wat deur so 'n komitee uitgevoer moet word.

So is 'n stedelike plaaslike bestuur verplig om sy begroting van uitgawes uit die Bantoe-inkomsterekening in oorlegpleging met sy Adviserende Naturellekomitee op te stel.

---

20. Ibid., art.21(3) en ook art. 38(3) en (4).
21. Ibid., art. 21 (3) gelees met art. 38(5)

Wanneer die begroting na die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling deurgestuur word vir goedkeuring moet 'n kopie van die notule van die komiteevergadering waarop dit bespreek is, dit vergesel. Hierdie vereiste geld egter nie ten opsigte van die aanwending van gelde uit die Heffingsfonds vir Bantoedienste nie.[22]

Vroeër was dit ook bepaal dat voordat die stedelike plaaslike bestuur die tuisbroustelsel of die munisipale monopoliestelsel vir die verskaffing van Bantoebier kon invoer, dit alleen na oorlegpleging met die Adviserende Naturellekomitee kon geskied. Hierdie bepaling is egter in 1962 uit Wet nr. 25/1945 (soos gewysig) geskrap.[23]

## 3. *INSTELLING VAN DIE THABONGSE ADVISERENDE NATURELLEKOMITEE*

### 3.1. *INLEIDING*

Voordat die instelling van die Adviserende Naturellekomitee van Thabong, Welkom, bespreek word, is dit nodig om kortliks te let op die ontstaan van Welkom as dorp vanweë die noue verband tussen die stigting van die dorp en Thabong. Dit verklaar ook sekere van die probleme waarmee die Departement van Bantoesake in die beginjare te doen gehad het.

Op 15 April 1947 is die stigting van Welkom op die plase Alma, Bedelia, Enkeldoorn, Jacobsrust, Meribah, Theronsrust, Toronto en Welkom deur die Administrateur van die Oranje-Vrystaat goedgekeur. Tot en met 6 Januarie 1961 is die dorp deur 'n dorpsbestuur bestuur, maar sedert genoemde datum het die dorp 'n onafhanklike munisipaliteit geword.

Die snel ontwikkelende goudveld en die nywerheidsontwikkeling wat daarmee gepaard gegaan het, het aanleiding gegee tot 'n toestroming van Bantoes, wat binne 'n baie kort tydjie aanleiding tot uiters swak behuisingstoestande gegee het. Die toestand is verder vererger deur die afwesigheid van 'n administratiewe liggaam om die toestand te beheer.

---

22. Ibid., art. 19(5).
23. Ingevolge die *Wet op Bantoebier*, 1962 (Wet nr. 63/1962).

Reeds in 1949 het daar samesprekings tussen verteenwoordigers van die mynmaatskappye, die Welkom Township Co., die sentrale regering en die Provinsiale Administrasie van die Oranje-Vrystaat plaasgevind om verblyftoestande vir die vinnig groeiende Bantoebevolking te probeer reël. 'n Aantal van die groot werkgewers het self aan hulle Bantoewerknemers tydelike behuising in kampongs verskaf. Nietemin het 'n aansienlike getal Bantoes met hulle gesinne na die nuwe arbeidsbron gekom en by Witpan saamgetrek waar mettertyd 'n plakkerskamp ontstaan het. Die patroon wat hier gevolg is, was tiperend van die proses wat dwarsoor Suid-Afrika na afloop van die Tweede Wêreldoorlog en die daarmeegepaardgaande nywerheidsopbloei plaasgevind het. Die opruiming van die plakkerskamp deur die Bantoesakekommissaris van Odendaalsrus in 1950, het direk aanleiding tot die stigting van die Departement Bantoesake van die Dorpsbestuur van Welkom gegee ten einde die nodige administratiewe apparaat om die toestand te hanteer, daar te stel. Op 2 Januarie 1951 is die eerste Bestuurder van Bantoesake vir Welkom aangestel. Die registrasie van dienskontrakte is egter nog steeds deur die Bantoesakekommissaris op Odendaalsrus behartig totdat dit in September van daardie jaar deur die Departement van Bantoesake op Welkom oorgeneem is. (Die eerste woonhuise is egter reeds in Junie in Thabong betrek.)

Op hierdie stadium was die aanwesigheid van Bantoes in Thabong nog ultra vires, aangesien daar nog nie 'n lokasie geproklameer is nie. Daar was aanvanklik heelwat probleme om Thabong as 'n lokasie geproklameer te kry. Op 8 Augustus 1951 skryf die Sekretaris van Naturellesake aan die Welkomse Dorpsbestuur soos volg[24]:

> „Op die oomblik is dit onmoontlik om enige lokasieregulasies af te kondig aangesien daar geen lokasie ingevolge Wet nr. 25/1945 bestaan nie. Ek let op dat die afkondiging van die regulasies vir u spoedeisend is en ek het deeglik op die saak ingegaan, maar dit spyt my u mee te deel dat alvorens die lokasieregulasies afgekondig kan word, u verplig sal wees om 'n Adviserende Naturellekomitee in die lewe te roep. Hierdie komitee moet die regulasies oorweeg en saam met sy kommentaar met dié van die Dorpsbestuur moet na my Departement gestuur word."

---

24. Brief van die Sekretaris van Naturellesake, Diensbrief 688/313 ged. 8.8.51.

Met hierdie standpunt het die Dorpsbestuur heeltemal tereg verskil. Die argumente van die Dorpsbestuur kan soos volg saamgevat word:

a. Die bedoeling van Wet nr. 25/1945 (soos gewysig) met die instelling van Adviserende Naturellekomitees is om 'n kanaal te skep waarlangs die gevoel van die Bantoe-inwoners getoets kan word oor enige regulasie of aangeleentheid.[25] Hierdie bepaling verplig wel 'n stedelike plaaslike bestuur om 'n Adviserende Naturellekomitee in te stel, maar hoe kan die stedelike plaaslike bestuur so 'n komitee instel indien daar geen wettig geproklameerde lokasie bestaan nie?

b. Die bedoeling met die wet sou verkrag word indien die Dorpsbestuur voortgaan om in navolging van die departementele instruksies 'n Adviserende Naturellekomitee in die lewe te roep bloot net om die regulasies aan die komitee voor te lê.

c. Sou die Dorpsbestuur regulasies vir die daarstelling van 'n Adviserende Naturellekomitee publiseer, sal dit daarop neerkom dat die Dorpsbestuur

> „... naturelle in die lokasie laat woon met die uitsluitlike doel om hulle te laat kwalifiseer as kiesers en as adviserende raadslede terwyl die voorwaardes wat sodanige okkupasie moet beheer nog nie neergelê is nie."[26]

d. In aansluiting by voorafgaande het die Dorpsbestuur in 'n verdere brief oor die aangeleentheid die Departement se aandag daarop gevestig dat hy reeds huise in Thabong laat bou het, en dus onwettig (aangesien hy geen wettige magtiging daartoe het nie) huurgelde van die inwoners hef.

e. Die Dorpsbestuur is magteloos om die toestroming van Bantoe na die lokasie, veral van naturelle werksaam in die myne, te beheer.

> „Die vraag ontstaan nou wat gedoen moet word as hier ernstige onluste uitbreek? Ons het onses insiens aan al die vereistes van die wet voldoen, maar al het ons dit nie gedoen nie, dan regverdig omstandighede nog buitengewone optrede. Na alles is ons regulasies gebaseer op u Departement se modelregulasies en wat kan nog verkeerd wees daarmee. Indien ons eers 'n Adviserende Raad tot stand moet bring en die voorgestelde

---

25. Vgl. Wet nr. 25/1945 (soos gewysig), art. 21.

26. Antwoord, Sekretaris Welkom Dorpsbestuur, NBS/1 ged. 20/8/51.

regulasies daaraan moet voorlê vir opmerkings sal dit ten minste 'n vier of ses maande neem voordat al ons regulasies afgekondig is en dit is onmoontlik om so lank te wag. By gebrek aan die nodige regulasies ly ons Naturelle-inkomsterekening honderde ponde per maand skade aan inkomste. Intussen is ons verplig om 'n volle staf aan te hou en ander uitgawes aan te gaan. Waarheen moet dit alles lei?"27

f. Die Departement en ook die wet vereis dat konsep-regulasies vergesel moet wees van die menings van die Adviserende Naturellekomitee. Daar bestaan egter geen sodanige vereiste in die geval van die stigting van 'n nuwe lokasie nie.

Ten spyte van hierdie besware van die Dorpsbestuur het die Departement van Naturellesake (nou Bantoe-administrasie en -ontwikkeling) die proklamering van Thabong ook om ander redes vertraag, veral oor aspekte van die uitleg en gevolglik is die dorp eers op 8.2.1954 geproklameer.

In die lig van die Departement se volgehoue besware teen die proklamering van Thabong het die Dorpsbestuur toe die nodige stappe gedoen om 'n Adviserende Naturellekomitee in te stel.

### *3.2. INSTELLING VAN DIE THABONGSE ADVISERENDE NATURELLEKOMITEE*

Die Thabongse Adviserende Naturellekomitee is op 14 Maart 1952 ingestel.[28]

#### *3.2.1. SAMESTELLING*

Die Adviserende Naturellekomitee wat vir Thabong ingestel is, bestaan uit vier, deur die geregistreerde okkupeerders[29] van die lokasie verkose, lede, terwyl die Dorpsbestuur 'n verdere twee lede aanstel. Waar die geregistreerde okkupeerders nie die vereiste aantal lede verkies nie, het die Dorpsbestuur die reg om die ontbrekende lede aan te stel wat dan as verkose lede beskou word. Die Dorpsbestuur

---

27. Sekretaris, Welkom Dorpsbestuur NBS/22 ged. 22.8.51.
28. Ak. nr. 42/1952, reg. 3.
29. Ibid., regs. 5,7,8 en 9.

wys een van sy lede as voorsitter van die komitee aan, maar hy het nie stemreg op komiteevergaderings nie. In die praktyk was dit gewoonlik die voorsitter van die Dorpsbestuur self wat as voorsitter opgetree het en nadat Welkom munisipale status verkry het, die voorsitter van die Bantoesakekomitee van die Munisipaliteit van Welkom. In die afwesigheid van hierdie voorsitter moes die Bestuurder van Bantoesake as voorsitter optree

> ".....en al die funksies en pligte van die voorsitter in verband met so 'n vergadering uitoefen."[30]

*3.2.2. VERKIESING VAN LEDE*

Onmiddellik na afkondiging van die regulasies moet die Superintendent[31] 'n vergadering van geregistreerde okkupeerders[32] belê. Op hierdie vergadering moet hy dan die regulasies aan die aanwesiges verduidelik en benoemings vra vir die verkiesing van lede vir die Adviserende Naturellekomitee. Hierdie selfde prosedure moet driejaarliks voor die derde dag waarop daar verkiesing gehou moet word, herhaal word. Die dienstyd van komiteelede is drie jaar bereken van die 1ste Oktober onmiddellik na hul aanstelling/verkiesing. In die geval waar 'n Adviserende Naturellekomitee vir die eerste keer saamgestel word, word hierdie tydperk bereken vanaf die 1ste Oktober wat so 'n samestelling voorafgegaan het, dit wil sê in die geval van Welkom was dit vanaf die 1ste Oktober 1951 wat dus ook die tydperk waarin daar 'n tussentydse komitee bestaan het, gedek het. Die kennisgewing van die benoemingsvergadering moet vir minstens veertien dae by die kantoor van die Dorpsbestuur en op 'n opvallende plek in die lokasie opgeplak word.[33]

Wanneer daar by die afkondiging van die regulasies geen Adviserende Naturellekomitee bestaan het nie, is elke manlike naturel bo die ouderdom van 18 jaar en binne die regsgebied van die dorpsgebied woonagtig, stemgeregtig.

30. Ibid., reg. 30.
31. Ibid., reg. 6.
32. 'n Geregistreerde okkupeerder is die houer van 'n geldige perseel-, verblyf- of loseerderspermit.
33. Ibid., reg. 4.

*Daarna* is slegs geregistreerde okkupeerders stemgeregtig (kyk voetnoot 32)

> „wat vir die kiesbeampte voorkom asof hy die ouderdom van agtien jaar bereik het ..."

en gedurende die ure wat vir die verkiesing bepaal is, aan die kiesbeampte 'n kwitansie toon dat hy nie meer as twee maande met sy huur agterstallig is nie en geen ander gelde aan die Dorpsbestuur verskuldig is nie.[34]

'n Persoon is nie bevoeg om as kandidaat vir die verkiesing genomineer of verkies te word of deur die Dorpsbestuur aangestel te word nie, indien hy:[35]

a. As geregistreerde okkupeerder meer as 'n maand met sy huur of enige ander gelde agterstallig is;

b. in die twee jaar wat so 'n nominasie/aanstelling voorafgegaan het skuldig bevind is aan 'n oortreding waarvoor hy sonder die keuse van 'n boete veroordeel is tot gevangenisstraf van meer as sewe dae, of met die keuse van 'n boete vir meer as 'n maand of in dieselfde tydperk skuldig bevind is aan oortreding van die lokasieregulasies; en

c. weens liggaamlike of verstandelike gebreke onbevoeg is om lid van die Adviserende Naturellekomitee te wees.

Die benoeming van kandidate vir verkiesing as lede van die Adviserende Naturellekomitee moet binne sewe dae na die benoemingsvergadering by die Superintendent ingedien word. Hierdie benoemings moet skriftelik wees en onderteken deur minstens vyf geregistreerde okkupeerders. Die lys van benoemde kandidate moet tesame met 'n kennisgewing van 'n verdere vergadering op 'n opvallende plek opgeplak word (kyk hierbo). Hierdie vergadering moet minstens sewe dae na die indiening van die benoemings gehou word. Op hierdie vergadering moet die kiesbeampte[36]

---

34. Ibid., regs. 5 en 13.
35. Ibid., reg. 6.
36. Ibid., regs. 8 en 9.

die benoemings aankondig. Indien daar slegs vier bevoegde kandidate benoem is, moet die kiesbeampte hulle tot behoorlik verkose lede van die Adviserende Naturellekomitee verklaar. Waar daar egter meer as vier kandidate benoem is, moet die kiesbeampte binne tien dae die datum van die verkiesing aankondig.

> „Die kiesbeampte moet die gerief van die meeste van die geregistreerde okkupeerders van die lokasie in aanmerking neem as hy die ure wanneer die stemming moet plaasvind, vasstel."[37]

Sewe dae voor die stemdag moet die kiesbeampte die datum, plek en tyd van stemming bekend maak en, soos in die geval van nominasies, dit op 'n opvallende plek laat opplak.

Op die stemdag moet die kiesbeampte by die verkiesingslokaal aanwesig wees en die stemme wat op elke kandidaat uitgebring is, aanteken. Slegs hy en sy assistente mag saam met die kieser in die verkiesingslokaal teenwoordig wees, wanneer laasgenoemde sy stem uitbring.

Nadat die kiesbeampte die kieser 'n bewys gevra het dat hy nie meer as twee maande met sy huur agterstallig is nie (kyk hierbo), vra hy die kieser vir watter van die benoemde kandidate hy wil stem en bring 'n merk teenoor hulle aan. Elke kieser het soveel stemme as wat daar vakatures op die komitee bestaan. In die geval van die driejaarlikse verkiesing is dit natuurlik vier stemme, maar in die geval van 'n tussenverkiesing kan die getal wissel.

Onmiddellik na afloop van die verkiesing tel die kiesbeampte die stemme en die vier kandidate wat die meeste stemme op hulle verenig het, verklaar hy as behoorlik verkose, en bring die name op die aanplakbord aan.

Behalwe dat 'n lid van 'n Adviserende Naturellekomitee self skriftelik sy bedanking by die voorsitter kan indien, verloor 'n lid ook outomaties sy setel as:[38]

---

37. Ibid.
38. Ibid., reg. 19.

a. Enige van die reedsgenoemde diskwalifikasies gedurende sy dienstermyn op hom van toepassing raak;

b. terwyl hy 'n geregistreerde okkupeerder is die lokasie vir langer as ses weke verlaat of daaruit afwesig is sonder die toestemming van die Adviserende Naturellekomitee;

c. sonder toestemming van die komitee drie agtereenvolgende vergaderings nie bywoon nie;

d. per abuis as lid van die Adviserende Naturellekomitee verkies/aangestel word terwyl hy in werklikheid nie kwalifiseer nie; en

e. sterf.

Onmiddellik by die ontstaan van 'n vakature moet in die geval van 'n verkose lid stappe gedoen word om vir die oorblywende deel van die termyn op die voorgeskrewe wyse 'n ander lid te laat verkies of in die geval van 'n aangestelde lid, die Dorpsbestuur in kennis gestel word wat dan 'n ander lid moet aanstel.

*3.2.3. THABONGSE ADVISERENDE NATURELLEKOMITEE-VERKIESINGS*

Die Departement van Bantoesake het op Sondag 21 Oktober 1951 'n openbare vergadering van die manlike inwoners van die lokasie gereël met die doel om 'n tussentydse Adviserende Naturellekomitee aan te wys om hom behulpsaam te wees

"... (with) certain of our duties.",

soos die Bestuurder dit op die vergadering gestel het.

Hierdie tussentydse Adviserende Naturellekomitee sou funksioneer tot tyd en wyl die nodige regulasies afgekondig is, en 'n Adviserende Naturellekomitee behoorlik ingestel kon word.

Nadat die doel van die vergadering en die funksies van so 'n komitee aan die aanwesiges verduidelik is, het die aanwesiges die volgende persone verkies om op die komitee te dien:

Solomon Molikeng, Johannes Matsa, J. Hlabahlaba, Eliaba Mokote, Nelson Putsoa (almal Sothosprekend) en een Xhosasprekende lid, Jackson Setinga. Hierdie verkiesing is deur die Dorpsbestuur op 13 November 1951 bekragtig.

Na die afkondiging van die regulasies (kyk hierbo) het die Superintendent op 11 Mei 1952 'n nominasievergadering belê ten einde nominasies van kandidate vir die eerste amptelike Adviserende Naturellekomitee van Welkom te verkry. Weer eens is die regulasies aan die aanwesiges verduidelik en ook wat die doel en funksies van die komitee is. Daarna het die kiesbeampte (die Superintendent) bekend gemaak dat hy nominasies die daaropvolgende week (18 Mei) sal ontvang en kort daarna die verkiesingsdatum sal aankondig. Op die nominasiedag is egter slegs drie nominasies ontvang, nl. dié van E.M. Mokatsane, E. Mabandla en E. Masele. 'n Verdere vergadering van geregistreerde okkupeerders is toe op die 26ste Mei in die kantore van die kiesbeampte gehou. Op hierdie vergadering was slegs dertig geregistreerde okkupeerders teenwoordig.

Een van die benoemde kandidate is deur die kiesbeampte gediskwalifiseer[39] waarop die vergadering onmiddellik 'n nuwe kandidaat wou benoem, maar hy het beslis dat dit strydig met die regulasies sou wees. In hierdie geval moes die Dorpsbestuur twee lede benoem wat dan as verkose beskou sou word.

Hierdie eerste Adviserende Naturellekomitee van Thabong het op 12 Junie 1952 sy eerste vergadering gehou nadat die verkiesings/benoemings van die lede behoorlik deur dié Dorpsbestuur bekragtig is. Hierdie komitee het uit die volgende persone bestaan: Die deur die Dorpsbestuur aangestelde lede was James Ngake en Johannes Matsa; E. Masele en E. Mabandla is deur die inwoners verkies en die verdere twee deur die Dorpsbestuur aangestelde lede was J. Hlabahlaba en J. Mokoena. J. Mokoena was wel genomineer maar die nominasie is laat ontvang.

---

39. Lêer 2/2/3 van die Dept. Bantoesake, Welkom.

Nadat komiteelede herhaaldelik vrae gestel het oor die afwesigheid van J. Hlabahlaba van komiteevergaderings is vasgestel dat hy Welkom verlaat het. Op 22 September 1953 is S. Mokoetsi deur die Dorpsbestuur in sy plek aangestel.

Die nominasievergadering vir verkiesing van lede van die Adviserende Naturellekomitee vir 'n tweede termyn het op 23 Augustus 1954 plaasgevind. Hierdie vergadering is deur vier lede van die komitee bygewoon en ook min of meer 500 geregistreerde okkupeerders. Die nominasiedag is vasgestel vir 30 Augustus, maar aangesien drie nominasies onvolledig ingehandig is, is die ander vier genomineerdes onbestrede tot die komitee verkies.

Die samestelling van die komitee was toe soos volg: Deur die Dorpsbestuur aangestel: E. Masele en J. Ngake (hy was genomineer maar het sy nominasie teruggetrek) en verkose lede: S. Mokoetsi, S. Leballo, S. Melamu (almal behoorlik genomineer) en E. Mabandla. Twee nominasielyste van vier name elk van laasgenoemde is deur die kiesbeampte ontvang maar hy het dit gekondoneer en Mabandla behoorlik gekose verklaar. Die samestelling van die komitee is op 'n openbare vergadering op 6 September 1954 aan die inwoners bekend gemaak en op 23 September deur die Dorpsbestuur bekragtig. J. Makoli is op 18 April 1955 in die plek van S. Leballo verkies wat die gebied verlaat het. Hy is tot ongewenste persoon verklaar en ook omdat hy uit sy werk ontslaan is moes hy die gebied verlaat. (Art. 10(3) van Wet nr. 25/1945 (soos gewysig)). Daar was twee ander nominasies maar albei was te laat ontvang. 'n Ander verkose lid, S. Melamu, is op 3 Maart 1957 oorlede en sy plek is toe deur E. Thelingoane op 12 April 1957 ingeneem. J. Matlakala is op 2 September 1955 in die plek van S. Mokoetsi benoem. Hy het op 28 Januarie 1957 bedank en sy plek is toe op 26.2.57 deur S. Fonya ingeneem.

Die nominasievergadering vir die verkiesing van lede vir die Adviserende Naturellekomitee vir die derde ampstermyn is op 21 Augustus 1957 gehou. Toe die nominasies op 29 Augustus sluit, is agt persone genomineer. Van hierdie agt persone is slegs vier behoorlik volgens die vereistes van die regulasies genomineer en is hulle

gevolglik deur die kiesbeampte onbestrede tot lede van die Adviserende Naturellekomitee vir die nuwe termyn verklaar.

By 'n ontleding van hierdie nominasies blyk dit dat twee nominasies gediskwalifiseer is omdat dit nie deur getuies onderteken is nie; 'n derde is gediskwalifiseer omdat hy homself genomineer het en 'n vierde nominasie is te laat deur die kiesbeampte ontvang.

Die samestelling van die komitee was toe soos volg:

Deur die Dorpsbestuur aangestel: James Ngake en Joseph Mosiako en verkose Silas Fonya, Josias Makoli, Enoch Mabandla en E. Thelingoane. Soos die vorige keer is die name van die lede van die komitee op 9 September 1957 aan die inwoners van die lokasie bekend gemaak en op 30 September 1957 deur die Dorpsbestuur bekragtig.

E. Mabandla, 'n verkose lid is op 4 November 1958 oorlede. Op die nominasievergadering wat op 9 Januarie 1959 gehou is, is twee nominasies ontvang, maar aangesien die een nominasie nie deur voldoende getuies onderteken is nie, is Lennox Nkwandla op 29 Januarie 1959 tot behoorlik verkose lid van die komitee verklaar.

Die nominasievergadering vir die vierde ampstermyn het op 7 September 1960 plaasgevind. Op die nominasiedag, 14.9.60, is vyf nominasies ontvang, maar een van die genomineerdes het sy nominasie teruggetrek nadat die Dorpsbestuurder hom meegedeel het dat hy aanbeveel sou word vir aanstelling deur die Dorpsbestuur.

Op 'n vergadering van inwoners van die lokasie op 22 September 1960 gehou, is die vier genomineerdes as onbestrede verkose lede van die komitee verklaar. Die komitee was toe soos volg saamgestel: Deur die Dorpsbestuur aangestel, J. Ngake en J. Mosiako en verkose lede: J. Makoli, E. Thelingoane, L. Nkwandla en S. Fonya.

Die nominasievergadering vir die verkiesing van lede van die komitee vir die vyfde ampstermyn het op 28 Augustus 1963 plaasgevind. By hierdie vergadering is slegs vier nominasies ontvang en soos die vorige kere het daar geen verkiesing plaasgevind nie.

Hierdie komitee was soos volg saamgestel: Deur die Dorpsbestuur aangestel - J. Ngake en J. Mosiako en verkose - L. Nkwandla, E. Thelingoane, J. Makoli en S. Fonya.

Dit was die laaste geleentheid waar die Adviserende Naturellekomitee van Thabong saamgestel is: Die komitee het na die verkiesing slegs een vergadering gehou, waarna dit ontbind het met die oog op die totstandkoming van die Stedelike Bantoeraad.

By 'n ontleding van die wyse waarop die Adviserende Naturellekomitee van Thabong saamgestel is, val veral die volgende baie duidelik op:

a. Daar was baie min wisseling in die samestelling van die komitee. Wisseling het gewoonlik plaasgevind deur òf die vertrek van lede in enkele gevalle òf deur die dood van 'n lid.[40]

b. In aansluiting by punt a. val dit op hoe lank lede lid van die komitee gebly het.[40]

c. Van die lede van die Adviserende Naturellekomitee by die totstandkoming van die Stedelike Bantoeraad is net vier tot die nuwe raad verkies en die vyfde het die Sekretaris van die raad geword. Die sesde lid van die Adviserende Naturellekomitee was 'n burger van Lesotho en is op grond daarvan gediskwalifiseer.

d. Daar was weinig belangstelling in die verkiesings van Adviserende Naturellekomiteelede, ten spyte van die feit dat in 1954 sewe persone genomineer was en in 1957 agt. In die daaropvolgende twee verkiesings, nl. dié van 1960 en 1963 was daar in albei gevalle geen addisionele nominasies nie.

---

40(a). Gedurende die bestaan van die Thabongse Adviserende Naturellekomitee was daar 'n groottotaal van slegs 15 lede. Twee het die gebied verlaat sonder om 'n volle termyn uit te dien. Twee lede is oorlede - die een het byna 'n volle termyn as raadslid gedien en die ander een twee volle termyne.

40(b). Word die dienstermyne van die vyftien lede ontleed, kry ons die volgende:

| | | |
|---|---|---|
| Een termyn en minder | : | 8 |
| Minder as twee termyne | : | 1 |
| Twee termyne en meer | : | 6 |

Dit beteken dus dat in die leeftyd van die Thabongse Adviserende Naturellekomitee goed 50% van sy lede vir die helfte daarvan konstant gebly het.

e. Dit wil voorkom of die houding van die amptenare van die Departement Bantoesake tog 'n uitwerking op die samestelling van die Adviserende Naturellekomitee gehad het. Op die eerste nominasievergadering het die Bestuurder die noodsaaklikheid beklemtoon dat die inwoners bekwame kandidate moet benoem wat die belange van die lokasie as geheel die beste sal behartig. Hierteen is niks in te bring nie, maar toe laat hy daarop volg:

> "... indien hulle (dit wil sê die aanwesiges) die vereiste getal lede benoem, aansienlike tyd bespaar sal word. Andersinds sal die benoeming van meer as vier kandidate 'n verkiesing meebring wat die afkondiging van regulasies aansienlik sal vertraag."

Dit is egter baie duidelik gestel dat dit die inwoners vry staan om soveel kandidate te benoem as hulle wil. Daar was in 1954 en in 1957 drie onbehoorlik voltooide nominasies. In 1960 is een van die genomineerdes gevra om sy nominasie terug te trek omdat die Dorpsbestuur hom tog sou aanstel as lid van die komitee. Weliswaar is daar gereeld nominasievergaderings gehou, maar waarom is dieselfde persone steeds verkies/aangestel? In 1954 kon 'n mens redeneer dat dit was omdat die inwoners miskien nie die prosedure behoorlik begryp het of nie geweet het waarom dit gaan nie, maar dit kon tog nie ook in 1957 die geval gewees het nie, aangesien tussen 1954 en 1957 drie vakatures in die verkose lede ontstaan het, wat telkens by wyse van tussenverkiesings gevul is.

f. Die samestelling van die komitee is 1960 het plaasgevind toe in Suid-Afrika as geheel 'n toestand van spanning en onrus geheers het, wat wel die traagheid tydens die nominasies kon veroorsaak het, maar hierdie faktore was tog sekerlik afwesig in 1963?

g. Dit val ook op hoedat die amptenare deurgaans baie streng by die regulasies gehou het met komiteeverkiesings en -prosedure. Op hierdie punt kan weinig kritiek uitgespreek word.

Hierdie algemene opmerkings sal verder ontleed en getoets word teen die wyse waarop die inwoners van sommige wyke aan die verkiesings vir lede van die Stedelike Bantoeraad deelgeneem het.

### *3.3 FUNKSIONERING VAN DIE ADVISERENDE NATURELLE-KOMITEE VAN THABONG*

Supra is daar reeds 'n uiteensetting gegee van die funksies van Adviserende Naturellekomitees in art. 21(2) van Wet nr. 25/1945 (soos gewysig). Aanvullend hiertoe word ook die volgende in die regulasies gevind:[41]

a. „Om in 'n adviserende hoedanigheid in sake betreffende die lokasie op te tree;"

Hierdie regulasie is baie wyd en bied aan komiteelede geleentheid om hulle mening oor 'n verskeidenheid van sake te lug. Sake soos algemene toestande in die lokasie, bv. die toestand van die strate, ensovoorts, asook administratiewe aangeleenthede wat die welsyn van die inwoners in die algemeen raak, kan na die stedelike plaaslike bestuur herlei word.

b. „om klagtes, vertoë en voorstelle van die inwoners te ontvang ..."

Volgens hierdie bepaling van die regulasies kan die komitee as die spreekbuis van die inwoners in 'n verskeidenheid van sake optree. Aangesien komiteelede almal in verskeie dele van Thabong woon, is hulle in noue aanraking met die heersende gevoel van hulle mede-inwoners oor 'n bepaalde saak (of behoort te wees). Dat dit nie altyd die geval was nie, sal wel verderaan blyk.

c. „om verslae omtrent die lokasie deur die Raad of enige van sy beamptes te ontvang en te oorweeg ...";

Die senior amptenare van die Departement Bantoesake, insonderheid die Direkteur, kan deur die voorlegging van sy maand- en jaarverslae aan die komitee, die reaksie van die inwoners oor die heersende houding oor die wyse waarop sy Departement die lokasie bestuur, toets.

d. „om die funksies wat by die wet aan hom toegewys is, uit te oefen."

Hierop is reeds ingegaan.

e. „om die owerheid alle moontlike hulp by die handhawing van wet en orde in die lokasie te verleen."

Deur die aanhoor van huishoudelike geskille en die ‚voorverhoor' van minder ernstige oortredings kan die komitee 'n aansienlike bydrae lewer om die rus en orde in die gebied te bewaar.

---

41. Reg. 33.

Dit is dan die wetlike uiteensetting van die Adviserende Naturellekomitee se funksies. Hoe het die Adviserende Naturellekomitee van Thabong hierdie funksies uitgevoer? Was hierdie komitee die spreekbuis van die inwoners om hulle behoeftes en wense na die stedelike plaaslike bestuur van Welkom te herlei? In welke mate was hulle effektief in die hantering van die bevoegdhede aan hulle verleen? Kan in die hantering van hierdie bevoegdhede en die wisselwerking tussen plaaslike bestuur en Adviserende Naturellekomitee, tussen Adviserende Naturellekomitee en inwoners enige rede gevind word vir die vervanging van die Adviserende Naturellekomitee met 'n Stedelike Bantoeraad?

Die notules van die Adviserende Naturellekomitee van Thabong vanaf sy instelling in 1952 tot en met die vervanging daarvan deur 'n Stedelike Bantoeraad in 1963, is sorgvuldig deurgewerk. Daaruit word twee aspekte genoem aan die hand waarvan probeer sal word om 'n antwoord op bostaande vrae te gee. Hierdie twee aspekte is die bespreking van die jaarlikse begroting van die uitgawes van die Bantoe-inkomsterekening en tweedens die herleiding van die behoeftes en wense van die inwoners na die stedelike plaaslike bestuur van Welkom. Onder hierdie laasgenoemde aspek word ook die handhawing van wet en orde in die Bantoewoongebied ingesluit omdat dit vir baie jare 'n baie groot bron van ontevredenheid onder die inwoners van Thabong was.

### *3.3.1. OORWEGING VAN DIE BEGROTING VAN UITGAWES VAN DIE BANTOE-INKOMSTEREKENING*

In art. 19(5)(a) van Wet nr. 25/1945 (soos gewysig) word bepaal dat die aanwending van gelde uit die Bantoe-inkomsterekening moet geskied ooreenkomstig 'n begroting van uitgawes wat die stedelike plaaslike bestuur aan die Minister moet voorlê en wat hy skriftelik moet goedkeur. Hierdie begroting moet opgestel word in oorleg met 'n Stedelike Bantoeraad (of Adviserende Naturellekomitee) en 'n afskrif van die raad/komitee se verslag moet die begroting vergesel. Hierdie bepaling geld nie vir die begroting van uitgawes uit die Heffingsfonds vir Bantoedienste nie.

Hoe het die Adviserende Naturellekomitee van Thabong hierdie bevoegdheid behartig? Daar sal verderaan ingegaan word op die hantering van hierdie bevoegdheid deur die Stedelike Bantoeraad van Welkom.

Dit was die gebruik op Welkom om die begroting van uitgawes van die Bantoe-inkomsterekening op 'n spesiale vergadering van die Adviserende Naturellekomitee te bespreek. Dit het dus die moontlikheid gelaat dat die komitee sy onverdeelde aandag aan die bespreking van die begroting kon wy.[42]

Die begroting vir die boekjaar 1952/53 („begroting" verderaan bedoel die begroting van uitgawes uit die Bantoe-inkomsterekening tensy anders vermeld) is sonder enige vrae of bespreking deur die komitee goedgekeur.

Op 'n vergadering van die komitee op 19 Februarie 1954 het die Direkteur ook die begroting van die „Thabong Trading Stores" (dit wil sê die munisipale winkels) aan die komitee voorgelê wat dit sonder enige bespreking goedgekeur het.

In die boekjaar 1954/55 is die begroting van uitgawes uit die Heffingsfonds vir Bantoedienste ook aan die komitee vir oorweging voorgelê wat dit sonder enige bespreking goedgekeur het. Die beperking op die voorlegging van hierdie begroting aan die Adviserende Naturellekomitees het in 1957 in werking getree.[43]

Vir die boekjare 1953/54 en 1954/55 is die begroting pos vir pos in die notule opgeteken maar soos die eerste keer sonder bespreking goedgekeur. Dieselfde was die geval vir die boekjaar 1955/56.

---

42. Ingevolge reg. 21, kan die voorsitter te eniger tyd 'n spesiale vergadering belê indien hy van die noodsaaklikheid daarvan oortuig is.
43. Art. 36 van Wet nr. 36/1957.

In die boekjaar 1956/57 word die eerste kommentaar van die komitee op 'n bepaalde begrotingspos gevind. Op aanbeveling van die komitee is die bedrag wat onder pos 51/03 - skenkings en donasies - begroot is vir die 'Naledi Cultural Society' en die Biblioteek aangewend vir die koop van komberse vir oues van dae en armlastiges.

Gedurende die volgende twee jare, 1957/58 en 1958/59, is die begroting weer sonder enige bespreking aanbeveel vir goedkeuring.

In die boekjaar 1959/60 was daar vrae oor twee begrotingsposte, nl. 51/2 - Adviserende Naturellekomitee en ook weer oor 51/03 - donasies en skenkings.

Onder pos 51/2 het die komitee versoek dat blokkomiteelede 'n maandelikse toelae van 5/- (50c) ontvang en onder pos 51/03 het die komitee versoek dat £150.00 (R300.00) begroot moet word vir beskikbaarstelling van beurse vir die kinders van Thabong wat na die bereiking van die Senior Sertifikaat 'n universiteit wil besoek. Albei hierdie aanbevelings is deur die Dorpsbestuur van Welkom aanvaar en in die begroting ingevoeg.

Hierdie aanbeveling ten opsigte van die instelling van beurse het ook die nodige ministeriële goedkeuring ontvang (Diensbrief 688/313(c), ged. 30.7.59). Die Minister het die volgende voorwaardes goedgekeur waarvolgens beurse toegeken sal word. Die aanbeveling vir beurse moet aan die Minister voorgelê word vir goedkeuring, en vir dié doel moet die volgende besonderhede verstrek word:

a. Naam van begunstigde;
b. skool/inrigting wat kandidaat wil besoek;
c. voorgenome kursus; en
d. tydperk waarvoor beurs toegeken sal word.

Op 5 Oktober 1959 het die komitee 'n brief van bedanking aan die Minister gestuur vir sy goedkeuring van die skema. Hierdie skema is deur die Stedelike Bantoeraad voortgesit en tot op datum het etlike kinders van Thabong reeds onder hierdie beursskema verder gestudeer.[44]

---

44. Tot aan die einde van 1969 is 70 kinders van Thabong reeds op hierdie wyse gehelp.

Onder die pos Gesondheid, 53/7, het die komitee aanbeveel dat 'n naturelleverpleegster deur die Dorpsbestuur aangestel moet word wat oor 'n eie motor beskik. Aan hierdie persoon moet dan 'n vervoertoelae betaal word sodat sy uitsluitlik nagdiens kan doen.

In die boekjaar 1960/61 het die komitee aanbeveel dat 'n donasie aan die plaaslike Bantoe „South African National Tuberculosis Association"-tak gemaak moet word. Die Direkteur het die komitee egter daarop gewys dat daar in die pos reeds 'n bedrag van £1 000 (R2 000.00) toegestaan is vir die behandeling van teringgevalle. Daarna is die begroting sonder enige verdere kommentaar aanbeveel vir goedkeuring.

In die begroting is voorsiening gemaak vir 'n bedrag van £60 (R120.00) vir die salaris van 'n sekretaris van die komitee, maar die komitee het aanbeveel dat die bedrag in die betrokke pos (51/2/7) gehou moet word en die vakature nie op daardie stadium gevul moet word nie.

Verder het die Direkteur die vergadering ook meegedeel dat die opgehoopte profyte in die Bantoebierrekening aangewend gaan word vir die oprigting van 'n crèche, 'n gemeenskapsentrum en tennisbane en dat reeds aandag geskenk word aan die verskaffing van straatbeligting (sien verderaan).

Vir die boekjaar 1961/62 is slegs enkele vrae oor gesondheidsdienste gestel en vir die boekjaar 1962/63 is die begroting sonder verdere kommentaar aanbeveel.

By 'n ontleding van bostaande blyk dit dus dat van die elf begrotings wat aan die komitee voorgelê is, sewe sonder enige bespreking aanbeveel is vir goedkeuring. Die vrae wat oor die ander begrotings gestel is, het hoofsaaklik om die verskaffing van gesondheids- en welsynsdienste gegaan. Die mees konstruktiewe voorstel wat van die komitee gekom het, was die instelling van die beursskema wat ongetwyfeld hoër onderwys binne die bereik van talle kandidate gebring het, wat dit sonder daardie hulp sou moes ontbeer. In hierdie opsig het die komitee dus bepaald 'n baie belangrike bydrae gelewer.

Dit is egter opvallend dat die komitee hom nooit oor die begroting van uitgawes vir die administrasie uitgelaat het nie. Hier dink 'n mens onder meer aan aspekte soos die salariëring van die Bantoepersoneel in diens van die Departement van Bantoesake van Welkom. Met die deurgaan van die notules van die komitee is dit opvallend hoe baie vrae en versoeke komiteelede gestel het oor die toestand van die strate veral gedurende die reënseisoen, sanitasie, straatbeligting, watervoorsiening, ensovoorts, tog het hulle nooit vrae daaroor gevra wanneer die begroting van uitgawes aan hulle voorgelê is nie. Spruit dit uit 'n gevoel van frustrasie oor die beperkte bevoegdhede van die komitee? Binne drie jaar na die totstandkoming van die komitee merk die Direkteur reeds op

> „for the first time (I) noted an air of frustration among new members ..."45

Lê die oorsaak miskien dieper? Daar is reeds op die gebrek aan belangstelling in verkiesings gewys en die betreklike min wisseling in die samestelling van die komitee. Ook was drie van die Adviserende Naturellekomiteelede handelaars en was dit in hul belang om steeds op goeie voet met die administrasie te bly. Dat dit 'n normale verskynsel is, sal verderaan blyk wanneer die kritiek op die Adviserende Naturellekomiteestelsel bespreek word, en dan sal dit blyk dat die posisie op Welkom heeltemal in ooreenstemming met die gang van sake in ander dele van die land was.

In die tweede plek word dan die kanalisering van bepaalde behoeftes en wense van die inwoners van Thabong deur die komitee na die Dorpsbestuur bespreek. Daar is reeds daarop gewys dat hierby die handhawing van wet en orde ingesluit word omdat dit oor 'n tydperk van jare stellig die grootste bron van ontevredenheid onder die inwoners van Thabong was.

### *3.3.2. DIE VERSKAFFING VAN ADVIES IN VERBAND MET DORPSAANGELEENTHEDE*

Hierdie bevoegdheid is baie wyd geformuleer en het die komitee die geleentheid gebied om wye ondervinding in die hantering van plaaslike bestuursaangeleenthede op te doen.

---

45. T.N.A.B. - Minutes 21/10/54, p. 4, op lêer 2/2/2 (Vol. 1) van die Departement Bantoesake.

Dit blyk dan ook by die deurgaan van die notules van die Adviserende Naturellekomitee dat 'n wye verskeidenheid van onderwerpe deur individuele lede van die komitee ter sprake gebring is. Hier is die klem laat val op aangeleenthede wat deur lede self te berde gebring is en gelet hoe gou, indien wel, die plaaslike bestuur aan die versoek voldoen het, al dan nie.

### *3.3.2.1 AANBRING VAN FASILITEITE IN WOONGEBIEDE*

a. *Straatname*

Die afwesigheid van name vir veral die hoofstrate in die Bantoewoongebied het vroeg reeds op 'n vergadering van die komitee ter sprake gekom omdat, volgens die komiteelede dit veral vir besoekers aansienlike verwarring skep. Op 'n komiteevergadering[46] is voorgestel dat die strate name moet kry om hierdie probleem te ondervang. Op die daaropvolgende vergadering het die administrasie aan die versoek voldoen en is name aan sommige van die strate gegee. Op komiteevergaderings in 1958 en weer in 1963 was dieselfde versoek herhaal en is daar telkens uitvoering aan gegee. Die name is deur individuele komiteelede self voorgestel en sommige toon 'n mate van dorpstrots by die inwoners terwyl ander weer bloot spontaan ontstaan het, bv. Basa-basastraat of Reguitstraat.

b. *Erf-en-Diensskema*

Alhoewel hierdie aangeleentheid deur die administrasie aan die komitee voorgelê is, word hierna verwys omdat dit 'n baie goeie voorbeeld is van 'n aangeleentheid waar die administrasie die gevoel van die inwoners oor 'n bepaalde aangeleentheid wou toets. Reeds op 17 Februarie 1958 is die skema deur die Direkteur aan die komitee verduidelik, maar die werklike aanleg het eers in 1960 in aanvang geneem en die hele skema is in 1962 voltooi.

---

46. Notule T.A.N.K. 18/3/53.

### *3.3.2.2 VERBETERINGE IN DIE BANTOEWOONGEBIEDE*

Hierdie opskrif klink by die eerste oogopslag baie vaag maar hieronder word aangeleenthede tuisgebring waar komiteelede sake te berde gebring het, wat op een of ander stadium 'n ‚grief' of 'n knelpunt gevorm het. Dit was hoofsaaklik aangeleenthede rakende die toestand van die Bantoewoongebied, bv. die strate of die lewering van 'n bepaalde diens aan die inwoners. Die vernaamste hiervan het oor die voorsiening van sanitêre dienste, water, skuilings by bushaltes, voorsiening van verandas by die sakesentrum en die daarstelling van een of ander welsynsdiens gegaan. Opmerklik is dit dat weinig van hierdie versoeke in enige opsig buitensporig was, maar dikwels nie uitgevoer kon word nie, omdat een of ander ontwikkelingsprojek voorrang moes geniet of daar op daardie tydstip nie fondse beskikbaar was nie. 'n Goeie voorbeeld is die verskaffing van straatbeligting wat reeds in 1956 ter sprake gekom het, maar vanweë ekonomiese faktore eers in 1967 voorsien kon word.

### *3.3.2.3 DIE HANDHAWING VAN WET EN ORDE*

Daar is reeds 'n uiteensetting van die funksies van die komitee soos dit in die Regulasies onskryf is, gegee en verder is daarop gewys dat hierdie aspek saam met die kanalisering van behoeftes na die administrasie bespreek word omdat die handhawing van wet en orde oor baie jare herhaaldelik op komiteevergaderings ter sprake gekom het. In Hoofstuk 4 sal verder op hierdie aspek ingegaan word omdat dit die basis vorm van kritiek wat teen die Adviserende Naturellekomiteestelsel ingebring is.

Daar het 'n bende in Thabong bestaan wat hulself die „Russians" genoem het. Die bedrywighede van hierdie bende het die rus en orde in die lokasie tot so 'n mate versteur dat dit'n saak van onmoontlikheid geword het om enige funksies in die aand te hou. Vanselfsprekend het die bedrywighede van hierdie mense herhaaldelik op komiteevergaderings ter sprake gekom. Gewoonlik het die besprekings dan uitgeloop op twee versoeke, nl. die beskikbaarstelling van meer polisie veral vir die patrollering van Thabong snags en die verskaffing van straatbeligting vanweë die groot aantal aanrandings op persone in die donker strate.

Samehangend hiermee het die komitee versoek dat 'n polisiestasie in die lokasie self opgerig moet word en dat 'n tuiswag onder die vredeliewende inwoners gevorm moes word.[47]

Die Minister het die vorming van 'n tuiswag van die hand gewys, maar dit is interessant om daarop te let dat in die *Wet op Stedelike Bantoerade*, 1961 (Wet nr. 79/1961) (soos gewysig) - die bepalings waarvan verderaan bespreek sal word - voorsiening gemaak word vir die instelling van 'n gemeenskapswag en verder dat op 'n vergadering van die Stedelike Bantoeraad tien jaar later die Distrikskommandant van die S.A.P. bekend gemaak het dat die Minister van Polisie toestemming verleen het vir die werwing van 100 polisiereserviste vir Thabong![48]

Daar is reeds in 1958 met die opstel van planne vir 'n polisiestasie vir Thabong begin maar die gebou is eers in 1964 voltooi.

Die bedrywighede van die „Russians" het 'n ander aspek na vore gebring, nl. die status van die Adviserende Naturellekomitee. Gedurende 1958 is een van die komiteelede tot so 'n mate deur die „Russians" aangerand dat hy vir maande nie kon werk nie. Teen die einde van 1962 is 'n ander komiteelid tydens een van die bende se besonder aktiewe periodes in 'n slaghuis in die lokasie vasgekeer.

Sy oproep om hulp van die Polisie is beantwoord deur 'n weiering omdat hulle slegs op versoek van een van die amptenare na die lokasie mag gaan.

Die komiteelid het die saak op 'n komiteevergadering (6.11.61) ter sprake gebring en die antwoord van die Polisie (5.6.62) was dat hulle

> „...verkies om deur 'n *verantwoordelike persoon*, soos byvoorbeeld een van die amptenare uitgeroep te word, wanneer 'n bakleiery van hierdie aard onderdruk moet word." (Eie kursivering)

---

47. Notule T.A.N.K. 18/6/58.
48. Notule Stedelike Bantoeraad, 21 November 1968, Item 6.

Dit moet in gedagte gehou word dat hierdie episode plaasgevind het in 'n tydperk waarin Suid-Afrika in 'n algemene toestand van onrus verkeer het en hoe kon die betrokke manskap daarvan verseker wees dat die oproep nie 'n lokval was nie? Aan die ander kant moet dit in gedagte gehou word dat die bedrywighede van die „Russians" toe reeds vir ses jaar lank ononderbroke die rus en orde in die lokasie bedreig het en dit val moeilik om te glo dat die Polisie nooit op een of ander wyse (bv. deur 'n grootskaalse klopjag) die vrede kon herstel nie.

Hierby wil 'n mens voeg dat dit by herhaling aan komiteelede gestel is, dat hulle die leiers van die gemeenskap is (of behoort te wees). Deur by implikasie te kenne te gee dat hulle nie *verantwoordelik* is nie, sal beslis nie tot die doeltreffendheid van die komitee bydra nie.

Benewens hierdie aspek is die aanwesigheid van ongewenste persone gereeld op komiteevergaderings bespreek, en dit wil voorkom of die uitbreiding van die inspektoraat 'n aansienlike verbetering in die toestand gebring het.

# *H O O F S T U K 3*

# *DIE STEDELIKE BANTOERAAD VAN WELKOM*

## *1. DIE STRUKTUUR VAN STEDELIKE BANTOERADE IN DIE ALGEMEEN*

### *1.1. INSTELLING VAN STEDELIKE BANTOERADE*

Die *Wet op Stedelike Bantoerade,* 1961 (Wet nr. 79/ 1961) (soos gewysig) maak voorsiening vir die instelling van Stedelike Bantoerade en lê die raamwerk of struktuur van die rade in breë trekke neer. Daar word dan t.o.v. elke Stedelike Bantoeraad wat ingestel word, ˆn stel regulasies by wyse van Administrateurskennisgewing uitgevaardig.

Die struktuur van Stedelike Bantoerade, soos in die wet neergelê, is redelik buigsaam. Elke Stedelike Bantoeraad bestaan uit gekose sowel as verkose lede met 'n minimum van ses. Dit word aan stedelike plaaslike besture oorgelaat om die samestelling van die Stedelike Bantoeraad binne sy eie regsgebied te bepaal, met voorbehoud egter dat die aantal gekose lede nie groter as die aantal verkose lede mag wees nie (art. 3(1)).

Met inagneming van bogenoemde bepaling kan stedelike plaaslike besture die samestelling van die Stedelike Bantoeraad, op versoek van die raad, te eniger tyd verander (art. 3(2)).

Hierdie buigsaamheid in die struktuur van die Stedelike Bantoeraad is 'n gesonde beginsel omdat dit nie alleen die stedelike plaaslike bestuur in staat stel om by die instelling van 'n Stedelike Bantoeraad die behoeftes van sy Bantoegemeenskap in ag te neem nie, maar dan ook na die instelling van die raad, tred te hou met daardie behoeftes.

'n Stedelike plaaslike bestuur *kan* 'n Stedelike Bantoeraad instel:

a. Vir 'n stedelike Bantoewoongebied onder sy beheer of 'n gedeelte van 'n dergelike Bantoewoongebied. Verder

ook vir 'n dergelike gebied en 'n gedeelte gesamentlik of meer as een dergelike gebiede en dergelike gedeeltes gesamentlik (art. 2(1)(a)). (Vgl. bv. die instelling van die Stedelike Bantoeraad van Durban waar die Stedelike Bantoeraad Ningizumu ses Bantoewoongebiede insluit).

b. Vir Bantoes wat aan dieselfde volkseenheid behoort en woonagtig is binne 'n Bantoewoongebied onder sy beheer of kombinasies van gebiede of gedeeltes van gebiede soos in (a) uiteengesit (art. 2(1)(b)).

Alvorens 'n stedelike plaaslike bestuur 'n Stedelike Bantoeraad op enige van bogenoemde maniere instel, moet hy die Adviserende Naturellekomitee raadpleeg indien die komitee se regsgebied saamval met dié van die Stedelike Bantoeraad of dit insluit (art. 2(2)(a)).

Indien die regsgebied van die Stedelike Bantoeraad nie dié van die Adviserende Naturellekomitee, of 'n gedeelte daarvan, insluit nie, moet die stedelike plaaslike bestuur die Bantoegemeenskap wat daarin woon, raadpleeg (art. 2(2)(b)).

Daar is egter omstandighede waar 'n stedelike plaaslike bestuur geen keuse gelaat word nie en hy verplig is om 'n Stedelike Bantoeraad in te stel. Dit gebeur in die volgende gevalle:

a. Waar hy deur die Adviserende Naturellekomitee daartoe versoek word; en

b. waar die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling na oorlegpleging met die Bantoegemeenskap oortuig is dat die betrokke gemeenskap verlang dat so 'n raad ingestel word (art. 3(a) en (b)).

Die Minister kan die instelling van 'n Stedelike Bantoeraad veto in gevalle waar die raad volgens die prosedure in (a) beskryf, ingestel word.[1]

---

1. Volgens 'n wysiging wat deur Wet nr. 76/1963 in art. 2(3)(a) aangebring is.

Verder word daarvoor ook voorsiening gemaak dat 'n stedelike plaaslike bestuur op versoek van die Stedelike Bantoeraad sy regsgebied kan verander of selfs die raad ontbind (art. 2(4)).

Ten slotte word aan die Minister die bevoegdheid verleen om, indien hy

dit in die openbare belang ag om dit te doen

na oorlegpleging met die stedelike plaaslike bestuur, 'n Stedelike Bantoeraad te ontbind en 'n ander een in sy plek laat instel (art. 2 (5)).

Daar is tot dusver 21 Stedelike Bantoerade in Suid-Afrika ingestel,[2] waarvan die Stedelike Bantoeraad van Welkom die eerste was. Hierop sal verderaan teruggekom word. Die grootte van die rade wissel van 58 in die geval van Johannesburg tot die minimum van ses in die geval van Alberton.

## 1.2. SAMESTELLING VAN STEDELIKE BANTOERADE

### 1.2.1. VERKOSE LEDE

Slegs Bantoes wat in die stadsgebied ten opsigte waarvan 'n Stedelike Bantoeraad ingestel is, woon, en wat oor die vereiste kwalifikasies beskik[3], is bevoeg om tot lede van die raad verkies te word (art. 3(3)(a)).

Die wet lê egter geen kwalifikasies van verkose lede neer nie, maar laat dit geheel en al oor om by regulasie gereël te word.

In hierdie verband ontstaan die vraag wat met die uitdrukkings „stadsgebied" en „voorgeskrewe kwalifikasies" in hierdie subartikel bedoel word?

Ingevolge die woordbepalings van Wet nr. 79/1961[4]

2. Kyk Bylae 1.
3. Word verderaan breedvoerig behandel.
4. Artt. 1(1) en 1(2).

moet hierdie wet en Wet nr. 25/1945 (soos gewysig)(genoem die Hoofwet) uitgelê word asof hulle een wet uitmaak. Volgens lg. is 'n „stadsgebied" „die gebied onder die gesag van 'n stedelike plaaslike bestuur", m.a.w. die hele gebied binne die regsgebied van die stedelike plaaslike bestuur.

'n Stedelike plaaslike bestuur weer, is 'n munisipale raad, stadsraad, ens.

> en met betrekking tot 'n voorgeskrewe gebied .... die stedelike plaaslike bestuur of liggaam aangedui in 'n kennisgewing ingevolge subartikel 1 van art. 9 bis uitgereik, as die stedelike plaaslike bestuur met regsbevoegdheid vir die doeleindes van die administrasie van die daarinvermelde Wette en regulasies in daardie gebied.[5]

'n „Stadsgebied" sluit dus die hele gebied in wat onder die jurisdiksie van die stedelike plaaslike bestuur val. Die wet bepaal dat 'n Stedelike Bantoeraad vir 'n Stedelike Bantoewoongebied ingestel word (art. 2(1)(a)) maar soos reeds gesien, word bepaal dat

> „Bantoes wat in die betrokke stadsgebied woonagtig is"

(art. 3(3)(a)) tot lede van die Stedelike Bantoeraad verkies kan word. Hierdie selfde verskil kom voor in die regulasies.[6] Volgens die regulasies[7] word die Stedelike Bantoeraad van Welkom ingestel vir die stedelike Bantoewoongebied van Welkom en die kwalifikasies van verkose lede sluit o.a. in dat kandidate in die stadsgebied, d.w.s. die stadsgebied van Welkom woonagtig moet wees.[8]

Aan die ander kant bepaal Reg. 23(1) weer dat:

---

5. Art. 1 van Wet nr. 25/1945 (soos gewysig).
6. Wat gebaseer is op modelregulasies wat die Dept. Bantoe-administrasie en -ontwikkeling opgestel het.
7. Hier word na die regulasies van Welkom verwys, Ak. 173/1963.
8. Reg. 4(a) saamgelees met Reg. 1(x) van Ak. 173/1963.

> Slegs persone wat geregistreerde okkupeerders van die stedelike Bantoewoongebied is ... bevoeg (is) om te stem by verkiesing van verkose lede van die Bantoeraad.

Dit is nie duidelik waarom hierdie verskil gemaak word nie, maar 'n groot getal Bantoes word dus van effektiewe deelname aan die werksaamhede van die Stedelike Bantoeraad uitgesluit hoewel hulle kwalifiseer om tot lid van die raad verkies te word.[9]

In die tweede plek dan, wat word met die uitdrukking „voorgeskrewe kwalifikasies" bedoel? Aangesien die wet ook in hierdie geval niks reël nie, word dit oorgelaat om by regulasie gereël te word. Daar was aanvanklik niks in die wet oor die kwalifikasies van kiesers nie, maar in 1963 is daar wel 'n verwysing na kiesers bygevoeg.[10] Daar sal verderaan hierop teruggekom word.

Al wat die wet verder in hierdie verband reël, is dat dit Bantoes wat buite die Republiek of S.W.A. gebore is, verbied om op enige wyse aan die werksaamhede van die raad deel te neem (art. 3(4)).[11]

Daar word twee wyses vir die verkiesing van lede van die Stedelike Bantoeraad geskep. In die eerste plek waar 'n Stedelike Bantoeraad slegs vir Bantoes wat tot een volksgroep behoort, ingestel is, mag slegs lede van daardie volkseenheid aan verkiesings van die raad deelneem (art. 3(3)(b)(i)(aa)).

In die geval van enige ander Stedelike Bantoeraad, word die lede van daardie raad verkies deur die

9. Daar word hier veral gedink aan Bantoes wat huisvesting bewoon wat deur hul werkgewer verskaf word, bv. huisbediendes, woonstelskoonmakers, ens. In dié geval van Johannesburg word ongeveer 120,000 Bantoes (± 20%) deur hierdie bepaling geraak.

10. Art. 10(1)(a) soos gewysig deur Wet nr. 76/1963.

11. Vgl. met art. 12 van Wet nr. 25/1945 (soos gewysig).

Bantoe-inwoners wat die betrokke stedelike Bantoewoongebied bewoon (art. 3(3)(b)(i)(bb)). In albei hierdie gevalle moet die kiesers aan die by regulasie bepaalde vereistes voldoen.

### 1.2.2. GEKOSE LEDE

Die gekose lede van Stedelike Bantoerade word gekies

> "deur en uit die verteenwoordigers van Bantoekapteins wat op die wyse deur die Minister voorgeskryf, erken is ...."

(art. 3(3)(b)(ii)).

Alvorens so 'n verkiesing kan plaasvind moet die voornemende lede van die Stedelike Bantoeraad se kandidatuur deur die Minister en die betrokke stedelike plaaslike besture goedgekeur word. Soos in die geval van verkose lede is daar ook twee alternatiewe vir die verkiesing van gekose verteenwoordigers. Waar 'n Stedelike Bantoeraad slegs ten opsigte van 'n bepaalde volkseenheid ingestel word, mag slegs verteenwoordigers van kapteins wat tot daardie volkseenheid behoort aan die verkiesing van gekose lede deelneem (art. 3(3)(b)(ii)(aa)).

In die geval van enige ander Stedelike Bantoeraad, m.a.w. 'n nie-etniese, indien daar voldoende lede van 'n bepaalde volkseenheid in die stedelike Bantoewoongebied woon om verteenwoordiging op die raad te regverdig, moet kapteins verteenwoordigers van daardie volkseenheid soveel verteenwoordigers as wat by regulasie vasgestel word, aanwys as gekose lede van die raad. (Vgl. in hierdie geval die Stedelike Bantoeraad van Johannesburg wat 17 gekose lede het)[12] (art. 3(3)(b)(ii)(bb)).

---

12. 2 vir die Noord-Sotho-volkseenheid.
    2 vir die Suid-Sotho-volkseenheid.
    1 vir die Swazi-volkseenheid.
    2 vir die Tswana-volkseenheid.
    1 vir die Venda-volkseenheid.
    2 vir die Xhosa-volkseenheid.
    6 vir die Zoeloe-volkseenheid.
    1 vir die Tsonga-volkseenheid.

'n Gekose lid behou sy setel solank as wat hy 'n kapteinsverteenwoordiger bly. Ook mag geen Bantoe wat buite die Republiek of in S.W.A. gebore is tot lid van 'n Stedelike Bantoeraad gekies word nie (art. 3(4)).

Wat die gekose lede betref, is daar ook 'n verskil tussen die wet en die regulasies. Die wet verwys na „verteenwoordigers van Bantoekapteins". In die regulasies daarenteen word deurgaans na „stedelike verteenwoordigers" verwys. Volgens die woordomskrywing van die regulasies[13] is 'n „stedelike verteenwoordiger",

> „'n stedelike verteenwoordiger soos omskryf in Goewermentskennisgewing nr. 231/1962."

In lg. Goewermentskennisgewing word 'n stedelike verteenwoordiger omskryf as

> „'n verteenwoordiger van 'n kaptein wie se benoeming erken is soos in hierdie regulasies voorgeskryf."

Volgens die regulasies[14] waar die samestelling van die Stedelike Bantoeraad van Welkom gegee word, word egter nie na verteenwoordigers van Bantoekapteins verwys nie, maar na verteenwoordigers van bepaalde volkseenhede.

Hier word dus 'n nuwe element in die administrasie van die Bantoebevolking wat in die Blanke stedelike gebiede woonagtig is, ingevoer, nl. 'n skakel met die tradisionele gesagsfigure in die tuisland. Daarby is hierdie tipe verteenwoordiger op 'n veel laer vlak as die gebiedsowerheidsverteenwoordiger.[15]

---

13. Reg. 1(xii), Ak. nr. 173/1963.

14. Reg. 2(b), (e), (g) en (h) van Ak. nr. 173/1963. Aangesien die regulasies gebaseer is op modelregulasies wat deur die Dept. van B.A. en O. opgestel is, is hierdie posisie dus eenvormig t.o.v. alle Stedelike Bantoerade wat tot dusver ingestel is.

15. Aangestel ingevolge artt. 4 en 5 van die *Wet op die Bevordering van Bantoeselfbestuur*, 1959. (Wet nr. 46/1959)(soos gewysig).

Maritz[16] stel die verskil tussen die twee tipes verteenwoordigers baie duidelik waar hy sê:

> "In die instelling van tuislandse verteenwoordiging in blanke stedelike gebiede, onderskei .... ons twee oogmerke. Eerstens die poging tot uitdraging van ordenende gesag vanuit die tuisland na die stedelike gebied in die vorm van 'n erkende kapteinsverteenwoordiger wat sy gesag nie ontleen aan die stedelike Bantoebevolking nie, maar aan die kaptein in die tuisland, en tweedens volkskakeling dit wil sê die daarstelling van 'n skakelmeganisme tussen die stedelike Bantoebevolking en 'n tuislandse bestuursliggaam wat ingestel is op die diening van die etniese groep *in toto*."

Hoe het hierdie stelsel van kapteins- of gebiedsowerheidverteenwoordiging ontstaan? Van watter betekenis is hierdie klas verteenwoordiging vir die funksionering van Stedelike Bantoerade?

Ten einde die hele aangeleentheid in perspektief te kan beoordeel, is dit nodig om vooraf 'n kort skets te gee van die stedelike agtergrond waarteen hierdie rade funksioneer; daarna kortliks die stelsel van verteenwoordigers te bespreek en ten slotte enkele punte van kritiek te opper.

### 1.2.2.1. DIE STEDELIKE AGTERGROND

Dit word algemeen aanvaar dat die Bantoebevolking van die Blanke stedelike gebiede uit 'n mengsel van trekarbeiders, semi-permanente en permanente inwoners bestaan.[17]

---

16. Maritz, C.J., *Bestuursontwikkeling van die Tswanastammegroep met besondere verwysing na die skakeling tussen stad en tuisland.* Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1966, p.207.

17. Onder *permanente* inwoners word hier Bantoemans en hul afhanklikes verstaan wat ingevolge art. 10 van Wet nr. 25/1945 (soos gewysig) permanensie in Blanke stedelike gebiede verwerf het; *trekarbeiders* is enkellopende mans wat vir die duur van 'n bepaalde kontrak in die stadsgebied aanwesig is na verstryking waarvan hulle na die eie tuisgebied moet terugkeer; en *semi-permanente* Bantoes is dié wat reeds met hulle afhanklikes in die stadsgebied woonagtig is en geen begeerte het om na hul gebied van herkoms terug te keer nie. Hulle is wel in besit van 'n verblyfpermit maar voldoen nog nie aan die kwalifikasies van art. 10 nie.

Maritz[18] aan die anderkant volg die gebruiklike indeling waar hy die stedelike Bantoebevolking soos volg tipeer:

a. trekarbeiders;
b. semi-verstedeliktes; en
c. verstedeliktes.

Hy wys verder daarop[19] dat die groepe altyd aangevul word van (a) na (b) en van (b) na (c) en nooit andersom nie.

Hoewel daar in die breë met hierdie indeling saamgestem word, is dit nie wenslik om die uitdrukking *verstedeliktes* met sy meegaande konnotasie van *verstedeliking* sonder meer op die Bantoebevolking van toepassing te maak nie.

Dit is om hierdie rede dat skrywer dit volmondig met Herskovits eens is waar hy hom soos volg uitlaat:[20]

> „To this process (die skrywer verwys hier na die hele proses van industrialisasie en die gevolge daarvan) various terms, of which, 'detribalization' was perhaps the most widely used, came to be applied and for a decade or more had extensive currency. Given the customary assumptions, the cogency of such terms seemed undeniable. *Like most catchwords, however, they meant different things to different people, particularly since they were rarely defined with any degree of precision."* (Eie kursivering)

Hierdie opmerkings kan ewe goed op die hele proses van *urbanization/verstedeliking* van toepassing gemaak word. Desnieteenstaande moet daarvan kennis geneem word, omdat dit 'n proses is wat dag na dag voortduur en 'n toenemende aantal Bantoes se verbintenis met 'n tuisland en sy tradisionele gesagsinstellings al hoe losser en vaer laat word.

Tabel I (sien Bylae 3) gee 'n baie duidelike beeld van die groei van die stedelike Bantoebevolking sedert 1904. In 1969 was die aantal Bantoes in stedelike gebiede soos volg:

---

18. Maritz, op. cit., p. 168.

19. Ibid.

20. Herskovits, M.J., *The human factor in changing Africa.* Londen, Routledge en Kegan Paul, 1962, p. 28.

Tabel II. BANTOE IN BLANKE GEBIEDE[21*]

| | Bantoewoonbuurtes | Kampongs | Blanke agterplase en omstedelik |
|---|---|---|---|
| Manlik | 959 883 | 939 427 | 452 354 |
| Vroulik | 1 005 257 | --- | 414 301 |
| Totaal | 1 962 140 | 939 427 | 866 655 |

*Gegewens is nie beskikbaar per provinsie soos in Tabel I nie.

Dit gee 'n groottotaal van 3 768 222 wat, hoewel dit 'n vermeerdering van 301 639 op die 1960 syfers is, slegs 28.25% van die totale Bantoebevolking uitmaak.[22]

Volgens Maritz[23] sowel as Coertze[24] word die gevestigde stedelike Bantoebevolking, dit wil sê dié wat as permanent of semi-permanent geklassifiseer kan word, op tussen twee en twee-en-'n-half miljoen geskat. Daar bly dus ongeveer een miljoen Bantoes oor wat as trekarbeiders geklassifiseer kan word. Hierdie deel van die Bantoebevolking is nog stewig vas aan die tuisland. Vir hulle bly die tuisland met sy tradisionele gesags- en kultuurinstellinge 'n lewende werklikheid. Na daardie tuisland keer hulle periodiek terug en op hierdie manier bly die bande daarmee sterk en lewendig.

### *1.2.2.2. ONTSTAAN VAN DIE STELSEL VAN KAPTEINS-/ GEBIEDSOWERHEIDSVERTEENWOORDIGERS.*

Dit was blykbaar 'n ou gebruik onder Bantoekapteins, of hulle verteenwoordigers, om hul stamgenote in die Blanke stedelike gebiede periodiek te besoek met

---

21. Coertze, R.D., *Stad en tuislandskakeling in stedelike Bantoe-administrasie - Volkekundig.* Referaat gelewer voor die Sestiende Jaarkongres van I.A.N.A. te Durban, 29 September - 2 Oktober 1969.

22. Volgens die Buro vir Statistiek was die totale Bantoebevolking op 30 Junie 1969, 13 340 000.

23. Maritz, op. cit., p. 169.

24. Coertze, op. cit., p. 9

die oog op die behoud van kontak met hul stamgenote.[25] Verder was daar ook 'n neiging om stamorganisasies te vorm, veral om die stameenheid in die stad te bewaar en maatskaplike euwels te bekamp.[26]

Hierdie twee faktore het blykbaar die instelling van kapteinsverteenwoordigers ten grondslag gelê.

Vroeër in die hoofstuk is reeds die wetlike bepalings wat die instelling van kapteinsverteenwoordigers reël, behandel.

Daar is skynbaar reeds voor die uitvaardiging van die wet begin om kapteinsverteenwoordigers aangestel te kry.[27] Die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling het reeds in 1960 begin met die uitreik van instruksies[28] om kapteins- en gebiedsowerheidsverteenwoordigers aan te stel ten einde hierdie doel te bereik. Verskeie probleme is egter ondervind om kapteinsverteenwoordigers aangestel te kry wat breedvoerig deur Maritz behandel word (kyk voetnoot 27).

Hy som dit soos volg op. (Die indeling is deur skrywer self gemaak):[29]

a. „'n Persoon wat in die tuisland woonagtig is, kan nie aangestel word as verteenwoordiger en daarna verhuis na die stad nie; indien hy sy herdersfunksie wil vervul, moet hy die stedelike milieu ken;"

b. „Kapteins kan of wou nie gemeenskaplike verteenwoordigers aanstel nie ";

---

25. a. Maritz, op. cit., p. 190 en
    b. Coertze, R.D., *Die adviserende komiteestelsel en politieke organisasie soos aangetref in die stedelike gebied van Pretoria, met besondere verwysing na die toestand in Attridgeville.* Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.P., 1957, p. 371.

26. Maritz, op. cit., p. 190.

27. Die gegewens wat hierna verstrek word is uit Maritz, op. cit., p. 191 et seq. verkry.

28. Maritz, ibid. noem die volgende:
    Algemene Omsendbrief nr. 7/1960
    Rondskrywe nr. 1010/313, 29/4/1960
    Rondskrywe nr. 1010/313(2)
    Algemene Omsendbrief nr. 27/1960
    Algemene Omsendbrief nr. 22/1963
    Algemene Omsendbrief nr. 29/1961

29. Ibid.

c. „... persone wat wel deur kapteins uit eie inisiatief aangestel is, is nie geskik as leiers in die 'geestelike chaos' van die stad nie juis omdat hulle hul gesag uit hulle tradisionaliteit put en gevolglik die stedelinge, wat vastigheid nodig het, met antipatie in plaas van simpatie bejeën";

d. „Persone wat wel in staat sou wees om die leierskap tot sy reg te laat kom, is nie aangestel nie, omdat die kapteins hulle nie ken nie."

'n Dooiepunt is gevolglik in die instelling van kapteinsverteenwoordigers bereik, en ten einde vordering te kan maak, is erkenning aan die aanstelling van verteenwoordigers van individuele kapteins verleen.[30]

Die gedagte van verteenwoordiging van die tradisionele gesag op plaaslike bestuursliggame is nie eiesoortig aan Suid-Afrika nie. In die voormalige Britse gebiede in Wes-Afrika kom dit vry algemeen voor.[31] Of dit sal bydra om die kapteinsgesag in stedelike gebiede af te takel soos Maritz beweer,[32] kan nie geredelik aanvaar word nie, daarvoor is die persentasie van die stedelike Bantoebevolking wat nog 'n lewende band met die tuisland hou, te groot. Sy stelling dat die „trefwydte (van die kapteinsverteenwoordiger) uiters beperk (is)" kan egter nie anders as heelhartig onderskryf te word nie.[33]

Aansluitend hierby wys Coertze[34] daarop dat daar vandag slegs 398 wettig erkende kapteinsverteenwoordigers in Suid-Afrika bestaan

„...(wat) indien hulle eweredig oor Suid-Afrika versprei gewees het, nie eers een verteenwoordiger vir elke Stadsraadgebied waar 'n Adviserende Bantoekomitee ..... vereis word, moontlik maak nie."

---

30. Hier het die Departement dus teruggekeer tot die apparaat wat in Gk. nr. 231/1962 geskep is.

31. Campbell, M.J., T.G. Brierly en L.F. Blitz, *The structure of local goverment in West Africa.* Den Haag, Martinus Nijhoff, 1965, pp. 42 en 46.

32. Maritz, op. cit., p. 206.

33. Ibid.

34. Coertze, R.D. (1969), op. cit., p. 18.

Ook is hierdie kapteinsverteenwoordigers hoofsaaklik tot die groter stedelike sentra beperk. Coertze[35] noem die voorbeeld van Natal waarvan die 57 verteenwoordigers wat deur kapteins in Natal benoem is, 21 vir Durban, 13 vir Johannesburg en die res vir dorpe aan die Rand en omgewing aangewys is, terwyl nie 'n enkele verteenwoordiger op plattelandse dorpe in Natal benoem is nie.

Hierby is dit ook duidelik dat weinig stamme oor voldoende geskikte persone[36] beskik om kapteinsverteenwoordigers te lewer vir al die stedelike gebiede wat daarop aanspraak sou maak. Die vereistes wat hierdie pos aan dié persone stel - 'n redelike onderwyspeil en senioriteit[37] - is vereistes wat veel nuttiger in die nuwe ontwikkelende gebiedsowerheidsdienste gebruik kan word. Daarsonder sou die beleid van afsonderlike ontwikkeling baie moeilik uitgevoer kan word.

Die tweede skakel wat deur die wetgewer geskep is om die stedelike Bantoebevolking aan die tuisland te koppel, is die instelling van gebiedsowerheidsverteenwoordigers (kyk voetnoot 15).

Ingevolge die *Wet op die Bevordering van Bantoeselfbestuur*, 1959 word aan 'n gebiedsowerheid die bevoegdheid verleen om 'n verteenwoordiger in Blanke stedelike gebiede aan te stel

> "... om daardie owerheid of raad in die gebiede van een of meer plaaslike besture te verteenwoordig by dié deel van die Bantoegemeenskap wat tot die betrokke volkseenheid behoort" (art. 4(1)).

Die doel met gebiedsowerheidsverteenwoordigers is om die belange van die volkseenheid wat hy verteenwoordig in die stedelike gebiede te behartig en die gebiedsowerheid van advies daaromtrent te dien.

---

35. Ibid.

36. Coertze (1969) (op. cit., p. 19) wys daarop dat van die 132 tradisionele instansies wat kapteinsverteenwoordigers gelewer het, slegs 29 meer as twee verteenwoordigers kon lewer.

37. Coertze (1969), ibid.

'n Gebiedsowerheidsverteenwoordiger kan sub-verteenwoordigers in die verskillende stedelike gebiede, ten opsigte waarvan hy aangestel is, aanstel. Verder kan die gebiedsowerheidsverteenwoordiger 'n raad in oorleg met sy gebiedsowerheid saamstel om hom in die uitvoering van sy pligte by te staan. Die Minister het die amp van hierdie verteenwoordigers soos volg beskryf en terselfdertyd 'n uiteensetting van hulle funksies gegee:

> „Sulke verteenwoordigers sal rade in stedelike gebiede mag hê. Daar bestaan reeds sulke rade. Deur middel van sulke rade en met behulp van klerke wat die tuislandregerings beskikbaar sal stel, sal daar volksorganisasies onder verteenwoordigers opgebou word wat primêr gemoeid is met die skakeling van hulle volksgenote in stede met die tuisland op die geestelik kulturele en politieke vlak."38

Die funksies van hierdie verteenwoordigers sal die volgende insluit:

a. Die hou van arbitrasiehowe vir die beslegting van geskille;

b. oplos van arbeidsprobleme;

c. hulp aan volksgenote in verband met die hervestiging in die tuislande;

d. identifikasie van persone wat volksverband betref;

e. onderwys en kultuursake.

Hieruit is dit dus baie duidelik dat die pos hoë eise aan die bekleders daarvan gaan stel.

Hoewel die wet reeds in 1959 aangeneem is, is eers in 1963 met die aanvoorwerk begin. Daar is met die Tswana-volkseenheid begin

> „... omdat hierdie etniese eenheid potensieel die grootste probleme kan oplewer omdat daar in die geskiedenis geen tydspunt was waarop die Tswana-eenheid as sodanig gestalte gevind het nie."39

---

38. Toespraak deur die Minister by die Saamtrek van Administrateurs van Nie-blanke Aangeleenthede gelewer op 22 Oktober 1968 te Pretoria.

39. Coertze (1969), op, cit., p. 26.

Daarby was daar die reeds bespreekte probleme in verband met die aanstelling van kapteinsverteenwoordigers, wat verdere vertraging in die hand gewerk het.

'n Verdere belangrike rede vir die vertraging met die instelling van gebiedsowerheidsverteenwoordigers was geleë in die feit dat die gebiedsowerhede self maar eers sedert 1968 behoorlik op dreef gekom het.[40]

Daar kan verwag word dat soos die gebiedsowerhede hulle eerste groeipyne agter die rug het, meer verteenwoordigers aangestel sal word. Daar is tot dusver slegs twee verteenwoordigers aangestel, terwyl die aanstelling van 'n verdere twee later in die jaar beoog word.[41]

Uit hierdie bespreking is dit dus duidelik dat daar aansienlike verskille tussen kapteins- en gebiedsowerheidsverteenwoordigers is. In die lig van ontwikkeling in die afgelope jaar of twee wil dit voorkom of die gebiedsowerheidsverteenwoordigers die vlak is waarop die staat die stedelike Bantoebevolking aan hulle onderskeie volkseenhede wil skakel. Indien dit die geval is, sal die *Wet op Stedelike Bantoerade*, 1961 (Wet nr. 79/1961) (soos gewysig) dienooreenkomstig gewysig moet word. Die huidige toedrag van sake waar daar so 'n aanmerklike verskil tussen die wet en die regulasies is, is nie alleen onlogies nie, maar ook ongesond. Daar sal ook baie meer daadwerklik met die instelling van gebiedsowerheidsverteenwoordigers gevorder moet word om die oogmerke van die *Wet op Bevordering van Bantoeselfbestuur*, 1959 (Wet nr. 46/1959) (soos gewysig), te bereik. Hierdie stelling word natuurlik gemaak in die

---

40. Die Ciskeise Gebiedsowerheid en die Tswana-gebiedsowerheid is albei in 1961 reeds ingestel maar in 1968 herkonstitueer; die Venda (voorheen die Thoho-ya-Ndou)-gebiedsowerheid, die Lebowa- en die Matshangana-gebiedsowerheid is in 1962 ingestel, maar in 1969 herkonstitueer, terwyl die Basotho-baBorwa-gebiedsowerheid eers in 1969 ingestel is.

41. S.S. Madise is vir die Tswana-volkseenheid in die Pretoria - Witwatersrand - Vereeniging - gebied in 1965 aangestel, en B.M. Modau vir die Venda-volkseenheid in dieselfde gebied in 1968. Een gebiedsowerheidsverteenwoordiger vir die Lebowa-volkseenheid vir die Pretoria - Witwatersrand - Vereeniging - gebied en 'n verdere Tswana-verteenwoordiger vir Wes-Transvaal en die O.V.S. - Goudvelde sal in 1970 aangestel word.

veronderstelling dat die gebiedsowerheidsverteenwoordigers 'n stamorganisasie onder hulle toesig in die verskillende stadsgebiede tot stand sal bring. Die voorsitter van hierdie etniese komitees [42] kan dan op Stedelike Bantoerade as gekose lede dien. In so 'n geval sal die wet gewysig moet word.

### *1.2.3. INSTELLING VAN KOMITEES VIR STEDELIKE BANTOERADE*

'n Baie nuttige bepaling in die *Wet op Stedelike Bantoerade*, 1961 is die voorsiening wat gemaak word dat 'n Stedelike Bantoeraad bevoeg is

> „om met inagneming van die bepalings van enige toepaslike wet, voorsiening te maak vir enige aangeleentheid met betrekking tot die uitoefening van sy bevoegdheid of die verrigting van sy funksies of pligte waarvoor hy dit raadsaam ag om voorsiening te maak, *met inbegrip van voorsiening vir die delegering van uitvoerende bevoegdhede aan 'n komitee van so 'n raad* of 'n Bantoe deur hom aangewys." (art) 4(2)(f) (Eie kursivering).

Ingevolge hierdie bepaling kan 'n Stedelike Bantoeraad 'n aantal komitees instel om die uitvoering van sy bevoegdhede te vergemaklik. Alhoewel daar niks in die regulasies gereël word nie, het 'n hele aantal Stedelike Bantoerade 'n aantal komitees ingestel. Hierop sal verderaan teruggekom word.

## *2. SAMESTELLING VAN DIE STEDELIKE BANTOERAAD VAN WELKOM*

Ingevolge die regulasies wat vir die instelling van die Stedelike Bantoeraad van Welkom voorsiening maak[43], bestaan die raad uit een verkose lid vir elke wyk en vier gekose lede. Die stedelike plaaslike bestuur van Welkom het sy Bantoewoongebied in agt wyke ingedeel, twee vir die wyke wat deur die Nguni-groep bewoon word en die ander ses is vir lede van die Sotho-sprekende groep met Suid-Sotho en Tswana in die meerderheid. Daar is tot dusver twee stedelike verteenwoordigers aangestel, een vir die Tswana- en een vir die Suid-Sotho-volkseenheid.

---

42. 'n Uiteensetting van die Tswana-organisasie word deur Maritz, op. cit., p. 212 - 213 gegee.

43. Ak. nr. 173/1963, ged. 27/9/1963, Reg. 2 en 3.

### 3. *ONTSTAAN VAN DIE STEDELIKE BANTOERAAD VAN WELKOM*

Die ontstaansgeskiedenis van die Stedelike Bantoeraad van Welkom is kortliks soos volg:

Op 'n vergadering van die ou Adviserende Naturellekomitee van Welkom, gehou op 11 Julie 1961 het die voorsitter (by hierdie geleentheid was dit die Direkteur van Bantoesake) enkele uittreksels uit 'n toespraak van die Minister aan die vergadering voorgelees.[44]

In hierdie toespraak het die Minister die vordering met die beleid van afsonderlike ontwikkeling uiteengesit en wat reeds bereik is, geskets. Ook het hy die aanloop tot die *Wet op die Bevordering van Bantoeselfbestuur*, 1959 uiteengesit en gesê:

> „Soos die proses dan nou voortgaan moet die Blanke hom geleidelik uit die aktiewe bestuur onttrek en slegs rigting gee aan die Bantoebestuursliggame. Ons het nou op die kruispad gekom waar die Bantoe sy eie sake moet behartig."[45]

Die voorsitter het voortgegaan en 'n uiteensetting van die vernaamste bepalings van die wet gegee

> „... and specifically pointed out that where a Bantu Advisory Board requested an Urban Local Authority for the establishment of such a board, the local authority shall establish it."[46]

Hierna het die Adviserende Naturellekomitee 'n mosie aangeneem (volledig teks in Bylae 4) waarin dank teenoor die Minister uitgespreek word

> „vir die voorsiening van Stedelike Bantoerade"

en verder:

> „Na oorlegpleging met die Bantoepubliek (geen bewys kon gevind word dat dit wel gedoen is nie) is dit nou die wens van die Adviserende Naturellekomitee van Thabong dat Welkom die eer aangedoen word om die eerste te wees om ingevolge artikel 2(3)(a) van die wetsontwerp, 'n Bantoeraad in te stel vir of ten opsigte van Welkom."

---

44. Gelewer by 'n konferensie van Bantoesakekommissarisse, 5 Maart 1961, te Pietersburg.

45. Ibid.

46. T.A.N.K. Notule 11/7/61.

Die versoek van die Adviserende Naturellekomitee is daarop aan die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling deurgestuur. Die antwoord van die Sekretaris het op 6 November 1961 weer voor die Adviserende Naturellekomitee gedien. Dit kan soos volg saamgevat word:[47]

a. Daar is nog nie regulasies vir die instelling van Stedelike Bantoerade beskikbaar nie;

b. In 'n geval waar die Adviserende Naturellekomitee die stedelike plaaslike bestuur versoek om 'n Stedelike Bantoeraad in te stel, moet die plaaslike bestuur dit ook doen. Aangesien die modelregulasies nog nie opgestel is nie, kan die Minister ook nog nie die kandidatuur van verkose lede goedkeur nie. Die raad sal dus nie behoorlik kan funksioneer nie.

Gevolggewend aan die duidelike riglyn in die Minister se verklaring vervat, is later in dieselfde jaar, die *Wet op Stedelike Bantoerade*, 1961 gepromulgeer (30 Junie 1961).

Die Departement moes skynbaar in die lig van die reeds bespreekte probleme om kapteinsverteenwoordigers ingestel te kry van hierdie standpunt afgewyk het, aangesien daar sedertdien Stedelike Bantoerade ingestel is waarop geen kapteinsverteenwoordigers dien nie.[48]

Hoe dit ookal sy, die stedelike plaaslike bestuur van Welkom is destyds aangeraai om eers te wag met die instelling van 'n Stedelike Bantoeraad.

Daarop het die Adviserende Naturellekomitee besluit om hulle versoek voorlopig terug te hou, maar tog vertoë tot die Minister te rig dat indien moontlik, die eerste Stedelike Bantoeraad vir Welkom ingestel moet word.

---

47. T.A.N.K. Notule 6/11/61.

48. Die Stedelike Bantoeraad van Alberton, Carltonville en Ermelo.

Hiervan het die Departement op 14/11/61 kennis geneem. In 'n verdere skrywe van die Departement word die volgende gesê:[49]

> „Sy Edele (d.i. die Minister) is bewus van die welwillendheid van die Welkomse Bantoes (sic) maar meen dat die Departement nie vooraf enige plek kan beloof of dat hulle eerste aan die beurt sal kom nie. Indien Welkom se Stedelike Bantoeraad in die loop van omstandighede ingestel kan word, sal sy Bantoes egter die eer gegun word."

Na aanleiding van hierdie skrywe het die Adviserende Naturellekomitee soos volg besluit:[50]

> „Die Komitee het kennis geneem en aanvaar om te berus by die besluit wat die Departement van Bantoe-administrasie mag goedvind."

Na hierdie besluit het egter meer as 'n jaar verloop voordat die Stedelike Bantoeraad van Welkom ingestel is.

Die eerste verkiesing van lede van die Stedelike Bantoeraad van Welkom het op 17 Oktober 1963[51] plaasgevind en die eerste vergadering van die raad is op 8 November 1963 gehou.

## 4. *VERKIESING VAN LEDE VAN DIE STEDELIKE BANTOERAAD*[52]

Die wyse van verkiesing van raadslede, gekose sowel as verkose lede, word deur die wet oorgelaat om by regulasie gereël te word. Die wet bepaal slegs dat:

> „'n Stedelike plaaslike bestuur kan ..... regulasies uitvaardig, of oorneem betreffende ..... die wyse van verkiesing en kies van lede van stedelike Bantoerade, die vul van vakatures in sodanige rade en die kwalifikasies van kiesers vir die doeleindes van die verkiesing van sodanige lede en die kwalifikasies van kandidate vir sodanige verkiesings." (art. 10 (1)(a))(soos gewysig in 1963).

---

49. T.A.N.K. Notule 2 April 1962.

50. T.A.N.K. Notule 2 April 1962.

51. Die regulasies is 27 September 1963 afgekondig.

52. Die regulasies van die Stedelike Bantoeraad van Welkom word verderaan behandel met enkele verwysings na die regulasies van ander Stedelike Bantoerade. Die uitdrukking „Stedelike Bantoeraad" het dus betrekking op die Stedelike Bantoeraad van Welkom tensy anders vermeld.

### *4.1. KWALIFIKASIES VAN VERKOSE,GEKOSE LEDE EN KIESERS*

#### *4.1.1. VERKOSE LEDE*

Kandidate vir verkiesing tot lede van die Stedelike Bantoeraad moet aan die volgende vereistes voldoen:

a. Hulle moet in die stadsgebied woonagtig wees. Volgens die woordomskrywings in die regulasies beteken „stadsgebied" die „stadsgebied van Welkom" (reg. 1(x)). In Regulasie 1(i) word egter uitdruklik bepaal dat die Stedelike Bantoeraad ten opsigte van die Bantoewoongebied ingestel word. Die stedelike plaaslike bestuur van Welkom het dit ook so vertolk, want slegs Bantoes wat in die Stedelike Bantoewoongebied woon, neem aan die werksaamhede en verkiesings van die raad deel.

b. Hulle moet kiesers wees (kyk verderaan vir die kwalifikasies van 'n kieser) en nie meer as ses Rand aan gelde (bv. huur), koste of ander bedrae aan die stedelike plaaslike bestuur of die Stedelike Bantoeraad op nominasiedag verskuldig wees nie.

Benewens bostaande word persone wat aan een van die volgende voldoen, gediskwalifiseer om homself as kandidaat vir verkiesing tot lid van die Stedelike Bantoeraad beskikbaar te stel:

a. Persone wat binne die vyf jaar wat die verkiesing van die Stedelike Bantoeraad onmiddellik voorafgaan skuldig bevind is aan 'n misdryf en gevonnis is:

i. tot gevangenisstraf van een maand sonder die keuse van 'n boete; of

ii. met die keuse van 'n boete vir 'n tydperk van meer as ses maande;

b. kranksinnig is of aan een of ander geestesgebrek onderworpe is en op wie 'n bevel van die hof van toepassing is en as gevolg van een of ander geestesgebrek aangehou word;

c. werknemers van die plaaslike bestuur;

d. persone wat ingevolge die *Wet op Oproerige Byeenkomste,* 1956 verbied is om vergaderings by te woon;

e. ingeperktes;

f. gelyste kommuniste; en

g. vreemde Bantoes, dit wil sê Bantoes wat buite die Republiek of Suidwes-Afrika gebore is.

Geen lid van die Stedelike Bantoeraad mag enige aandeel of belang hê in enige ooreenkoms, kontrak of reëling gesluit met die Stedelike Bantoeraad of stedelike plaaslike bestuur nie. Die huur van geboue, persele en ander strukture is egter van hierdie verbodsbepaling uitgesluit.

Verder mag geen lid van die Stedelike Bantoeraad enige belofte, omkoopprys of vergoeding van enige aard uit hoofde van sy amp eis of ontvang nie. Die gewone honorarium of toelae van lede word vanselfsprekend hiervan uitgesluit.

Enige oortreding van hierdie verbodsbepalings is 'n misdryf wat tot diskwalifikasie van 'n persoon as lid van die Stedelike Bantoeraad kan lei (reg. 27).

*4.1.2. GEKOSE LEDE*

Daar is reeds ingegaan op die hele kwessie van kapteinsverteenwoordigers. Die regulasies bepaal soos volg:[53]

> „*'n Bantoekaptein mag 'n Bantoe benoem om hom te verteenwoordig* in enige een of meer stedelike Bantoewoongebiede wat geleë is in dieselfde stadsgebied,[54] en waarin die aantal stamlede van ('n) sodanige kaptein dit volgens die oordeel van die Sekretaris (van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling) regverdig, met dien verstande dat indien die Sekretaris dit dienstig ag 'n Bantoe in meer as een stadsgebied gelyktydig benoem mag word." (Eie kursivering)

Dit is nie heeltemal duidelik hoe 'n kapteinsverteenwoordiger in meer as een stadsgebied benoem kan word tensy hulle buurgebiede is nie. Sou 'n „stedelike verteenwoordiger" (soos hy in die regulasies bekend staan) vir stadsgebied A en vir stadsgebied B benoem word, terwyl hy in A woonagtig is,

53. Gk. nr. 231/1962 „Samestelling van Stedelike Bantoerade - Erkenning van verteenwoordigers van Bantoekapteins." reg. 2.

54. Bv. Mmamelodi en Attridgeville in Pretoria.

sal hy slegs in die geval van stadsgebied A in aanmerking kan kom om aangewys te word as lid van die Stedelike Bantoeraad aangesien 'n raad *vir 'n stadsgebied* ingestel word. Verder is hier dan 'n oorvleueling met die amp van gebiedsowerheidsverteenwoordigers wat spesifiek ingestel word om oor die grense van meer as een stadsgebied heen te sny.

Hoewel dit nie uitdruklik bepaal word nie, is dit redelik om aan te neem dat die Bantoe wat deur 'n kaptein benoem word om hom te verteenwoordig, 'n lid van sy eie stam sal wees.

Die kaptein gee aan die Bantoe wat hy benoem het 'n aanstellingsbrief en doen dan by sy plaaslike Bantoesakekommissaris aansoek om erkenning van die benoeming.[55] Nadat die benoeming deur die Departement goedgekeur is, word die Bantoesakekommissaris binne wie se regsgebied die stedelike gebied geleë is, ten opsigte waarvan die verteenwoordiger benoem is, daarvan in kennis gestel.

Die Bantoesakekommissaris in die stedelike gebied moet 'n register aanhou van al die stedelike verteenwoordigers wat binne sy gebied benoem is. Die volgende besonderhede moet in die register verskyn:

a. Die name en adresse van al die erkende stedelike verteenwoordigers.

b. Die naam van elke stedelike gebied waarvoor hulle erken is.

c. Die volle naam van die kaptein of groep waaraan hulle behoort.

d.Die tuisdistrikte van die kaptein of groep.

Nadat die stedelike verteenwoordiger sy aanstellingsbrief ontvang het, moet hy hom by sy plaaslike Bantoesakekommissaris aanmeld wat dan die datum van sy aanstelling ook in die register moet aanteken.

Die Bantoesakekommissaris moet al hierdie inligting aan die stedelike plaaslike bestuur rapporteer en duidelik ten opsigte van elke stedelike verteenwoordiger stipuleer of sy kandidatuur vir die Stedelike Bantoeraad goedgekeur is al dan nie (reg. 18(1)).

---

55. Regs. 3 - 5 van Gk. nr. R231/1962 saamgelees met Reg. 18 van Ak. nr. 173/1963 word verderaan behandel.

Op sy beurt moet die stedelike plaaslike bestuur besluit of hy die kandidatuur van die stedelike verteenwoordigers goedkeur en ook besluit of daar voldoende lede van die betrokke volksgroep in die stadsgebied aanwesig is om verteenwoordiging in die Stedelike Bantoeraad te regverdig. Indien sy besluite in die verband positief is, moet die Bantoesakekommissaris in dier voege in kennis gestel word, wat ook hierdie besonderhede in sy register moet aanteken (reg. 18(2)).

Binne sewe dae na die afkondiging van die regulasies (dit wil sê 27 September 1963) moes die Bantoesakekommissaris 'n lys saamstel wat die jongste inligting in sy register bevat. Van hierdie lys moes twee afskrifte by die Bantoedorpsbestuurder aangeplak word. Bostaande was die prosedure by die heel eerste amptelike verkiesing van die Stedelike Bantoeraad van Welkom. Daarna moet dieselfde prosedure in elke jaar waarin 'n algemene verkiesing gehou gaan word, herhaal word (op die laaste werksdag van Junie) (reg. 18(3)).

Gekose lede is aan dieselfde beperkinge wat die aangaan van kontrakte, ensovoorts betref, onderworpe as verkose lede (reg. 27).

In die geval van Welkom is daar sover bekend, slegs twee stedelike verteenwoordigers te wete een vir die Suid-Sotho-volkseenheid en een vir die Tswana-volkseenheid[56] en het hulle dus outomaties lid van die Stedelike Bantoeraad geword.

Tot dusver is nog geen stedelike verteenwoordigers vir die Xhosa- en Zoeloe-volkseenhede aangestel nie, hoewel die regulasies daarvoor voorsiening maak (kyk weer eens voetnoot 14).

*4.1.3. KIESERS*

Alle geregistreerde okkupeerders van die stedelike Bantoewoongebied van Welkom (Thabong) en wie se naam op die kieserslys verskyn, is bevoeg om te stem by die verkiesing van lede van die Stedelike Bantoeraad of om hom/haarself verkiesbaar te stel (reg. 23(1)).

---

56. Kyk voetnoot 14.

Volgens die woordomskrywing in die regulasies is 'n geregistreerde okkupeerder „enige persoon aan wie 'n perseel-, woon-, hostel- of loseerderspermit uitgereik is ooreenkomstig die regulasies vir die beheer en bestuur oor die stedelike Bantoewoongebied van Welkom." (reg. 1(v)).

Die Bantoedorsbestuurder van die stedelike Bantoewoongebied moet 'n lys saamstel, en ook hou, van alle kiesers in die Bantoewoongebied. 'n Kieserslys moet minstens twee kalendermaande voor die datum van die algemene verkiesing, of 'n tussenverkiesing ter insae van die publiek in sy kantoor lê.

Die kieserslys moet die volgende bevat:

i. Name en adresse van kiesers;
ii. nasionale identiteitsnommers; en
iii. nommer van die wyk waarin die kiesers woon (reg. 24(1) en (2)).

In Welkom is die kieserslyste beskikbaar per wyk. In die geval van elke wyk is die kiesers in drie groepe ingedeel, naamlik huiseienaars, loseerders of hostelbewoners, en die bogenoemde besonderhede van elke kieser word verstrek.

Ten tyde van 'n algemene verkiesing, is slegs daardie kiesers wat geregistreerde okkupeerders op die laaste werksdag van Junie was, stemgeregtig (reg. 24(3)). In die geval van 'n tussenverkiesing geld hierdie vereistes tot op die dag waarop die vakature ontstaan het (reg. 24(4)). Hoewel dit nie so bepaal word nie, mag slegs kiesers van die wyk waarin die vakature ontstaan het, aan die tussenverkiesing deelneem.

Persone wat aan dieselfde diskwalifikasies onderworpe is as wat in die geval van die verkose lede bespreek is, se name moet van die kieserslys verwyder word (reg. 23(2)).

### *4.2. ONTSTAAN VAN VAKATURES IN DIE STEDELIKE BANTOERAAD*

Vakatures kan op enige van die volgende wyses in die Stedelike Bantoeraad ontstaan (reg. 23):

a. Deurdat 'n sittende lid skriftelik sy bedanking by die stedelike plaaslike bestuur indien.

b. Deurdat 'n lid op enige van die gronde wat reeds in 4.1.1. bespreek is, as lid van die Stedelike Bantoeraad gediskwalifiseer is.

c. Deur die afsterwe van 'n lid.

Ook kan 'n lid van die Stedelike Bantoeraad op enige van die volgende gronde gediskwalifiseer word:

a. As verkose lid die stadsgebied verlaat en daaruit afwesig is vir 'n tydperk van langer as twee maande sonder toestemming van die raad;

b. sonder toestemming van die raad versuim om drie agtereenvolgende vergaderings by te woon, of sonder toestemming van die voorsitter hom aan 'n raadsvergadering onttrek; en

c. „per abuis tot lid van die Stedelike Bantoeraad verkies of gekies word, terwyl hy nie bevoeg is om kragtens die bepalings van hierdie regulasies tot raadslid daarvan verkies of gekies te word nie" (reg. 22(2)(v)).

Hierdie bepaling is as 'n veiligheidsklep ingevoeg, veral as voorsorgmaatreël teen persone wat aan die diskwalifikwasies wat in 4.1.1. bespreek is, onderworpe is en dit nie voor die verkiesing aan die stedelike plaaslike bestuur bekend was nie. 'n Bevoegde hof kan dan die verkiesing van 'n dergelike persoon ongeldig verklaar.

In gevalle waar 'n persoon op enige van die gronde wat hierbo bespreek is, ophou om lid van die Stedelike Bantoeraad te wees, moet die stedelike plaaslike bestuur „'n skriftelike kennisgewing by sodanige lid se jongsbekende woonplek laat aflewer" waarin hy dan meegedeel word dat hy nie meer lid van die raad is nie (reg. 22(3)).

Waar 'n vakature op hierdie wyse ontstaan, moet die stedelike plaaslike bestuur die kiesbeampte[57] in kennis stel wat dan 'n tussenverkiesing moet hou om die vakature

57. Die Bantoesakekommissaris van die distrik van Welkom.

te vul. Indien 'n vakature egter tussen 1 April en 30 September van die jaar waarin 'n algemene verkiesing gehou staan te word, ontstaan, hoef daar geen tussenverkiesing gehou te word nie (reg. 22(4)(a). 'n Persoon wat op hierdie wyse tot die raad verkies word, vul die vakature slegs vir die onverstreke deel van die termyn van die persoon in wie se plek hy verkies is (reg. 22(4)(b)). (Vir die prosedure in verband met die vul van vakatures raadpleeg 4.4.)

### *4.3. BEPALINGS VAN WYKSGRENSE*

Na afkondiging van die regulasies moet die stedelike plaaslike bestuur die stedelike Bantoewoongebied in wyke verdeel (reg. 3(1)). Die regulasies laat dit aan die stedelike plaaslike bestuur oor om te besluit hoeveel wyke daar sal wees. By die indeling van die wyke moet die volgende in gedagte gehou word:

a. Die wyke moet afgebaken word met inagneming van die etniese groepering wat in die Bantoewoongebied geld[58]. Om hierdie rede is in 1964 besluit dat verkiesingslyste op 'n volkseenheids-, en nie op 'n wyksbasis opgestel sal word nie.[59]

In die geval van die Stedelike Bantoeraad van Kroonstad[60] word reeds bepaal:

> „Die stedelike plaaslike bestuur moet die stedelike Bantoewoongebied in *soveel volkseenhede en wyke vir sodanige volkseenhede verdeel as wat hy bepaal."* (reg. 3(1)) (Eie kursivering).

58. In 1954 het die Sekretaris van Naturellesake in 'n departementele omsendbrief neergelê dat stedelike Bantoewoongebiede ingedeel moes word volgens die gebied van herkoms van die inwoners. (Algemene Omsendbrief 120/313(28) gedateer 26 Augustus 1954.)

59. Algemene Omsendbrief nr. 1/1965, aangehaal deur Maritz, op. cit., p. 188, voetnoot 52.

60. Ak. nr. 164/1965, ged. 27 Augustus 1965.

Dan word daar in regulasie 2[61] uitdruklik bepaal:

„... die stedelike plaaslike bestuur (moet) vir die stedelike Bantoewoongebied 'n Bantoeraad instel wat bestaan uit:

i. Verkose lede vir elke volkseenheid of een verkose lid vir elke wyk van sodanige volkseenheid wat afsonderlik verkies word deur die kiesers van daardie volkseenheid en bestaan uit:

a. ...............

b. nie meer as vier verkies deur die kiesers van die Suid-Sotho-volkseenheid;"

Verder word dan ook nog voorsiening gemaak vir twee verkose lede vir die Tswana-volkseenheid en een verkose lid vir die Xhosa-volkseenheid.[62]

In die geval van die Stedelike Bantoeraad van Welkom is die verkiesingslyste wel op 'n wyksbasis opgestel, maar in die praktyk kom dit op 'n indeling volgens volkseenhede neer, aangesien die stedelike Bantoewoongebied wel daarvolgens ingedeel is. Ses wyke bestaan daarom oorwegend uit lede van die Tswana- of Suid-Sotho-volkseenhede (raadpleeg 2 hierbo).

'n Totale indeling van die wyke volgens volkseenhede soos in die geval van Kroonstad, sal egter nie in Welkom in al die wyke bereik kan word nie weens die mate van etniese vermenging wat in elke wyk aangetref word. So bevat Wyk 8, wat oorwegend Xhosa is, ook lede van die Zoeloe- en Tsonga-volkseenhede. Dieselfde kan van omtrent elke ander wyk gesê word.

b. Vir sover prakties moontlik, moet die getal kiesers per wyk gelyk wees.

c. Die besonderhede van wyksgrense moet in die Bantoedorpsbestuurder se kantoor ter insae gehou word.

---

61. Ibid.

62. Vergelyk ook bv. die regulasie ten opsigte van die Stedelike Bantoeraad van Virginia (Ak. nr. 205/1968, regs. 2 en 3); of die regulasies ten opsigte van die Stedelike Bantoeraad van Johannesburg, (Ak. nr. 41/1968, ged. 10 Julie 1968, regs. 2, 3 en 4.)

d. Ook kan die stedelike plaaslike bestuur, indien hy dit nodig ag, of op aanbeveling van die Stedelike Bantoeraad die getal wyke vermeerder of verminder; of die wyksgrense verander. So 'n verandering tree eers na die volgende algemene verkiesing in werking.

### *4.4. PROSEDURE BY DIE VERKIESING/AANWYSING VAN LEDE VAN DIE STEDELIKE BANTOERAAD*

#### *4.4.1. GEKOSE LEDE*

#### *4.4.1.1. NOMINASIE VAN KANDIDATE*

Voor 1 Augustus van elke jaar waarin 'n algemene verkiesing gehou gaan word, moet die Bantoedorpsbestuurder nominasies van kandidate aanvra. Dit geskied by wyse van 'n kennisgewing wat by sy kantoor aangeplak word, en verskyn ook, soos dit by Welkom gebruiklik is, in die twee plaaslike koerante, naamlik die „Goldfields Advertiser" en „Die Volksblad". Hierdie kennisgewing word in albei landstale opgestel (kyk Bylae 5) (reg. 5).

Verder moet in die kennisgewing, die plek, tyd en datum (dit moet tussen 14 en 21 Augustus wees) waar die kiesbeampte die nominasies sal ontvang, aangegee word (reg. 6(1)).

Nominasies moet op die voorgeskrewe vorm ingedien word (kyk Bylae 6) en moet deur minstens tien kiesers onderteken word.

Die kiesers (stemgeregtigdes) wat 'n nominasie onderteken, moet:

„in die wyk woonagtig wees ten opsigte waarvan die nominasie gedoen word;

„en op nominasiedag nie meer as R6.00 aan huur of ander vorderings aan die stedelike plaaslike bestuur verskuldig wees nie"(reg. 6 (2)).

Hierbenewens moet kandidate ook R10.00 by die kiesbeampte deponeer (reg. 6(3)).

Voor of op die sewende dag van September moet die kiesbeampte die lys van behoorlik genomineerde kandidate by die Bantoedorpsbestuurder se kantoor aanplak. In wyke waarin die kandidate onbestrede verkies is, moet hy hulle tot behoorlik verkose lede van die Stedelike Bantoeraad verklaar (reg. 6(5)).

In hierdie kennisgewing moet ook die datum van die verkiesing gemeld word. Die aantal ure vir 'n verkiesing mag nie minder as ses uur wees nie en moet tussen 8vm. en 8nm. val. 'n Verkiesing mag nie op 'n Sondag, Goeie Vrydag, Hemelvaartdag, Kersdag of Geloftedag gehou word nie. Met dit in ag genome, moet die kiesbeampte die stemdag vasstel

> „met behoorlike inagneming van die gerief van die meerderheid van die kiesers." (reg. 9).

Indien daar, „om watter rede ook al", geen geldige nominasies vir enige wyk of wyke ontvang is nie, moet die Bantoedorpsbestuurder onmiddellik na die sluitingsdatum weer nominasies op die voorgeskrewe wyse aanvra (reg. 6(6)).

### *4.4.1.2. VERKIESING VAN KANDIDATE*

Die kiesbeampte is verantwoordelik vir alle reëlings in verband met 'n verkiesing, dit wil sê die voorsiening van stembriewe, -busse, -lokale en instrumente om die offisiële merk op stembriewe aan te bring. Ook moet hy die nodige reëlings tref, byvoorbeeld assistente aanstel, om die verkiesing so doeltreffend moontlik te laat verloop. Enige kostes wat hy in hierdie opsig aangegaan het, moet deur die stedelike plaaslike bestuur verhaal word (reg. 7).

Voor die aanvang van die stemming moet die kiesbeampte en sy assistente 'n verklaring van geheimhouding onder eed aflê - in die geval van die kiesbeampte voor 'n vrederegter of 'n kommissaris van ede en in die geval van sy assistente voor die kiesbeampte self (reg. 8).

Gedurende die stemming moet die volgende prosedure gevolg word:

a. Slegs die kiesbeampte en sy assistente, die kandidate en een skrutinier, aangestel deur elke kandidaat en goedgekeur deur die kiesbeampte, en die persone wat hul stem uitbring (daar mag nooit meer as agt kiesers op 'n slag in die stemlokaal aanwesig wees nie) mag in die stemlokaal teenwoordig wees. Die kiesbeampte kan enige persoon beveel om die stemlokaal te verlaat. Weiering daartoe is 'n misdryf (reg. 14).

b. Slegs kiesers wat hulself kan identifiseer, deur middel van sy bewysboek, mag stem (reg. 13).

c. Wanneer 'n persoon kom stem, moet die kiesbeampte homself vergewis dat die persoon se naam op die kieserslys verskyn ten opsigte van die wyk waar hy sy stem wil uitbring.[63] Daarna oorhandig die kiesbeampte die kieser se stembriefie aan hom. Die kieser bring dan sy stem uit deur die maak van 'n kruis egter die naam van die kandidaat vir wie hy wil stem, en plaas sy stembriefie in die stembus (reg. 10(a) - (c)).

Die regulasies maak ook vir die ongeletterde kieser voorsiening. 'n Kieser kan die kiesbeampte versoek om sy stem namens hom aan te teken op dié aan hom uitgereikte stembrief (reg. 12).

'n Stembrief word as bedorwe beskou indien daar 'n kruisie agter die naam van meer as een kandidaat verskyn verder ook indien die kieser sy naam op die stembrief geteken het, of enige woord daarop skryf, of enige merk maak waardeur hy uitgeken sou kan word (reg. 10(c)). Indien so 'n stembrief onopsetlik bederf is, kan die kiesbeampte dit kanselleer en 'n ander een aan die kieser uitreik (reg. 11(1)).

Na afloop van die stemming moet die kiesbeampte 'n rekord saamstel van die aantal stembriewe uitgereik, die aantal bedorwe stembriewe en die aantal stembriewe wat in die stembusse gevind is, met sluiting van stemming (reg.11(2)).

---

63. 'n Breedvoerige uiteensetting van die presiese prosedure wat daarna gevolg moet word, word in die regulasies gegee, maar dit is onnodig om dit hier te herhaal (cf. reg. 10).

Daarna moet die stemme wat op elke kandidaat uitgebring is, getel word. Alleen die kiesbeampte, sy assistente en die kandidate mag teenwoordig wees wanneer die stemme getel word. Die kandidate wat in die onderskeie wyke die meeste stemme op hulle verenig het, word deur die kiesbeampte tot behoorlik verkose lede van daardie wyke verklaar (reg. 15(1) en (2)). Waar daar eweveel stemme op twee of meer kandidate uitgebring is, word die suksesvolle kandidaat deur loting aangewys.

Onmiddellik na afloop van die verkiesing moet die kiesbeampte die uitslag skriftelik aan die Direkteur bekend maak (reg. 15(3)).

Die eerste algemene verkiesing van lede van 'n Stedelike Bantoeraad moes drie dae na afkondiging van die regulasies (dit wil sê 27 September 1963) gehou word. Daarna moet elke drie jaar voor die einde van September 'n algemene verkiesing gehou word (reg. 17).

### *4.4.2. AANWYSING VAN GEKOSE LEDE*

Die kiesbeampte moet 'n vergadering hou van die stedelike verteenwoordigers van *elke* volkseenheid wat op die Stedelike Bantoeraad verteenwoordig moet word, tewete die Suid-Sotho-, die Tswana-, die Xhosa- en die Zoeloe-volkseenhede. Hierdie verteenwoordigers moet dan uit hul geledere 'n verteenwoordiger kies om hulle volkseenheid op die Stedelike Bantoeraad te verteenwoordig (reg. 19(1)).

Hierdie vergadering moes binne 21 dae na die afkondiging van die regulasies gehou word. Daarna moet die vergaderings gehou word binne 'n maand na die lys van stedelike verteenwoordigers by die Bantoedorpsbestuurder en die Bantoesakekommissaris se kantore aangeplak is, (dit wil sê voor 31 Julie) van die jaar waarin 'n algemene verkiesing plaasvind.

Indien daar om een of ander rede nie die maksimum aantal gekose lede waarvoor die regulasies voorsiening maak, gekies is nie, kan vergaderings te enige tyd gehou word om die addisionele lede te kies (reg. 19(2)). Dit beteken dus dat sodra daar kapteinsverteenwoordigers vir die Xhosa- en Zoeloe-volkseenhede vir Welkom benoem word, hulle elk 'n verteenwoordiger op die Stedelike Bantoeraad mag verkies.

Die kiesbeampte moet elke stedelike verteenwoordiger skriftelik in kennis stel van die hou van so 'n vergadering (reg. 19(3)). Op die vergadering mag slegs die stedelike verteenwoordigers van die bepaalde volkseenhede, die kiesbeampte, en soveel assistente as wat hy benodig, teenwoordig wees (reg. 19(4)).

Die kiesbeampte sit by hierdie vergadering(s) voor en nadat hy die doel van die vergadering verduidelik het, vra hy voorstelle vir kandidate om die vakature(s) te vul(reg. 19(5)).

Indien slegs die vereiste getal kandidate genomineer word, verklaar die kiesbeampte hulle tot behoorlike gekose lede. So nie, moet stemming by wyse van die opsteek van hande plaasvind en die kandidate wat die meeste stemme trek, is dan gekose (reg. 19(5) en (6)).

Na afloop van die vergadering(s) moet die kiesbeampte die Direkteur skriftelik in kennis stel van die name van gekose kandidate en welke stedelike verteenwoordigers almal op die vergadering teenwoordig was (reg. 20).

Die ampstermyn van gekose en verkose lede is drie jaar, tensy hulle voor die verstryking van hul ampstermyn om een of ander rede gediskwalifiseer is (regs. 21 en 26 saamgelees met reg. 22).

### *4.5. VERKIESING VAN LEDE VIR DIE STEDELIKE BANTOERAAD VAN WELKOM*

Op 17 Oktober 1963 het die Bantoedorpsbestuurder van Thabong kennisgewings op die voorgeskrewe wyse laat publiseer waarin nominasies gevra is, vir kandidate vir die eerste Stedelike Bantoeraadsverkiesing. Die nominasiedag is bepaal vir 2 November 1963.

By sluiting van nominasies op genoemde datum is die kandidate vir al agt die wyke onbestrede verkies en het die kiesbeampte hulle tot behoorlik verkose lede van die Stedelike Bantoeraad verklaar.

Die samestelling van die raad was toe soos volg:

Wyk 1 : E.Q. Thelingoane
Wyk 2 : G.S. Mooi
Wyk 3 : L. Sebolai
Wyk 4 : I.B.S. Masole
Wyk 5 : J. Moleli
Wyk 6 : J. R. Ngake
Wyk 7 : J. Makoli
Wyk 8 : L. Nkwandla

Die gekose lid was W.K. Leutluileng vir die Tswana-volkseenheid.

Die raadslede van Wyke 2 - 5 en ook die gekose lid, was nie lede van die Adviserende Naturellekomitee nie. Die Sekretaris wat kort na die totstandkoming van die Stedelike Bantoeraad aangestel is, was lid van die Adviserende Naturellekomitee.

Die tweede algemene verkiesing vir lede van die Stedelike Bantoeraad het op Dinsdag 13 September 1966 plaasgevind. Ses kandidate is onbestrede verkies. In twee wyke is daar dus wel verkiesing gehou, nl. in Wyk 5 en in Wyk 8. In albei hierdie gevalle is die sittende lede verslaan.

In Wyk 5 is J. Moleli deur D.M. Mosimane met 21 stemme teen 5 verslaan. J. Moleli het dus ook sy deposito verloor. Die stempersentasie was slegs 2%.

In Wyk 8 is L. Nkwandla deur R. Xaluva met 57 stemme teen 19 verslaan. Daar was drie bedorwe stembriewe en die stempersentasie was 7%.

In 1967 is die lid van Wyk 1, E.Q. Thelingoane op grond van reg. 4(c) gediskwalifiseer en is I.K. Mmamabolo in 'n tussenverkiesing onbestrede in sy plek verkies.

Die gekose lid vir die Tswana-volkseenheid het onveranderd gebly. Op 1 November 1966 is T. Lenyehelo as gekose lid vir die Suid-Sotho-volkseenheid aangewys.

Die samestelling van die Stedelike Bantoeraad was hierna soos volg:

Wyk 1 : I.K. Mmamabolo
Wyk 2 : G.S. Mooi
Wyk 3 : L. Sebolai
Wyk 4 : I.B.S. Masole
Wyk 5 : D.M. Mosimane
Wyk 6 : J.R. Ngake
Wyk 7 : J.M. Makoli
Wyk 8 : R.T. Xaluva

Gekose lede:

W.K. Leutluileng - Tswana-volkseenheid
T. Lenyehelo - Suid-Sotho-volkseenheid

I.K. Mmamabolo het aan die begin van 1968 verder gaan studeer. Op 1 Maart 1968 is die tussenverkiesing aangekondig en die nominasiedag is bepaal vir 1 April 1968. Daar was slegs een benoeming en gevolglik is M. Losaba onbestrede tot raadslid van Wyk 1 verkies.

Aangesien die veldwerk in Thabong twee jaar na afloop van die verkiesing gedoen is, kon ongelukkig geen waarneming van die verkiesing self gedoen word nie. Uit navraag het dit geblyk dat een kandidaat in 'n beperkte mate stemme probeer werf het. Toe hierdie lid (Wyk 8) gevra is waarom hy homself dan verkiesbaar gestel het, was sy antwoord:

> „X was very unknown and the people complained because he took no interest in schools or businesses." (Die twee voortdurende strydpunte.)[64]

Daar sal weer hierop teruggekom word, want die stempersentasie in die verkiesing weerspieël 'n groot mate van òf onkunde omtrent wat presies aan die gang was, òf gewoonweg gebrek aan belangstelling.

---

64. Sou hierdie bewering korrek wees, is dit 'n ernstige aanklag teen genoemde lid, aangesien hy reeds vanaf 1959 lid van die Adviserende Naturellekomitee was en dus byna sewe jaar sitting op die twee liggame gehad het. Hierdie soort wisseling kan alleen 'n heilsame uitwerking op die funksionering van die Stedelike Bantoeraad hê, want dit behoort belangstelling in sy werksaamhede te stimuleer.

# *H O O F S T U K 4*

## *DIE FUNKSIONERING VAN DIE STEDELIKE BANTOERAAD VAN WELKOM*

### *1. INLEIDING*

In die vorige hoofstuk is die struktuur van Stedelike Bantoerade in die algemeen, en van dié van Welkom in die besonder, beskryf. Watter bevoegdhede, funksies en pligte is ingevolge die *Wet op Stedelike Bantoerade*, 1961 aan die Stedelike Bantoeraad van Welkom opgedra en hoe is die raad ingerig om dit uit te voer? Na die beantwoording van hierdie vrae sal die notules van die Stedelike Bantoeraad[1] bestudeer word ten einde te probeer vasstel hoe hy daardie bevoegdhede, funksies en pligte hanteer het.

In hierdie verband sê Wraith:[2]

> „It is not easy to describe the functions of local authorities simply and unambiguously, because some of them, including the most important, are closely bound up with the functions of central government departments."

Die skrywer gaan dan verder en maak 'n tweeledige indeling van die bevoegdhede, funksies en pligte van plaaslike besture en sê in hierdie verband:[3]

> „... some powers are mandatory, i.e. they are compulsory duties, while others are permissive, i.e. councils may perform them or not as they wish."

Hieruit ontstaan dan die vraag wat onder „mandatory (powers)" en wat onder „permissive (powers)" verstaan word? Is hierdie begrippe van toepassing op die bevoegdhede, funksies en pligte van Stedelike Bantoerade?

---

1. Die Stedelike Bantoeraad van Welkom word hier bedoel. Verderaan sal slegs van Stedelike Bantoeraad gepraat word en dan word dié een van Welkom bedoel.

2. Wraith, R., *Local government in West Africa.* Londen, Allen & Unwin, 1964, p. 67

3. Ibid.

Uit die bespreking verderaan sal dit blyk wel van toepassing te wees. Hierdie begrippe impliseer egter die bestaan van 'n liggaam/persoon wat met die nodige gesag beklee is om die bevoegdhede aan die Stedelike Bantoeraad te verleen of die funksies of pligte aan die raad op te dra.

Volgens die artikel van die wet[4] wat hierdie aangeleentheid reël, is hierdie persoon die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. Die funksies van plaaslike besture, sê Wraith,[5]

> „... are closely bound up with the functions of central government departments,"

en daarom sal daar vervolgens kortliks op die verhouding van plaaslike besture met die sentrale owerheid ingegaan word.

Voordat dit bespreek word, is dit noodsaaklik om duidelikheid te kry oor die begrippe funksie, bevoegdheid en plig.

Van hierdie drie uitdrukkings is *plig* stellig die maklikste om te omskryf.[6] Word hierdie drie omskrywings met mekaar vergelyk, blyk dit dat aldrie basies dieselfde gedagtegang volg, nl. dat *plig* 'n handeling (funksie) is wat uitgevoer moet word en hierby word 'n mate van normatiewe dwang/(verpligting) veronderstel. Roux sluit dan die owerheid (of 'n owerheidsinstelling) eksplisiet by sy omskrywing in.

---

4. Art. 4(2) van Wet nr. 79/1961 (soos gewysig).

5. Ibid.

6. *duty* - „Action, or an act, that is due by moral or legal obligation; that which one ought or is bound to do." - *Shorter Oxford English Dictionary.*

   *plig* - „(dit) wat 'n mens volgens jou gewete of volgens sedelike en wetlike voorskrifte moet doen." *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal.*

   *plig* - „'n Handeling of funksies wat enige persoon, owerheid of owerheidsinstelling op wetlike of morele gronde moet uitvoer." Roux, B.J., „Die terminologiese vraagstuk in Publieke Administrasie".

   *S.A.I.P.A.*, 2(1): 218 - 234, Julie 1966.

Die uitdrukking *bevoegdheid* is nie so eenvoudig om te omskryf nie.[7] Word hierdie omskrywings weer eens saamgelees dan is dit veral in die tweede betekenis van Roux, saamgelees met die eerste omskrywing van die W.A.T. dat die woord *bevoegdheid* verderaan gebruik gaan word, nl. 'n *diskresionêre* magtiging tot optrede, met klem op die woord *diskresionêr*.

Die derde woord, *funksie* ontwyk ewe-eens duidelike presisering.[8]

In die twee aangehaalde omskrywings is dié van die W.A.T. veel meer meganies as dié van Riggs wat die wesenstrekke van 'n *funksie* baie duideliker presiseer. Sy omskrywing omskryf die betekenis van *funksie* met betrekking tot plaaslike bestuur baie eksplisiet. Op grond hiervan

---

7. Die rede hiervoor is volgens Roux (loc. cit.) omdat die betekenis daarvan so „... ineengevleg (is) met die betekenisse van die woorde *gesag* en *mag* dat enige veralgemenende omskrywing noodwendig kritiek moet ontlok." Volgens Roux het die woord *bevoegdheid* twee betekenisse in Afrikaans wat nie in Engels voorkom nie. In die eerste betekenis kan *bevoegdheid* beteken „... 'n inherente vermoënspeil in 'n individu of instelling" (Roux, loc. cit.). Die tweede betekenis van *bevoegdheid* sê Roux, kan aanleiding tot onduidelikheid gee en omskryf dit dan as „'n *diskresionêre* magtiging tot optrede en beslissing, wat aan 'n enkele funksionaris en aan 'n instelling verleen word, voorwaardelik of onvoorwaardelik. 'n Bevoegdheid *mag* (Eng. *may*) dus uitgevoer word in teenstelling met 'n plig wat uitgevoer moet word." (Roux, loc. cit.). Hierdie selfde dubbele betekenis word ook in die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* aangetref. *Bevoegdheid* -
   1. Amptelike magtiging ,
   2. Bekwaamheid, geskiktheid."

8. Riggs omskryf *funksie* as „... *any consequences of a structure* insofar as they *affect other structures* or the total system of which they are a part." Na gebruikmaking van 'n illustrasie laat hy volg: „... a function is *a pattern of interdependence between two or more structures*, a relationship between variables." Riggs, F.W.; *Administration in developing countries*. Boston, Houghton Mifflin Co., 1964, p.20.
   Die volgende omskrywings van die WAT is ter sake:
   „1. *Werk, werking of taak wat 'n persoon of saak (kan of moet) vervul;* meer bepaald
   a. Amp wat iemand uitoefen; plig aan 'n amp of beroep verbonde;
   b. uitoefening van 'n plig, amp;
   c. ..............

kom 'n mens tot die slotsom dat die woord *funksie* die totaliteit van die werksaamhede van plaaslike bestuur en dus ineen die van die Stedelike Bantoeraad omvat. Dit sluit sowel bevoegdhede en pligte in.

Die laaste sin in die aanhaling uit Roux se artikel (kyk voetnoot 7) het verder betrekking op Wraith se onderskeid tussen „mandatory (powers)" en „permissive (powers)" waarna reeds hierbo verwys is.[9]

Jackson[10] pas 'n betreklik eenvoudige toets op die funksies van plaaslike besture toe om vas te stel of hulle in die „mandatory" of „permissive"-klas val.

> " The distinction between permissive and mandatory is vital. If legislation says that a local authority 'may' do something then each local authority is free to do that thing or not to do it. If the legislation says they 'shall' do something, then it is their legal duty. The methods of enforcing legal duties are various, but it is safe to assume that whenever you find a legislative 'shall' then somehow and somewhere there is someone who can take legal steps if an authority fails in its duties."[11]

## 2. *DIE VERHOUDING VAN PLAASLIKE BESTURE TOT DIE SENTRALE OWERHEID*

Die verhouding van plaaslike besture tot die sentrale owerheid, kan uit twee hoeke gesien word. In die een opsig is daar die beheer wat die sentrale owerheid op plaaslike bestuur uitoefen.

---

d. *Groep van gelyksoortige of gespesialiseerde werksaamhede* in die organisasie en taakverdeling soos van 'n bedryf of onderneming." (Deurgaans eie kursivering in albei die aanhalings.)

9. Humes en Martin gebruik die uitdrukkings „permissive" en „obligatory".
Humes, S. en E.M. Martin, *The Structure of local governments throughout the world*. Den Haag, Marthinus Nijhoff, 1961, p.36.

10. Jackson, R.M., *The Machinery of local government*. Londen, MacMillan & Kie., 1958, p.43.

11. Ibid.

„This is regarded as both necessary and desirable to guarantee that these local units conform to certain minimum standards."12

Aan die ander kant weer is daar die desentralisering van bepaalde funksies aan plaaslike besture. In hierdie verband sê Alderfer:[13]

"It is impossible to administer any nation directly from the centre. There must be some administrative subdivisions or local units through which governmental power may be *deconcentrated* or *decentralized.* On the other hand, if there is to be a nation in fact, it is just as impossible to administer everything locally. *The problem therefore, is to find the best working arrangement between extreme centralization and extreme decentralization.*" (Eie kursivering).

Die skrywer omskryf dan „deconcentration" as

"... (the setting up) of administrative units or field stations, singly or in a hierarchy, separately or jointly, with orders as to what they should do and how they should do it. *No major matters of policy are decided locally, no fundamental decisions taken.*"[14] (Eie kursivering).

'n Goeie voorbeeld van dekonsentrasie van gesag kan in enige staatsdepartement aangetref word, bv. die Pos- en Telegraafwese of die Suid-Afrikaanse Polisie. Hoewel kantore van albei departemente oor die hele land aangetref word, word beleid vanuit die hoofkantoor van elk alleen bepaal.

Wat „decentralization" betref, omskryf Alderfer[15] dit soos volg:

"... local units are established with certain powers of their own and certain fields of action in which they may exercise their own judgment, initiative and administration."

---

12. Humes en Martin, op. cit., p.31.
13. Alderfer, H.F., *Local government in developing countries.* New York, McGraw-Hill, 1964, p.176.
14. Ibid.
15. Ibid.

Neem as voorbeeld enige plaaslike bestuur se gesondheidsafdeling. Hoewel dit 'n integrale deel van die plaaslike bestuur vorm, (eie departement, stadsgeneesheer as hoof, en administratiewe personeel, soos gesondheidsinspekteurs, ens.) is daar wetgewing[16] wat nasionaal-geldend is wat 'n dergelike gesondheidsafdeling van 'n plaaslike bestuur op die plaaslike vlak moet administreer. Eie oordeel, iniasiatief en administrasie word egter geheel en al in die hande van die plaaslike bestuur gelaat.

Daar word dus elemente van sowel dekonsentrasie as desentralisasie op plaaslike bestuursvlak gekombineer.[17] Dit laat Humes en Martin besluit:[18]

> "... decentralized functions are to be interpreted as including not only permissive functions ... but also obligatory functions.
>
> " Deconcentrated functions ... are to be interpreted to include those obligatory functions which the local units must carry out in a manner which is precisely specified in the law or directive by which the functions is deconcentrated. "

Word wat Humes en Martin en Alderfer oor *dekonsentrasie* sê, saamgelees kan dit baie goed op stedelike Bantoe-administrasie toegepas word. Hoewel dit deel van die plaaslike bestuursopset vorm - die amptenare is byvoorbeeld in diens van die plaaslike bestuur[19] en nie van die sentrale owerheid nie - word belangrike beleidsbeslissings nie op die plaaslike vlak geneem nie, maar in die hoofkantoor van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.

Hierdie verdeelde beheer[20] oor bevolkingsgroepe binne die regsgebied van een plaaslike bestuur, is kenmerkend van

16. Neem as voorbeeld die verskillende wette i.v.m. volksgesondheid.
17. Alderfer, loc. cit.
18. Humes en Martin, op. cit., p.36.
19. Ingevolge art. 22 van Wet nr. 25/1945 (soos gewysig) word hierdie amptenare deur die Minister gelisensieer.
20. Die oorsprong daarvan is reeds in Hoofstuk 2 bespreek.

plaaslike bestuur in Suid-Afrika.

Uit die aard van die saak sal dit ook 'n belangrike invloed op die funksionering van Stedelike Bantoerade uitoefen, omdat dit binne die regsgebied van stedelike plaaslike besture funksioneer.

Die Minister het die rol en funksies van Stedelike Bantoerade soos volg beskryf:[21]

> "...... ek wil daarop wys dat Advieskomitees en Stedelike Bantoerade *'n raat in die administrasie van 'n stedelike plaaslike bestuur oor munisipale sake is.*" (Eie kursivering).

In die lig van hierdie beskrywing van die funksies van Stedelike Bantoerade kan verwag word dat hulle, as integrale deel van 'n stedelike plaaslike bestuur, sowel gedesentraliseerde as gedekonsentreerde funksies behoort te hê. Uit die bespreking van die funksies van die Stedelike Bantoeraad in die oorblywende deel van die hoofstuk, sal ondersoek word of dit wel die geval is.

### 3. *DIE VERHOUDING TUSSEN STEDELIKE PLAASLIKE BESTURE EN STEDELIKE BANTOERADE*

Voortvloeiend uit die aangehaalde gedeelte uit die Minister se toespraak, ontstaan ook die vraag wat die verhouding tussen stedelike plaaslike besture en Stedelike Bantoerade is.

Uit die wet is dit duidelik dat Stedelike Bantoerade ondergeskik is aan stedelike plaaslike besture. Dit is die stedelike plaaslike bestuur wat die raad instel, wat besluit oor die raad se samestelling en wat na oorlegpleging met die Minister en die Administrateur van die betrokke provinsie, besluit welke funksies aan die raad opgedra sal word:

> „Daarom sal sulke rade hulle slegs besig hou met daardie munisipale bestuursaangeleenthede ten opsigte van hulle woonbuurte wat aan hulle opgedra is .... Hulle funksies

---

21. Openingsrede by die Saamtrek van Administrateurs van Nieblanke Aangeleenthede, 22 Oktober 1968, te Pretoria.

> is munisipaal-administratief, en nie algemeen polities nie."[22]

(Dit is egter nie duidelik wat presies hiermee bedoel word nie.)

Aangesien die nodige wetlike apparaat vir die beheer oor Stedelike Bantoerade reeds bestaan, kan goedskiks hierop uitgebrei word. Aan Stedelike Bantoerade kan beperkte uitvoerende funksies verleen word onder toesig en beheer van die stedelike plaaslike bestuur. Hierop sal verderaan weer teruggekom word. Die probleem lê egter by die oorhoofse beheer. Stedelike plaaslike besture is onderworpe aan beheer deur die provinsiale owerhede. Stedelike Bantoe-administrasie ressorteer, deur die Minister, onder die gesag van die sentrale owerheid.

In die state van Wes-Afrika is owerheidsbeheer oor plaaslike besture baie streng:

> "Failure of a local authority to carry out its statutory functions may result in action being taken against it in various forms to the extent in serious cases, of its dissolution."[23]

Dit word daarom hier gestel dat dit aanvaar moet word dat 'n substansiële deel van die Suid-Afrikaanse Bantoebevolking permanent in Blanke stedelike gebiede aanwesig is. In die lig hiervan behoort daar in die Departement Binnelandse Sake 'n afsonderlike Afdeling Plaaslike Bestuur geskep word wat beheer oor plaaslike bestuur by die provinsiale owerhede kan oorneem. Op ministeriële vlak kan dan 'n band geskep word waardeur die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling sy beheer oor stedelike Bantoe-administrasie kan bly handhaaf.

---

22. Ibid.
23. Campbell, M.J., T.G. Brierly en L.F. Blitz, *The Structure of local government in West Africa*. Den Haag, Marthinus Nijhoff, 1965, p.25.

# 4. DIE FUNKSIONERING VAN STEDELIKE BANTOERADE IN DIE ALGEMEEN

## 4.1. INLEIDING

Die funksies wat aan plaaslike besture verleen word kan in een of meer hoofgroepe of klasse ingedeel word. Campbell[24] maak 'n drieledige indeling van die funksies van plaaslike besture,[25] nl. *beskermingsdienste (protective services)*; *welsynsdienste (welfare services)*; en *geriefsdienste (services of convenience)*.

Onder *beskermingsdienste* val dan polisie, howe en brandbestryding (hoofsaaklik in die stedelike gebiede).

*Welsynsdienste* word in twee subgroepe ingedeel, nl. *persoonlike welsynsdienste*[26] *(personal services)* en *omgewingsdienste (environment services)*. Onder eersgenoemde val dan voorgeboorteklinieke, primêre en sekondêre onderwys, volwasse-onderwys en voorligting *(public enlightenment)*, versorging van armlastiges, inrigtings vir blindes, melaatse-klinieke en hospitale en klinieke. Onder *omgewingsdienste* is daar landbou en landbouvoorligting, veegesondheid, grondgebruik, bosreserwes, inenting en die voorkoming van aansteeklike siektes, stads- en dorpsbeplanning, probasie, sanitasie, gevangenisse en interpretasie van naturellereg en -gebruik.

Onder *geriefsdienste* val dan markte, paaie en ponte, handels- en kommersiële ondernemings, biblioteke en leeskamers en stedelike en landelike watervoorsiening.

Hierdie indeling is klaarblyklik baie arbitrêr en daar kan verskil van mening wees oor bepaalde klassifikasies. So kan geargumenteer word dat die voorsiening van water veel

24. Campbell, M.J., *Law and practice of local government in Northern Nigeria*. Londen, Sweet & Maxwell, 1963, p.77 en 78.

25. Hierdie indeling is gemaak n.a.v. die funksies van 'n 'Native Authority' in Noord-Nigerië.

26. Wat die skrywer weer verder verdeel onder die hoofde *Age* en *Misfortune*. In hierdie gedeelte sal net by die hoofgroepe, en die een verdeling van welsynsdienste gehou word.

eerder onder beskermingsdienste of selfs onder persoonlike welsynsdienste geklassifiseer behoort te word. Die voordeel van so 'n klassifikasie is egter dat dit 'n raamwerk gee waarbinne die funksies baie meer doeltreffend bespreek kan word.

Harris[27] maak ook 'n drieledige indeling van die funksies van plaaslike besture. In die beoordeling van watter funksies aan plaaslike besture verleen moet word, moet die wetgewer hom gedeeltelik laat lei deur die „criterion of utility".[28]

> „The law-makers will ask themselves what tasks can most conveniently and usefully be entrusted to the care of local council members and officials. ... (they) may also be guided by the assumption that it is inherently proper that local people should be closely associated with the provision of services for, and with the general administration of, their own area."[28]

Op grond hiervan noem hy die eerste groep, soos Campbell, *beskermingsdienste (protective services)*. Die tweede groep noem hy *sosiale dienste (social services)* waaronder hy min of meer dieselfde aspekte as Campbell se welsynsdienste insluit. Sy derde groep noem hy *ekonomiese ontwikkeling (economic development)*, in teenstelling met Campbell se geriefsdienste. Landbou en veeteelt word dan hieronder geklassifiseer. Weens die ekonomiese onderontwikkeldheid van die suidelike deel van Nigerië kan plaaslike besture in daardie gebiede verwag om aansienlike bevoegdhede te kry

> „... for the furtherance of economic development of their areas."[29]

Wraith[30] maak nie so 'n indeling van die funksies van plaaslike besture nie. Hy bespreek dit slegs na aanleiding

---

27. Harris, P.J., *Local government in Southern Nigeria.* Cambridge, Cambridge University Press, 1957, pp.25 et. seq.
28. Ibid.
29. Harris, op. cit., p.29.
30. Wraith, op. cit., p.67 et. seq.

van die verskillende hoofde in die *Eastern Region Local Government Law*, 1960. Hoe dit ook al sy, Wraith se breë indeling van die funksies van plaaslike bestuur, nl. „permissive" en „mandatory" kan op sowel Campbell as Harris se klassifikasies van toepassing gemaak word omdat feitlik elke funksie van plaaslike besture of „mandatory" of „permissive" kan wees.

Hierdie indelings van die funksies is van toepassing op plaaslike besture wie se regsgebied aansienlik groter is as die van Stedelike Bantoerade en hulle daarom veel wyer funksies het om te behartig (bv. in Campbell se klassifikasie van omgewingsdienste val ook landbou en landbouvoorligting wat uit die aard van die saak slegs op plaaslike besture in plattelandse gebiede van toepassing is). Daardie plaaslike besture funksioneer ook in hul regsgebiede selfstandig en is nie aan 'n plaaslike bestuur op 'n volgende trap ondergeskik nie, maar ressorteer direk onder die oorhoofse beheer van die Minister van Plaaslike Bestuur. Dit kan nietemin ook op Stedelike Bantoerade van toepassing gemaak word wat, hoewel hulle ondergeskik aan stedelike plaaslike besture is, weldeeglik as 'n vorm van plaaslike bestuur beskou kan word. Dit gee ook bowendien 'n nuttige raamwerk vir die bespreking van hul funksies.

## 4.2. UITEENSETTING VAN DIE FUNKSIES SOOS IN DIE WET BEPAAL

In teenstelling met die regulasies van Adviserende Naturellekomitees reël die regulasies van Stedelike Bantoerade niks in verband met die funksionering van die rade nie. In die *Wet op Stedelike Bantoerade*, 1961 word egter 'n breë uiteensetting gegee van die funksies wat aan Stedelike Bantoerade opgedra kan word. Hier word dus dieselfde beginsel gevolg as byvoorbeeld in Nigerië, waar die sentrale owerheid deur 'n algemene wetgewende maatreël voorsiening vir die instelling van plaaslike besture maak. In die Bylae van laasgenoemde verskyn 'n komprehensiewe lys funksies wat deur plaaslike besture uitgevoer kan word. Sou

'n mens egter wou vasstel watter funksies 'n bepaalde plaaslike bestuur verrig, moet die „Instrument" bestudeer word wat voorsiening vir die instelling van daardie plaaslike bestuur maak. Hierdie is dan ook 'n belangrike verskil tussen Stedelike Bantoerade en Adviserende Naturellekomitees.

In die regulasies[31] word slegs bepaal:

> „Die Bantoeraad oefen die bevoegdhede uit en verrig die funksies en pligte wat ingevolge subart. (1) van artikel vier van die Wet op Stedelike Bantoerade, 1961 (Wet nr. 79/1961) aan hom *verleen* is en oefen sodanige bevoegdhede uit en verrig sodanige funksies en pligte as wat *goedgekeur* is ingevolge subartikel (2) van artikel vier van gemelde wet." (Eie kursivering).

Daar is dus hier sprake van die uitoefening van bevoegdhede en die verrig van bepaalde funksies en pligte deur 'n Stedelike Bantoeraad waar hom geen keuse gelaat word nie en dit dus gedoen moet word. Aan die ander kant word daar 'n diskresionêre bevoegdheid aan die Minister en die Administrateur (van die O.V.S. in hierdie geval) verleen om die uitoefen van bepaalde bevoegdhede en die verrig van bepaalde funksies en pligte aan 'n Stedelike Bantoeraad te verleen of te weerhou.

As daar nou na die bewoording van die betrokke artikels[32] gekyk word, blyk dit dat art. 4 (1) in die klas val wat Wraith „mandatory" noem. Die artikel lui:

> „An urban Bantu council and the members thereof *shall* exercise the powers and perform the functions and duties which in terms of the principal Act or any other law are conferred or imposed upon a native advisory board established in terms of section twenty-one of that Act and the members thereof, respectively, as if such council were a board so established." (Eie kursivering).

In Hoofstuk 2, Item 2 is die funksies van Adviserende Naturellekomitees reeds uitvoerig bespreek. Vir die

---

31. Reg. 29 van Ak. nr. 173/1963.
32. Die artikel word in Engels weergegee, aangesien die sleutelwoorde *may* en *shall* nie in die Afrikaanse teks voorkom nie.

doeleindes van hierdie hoofstuk kan dit volledigheidshalwe so opgesom word:

a. Oorweging van regulasies deur die stedelike plaaslike bestuur uitgevaardig en wat op die Bantoewoongebied betrekking het;

b. die oorweging van enige aangeleentheid wat deur die Minister of deur die stedelike plaaslike bestuur na die Adviserende Naturellekomitee verwys is en die uitbring van verslae oor sodanige aangeleenthede;

c. in die algemeen die behartiging van die belange van die inwoners van die stedelike Bantoewoongebied, en

d. oorweging van en verslag doen oor die begroting van uitgawes van die Bantoe-inkomsterekening.

Die bewoording van art. 4 (2) is sodanig dat die aanloop van die artikel „mandatory" vir die Stedelike Bantoeraad is, maar wat die stedelike plaaslike bestuur betref, „permissive". Met ander woorde, dit staan 'n stedelike plaaslike bestuur vry om enige van die funksies in die subartikel aan die Stedelike Bantoeraad toe te staan (onderworpe natuurlik aan die goedkeuring van die Minister en die Administrateur van die O.V.S.) of nie toe te staan nie. Die funksies wat dan wel toegestaan word, is wat die Stedelike Bantoeraad betref, „mandatory".

Die betrokke subartikel lui soos volg:

„An urban Bantu Council *shall* also
(a) in respect of the area for or in respect of which it has been established, exercise on behalf of and subject to the direction of the urban local authority concerned such powers and perform such functions and duties of an urban local authority in respect of one or more of the following matters in connection with Bantu as the urban local authority *may* after consultation with the Administrator in question assign to such council with the concurrence of and subject to such conditions as may be determined by the Minister:"

In die oorblywende gedeelte van die subartikel word dan 'n aantal funksies genoem wat op bogenoemde wyse aan

die Stedelike Bantoeraad oorgedra *kan* word.[33]

### 4.2.1. BESKERMINGSDIENSTE

Benewens polisie en regspreking, word hier enkele beheerfuksies bespreek wat vertolk kan word, dat hulle dien om die inwoners van die Stedelike Bantoewoongebied in een of ander opsig te beskerm.

#### 4.2.1.1. POLISIE

In die wet[34] word voorsiening gemaak vir die instelling van 'n gemeenskapswag. 'n Gemeenskapswag kan alleen ingestel word nadat die Minister oorleg met die Minister van Justisie en die betrokke Stedelike Bantoeraad gepleeg het.[35]

Die funksies van 'n gemeenskapswag is die volgende:

i. Die bewaring van die veiligheid van die gebied;
ii. die handhawing van reg en orde daarin; en
iii. die voorkoming van misdaad.

Die Minister kan regulasies uitvaardig waarin die samestelling van die gemeenskapswag, die beheer en bestuur daarvan en die aanstelling, bevoegdhede, funksies, pligte en dissipline van die lede daarvan voorgeskryf word.

Die instelling van 'n gemeenskapswag en die uitvaardiging van bogenoemde regulasies

> „... word nie so uitgelê dat dit afbreuk doen aan die funksies van die Suid-Afrikaanse Polisie of aan die bevoegdhede, funksies en pligte van 'n lid daarvan (nie)".[36]

---

33. Die klassifikasiestelsel van Campbell wat hierbo bespreek is, word verderaan met erkenning gebruik.

34. Art. 4(2)(b) saamgelees met art. 7 van Wet nr. 79/1961.

35. Die wet maak ook voorsiening dat 'n gemeenskapswag vir twee rade ingestel kan word. Dit kan dus bv. gebruik word in die geval van Durban waar 'n gemeenskapswag vir die Stedelike Bantoeraad Ningizumu en die Stedelike Bantoeraad kwa Mashu gesamentlik ingestel kan word.

36. Art. 7(3) van Wet nr. 79/1961 (soos gewysig).

Sover bekend, is daar nog nie ten opsigte van een Stedelike Bantoeraad of stedelike Bantoewoongebied waar 'n Stedelike Bantoeraad funksioneer, 'n gemeenskapswag ingestel nie. Wel is daar 'n begin gemaak met die instelling van reserviste vir stedelike Bantoewoongebiede. Tydens die vergadering van die Stedelike Bantoeraad van Welkom, op 21 November 1968, het die Distrikskommandant van Polisie van Welkom bekend gemaak dat die Minister van Polisie toestemming verleen het dat 'n honderd reserviste vir Thabong gewerf kan word. 'n Beroep is op raadslede gedoen om te help om geskikte mense te werf.

Die Stedelike Bantoeraad het sy heelhartige steun aan hierdie onderneming gegee en ook onderneem om deur middel van hul wykskomiteelede geskikte mense uit die inwoners van Thabong te werf. Hoe suksesvol dit was, is nie bekend nie aangesien in geen een van die daaropvolgende notules van die Stedelike Bantoeraad enige vordering of sukses gerapporteer is nie.[37]

Dit wil dus voorkom of die instelling van gemeenskapswagte 'n dooie letter van die wet gaan bly. Hierdie indruk word ook versterk deur die genoemde instelling van polisiereserviste in Thabong, Johannesburg en ander stedelike sentra. Vir beheerdoeleindes lyk dit ook na 'n gesonde beginsel dat 'n reserwe polisiemag van vrywilligers onder die beskerming van die S.A.P. ingestel word. Weens die koste daaraan verbonde sou 'n Stedelike Bantoeraad kwalik 'n doeltreffende gemeenskapswag in stand kon hou.[38]

#### 4.2.1.2. *REGSPREKING*

Siviele en kriminele jurisdiksie soortgelyk

---

37. Die notules van die Stedelike Bantoeraad van Welkom is tot en met 23 Oktober 1969 deurgewerk, maar niks verder is oor Polisie-reserviste daarin gerapporteer nie.

38. Om van duplisering nie eens te praat nie, want dan sou daar Bantoekonstabels van die stedelike plaaslike bestuur, van die S.A.P. en van die Stedelike Bantoeraad sy-aan-sy in dieselfde gebied diens doen.

aan dié van kapteins en hoofmanne[39] kan deur die Minister aan enige lid van die Stedelike Bantoeraad of aan 'n Bantoe deur die raad aangewys of aan 'n stedelike verteenwoordiger vir die regsgebied van die raad verleen word.[40]

Geen uitspraak, beslissing, opdrag of bevel gedoen of uitgereik deur 'n persoon aan wie siviele en kriminele jurisdiksie op hierdie wyse verleen is,

> „... is ongeldig ... slegs omdat dit deur die betrokke persoon gedoen of uitgereik is ná oorlegpleging met 'n stedelike Bantoeraad of 'n lid van so 'n raad (nie)."[41]

Onderworpe aan hierdie voorbehoud is die bepalings van die *Bantoe-administrasie Wet*, 1927 (vide voetnoot 39) mutatis mutandis van toepassing op die bevoegdhede of regsmag aan so 'n Bantoe, raadslid of stedelike verteenwoordiger verleen.[42]

Ook hierdie bepaling is nog nooit in werking gestel nie en was tot dusver 'n dooie letter van die wet. Moontlik sal dit nou ingestel word met die aanstelling van gebiedsowerheidsverteenwoordigers. Ongeag hiervan oefen raadslede en hul wykskomitee 'n beperkte mate van 'siviele' regsmag uit. Hierop sal verderaan teruggekom word.

---

39. Ingevolge Artt. 12 en 20 van die *Bantoe-administrasie Wet*, 1927 (Wet nr. 38/1927) asook die regulasies daarvolgens uitgevaardig, aan hulle verleen.

40. Die Afrikaanse weergawe van die subartikel wek die indruk dat hierdie siviele en kriminele regsmag aan enige Bantoe toegeken kan word, benewens aan 'n raadslid of 'n stedelike verteenwoordiger. Die Engelse weergawe laat egter geen twyfel hieromtrent nie, en daarvolgens kan hierdie bevoegdhede slegs aan 'n raadslid of 'n stedelike verteenwoordiger toegeken word. Aangesien die Engelse teks deur die Staatspresident geteken is, moet dit as die korrekte weergawe aanvaar word.

41. Art. 6 - Die bepalings van hierdie artikel is ook op gebiedsowerheidsverteenwoordigers van toepassing.

42. Art. 5 (b) van Wet nr. 79/1961 (soos gewysig).

#### 4.2.1.3. BEHEERFUNKSIES

Hoewel hierdie funksie nie deur Campbell onder beskermingsdienste genoem word nie, is daar enkele funksies wat aan Stedelike Bantoerade verleen is en wat hieronder geklassifiseer kan word. Dit is die volgende:[43]

i. Die verwydering van persone wat onwettig in die gebied woonagtig is;

ii. die onwettige okkupasie van grond en geboue;

iii. die bestuur van en beheer oor die gebied (met inbegrip van die vasstelling van die voorrangsorde wat by die toewysing van woongeriewe gevolg moet word) en die handhawing van die goeie orde daarin;

iv. die verbod op of die reëling en beperking van die aanhou van diere, en die wei op 'n gemeenskaplike weiveld, van vee wat behoort aan persone wat in die gebied woon; en

v. die verbod op of die reëling van binnekoms of tydelike verblyf in die gebied.

### 4.2.2. WELSYNSDIENSTE

#### 4.2.2.1. PERSOONLIKE WELSYNSDIENSTE

Die volgende funksies wat hieronder geklassifiseer kan word kan aan Stedelike Bantoerade verleen word:[44]

i. Die huisvesting van Bantoes wat geen familielewe lei nie; en

ii. die bevordering van die sedelike en maatskaplike welsyn van die persone wat in die gebied woon.

Geen funksies wat onder persoonlike welsynsdienste geklassifiseer kan word, is egter aan Stedelike Bantoerade verleen nie, hoewel soos verderaan sal blyk die kinderbewaarskool vertolk is as behorende tot ii. hierbo.

---

43. Id., art. 4(2)(a)(iii), (iv), (v), (ix) en (viii).

44. Id., art. 4(2)(a)(ii) en (xi).

### 4.2.2.2. OMGEWINGSDIENSTE

Die funksies wat hieronder geklassifiseer kan word en wat aan Stedelike Bantoerade verleen is, is uit die aard van die saak nie so omvattend soos dié wat Campbell ten opsigte van plaaslike besture in Noord-Nigerië beskryf nie. Nietemin kan die volgende tog hieronder geklassifiseer word:[45]

i. Die uitleg van die gebied;

ii. die oprigting en gebruik van wonings, geboue en ander bouwerke, en die verwydering of sloping van ongemagtigde of verlate geboue of bouwerke;

iii. die toekenning van persele vir kerk- en skooldoeleindes; en

iv. die verskaffing van sanitêre dienste, gesondheidsdienste en mediese dienste.

### 4.2.3. GERIEFSDIENSTE

Geen funksies wat hieronder geklassifiseer kan word, is in die wet genoem nie; alhoewel soos verderaan sal blyk daar wel in die wet die moontlikheid geskep word dat funksies wat hieronder geklassifiseer kan word aan die Stedelike Bantoeraad verleen word.

Daar is in die wet ook twee omnibusbepalings ingevoeg wat die moontlikheid skep dat enige funksie wat nie spesifiek aan Stedelike Bantoerade opgedra is nie, wel aan hulle opgedra kan word. Een so 'n moontlikheid is 'n funksie wat onder geriefsdienste geklassifiseer kan word.

Een van hierdie bepalings vul Art. 4 (1) van die wet aan, terwyl die ander een die diskresionêre bevoegdheid van die Minister en die Administrateur uitbrei.

Eerstens dan die byvoeging tot Art. 4 (1). Art. 4 (2)(f) bepaal naamlik dat:

---

45. Id., art. 4(2)(a)(i), (vi), (vii) en (x).

„('n Stedelike Bantoeraad) is bevoeg om met inagneming van die bepalings van enige toepaslike wet, voorsiening te maak vir enige aangeleentheid met betrekking tot die uitoefening van sy bevoegdhede of die verrigting van sy funksies of pligte waarvoor hy dit raadsaam ag om voorsiening te maak, ..."

Hoewel hierdie bepaling volgens die aanloop daartoe, onderhewig is aan die diskresionêre bevoegdheid van die Minister of die Administrateur, kan dit nietemin as 'n uitbreiding van Art. 4 (1) beskou word omdat daarin die Hoofwet (Wet nr. 25/1945) by name genoem word met byvoeging van die woorde „... of enige ander wet ..." Hierdie aangehaalde gedeelte van subartikel 4(2)(f) is dus eintlik ex abudanti cautela byvoeg. In die tweede gedeelte word voorsiening vir die instelling van komitees vir Stedelike Bantoerade gemaak, maar daarop sal verderaan teruggekom word.

Art. 4(2)(e) weer, kan as 'n uitbreiding van die diskresionêre bevoegdheid van die Minister en die Administrateur beskou word, omdat die bewoording van die subartikel baie nou ooreenstem met die reeds aangehaalde aanloop in Art. 4(2)(a), en in 'n mate met Art. 4(2)(f) ooreenkom. Dit kan as 'n veiligheidsklep beskou word waardeur die werksaamhede van die Stedelike Bantoerade baie doeltreffend beheer kan word. Dat dit reeds so gebruik is, sal aanstons blyk.

Ten slotte is daar twee funksies[46] wat buite die klassifikasiestelsel val wat hierbo gebruik is.

In die eerste geval moet 'n Stedelike Bantoeraad aan 'n Hoofbantoesakekommissaris of Bantoesakekommissaris verslag uitbring oor enige aangeleentheid wat so 'n HBSK of BSK na die raad verwys. (Art. 4(2)(c)).

In die tweede geval moet 'n Stedelike Bantoeraad wat vir 'n bepaalde volkseenheid ingestel is, bystand en advies aan die gebiedsowerheidsverteenwoordiger verleen oor aangeleenthede wat lede van daardie volkseenheid raak. (Art.

---

46. Id., art. 4(2)(c) en (d) van Wet nr. 79/1961 (soos gewysig).

4(2)(d)).

### *4.3. DIE FUNKSIONERING VAN DIE STEDELIKE BANTOERAAD VAN WELKOM*

Gesien teen hierdie breë uiteensetting van die funksies van Stedelike Bantoerade, en met gebruikmaking van dieselfde klassifikasiestelsel, kan die funksies van die Stedelike Bantoeraad van Welkom nou bespreek word.

In die bespreking wat hierna volg, moet steeds in gedagte gehou word dat wanneer die stedelike plaaslike bestuur hierdie funksies aan die Stedelike Bantoeraad oorgedra het

> "... *oefen* (dit) *die bevoegdheid van 'n stedelike plaaslike bestuur uit en verrig die funksies en pligte daarvan ten opsigte van die gebied waarvoor of ten opsigte waarvan dit ingestel is ...*" (eie kursivering).

Die belangrike hiervan is dat die Stedelike Bantoeraad as 'n *plaaslike bestuur* deur die wetgewer beskou word, wanneer hierdie funksies aan hom verleen is. In die lig egter van die wyse waarop (kyk item 4.4.) hierdie funksies aan die Stedelike Bantoeraad verleen is, en die wyse waarop die raad dit uitgevoer het, kan tereg die vraag gestel word of hier inderwaarheid van 'n 'nuwe bedeling' gepraat kan word soos verskeie persone te kenne wou gee? Is die funksies wat aan die raad verleen is, munisipaal-administratief soos die Minister beweer het of is dit maar net 'n 'verheerlikte' Adviserende Naturellekomitee?

Hierdie is belangrike vrae omdat dit nie alleen ernstige bedenkinge op Stedelike Bantoerade werp nie, maar pertinent op die hele beleid ten opsigte van die Bantoebevolking in Blanke stedelike gebiede betrekking het.

In die oorblywende gedeelte van die hoofstuk sal probeer word om antwoorde op hierdie vrae te verskaf deur te let op die wyse waarop die Stedelike Bantoeraad en sy verskillende komitees gefunksioneer het.

Watter funksies is dan nou aan die Stedelike

Bantoeraad verleen?

### 4.3.1. BESKERMINGSDIENSTE

Op een uitsondering na is geen funksies wat hieronder geklassifiseer kan word en wat aan Stedelike Bantoerade in die algemeen verleen kan word, tot dusver aan die Stedelike Bantoeraad van Welkom opgedra nie.

Ongeag hiervan, beoefen elke raadslid tesame met sy wykskomitee 'n beperkte mate van 'siviele regsmag' uit. Weens die feit dat dit 'n funksie is wat nie ingevolge die wet aan die Stedelike Bantoeraad spesifiek verleen is nie, maar 'n baie belangrike rol daar speel, sal dit onder 'n afsonderlike hoof behandel word.

Hierdie uitsondering is die volgende:[47]

'n Stedelike Bantoeraad bestuur en beheer die gebied ten opsigte waarvan hy ingestel is

> „(met inbegrip van die vasstelling van die voorrangsorde wat by die toewysing van woongeriewe gevolg moet word) en die handhawing van die goeie orde daarin."

Hierdie bevoegdheid is so vertolk[48] dat die Stedelike Bantoeraad

> „aansoeke vir die gebruik van die gemeenskapsaal kan oorweeg en by die stedelike plaaslike bestuur *aanbevelings maak vir finale oorweging en bespreking*."[49] (Eie kursivering).

Hierdie bevoegdheid is verleen onderhewig aan die volgende voorwaardes:

---

47. Art. 4(2)(a)(v) van Wet nr. 79/1961 (soos gewysig).

48. Memorandum insake die bevoegdhede, funksies en pligte: Stedelike Bantoeraad van Welkom, voorberei deur die Bantoedorpsbestuurder en aangeheg aan die Sakelys van die Algemene Doeleindes Komitee vir sy vergadering van 24 Februarie 1966, kyk ook Bylae 8 en voetnoot 79.

49. Ibid., p.1.

a. Die Minister kan die opdrag te eniger tyd sonder opgaaf van redes intrek, wysig of aanvul;

b. 'n komitee of Bantoe[50] aan wie die opdrag gedelegeer is moet besonderhede van die aansoeke en aanbevelings by die eersvolgende vergadering van die raad voorlê; en

c. die uitvoering van die opdrag moet nie bots met enige toepaslike wet of regulasie nie.

Hierdie funksie is aan die Sport- en Ontspanningskomitee gedelegeer.[51]

### *4.3.2. WELSYNSDIENSTE*

#### *4.3.2.1. PERSOONLIKE WELSYNSDIENSTE*

In hierdie kategorie is die volgende funksie aan die Stedelike Bantoeraad verleen:[52]

> „(Die bevordering van) die sedelike en maatskaplike welsyn van die persone wat in die gebied woon."

Hierdie funksie is vertolk dat die Stedelike Bantoeraad verantwoordelikheid moet aanvaar vir die beplanning en administrasie van:

a. Die versorging van die individu, bv. oues van dae, liggaamlik en geestelik gestremdes, armlastiges, ens.;

b. gesinsorg, bv. huweliksprobleme, sedelike gedrag, buite-egtelike verhoudings, kindersorg, bewaarskole, ens.;

c. gemeenskapsorganisasie, bv. die gemeenskapsentrum en sportgronde en -fasiliteite.

Hierby is bygevoeg

---

50. Die Bantoe na wie hier verwys word, is die Sekretaris van die Stedelike Bantoeraad.

51. Op die vergadering van die Algemenedoeleindes-komitee wat op 24 Februarie 1966 gehou is, en onmiddellik deur 'n vergadering van die Stedelike Bantoeraad gevolg is, is die verskillende funksies aan die onderskeie komitees gedelegeer soos hierna uiteengesit is. Hierdie besluit is op die vergadering van die Stedelike Bantoeraad van 17 Maart 1966 bekragtig. Kyk Notule van hierdie vergadering Item 2(b), kyk Bylae 8.

52. Art. 4(2)(a)(xi) van Wet nr. 79/1961 (soos gewysig).

„of enige onderdeel van daardie funksie soos bepaal deur die Minister."

Die volgende voorwaardes waarop hierdie funksies aan die Stedelike Bantoeraad verleen kan word, is gestel:

a. Die bevoegdhede wat aan die raad opgedra is, te eniger tyd deur die Minister ingetrek, gewysig of aangevul kan word.

b. Die raad *volle verantwoordelikheid aanvaar vir alle uitgawes wat voortspruit uit die lewering van hierdie dienste, wat andersinds deur die plaaslike bestuur aanvaar sou word en is verantwoordelik dat uitgawes nie te eniger tyd die bedrag van beskikbare fondse en bronne van inkomste oorskry nie.* Hierdie fondse word voorsien uit die Bantoe-inkomsterekening en sodanige ander bronne wat deur die Minister goedgekeur word.

c. Vir die uitoefening van sy funksies maak die raad gebruik van die dienste van behoorlik gekwalifiseerde Bantoepersoneel wat deur hom onderhewig aan goedkeuring deur die plaaslike bestuur in diens geneem word, asook van sodanige Blanke personeel wat die stedelike plaaslike bestuur tot sy beskikking stel. Laasgenoemde word slegs gedoen waar Bantoepersoneel met die nodige kwalifikasies nie verkry kan word nie. Die voorwaardes hiervoor is dat die stedelike plaaslike bestuur ten volle die beheer en toesig oor die Blanke personeel bly uitoefen. Die beheer en toesig oor die Bantoepersoneel berus egter by die Stedelike Bantoeraad.

d. Die personeel verbonde aan die uitvoering van bogenoemde funksies bly egter onder die oorhoofse gespesialiseerde toesig en leiding van die stedelike plaaslike bestuur.

e. Die personeel en administrasie vorm vir administratiewe doeleindes 'n eenheid.

Hierdie funksies is aan die volgende komitees gedelegeer: Funksie (a) aan die Sosiale-Welsynskomitee en (b) en (c) aan die Sport-en Ontspanningskomitee.

*4.3.2.2. OMGEWINGSDIENSTE*

In hierdie kategorie is die volgende funksies aan die Stedelike Bantoeraad verleen:

A. „die oprigting en gebruik van wonings, geboue en ander bouwerke, en die verwydering of sloping van ongemagtigde of verlate geboue of bouwerke".[53]

Hierdie funksie is soos volg vertolk:

a. Die Stedelike Bantoeraad moet die huisvesting wat benodig word en die tipe wonings wat verlang word oorweeg en hulle kommentaar en aanbevelings daaroor aan die stedelike plaaslike bestuur voorsien;

b. die Stedelike Bantoeraad moet toesien dat geboue gebruik word vir die doel waarvoor hulle opgerig is en moet enige wangebruik aan die stedelike plaaslike bestuur rapporteer; en

c. die Stedelike Bantoeraad mag die sloping en verwydering van ongemagtigde of verlate geboue oorweeg en hulle kommentaar of aanbevelings daaroor aan die plaaslike bestuur voorsien.

Die voorwaardes waaronder hierdie funksie aan die Stedelike Bantoeraad verleen is, is die volgende:

a. Die Minister kan die opdrag te eniger tyd sonder opgaaf van redes, intrek, wysig of aanvul.

b. By die uitvoering van die opdrag moet die bepalings ten opsigte van die minimum standaard van akkommodasie gehandhaaf word.

c. Alle beleids- en wetlike bepalings van toepassing op die sloping van geboue moet nagekom word.

Hierdie funksie is aan die Publiekewerke-komitee gedelegeer.

B. die toekenning van persele vir kerk- of skooldoeleindes.[54]

53. Art. 4(2)(a)(vi) van Wet nr. 79/1961 (soos gewysig).
54. Art. 4(2)(a)(vii) van Wet nr. 79/1961 (soos gewysig).

Hierdie funksie is vertolk dat die Stedelike Bantoeraad persele in die Bantoewoongebied vir kerkdoeleindes moet toeken.

Die voorwaardes waaronder die funksie toegeken is, is die volgende:

a. Die Minister kan die opdrag te eniger tyd en sonder opgaaf van redes intrek, wysig of aanvul.

b. Geen aansoek sal oorweeg word tensy dit skriftelik by die Direkteur of een van die ander gelisensieerde amptenare ingedien word nie. (In die geval van Welkom is dit die Assistent-Direkteur of die Bantoedorpsbestuurder). Saam met die aansoek moet die volgende verstrek word:

aa. Die geloofsbelydenis van die kerk en sy konstitusie of akte van oprigting;

bb. die status en aansien van die kerk en tot watter mate dit in die gemeenskap, waar die perseel geleë is, gevestig is;

cc. die aantal lidmate plaaslik van die betrokke kerk wat deur die kerk op die terrein bedien sal word;

dd. die geriewe waaroor die kerk beskik vir die opleiding van sy leraars;

ee. die onderwyskwalifikasies en teologiese opleiding van die leraar of evangelis wat in beheer van die terrein sal wees;

ff. die kerk se verbintenis met ander liggame, indien enige;

gg. in watter mate die kerk se oprigting die geestelike welsyn en belange van die Bantoe sal bevorder;

hh. die finansiële of latente finansiële vermoë van die kerkgenootskap om 'n gepaste gebou op te rig; en

ii. die beskikbaarheid van kerkterreine.

c. Die applikant moet homself bereid verklaar om die gebou te okkupeer ingevolge die bepalings van 'n vergunning tot okkupasie deur die Minister goedgekeur.

d. Geen perseel mag geokkupeer word alvorens bogenoemde vergunning verkry is nie.

Hierdie funksie is aan die Algemenedoeleindes-komitee gedelegeer.

C. „die verskaffing van sanitêre dienste, gesondheidsdienste en mediese dienste."[55]

Hierdie funksie is so vertolk dat die Stedelike Bantoeraad die stedelike plaaslike bestuur voorsien van kommentaar op en aanbevelings oor die voorsiening van sanitêre, gesondheids- en mediese dienste vir bona fide inwoners van die Bantoewoongebied.

Die voorwaardes waaronder die funksies verleen word, is dat die Minister te eniger tyd sonder opgaaf van redes dit kan intrek, wysig of aanvul.

Hierdie funksie is ook aan die Publiekewerke-komitee gedelegeer.

D. „die uitlê(g) van die gebied."[56]

Hierdie funksie is vertolk dat:

Die Stedelike Bantoeraad moet kommentaar lewer en *aanbevelings* maak aan die stedelike plaaslike bestuur *oor die uitlegplan van 'n Bantoewoongebied en enige wysigings daarvan.*

Die funksie is onder die volgende voorwaardes aan die Stedelike Bantoeraad verleen:

a. Die Minister kan te eniger tyd dit sonder opgaaf van redes wysig, intrek of aanvul;

b. by die uitvoering van die opdrag moet die Stedelike Bantoeraad in ooreenstemming met toepaslike beplannings- en beleidsbepalings optree.

Hierdie funksie is aan die Algemenedoeleindes-komitee gedelegeer.

---

55. Id. art. 4(2)(a)(x).
56. Id. art. 4(2)(a)(i).

E. 'n Verdere vertolking van die subartikel[57] wat reeds onder 'Beskermingsdienste' aangehaal is, is die

„ontwikkeling van oop ruimtes."

Die voorwaardes waaronder hierdie funksie verleen word, is die volgende:

a. Die Minister kan die funksie te eniger tyd sonder opgaaf van redes wysig, intrek of aanvul; en

b. in die uitvoering van die funksie moet die raad hom laat lei deur tegniese verslae en beplanning.

Hierdie funksie is ook aan die Algemenedoeleindeskomitee gedelegeer.

### 4.4. OORDRAG VAN FUNKSIES AAN DIE STEDELIKE BANTOERAAD

In die voorafgaande item is 'n uiteensetting gegee van die funksies wat aan die Stedelike Bantoeraad verleen is. Voordat die wyse egter bespreek word waarop die verskillende komitees hul onderskeie funksies behartig het, is dit nodig om in te gaan op die wyse waarop daardie funksies aan die Stedelike Bantoeraad verleen is, omdat hieruit belangrike afleidinge gemaak kan word, nie alleen oor die funksionering van die raad self nie, maar ook die klimaat waarin hy moet funksioneer.

By geleentheid van die eerste amptelike vergadering van die Stedelike Bantoeraad op 8 November 1963 het die Burgermeester van Welkom gesê[58]

„... a great responsibility (rest) on the shoulders of those on whom this *primary honour* has been bestowed ..."

By dieselfde geleentheid het die Voorsitter van die Bantoesakekomitee van die Welkomse Munisipaliteit gesê:[59]

---

57. Id., art. 4(2)(a)(v).

58. *Verbatim minutes of the first special meeting of the Urban Bantu Council of Thabong, Welkom,* 8 November 1963, p.2.

59. Ibid., p.4.

„As you know, the course of procedure is about to be changed, in that .... instead of continually *asking* for this, that or the other, you .... the members of this newly established Council .... will be asked *why you have not yet done this, that or the other for your people.*" (Eie kursivering).

In antwoord het die nuutverkose Voorsitter van die raad in sy openingsrede geantwoord:[60]

„May I *warn* however, that the Urban Bantu Council is not a camouflaged Advisory Board. It replaced the former but the Urban Bantu Council remains an *integral part* of local government under the wing of the Welkom Town Council. ~~It can~~ in fact be stated that the *Urban Bantu Council is an extension of the local government's administrative management.*" (Eie kursivering).

Ten spyte van hierdie uitlatings, is daar geen duidelike riglyne neergelê waarvolgens die raad moes funksioneer nie en het hy inderwaarheid in die eerste twee jaar van sy bestaan op basies dieselfde grondslag as sy voorganger gefunksioneer.

Op sy tweede vergadering[61] het die raad oor die belangrike kwessie van die voertaal tydens vergaderings soos volg besluit:

„(a) Dat die notule om die beurt in Engels en Afrikaans opgestel moet word; en

„(b) dat dit die spreker vry staan om enige taal wat hy verkies te besig wanneer die vergadering toegespreek word en dat indien dit nie een van die twee amptelike tale is nie, dit dan na die taal waarin die notule opgestel word, getolk word."

Hierdie was egter bloot 'n prosedureaangeleentheid, maar op hierdie belangrike eerste vergadering waar 'n mens sou verwag dat die breë riglyne neergelê sou word, waarop die raad in die toekoms sou funksioneer, het geeneen van

---

60. Ibid., p.7.

61. Notule van die Eerste Algemene Vergadering van die Stedelike Bantoeraad, Welkom, 3 Desember 1963.

die amptenare of die lede van die stedelike plaaslike bestuur[62] enige woord hieroor gerep nie.

Die volgende kan as voorbeeld dien van die onsekerheid wat by die raad (en raadslede) geheers het oor watter prosedure presies tydens vergaderings gevolg behoort te word asook oor sy funksies.

Op genoemde vergadering het die Voorsitter versoek dat alle sake vooraf op die sakelys geplaas moet word en dat die item „Algemeen" nie in die sakelys ingesluit behoort te word nie. Dit is heeltemal korrek dat enige saak wat op 'n raadsvergadering bespreek gaan word, vooraf op die sakelys van die vergadering geplaas behoort te word. Dit stel lede dan in staat om hul standpunt oor die verskillende items te formuleer. Dit is egter hoegenaamd nie korrek dat die item „Algemeen" nie op 'n sakelys behoort te verskyn nie. Die item „Algemeen" verskyn in die reël op die sakelys van enige vergadering ten einde sake wat na die opstel van die sakelys ter sprake gekom het, of andersinds spoedeisend is, te kan behandel.[63]

'n Baie mooi voorbeeld van die onsekerheid by raadslede in verband met die raad se presiese funksies het op die tweede vergadering aan die lig gekom.

Op die vergadering van die Stedelike Bantoeraad wat op 7 Januarie 1964 gehou is, het die Voorsitter raadslede versoek om nie enige navrae oor administratiewe aangeleenthede direk na senior amptenare van die stedelike plaaslike bestuur (die Departement Bantoesake) te neem nie omdat

> „... some councillors ... cause embarrassment by reporting certain irregularities to higher officials unnecessary ..."[64]

---

62. Die Voorsitter van die Bantoesakekommissie van die Munisipaliteit van Welkom en nog een ander lid van die Munisipaliteit, die Direkteur van Bantoesake, die Bestuurder en die Assistent-Bestuurder van die Bantoedorp was op die vergadering teenwoordig.

63. Cf. Lewin, A., *The Law, procedure and conduct of meetings in South Africa*. Kaapstad, Juta & Co., 1962, pp.33-35.

64. Notule van die Stedelike Bantoeraad, 7 Januarie 1964, Item 8.

Daar is geen aanduiding watter tipe ongerymdheid aan die amptenare gerapporteer is nie, en vir wie dit verleentheid veroorsaak het nie. Die Voorsitter het raadslede gevolglik versoek om nie in die toekoms versoeke, ongerymdhede, ens. aan amptenare te rapporteer nie, maar dit vooraf op die sakelys te plaas. Dit is die korrekte prosedure om te volg.

Dat daar verwarring by raadslede oor hierdie versoek kon wees en twyfel oor hul presiese funksies is duidelik, omdat die helfte van hulle vroeër op die Adviserende Naturellekomitee gedien het. In daardie hoedanigheid (en ook as lid van die Stedelike Bantoeraad) het hulle gereeld 'sake aangehoor', en indien hulle dan 'n bepaalde saak nie tot bevrediging van albei partye kon skik nie, is die saak na die Bantoedorpsbestuurder vir beslissing geneem. Dit was ook heeltemal in ooreenstemming met die regulasies wat voorsiening vir die instelling van die Adviserende Naturellekomitee maak. Daarin is onder meer bepaal dat die funksies van die Adviserende Naturellekomitee is:[65]

> „(b) om klagtes, vertoë en voorstelle van die inwoners te ontvang en te oorweeg en, indien dit nodig geag word, om vertoë daaromtrent aan die Raad (die ou Dorpsbestuur van Welkom) of aan 'n Komitee wat deur die Raad aangestel is om met die sake van die lokasie te handel, te rig."

Volgens die *Wet op Stedelike Bantoerade*, 1961 verrig 'n Stedelike Bantoeraad ook die funksies van 'n Adviserende Naturellekomitee (vide bespreking van Art. 4(1) in item 4.2.).

Vier maande na die eerste vergadering het daar 'n mate van duidelikheid oor die Raad se funksies gekom.

By die sakelys van die vergadering van die Stedelike Bantoeraad wat op 3 Maart 1964 gehou sou word, is 'n konsep Reglement van Orde[66] aangeheg met die volgende aanbeveling:[67]

---

65. Reg. 33(b) van Ak. nr. 42/1952.

66. Kyk Bylae 7.

67. Notule van die Stedelike Bantoeraad, 3 Maart 1964, Item 9.

„If the standing orders are approved and adopted it is recommended (dit is nie duidelik deur wie nie) that the General Purposes Committee submit names for the different committees at the next ordinary monthly meeting."

Die Reglement van Orde bevat die samestelling van die verskillende komitees en hul onderskeie funksies, die prosedure wat gevolg moet word by die aanwysing van die voorsitter en die ondervoorsitter van die raad, die kworum op raads- en komiteevergaderings en die prosedurereëls van raads- en komiteevergaderings. Hierdie verskillende aspekte sal saam met die verskillende komitees bespreek word.

Die Reglement van Orde is sonder enige bespreking deur die raad aanvaar.[68] By die eersvolgende vergadering van die stedelike plaaslike bestuur is dit goedgekeur. Wat egter opvallend is, is dat geeneen van die amptenare wat op die vergadering teenwoordig was[69] (vir sover die vergadering korrek genotuleer is) die Reglement aan die raad verduidelik of toegelig het nie. Hier is tog die beliggaming van die groter verantwoordelikhede waarvan in die hierbo aangehaalde sitaat gewag gemaak is. Dit is ook die eerste direkte afwyking van die prosedure wat die raadslede in die Adviserende Naturellekomitee leer ken het?

Tydens dieselfde vergadering[70] is wysiginge aan die Bantoewoongebied Regulasies bespreek en dit wil voorkom of dit die rede was vir die aanwesigheid van genoemde senior amptenare van die Departement van Bantoesake.

Dit is eers in Oktober van dieselfde jaar dat daar in die notules 'n verduideliking van die funksies van die verskillende komitees van die raad aangetref word. In 'n verslag van die Algemenedoeleindes-komitee[71] het die Bantoedorpsbestuurder verduidelik wat die funksies van die komitees is:

---

68. Ibid.

69. Volgens die notule was op die vergadering teenwoordig - die Direkteur, Adjunk-direkteur, Bantoedorpsbestuurder en Assistent-Bantoedorpsbestuurder.

70. Ibid.

71. Verslag van die Algemenedoeleindes-komitee, 27 Oktober 1964, Item 6.

> „He pointed out that in view of the fact that some of the councillors did not seem to know exactly what their duties were, *he and the Director have agreed (sic) that committees be dropped and only the General Purposes Committee should function.* This change does not however deprive councillors of their different duties, but would report directly to the meeting of the General Purposes Committee without having to hold official junior committee meetings." (Eie kursivering).

Na 'n uitvoerige bespreking van die aangeleentheid is dienooreenkomstig by die Stedelike Bantoeraad aanbeveel

Op die volgende raadsvergadering[72] het die raad egter besluit om die aangeleentheid na die Algemenedoeleindes-komitee vir heroorweging terug te verwys. Hierdie besluit kom enigsins vreemd voor aangesien dit dieselfde persone is wat op albei liggame dien. Ook is die twee besluite binne 'n week van mekaar geneem. Dit is moontlik dat die Stedelike Bantoeraad sy besluit gegrond het op nuwe inligting wat tot sy beskikking gekom het, maar as dit die geval is, is dit nie genotuleer nie. Dit is natuurlik volkome binne die bevoegdheid van die raad om enige aanbeveling van sy komitees te hersien of selfs te verwerp.

Ten spyte van hierdie besluit van die raad kon geen verdere verwysing in die daaropvolgende notules van óf die Stedelike Bantoeraad óf die Algemenedoeleindes-komitee gevind word of die saak weer heroorweeg is, al dan nie. Uit die notules blyk dit dat die komitees voortgegaan het om te funksioneer soos hulle deur die Reglement van Orde ingestel is. (Kyk verderaan).

Wat hier veral van belang is, is die feit dat etlike maande moes verloop voordat die doel en funksies van die komiteestelsel aan die raad verduidelik is. Waarom? Die antwoord op hierdie vraag raak die kern van die hele vraagstuk. By die bespreking van die funksionering van die komitees verderaan in die hoofstuk sal weer hierop teruggekom word.

'n Verdere voorbeeld van die onsekerheid en

---

72. Notule van die Stedelike Bantoeraad, 3 November 1964. Item 6 (iv).

onduidelikheid aangaande die funksies van die Stedelike Bantoeraad, is te sien in die eerste Jaarverslag van die Voorsitter aan die raad.[73]

Onder die opskrif *Powers* haal hy Art. 4 van die *Wet op Stedelike Bantoerade*, 1961 volledig aan sonder enige verduideliking of interpretasie daarvan asof *al* die funksies wat daarin genoem word aan die raad verleen is!

Daarna volg in die Jaarverslag 'n uiteensetting van die verskillende komitees van die raad met die funksies wat aan elk opgedra is. Daar is egter geen aanduiding of verslag van die wyse waarop die komitees in die verslagjaar hul werksaamhede behartig het nie.

Die volgende opskrif in die Jaarverslag heet *Activities* en hier sê die Voorsitter:[74]

> „Your Council's various committees have concerned themselves with many matters of importance, only some of which could briefly be referred to and most of which are in the planning stages."

Die meeste van die bedrywighede wat daarna genoem word, is sake wat deur die Departement Bantoesake self onderneem is en slegs vir kennisname aan die raad gerapporteer is. Die belangrikste aangeleenthede wat deur die raad self aangevoer is, is die installering van spoellatrines by die sportstadion en die geboortebeplanningskliniek.

Die volgende stap om groter duidelikheid in verband met die funksies van die raad te kry het in Junie 1964 gekom. In die sakelys van die Stedelike Bantoeraad vir sy gewone vergadering van 2 Julie 1964 verskyn die volgende item:

> „Die Stadsraad het sekere bevoegdhede vir die Stedelike Bantoeraad goedgekeur onderhewig aan die goedkeuring van die Administrateur en die Minister van Bantoeadministrasie en -ontwikkeling. Sodra genoemde goedkeuring ontvang is, sal volle besonderhede aan die Stedelike Bantoeraad verstrek word."

---

73. *Annual Report of the Chairman, Cr. J.R. Ngake, for the period ending October 1964.*

74. Ibid.,

Hierdie sakelys is op 27 Mei 1964 opgestel. Op 'n vergadering van die Algemenedoeleindes-komitee wat op 26 Mei 1964 gehou is, het die Voorsitter van die vergadering kennis gegee van bogenoemde vertoë van die stedelike plaaslike bestuur aan die Administrateur en die Minister.

> „As soon as they have been published in the Provincial Gazette they would be made known to us *to take and use.*"[75]

In die reeds aangehaalde Jaarverslag sê die Voorsitter verder:[76]

> „We are awaiting the approval of certain powers which are to be granted to us but we are aware of the tremendous responsibilities associated therewith (sic) and although we are keen to know what responsibilities such powers will entail, we nevertheless are prepared to wait for the final decisions in this regard. In the expression of our appreciation for what has been done for us, for what we have, and for what can see we are going to get, we are at a complete loss to where we should begin."

Hierdie woorde is geskryf 'n volle jaar nadat die raad ingestel is en vyf maande nadat die Algemenedoeleindes-komitee kennis ontvang het dat vertoë tot die Minister gerig is vir die verlening van bepaalde funksies aan die raad.

Om terug te keer tot die vergadering van die Algemenedoeleindes-komitee van 27 Mei 1964. Die verslag van hierdie vergadering is op die daaropvolgende vergadering van die Stedelike Bantoeraad (2 Junie 1964) sonder bespreking aanvaar.

Geen verdere verwysing na die vertoë van die stedelike plaaslike bestuur het daarna in die notules van die Stedelike Bantoeraad of enige van sy komitees voorgekom voor Oktober 1965 nie.[77] In die verslag van die

---

75. Notule van die Algemenedoeleindes-komitee, 26 Mei 1964, Item 6.

76. *Annual Report* ... p.9.

77. Die item verskyn in die sakelys van die Algemenedoeleindes-komitee soos volg:

Algemenedoeleindes-komitee van 7 Oktober 1965 verskyn die volgende item:

> „The Chairman explained that powers, functions and duties have been given to the Urban Bantu Council. In view of the fact that the Director was unfortunately not in to explain them to the meeting, the General Purposes Committee meeting, on the proposal of Mr. Sebolai, seconded by Mr. Leutluileng, resolved to note them."78

Op die vergadering van die Stedelike Bantoeraad van 21 Oktober 1965 is hierdie verslag van die Algemendoeleindes-komitee sonder enige vrae of bespreking aanvaar.

Hier is dus weer 'n geval, net soos in die geval van die Reglement van Orde, dat 'n aangeleentheid wat die wese van die Stedelike Bantoeraad se werksaamhede raak, sonder enige bespreking of vrae deur die raad aanvaar is. Ook is hier weer eens sprake van 'n relatief minder belangrike aangeleentheid wat voorkeur op die vergadering geniet het. In genoemde verslag van die Algemenedoeleindes-komitee is riglyne neergelê wat by die toekenning van beurse gevolg moet word. Dit is dan ook deur die raad by die stedelike plaaslike bestuur vir goedkeuring aanbeveel. Weer eens moet dit beklemtoon word dat hierdie opmerkings gebaseer is op die korrektheid van die notule.

Op 'n spesiale vergadering van die Algemendoeleindes-komitee, gehou op 24 Februarie 1966 het die

---

> „The following letter was received from the Secretary of Bantu Administration and Development:
>
> „1. *Sy Edele die Minister, het in oorlegpleging met* die *Administrateur*, die funksies, magte en pligte van die Welkomse Bantoeraad, soos uiteengesit in die Bylae tot die Stadsklerk, Welkom se brief van *1 Februarie 1965, goedgekeur, onderhewig aan die voorwaardes soos in vermelde bylae aangedui.*
>
> 2. Geliewe die plaaslike bestuur te versoek om hierdie kantoor na ses maande en daarna oor 'n verdere ses maande in te lig oor hoe die Stedelike Bantoeraad funksioneer met die vermeerderde bevoegdhede (sic) en hoe bevredigend die nuwe prosedure verloop."

78. Verslag van die Algemendedoeleindes-komitee, 7 Oktober 1965, Item 5.

Bantoedorpsbestuurder 'n memorandum voorgelê waarin die funksies van die Stedelike Bantoeraad uiteengesit is.[79]

Ook is 'n memorandum deur die Voorsitter van die Stedelike Bantoeraad aan die vergadering voorgelê waarin hy sekere wysigings aan die Reglement van Orde voorgestel het, 'n organisasieskema vir die uitvoering van die raad se funksies en in die laaste plek die verdeling van die funksies van die raad (volgens die skema van die Bantoedorpsbestuurder) tussen die verskillende komitees.[80] Hierdie feit versterk die vermoede dat die Bantoedorpsbestuurder 'n aansienlike aandeel in die opstel van die Voorsitter se memorandum gehad het.

Op die vergadering van die Algemenedoeleindes-komitee is die twee memoranda item vir item deur die vergadering bespreek.[81] Benewens die raadslede het 'n aantal senior amptenare ook die vergadering bygewoon.[82] Uit die notule blyk dit nie dat enige een van hulle aan die besprekings deelgeneem het nie. Veral die Klerk van die Raad en die Stadstesourier kon 'n belangrike bydrae gelewer het om die doel met en die funksies van die komiteestelsel aan die raadslede te verduidelik. Die Direkteur van Bantoesake en die Bantoedorpsbestuurder het wel op enkele van die besprekingspunte geantwoord, maar 'n persoon soos die Klerk van die Raad met sy intieme kennis van plaaslike bestuursaangeleenthede (of liewers wat hy behoort te hê) kon tog sekerlik

---

79. Agenda van 'n gewone Vergadering van die Algemenedoeleindes-komitee, 24 Februarie 1966 - die geheel. Die agenda van hierdie vergaderings, en dele van die verslag daarvan aan die Stedelike Bantoeraad word in Bylae 8 weergegee. (Let daarop dat volgens die agenda was dit 'n gewone vergadering van die Algemenedoeleindes-komitee, maar volgens die verslag 'n spesiale vergadering).

80. Ibid. Op 'n vergadering van die Stedelike Bantoeraad, gehou op 17 Maart 1966, is die notule van hierdie Spesiale Vergadering van die Algemenedoeleindes-komitee sonder verdere bespreking aanvaar en bekragtig (kyk Notule, item 2(b)).

81. Die inhoud van die Bantoedorpsbestuurder se memorandum is reeds in Afdeling 3 hierbo bespreek.

82. Die Stadstesourier, die Klerk van die Raad, die Elektriese en Meganiese Ingenieur, en die Stadsingenieur.

'n aansienlike bydrae gelewer het in die opvoeding van raadslede in die wese van plaaslike bestuur. Die memorandum van die Voorsitter sal in die volgende afdeling onder elke komitee, waar toepaslik bygewerk word.

## 4.5. DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE KOMITEES VAN DIE STEDELIKE BANTOERAAD

### 4.5.1. INLEIDING

In die vorige hoofstuk (Afdeling 1.2.3.) is daarop gewys dat daar in die *Wet op Stedelike Bantoerade*, 1961 voorsiening gemaak word dat 'n Stedelike Bantoeraad een of meer komitees kan saamstel om hom in die uitvoering van sy funksies by te staan. Die onderhawige bepaling lui:

> „'n Stedelike Bantoeraad is bevoeg om .... voorsiening te maak vir .... die uitoefening van sy bevoegdhede of die verrigting van sy funksies of pligte waarvoor hy dit raadsaam ag om voorsiening te maak, met inbegrip van voorsiening vir die delegering van uitvoerende bevoegdhede aan 'n komitee van so 'n raad of 'n Bantoe deur hom aangewys."[83]

Ingevolge hierdie bepaling kan die Stedelike Bantoeraad 'n komitee(s) aanstel om hom met die uitvoering van sy funksies behulpsaam te wees. Dit is dan ook wel in die geval van Welkom en ander Stedelike Bantoerade gedoen.[84]

Die komiteestelsel wat deur Stedelike Bantoerade gebruik word, word as die meervoudige komiteestelsel getipeer en word nie alleen in Suid-Afrika en Brittanje nie, maar ook in ander dele van die wêreld vry algemeen gebruik. In Suid-Afrika word ook van die bestuurskomiteestelsel gebruik gemaak, maar dit val buite die bestek van hierdie bespreking.

---

83. Art. 4(2)(f).

84. Volgens inligting wat van Stedelike plaaslike besture waar Stedelike Bantoerade reeds ingestel is, verkry is, maak twaalf van die komiteestelsel gebruik, sewe nie en in die geval van een Stedelike Bantoeraad (Bloemfontein) word van die ad hoc-komiteestelsel gebruik gemaak, bv. vir die toekenning van winkels, beurse, ens.

Wat word bedoel as daar van die komiteestelsel gepraat word?

Lewin[85] gebruik 'n baie bondige definisie en sê 'n komitee is

> „a person or persons to whom powers are committed which would otherwise be exercised by another body."

Hierdie definisie is egter te algemeen en gee nie die presiese doel met of die karakter van die komiteestelsel, soos in die plaaslike bestuursopset gebruik word, aan nie. Dit gee ook nie 'n aanduiding hoe hy daardie funksies wat hom verleen is, moet hanteer nie. Is die komitee outonoom of is die besluite wat hy neem onderworpe aan die bekragtiging deur die liggaam (of persoon) wat daardie bevoegdhede aan hom verleen het?

Om hierdie rede is die definisie van Wheare[86] baie suiwerder, omdat hy die bogenoemde besware ondervang. Volgens hom is 'n komitee

> „a body to which some task has been referred or committed by some other person or body. It may be asked or required or permitted to carry out this task. But that is not all. *The notion of a committee carries with it the idea of a body being in some manner or degree responsible or subordinate or answerable in the last resort to the body or person who set up or committed a power or duty to it.* There is inherent in the notion of a committee some idea of dependent status, in form at least; it lacks original jurisdiction. It acts on behalf of or with responsibility to another body." (Eie kursivering).

Die gekursiveerde gedeelte raak die kern van die komiteestelsel, naamlik dat dit ondergeskik bly aan die liggaam wat dit ingestel het, en bepaalde funksies aan hom verleen het. Dit het geen onafhanklike status nie, maar is vir sy lewensduur van die moederliggaam afhanklik. Indien die moederliggaam van mening is dat die uitvoering van 'n

---

85. Lewin, op. cit., p.120.

86. Wheare, K.C., *Government by committee*. pp.5-6, aangehaal deur Humes en Martin, op. cit., p.93.

bepaalde funksie nie die bestaan van 'n afsonderlike komitee regverdig nie, kan hy die komitee ontbind. Ook kan dit twee of meer komitees saamvoeg, ensovoorts.

Verskeie faktore het tot die ontstaan van die komiteestelsel aanleiding gegee, waarvan die volgende die belangrikstes is.

In die eerste plek word dit deur plaaslike besture gebruik om die werkslas tydens vergadering te verlig.

> „A heavy work load for the council may be the result not only of a large number of activities being devolved to the council but also of the manner in which the council exercises its authority either in determining overall policy objectives or in deciding more routine matters concerning work of the staff, or both."[87]

Tweedens gee die komiteestelsel raadslede geleentheid om in aangeleenthede te spesialiseer waarin hulle belangstel.

Derdens is die prosedure op komiteevergaderings baie informeel en gee geleentheid dat aangeleenthede baie meer sorgvuldig behandel kan word as op gewone raadsvergaderings waar tyd gewoonlik 'n faktor is, vanweë lywige sakelyste. Ook het lede van die publiek en pers nie toegang tot komiteevergaderings, soos in die geval van gewone raadsvergaderings nie, en het komiteelede dus veel meer vrymoedigheid om hul standpunt oor 'n bepaalde aangeleentheid te stel.

Vierdens kan genoem word dat die grootte van sommige plaaslike besture (vgl. bv. die grootte van 'n provinsiale raad) 'n belemmering is vir konstruktiewe besprekings.

Die bestaan van 'n komitee word bepaal deur die werksaamhede van die plaaslike bestuursliggaam en in sommige gevalle ook 'n bepaalde geografiese gebied. Die oorgrote meerderheid van komitees word egter ingestel om 'n bepaalde aspek van die werksaamhede van die plaaslike bestuur te

---

87. Humes en Martin, op. cit., p.94.

behartig, soos bv. Paaie en Werke, Openbare Gesondheid, Bantoesake, ens. Hier word 'n onderskeid getref tussen horisontale en vertikale komitees. 'n Horisontale komitee is 'n komitee wie se werksaamhede heensny deur die werksaamhede van ander komitees. 'n Voorbeeld van 'n horisontale komitee is die Finansieskomitee of Personeelkomitee, omdat hulle werksaamhede dié van al die ander komitees van die plaaslike bestuur raak.

'n Vertikale komitee se werksaamhede, daarenteen, raak net een bepaalde faset van die werksaamhede van die plaaslike bestuur, soos bv. Gesondheid, Bantoesake, ens. Aangesien in groot plaaslike besture hierdie organisasievorm dikwels baie lomp kan word,[88] is daar 'n Koördinerendekomitee ingestel om die werksaamhede van die verskillende komitees te koördineer.

Die grootte van die onderskeie komitees word deur die grootte van die plaaslike bestuur en die omvang van sy werksaamhede bepaal.

Daar is verskeie besware teen die meervoudige komiteestelsel waarvan die volgende van die belangrikste is.[89]

a. In die komiteestelsel word die beginsel van politieke oppergesag sover gevoer dat raadslede

> „nie slegs die funksie van bepaling van die openbare behoeftes het nie maar ook direkte beheer oor uitvoerende handeling."

Dit kan daarom maklik lei tot die uitvoering van politieke druk op amptenare.

b. Die bepaling van beleid is versnipper tussen 'n veelvuldigheid van komitees, wat die uitoefening van beheer bemoeilik.

---

88. Dit was een van die redes wat gelei het tot die invoering van die Bestuurskomiteestelsel, die bespreking waarvan egter buite hierdie verhandeling val.

89. Die volgende is verkry uit Studieboek 2, *Munisipale en Landelike Administrasie* van die Universiteit van Suid-Afrika, opgestel deur Prof. B.J. Roux en is hier met erkenning geraadpleeg.

c. Dit lei daartoe dat omdat gesag nie gekonsentreerd is nie die werksaamhede van die verskillende komitees baie moeilik gekoördineer kan word, wat die gevaar van duplikasie inhou. Ook kan een persoon baie moeilik verantwoordelik gehou word wat kan lei dat verantwoordelikheid vir 'n bepaalde optrede maklik op 'n volgende afgeskuif kan word.

d. As gevolg van hierdie verdeeldheid in beheer en verantwoordelikheid kan wanpraktyke deur amptenare en/of raadslede maklik verdoesel word.

Teen hierdie breë uiteensetting van die komiteestelsel kan die funksionering van die verskillende komitees van die Stedelike Bantoeraad nou bespreek word.

In die Reglement van Orde word voorsiening vir die instelling van ses komitees gemaak, nl. die Sport- en Ontspanningskomitee, die Sosiale-welsynskomitee, die Publiekewerke-komitee, die Vervoer- en Lisensiekomitee, die Algemenedoeleindes-komitee, en die Komitee van Voorsitters. Die Reglement van Orde bepaal verder dat die Algemenedoeleindes-komitee uit al die lede van die Stedelike Bantoeraad sal bestaan, en die ander vier komitees elk uit 'n minimum van drie lede. Die komitee van Voorsitters moes bestaan het uit die Voorsitter van die Stedelike Bantoeraad, die Onder-Voorsitter en die voorsitters van die ander komitees. Sy funksies was om ingevolge die reeds aangehaalde art. 4(2)(f) van die wet as 'n uitvoerende komitee te funksioneer, of soos die Reglement van Orde dit stel[90]

> "... shall carry out any executive powers expressly delegated to it by the Council and shall be empowered in cases of urgency to deal with any matter falling under the purview of any other standing committee."

In die notules van die Stedelike Bantoeraad kon slegs 'n enkele verwysing na 'n vergadering van hierdie komitee

---

90. Reglement van Orde, p.3. kyk Bylae 7.

gevind word. Daarna is hierdie komitee se funksies deur die Algemenedoeleindes-komitee behartig (kyk verderaan) en om hierdie rede sal hierdie komitee nie verderaan bespreek word nie.

In die beoordeling van die wyse waarop die verskillende komitees hul funksies uitgevoer het, moet die volgende in gedagte gehou word.

In die Reglement van Orde is daar geen duidelike uiteensetting van die komitees se funksies nie. In die lig van die voorwaardes wat deur die Minister by elke funksie wat aan die Stedelike Bantoeraad verleen is, gevoeg is,[91] kan aangeneem word dat die komitees se funksie met betrekking tot die verskillende items wat onder elkeen in die Reglement van Orde gelys word, slegs sover strek as die verleen van advies daaromtrent.

Ook is daar reeds daarop gewys dat geen riglyne aan enige van die komitees gegee is oor die wyse waarop hulle hul funksies moet verrig nie. Geen aanduiding hiervan kon in óf die notules van die komitees self, óf die van die Stedelike Bantoeraad hieromtrent gevind word nie. In die lig van die feit dat die helfte van die raadslede nie tevore op die Adviserende Naturellekomitee gedien het nie, en ook dat dit aan raadslede voorgehou is, dat hulle hier met 'n nuwe bedeling te doen het, sou verwag kon word dat hulle duidelike instruksies hieromtrent sou ontvang. Weliswaar het die Bantoedorpsbestuurder die komiteestelsel in die algemeen aan raadslede verduidelik,[92] maar uit notules en uit waarneming het dit geensins geblyk dat enige een van hulle enige begrip hiervan het nie. Slegs twee of drie raadslede kon op navraag bevestigend antwoord op die vraag of hulle die *Wet op Stedelike Bantoerade*, 1961, die regulasies ten opsigte van Welkom daarvolgens uitgevaardig, die Reglement van Orde of die regulasies wat op die

---

91. Cf. Afdeling 4.3.

92. Verslag Algemenedoeleindes-komitee, 27 Oktober 1964, Item 6.

Bantoewoongebied van toepassing is, bestudeer het. Uit algemene waarneming kan selfs hierdie feit bevraagteken word.

Dit is ook onduidelik op welke wyse hierdie funksies aan die komitees verleen is. Die enigste uitsondering hierop is die oorweeg van aansoeke vir die gebruik van die gemeenskapsaal - 'n funksie wat aan die Sport- en Ontspanningskomitee opgedra is, wat eksplisiet aandui wat die komitee moet doen.

'n Voorbeeld van hierdie onduidelikheid in verband met die verleen van funksies, is die volgende: Een van die funksies wat aan Sport- en Ontspanningskomitee verleen is, lees

> „Die beplanning en administrasie van gemeenskapsorganisasie."

Hierna volg in die Reglement van Orde voorbeelde soos die gemeenskapsentrum, sport-gronde en -fasiliteite, ens. Onmiddellik is die vraag dan dat daar tog sekerlik 'n verskil is tussen gemeenskaps*organisasie* en die *daarstelling* van die fasiliteite waarin sport en kulturele bedrywighede beoefen moet word? Die fisiese daarstelling van die geboue benodig vir die beoefening van sport, ens. ressorteer tog sekerlik by die Publiekewerke-komitee wat 'n horisontale komitee is terwyl gemeenskapsorganisasie wat 'n beperkte faset van die funksies van die Stedelike Bantoeraad is by die vertikale komitee - die Sport- en Ontspanningskomitee berus.

Die volgorde moet tog wees dat die Sport- en Ontspanningskomitee die behoefte moet bepaal, waarna die Publiekewerke-komitee die gerief moet verskaf wat benodig word. Dieselfde kan gesê word in verband met kinderspeelparke, 'n kinderbewaarskool, ens.

Hoewel die stedelike plaaslike bestuur die funksies

van die verskillende komitees nader omskryf het,[93] is hierdie omskrywing nie in die Reglement van Orde opgeneem nie. Die Reglement van Orde gee nog presies dieselfde funksies vir elke komitee soos dit in 1964 goedgekeur is. Ook kon geen verwysing[94] opgespoor word waarvolgens die Minister die funksies aan die Stedelike Bantoeraad verleen het nie.

### 4.5.2. *DIE SPORT- EN ONTSPANNINGSKOMITEE*

Die funksies wat aan hierdie komitee deur die stedelike plaaslike bestuur gedelegeer is, is die volgende:

a. Die oorweeg van aansoeke vir die gebruik van die gemeenskapsaal. (Hierdie funksie is onder beskermingsdienste geklassifiseer (kyk Afdeling 4.3.2));

b. gesinsorg, bv. huweliksprobleme, sedelike gedrag, buite-egtelike verhoudings, kindersorg, bewaarskole, ens.; en

c. gemeenskapsorganisasie, bv. die gemeenskapsentrum en sportgronde en -fasiliteite.

Albei hierdie funksies val onder Welsynsdienste, kategorie Persoonlike Welsynsdienste (kyk Afdeling 3).

Dit is nie duidelik waarom die funksie in b. genoem, aan hierdie komitee opgedra is nie. In die lys wat daar genoem word, is die bewaarskool spesiaal uitgehaal as synde 'n funksie van hierdie komitee. Dit hoort veel eerder onder die funksies wat aan die Sosialewelsynskomitee verleen is, te ressorteer.

Verder word ook die volgende onder die komitee in die Reglement van Orde gelys, maar dit is nie duidelik wat die komitee se funksies in hierdie verband is nie. Die Reglement bepaal slegs:

> „The duties and functions of the Sport and Entertainment Committee shall be to deal with the following matters:"

---

93. Kyk voetnoot 48.

94. In die sin van 'n brief of ander amptelike dokument waarna verwys kan word.

Daarna volg die volgende lys:

a. Gemeenskapsentrum
b. Bewaarskool
c. Sportfasiliteite
d. Swembad
e. Speelparke vir kinders
f. Kulturele bedrywighede soos stamdanse, tuisnywerhede, ens.

Hoe moet die komitee hierdie funksie hanteer? Is dit in 'n beherende hoedanigheid of moet die komitee self die inisiatief neem in verband met die organisering van sport, kulturele bedrywighede, ens. Indien daar 'n swembad in Thabong was (daar is nie een nie) is die komitee dan verantwoordelik vir die opstel van die reëls vir die gebruik van die bad? Indien wel, moet hy dan die gebruik van die bad ook effektief beheer, bv. deur die aanstel van opsigters en skoonmakers? In wie se diens is hierdie personeel dan? In die diens van die Stedelike Bantoeraad of van die stedelike plaaslike bestuur? As hulle in diens is van die Stedelike Bantoeraad, waarmee moet hulle besoldig word? So kan 'n mens voortgaan om vrae oor elk van die ander aangeleenthede in a - f genoem, te stel.

Dit is teen hierdie agtergrond dat die funksionering van die komitee beoordeel moet word.

Die komitee het sy eerste vergadering op 12 Mei 1964 gehou, d.w.s. binne 'n maand nadat die Reglement van Orde goedgekeur is. Die laaste notule van 'n vergadering van hierdie komitee is gedateer 9 November 1967 waarna dit skynbaar opgehou het om te funksioneer, aangesien geen verdere verwysing na die komitee in die notules van òf die Algemene-doeleindes-komitee òf die Stedelike Bantoeraad self gevind kan word nie.[95]

---

95. Die gebruik op Welkom is om al die stukke van 'n vergadering van die Stedelike Bantoeraad aan die sakelys te heg; met ander woorde al die verslae van die Stedelike Bantoekomitees tesame met ander stukke wat op die sakelys betrekking het.

Tussen 30 Mei 1967 en 9 November 1967 is geen vergaderings van die komitee gehou nie. Die vergadering van 9 November 1967 was die eerste vergadering nadat die komitee hersaamgestel is vir die tydperk 1967/68. Daarna is geen verdere verslag in die stukke van die Stedelike Bantoeraad van hierdie komitee gevind nie en moet tot die gevolgtrekking gekom word dat die komitee nie meer funksioneer nie. Ten spyte hiervan is daar vir die tydperke 1968/69 en 1969/70 wel Sport- en Ontspanningskomitees saamgestel. Dit is nie duidelik met watter doel dit gedoen is nie, omdat die Algemenedoeleindes-komitee die funksies van die komitee oorgeneem het soos ook verderaan sal blyk.

In die tydperk waarin die komitee wel gefunksioneer het, is 37 vergaderings gehou. Op elf van hierdie vergaderings (± 30%), was daar volgens die verslae van die vergaderings, geen aangeleenthede vir bespreking nie. Nietemin het die komitee tog byeengekom. Ook is hierdie vergaderings gereeld aan die Algemenedoeleindes-komitee gerapporteer in wie se verslae aan die Stedelike Bantoeraad dit dan ook opgeneem is.

Daar was egter etlike gevalle waar die komitee op hierdie wyse vergader het, wat daar dan in die sakelys en notule van die daaropvolgende vergadering van die Algemenedoeleindes-komitee en/of Stedelike Bantoeraad aangeleenthede verskyn het, wat eers voor die komitee behoort te gedien het.

In die tydperk wat die komitee wel gefunksioneer het, is verskeie aangeleenthede binne die bestek van sy funksies deur hom ondersoek en daaromtrent aan die Algemenedoeleindes-komitee verslag gedoen.

Een van die komitee se heel eerste versoeke was dat die Stedelike Bantoeraad die stedelike plaaslike bestuur moes versoek om 'n toer na ander stedelike sentra te reël, sodat die komitee 'n aanduiding kan kry hoe hulle hul gemeenskapsentrums ingerig het. Ook het die komitee die volgende aangeleenthede ondersoek: Speelparke vir kinders, 'n atletiekbaan, 'n swembad en die stigting van 'n dorpskoor.

Verder het die komitee verskeie aansoeke om die gebruik van die gemeenskapsaal oorweeg en die reëlings vir die onthaal van verskeie groepe besoekers behartig.

Ten einde die wyse waarop die komitee sy funksies behartig het, mooi te illustreer, sal die versoek om die toer en die behartiging van die aansoeke vir die gebruik van die gemeenskapsaal in meer besonderhede behandel word.

*a. Toer na ander Stedelike Sentra*

Op die heel eerste vergadering van die komitee, op 12 Mei 1964, het die komitee besluit om die Stedelike Bantoeraad te versoek

> "..... (to) explore the possibilities to send a group of councillors *to various places in the Republic which have social centres to copy new methods and models of such centres.*" (Eie kursivering).

Hierdie aanbeveling is deur die Algemenedoeleindeskomitee op 26/5/64 aanvaar vir aanbeveling deur die volle raad.

Op die vergadering van 20 Julie 1964 het die Voorsitter gerapporteer dat hy die aangeleentheid met die Bantoedorpsbestuurder bespreek het wat hom aangeraai het dat die komitee 'n reisplan vir 'n dergelike toer moet voorlê.

Hierop het die komitee toe aanbeveel dat Potchefstroom, Germiston en Daveyton besoek moet word en dat van die senior amptenare van die Departement van Bantoesake die toer moet vergesel. Die Algemenedoeleindes-komitee het die aanbeveling aanvaar (28/7/64) en ook nog Brakpan by die lys bygevoeg. Die Stedelike Bantoeraad het op sy vergadering op 4 Augustus 1964 besluit om hierdie aanbeveling te steun.

Daar verskyn niks verder in die notules i.v.m. hierdie toer nie. In die Jaarverslag van die Voorsitter van die Stedelike Bantoeraad vir 1963/1964[96] verskyn egter die

96. Urban Bantu Council, Welkom, *Annual Report of the Chairman, Cr. J.R. Ngake, for the period ending October, 1964, p.8.*

volgende opmerking:

> „We have received approval of our Town Council to proceed on a tour of other towns to see what we are able to learn or what they can teach us but we now understand that we may be advised to alter our plans and visit the Bantu Homelands instead."

('n Dergelike toer het dan ook op 1 en 2 Oktober 1965 plaasgevind). Hierop net die volgende aanmerkinge:

i. Hierdie aanbeveling van die stedelike plaaslike bestuur het nooit voor die komitee gedien nie.

ii. Die aanbeveling van die stedelike plaaslike bestuur mis die hele doel van die voorgestelde toer. Die doel met die oorspronklike voorstel (alhoewel miskien nie duidelik genoeg geformuleer nie) was om feitekennis aangaande die inrigting van 'n gemeenskapsentrum asook gemeenskapsorganisasie in te samel ten einde die komitee te help met die opstel van sy eie planne. Dit is 'n algemene gebruik onder plaaslike besture om 'n dergelike feitesending uit te stuur (dikwels oorsee) veral wanneer groot kapitale projekte aangepak word. (Vgl. die feitesending wat deur die Stadsraad van Johannesburg oorsee gestuur is om 'n studie van vervoerstelsels in metropolitaanse gebiede oorsee te maak).

iii. Die toer na die Bantoetuislande is nie sinoniem met die tipe toer hierbo in punt ii. genoem nie. Die doel met die twee toere is totaal verskillend. 'n Toer na die Bantoetuislande kon hoogstens aan raadslede 'n indruk gegee het van die ontwikkeling wat daar plaasvind, maar nie die gespesialiseerde kennis omtrent die oprigting van 'n gemeenskapsentrum nie omdat daar in daardie gebiede voorasnog nog nie sodanige fasiliteite bestaan nie.

iv. Geen aanduidings kon in die notules gevind word dat by die komitee aangedring is op 'n vorderingsverslag nie of dat die komitee navraag gedoen het waarom daar nie uitvoering aan sy voorstel gegee is nie.

v. Die komitee self het nie sy voorstel behoorlik geformuleer nie, en ook nie duidelik gemotiveer wat die doel daarmee was nie. Dit moet egter in gedagte gehou word dat

dit die heel eerste vergadering van die komitee was. Met 'n bietjie onderrig en leiding van die kant van die amptenare kon die komitee sy taak uit die staanspoor uit veel beter aangepak het.

*b. Aansoek om die gebruik van die gemeenskapsaal*

Die eerste keer dat die komitee aansoeke vir die gebruik van die gemeenskapsaal oorweeg het, was op 'n vergadering gehou op 24 Maart 1966.

Twee aansoeke is ontvang: Een van 'n gewone lid van die publiek en een van 'n kerk vir die hou van eredienste. Die eerste aansoek beveel die komitee aan, maar voeg by

> „... the Chairman was advised to seek the Township Manager for further explanation." (?)

Die tweede aansoek het die komitee afgekeur omdat die saal slegs vir sport en ontspanning bedoel is, maar weer eens die opmerking:

> „The Chairman was however advised to discuss the matter with the Township Manager."

Die Algemenedoeleindes-komitee het die aanbevelings in verband met die aansoeke gesteun, maar ook aanbeveel dat die afhandeling van verdere aansoeke vir die gebruik van die gemeenskapsaal aan die Sekretaris van die Stedelike Bantoeraad gedelegeer word vir onmiddellikke afhandeling.

Nietemin het die komitee tot aan die einde van daardie jaar (1966) voortgegaan om aansoeke vir die gebruik van die saal af te handel.

Hieroor net die volgende aanmerkinge:

i. Die Sekretaris het nie sy 'huiswerk' behoorlik gedoen nie. Dit is sy plig om alle ter saaklike inligting in verband met aangeleenthede wat voor enige van die komitees gaan dien, by die vergadering van 'n komitee voor te lê, ten einde die neem van 'n besluit daaromtrent te vergemaklik. Kon hy hierdie inligting nie betyds vir 'n vergadering bekom nie, sou die aangewese weg wees om die

Bantoedorpsbestuurder na die vergadering uit te nooi (soos dikwels dan ook gedoen is).

ii. Dit is heeltemal in ooreenstemming met plaaslike bestuursprosedure dat bevoegdhede van die plaaslike bestuur (ineen dan ook van enige van die komitees van so 'n plaaslike bestuur) aan 'n amptenaar van die plaaslike bestuur gedelegeer word. Normaalweg gaan 'n aanbeveling tot delegasie van die plaaslike bestuur (of die betrokke komitee) uit. Alvorens 'n plaaslike bestuur (of komitee) tot so 'n stap sal oorgaan sal hy sekere riglyne neerlê waarvolgens 'n dergelike amptenaar die bevoegdheid behoort te hanteer. Dit word dan verwag dat die betrokke amptenaar gereeld aan die plaaslike bestuur (komitee) verslag sal doen oor die wyse waarop hy die bevoegdheid hanteer het. Dieselfde geld in hierdie geval. Die komitee kon hierdie bevoegdheid aan die Sekretaris gedelegeer het, maar dit sou impliseer dat die Sekretaris gereeld aan die komitee verslag doen oor sy hantering van aansoeke. Ook moes die komitee behoorlike riglyne vir die Sekretaris neergelê het vir die afhandeling van aansoeke. Beginselgevalle behoort egter na die komitee self verwys te word vir beslissing en afhandeling.

### 4.5.3. DIE SOSIALE-WELSYNSKOMITEE

Die funksies wat deur die stedelike plaaslike bestuur aan hierdie komitee gedelegeer is, is die volgende:

> „Versorging van die individu, bv. oues van dae, liggaamlik en geestelik gestremdes, armlastiges, ens."

Hierdie funksie val onder die klas welsynsdienste, kategorie, persoonlike welsynsdienste.

Verder word ook nog die volgende onder die komitee in die Reglement van Orde gelys. Die Reglement bepaal:

> „The duties and functions of the Social Welfare Committee shall be to deal with the following matters:"

Daarop volg dan die volgende lys:

a. Gesinsorg;
b. kinderwelsyn;
c. geestesgesondheid;
d. bloedoortapping;
e. kreupelsorg;
f. klinieke en gesondheidsdienste; en
g. welsynsorganisasies.

In die beoordeling van die wyse waarop die komitee sy funksies behartig het moet die volgende in aanmerking geneem word:

a. Die wyse waarop die funksies deur die plaaslike bestuur omskryf is, sluit in al die aangeleenthede wat in bogenoemde lys genoem word.

b. Vir die uitoefening van hierdie funksies het die Minister sekere voorwaardes neergelê wat o.m. die volgende insluit:

i. Die Stedelike Bantoeraad moet volle verantwoordelikheid vir die uitgawes aanvaar wat voortspruit uit die lewering van hierdie dienste.

ii. Uitgawes mag nie die bronne van inkomste en beskikbare fondse oorskry nie.

iii. Die raad moet vir die uitoefening van sy funksies gebruik maak van behoorlik gekwalifiseerde Bantoepersoneel. Hy kan ook van Blanke personeel gebruik maak, maar dié bly onderhewig aan die toesig en beheer van die stedelike plaaslike bestuur.

iv. Al die personeel verbonde aan die uitvoering van bogenoemde bly onder die gespesialiseerde toesig en leiding van die stedelike plaaslike bestuur.

v. In laasgenoemde geval vorm die personeel en administrasie vir administratiewe doeleindes 'n eenheid.

c. Ten spyte van bogenoemde duidelike instruksies, is, sover vasgestel kon word, nooit uitvoering daaraan gegee nie.

Die Sosiale-welsynskomitee het sy eerste vergadering

op 19 Mei 1964 gehou en van al die komitees van die Stedelike Bantoeraad is dit die enigste komitee wat tot die huidige toe nog voortgegaan het om te funksioneer.

In die eerste twee jaar van sy bestaan het die komitee 21 vergaderings gehou op elf waarvan geen sake vir afhandeling op die sakelys verskyn het nie.

Van die April-1966-vergadering het die komitee maandeliks 'n aantal gevalle oorweeg wat na die mening van die welsynsbeampte hulpbehoewend is. Dit het veral vir weduwees, oues van dae en afhanklikes van teringpasiënte wat in die afsonderingshospitaal opgeneem is, gegeld. Die hulp neem in die reël die vorm aan van die betaling van die loseerdersfooi of huishuur en voedsel. Die finansies vir hierdie pos van die Bantoe-inkomsterekening kom uit die $^{1}/_{3}$-Bantoebierwinsterekening.

Hierdie funksie van die Stedelike Bantoeraad kan baie meer uitgebou word en uitvoerende bevoegdhede aan die raad in hierdie verband gegee word. Aangesien skrywer meen dat die ontwikkeling van die Stedelike Bantoeraad se funksies op hierdie vlak lê, sal in die slothoofstuk meer in besonderhede hierop teruggekom word.

Daarom dan hier slegs enkele algemene opmerkings:

a. Hierdie komitee het sonder enige leiding begin funksioneer. Toe die komitee met die oorweging van die welsynsgevalle begin het, is daar geen maatstawwe neergelê waarvolgens besluit moet word of 'n bepaalde geval vir hulp kwalifiseer, al dan nie.[97] Volgens waarneming lê die welsynswerker slegs die verskillende gevalle tydens komiteevergaderings ter tafel en indien hy van oordeel is dat 'n geval hulp verdien, beveel hy dit so aan. In die reël besluit die komitee self dienooreenkomstig, en beveel dit so aan.

b. Ook kon geen aanduiding gevind word vir watter

---

97. Daar kon geen dergelike maatstawwe op lêer gevind word nie, en navraag by amptenare van die Departement Bantoesake het ook niks opgelewer nie.

tydperk 'n geval gehelp word nie of ook nie dat gevalle periodiek hersien word nie.

c. Ten slotte kon geen aanduiding in enige van die notules gevind word dat aan die komitee aanduiding gegee is van die bedrag wat vir welsyn begroot is nie. In die begroting van inkomstes en uitgawes van die Bantoe-inkomsterekening word daar nie vir welsyns- en gesondheidsdienste afsonderlik voorsiening gemaak nie. Albei val onder die begrotingsposte 56/1 - 56/7 en ook 57/3 en 57/4. Hierdie begroting word jaarliks op 'n spesiale vergadering van die Stedelike Bantoeraad bespreek, maar aangesien hierdie komitee die enigste komitee van die Stedelike Bantoeraad is vir wie se funksies daar in die begroting voorsiening gemaak word, sou 'n mens kon verwag dat 'n uittreksel van genoemde begrotingsposte gemaak word en by die vergadering van die komitee wat onmiddellik op die begrotingsvergadering volg, aan die komitee voorgelê word. Om hierdie rede kom die volgende opmerking van die Assistent-Direkteur enigsins vreemd voor. Op 'n vergadering van die Algemenedoeleindes-komitee het hy gesê:[98]

> ".... the vote for T.B. dependents and Poor Relief had been overspent and (he) advised that *it would be in the interest of the Urban Bantu Council to act very carefully in their recommendations so that a similar occurence should be avoided for the financial year 1967/1968.*" (Eie kursivering).

Tog is daar nie bv. aan die komitee gesê dat hulle R2400 het om te spandeer nie. Dit sou dan aan die komitee R200.00 per maand gee wat hulp aan 20 gevalle met 'n maksimum van R10.00 per geval beteken. Die huur wat 'n persoon (loseerder of gesinshoof) betaal, is tog bekend en dit kan redelik maklik bereken word watter bedrag nodig is om voedsel vir 'n individu of gesin per maand te voorsien.
In die afwesigheid van hierdie inligting is dit nie duidelik hoe die komitee moet oordeel dat hy die betrokke begrotingspos oorskry het nie.

---

98. Verslag van die Algemenedoeleindes-komitee, 5 April 1967, Item 3.

### *4.5.4. DIE PUBLIEKEWERKE-KOMITEE*

Die funksies wat aan hierdie komitee gedelegeer is, is die volgende: (Al die funksies val in die klas omgewingsdienste).

#### *a. HUISVESTING*

Die Publiekewerke-komitee moet:

die huisvesting wat benodig word en die tipe wonings wat verlang word, oorweeg;

toesien dat geboue gebruik word vir die doel waarvoor hulle opgerig is en enige wangebruik rapporteer; en

oorweging skenk aan die sloping of verwydering van ongemagtigde of verlate geboue.

#### *b. INSTANDHOUDING VAN GEBOUE*

Die Publiekewerke-komitee moet die Stedelike Bantoeraad van advies hieromtrent bedien.

#### *c. SANITÊRE DIENSTE*

Die Publiekewerke-komitee moet kommentaar lewer op en aanbevelings doen oor die voorsiening van sanitêre-, gesondheids- en mediese dienste aan bona fide inwoners van die Bantoewoongebied.

Die Reglement van Orde bepaal verder dan dat die funksies van die Publiekewerke-komitee sal wees

„.....to deal with the following matters:"

en noem dan:

a. Konstruksie van paaie;
b. konstruksie van huise;
c. elektrisiteit;
d. sanitasie;
e. parke;
f. watervoorsiening;
g. begraafplase;
h. algemene instandhouding;

i. enige aangeleentheid wat publiekewerke raak; en

j. skole.

Alvorens daar ingegaan word op die wyse waarop die komitee die funksies behartig het, net die volgende aanmerkinge:

a. Basies dieselfde kritiek kan hier herhaal word soos by die vorige komitees, nl. dat ten spyte van die feit dat die bogenoemde aangeleenthede as funksies van die komitee beskou word, daar geen aanduiding gegee word presies hoe hy dit moet uitvoer nie. Moet die komitee die inisiatief neem in die daarstelling van die gerief, of strek sy funksies slegs tot die verleen van advies daaromtrent? Is dit die eerste, dan moet onmiddellik opgemerk word dat die Stedelike Bantoeraad oor geen personeel (konstruksie- en instandhoudings-), finansies of toerusting beskik om dit ten uitvoer te bring nie. Is dit die tweede, volgens welke kriteria moet hy advies lewer?

b. In verband met die funksies wat bo aan die lysie wat hierbo genoem is, verskyn, is daar wel voorwaardes neergelê, nl.:

i. Konstruksie van huise: Hier moet die volgende in ag geneem word: By die uitvoering van die opdrag moet die bepalings ten opsigte van die minimum standaard van akkommodasie gehandhaaf word; en alle beleids- en wetlike bepalings van toepassing op die sloping van geboue moet in ag geneem word. Daar is egter geen aanduiding in enige van die komitee se notules dat aan die komitee voorskrifte gegee is, wat hierdie *minimum standaard van akkommodasie* of die *beleids- en wetlike bepalings van toepassing op die sloping van geboue* is nie.

ii. Wat die verskaffing van sanitêre-, gesondheids- en mediesedienste betref, asook die instandhouding van geboue, is ewe-eens geen voorskrifte aan die komitee gegee nie.

Die eerste vergadering van die komitee het op 12 Mei 1964 plaasgevind. Daarna is daar verslae van die komitee tot 30 Mei 1967 en toe vir 'n paar maande niks nie. Op 9

[illegible]

November 1967 - die eerste vergadering na die komitee nuut saamgestel is vir die tydperk 1967/68 - is die volgende vergadering van die komitee gehou.

Daarna word nog slegs twee verslae van die komitee in die stukke van die Stedelike Bantoeraad (wat vir die doeleindes van hierdie studie deurgewerk is) aangetref, nl. 'n verslag van 'n vergadering van 9 April 1968 en een van 8 Augustus 1968. Daarna het die komitee skynbaar ook opgehou om te funksioneer, want geen verdere verwysings daarna kon in die raadstukke gevind word nie.

(Die Algemenedoeleindes-komitee het weliswaar op 8 Junie 1967 besluit dat die onderskeie komitees nie gereeld elke maand sal vergader nie, maar slegs wanneer daar aangeleenthede is wat deur die komitee oorweeg moet word. Dit val egter moeilik op om te glo dat van 8 Augustus 1968 af tot Oktober 1969 daar so min aangeleenthede was wat die komitee moes oorweeg, dat dit vir hom nie eens een keer in daardie tydperk nodig was om te vergader nie).

Desnieteenstaande is daar weer in 1968/1969 en ook in 1969/1970 'n Publiekewerke-komitee saamgestel. Sover vasgestel kon word, is daar 39 vergaderings van die komitee gehou. Volgens die notules was daar op 18 (d.w.s. byna 50%) van hierdie vergaderings geen sake vir afhandeling op die sakelys nie. Tog het daar aangeleenthede op die sakelyste van die Algemenedoeleindes-komitee verskyn, wat eers via die Publiekewerke-komitee na die Algemenedoeleindes-komitee behoort te gekom het. So bv. het die Stadselektriese- en Meganiese-ingenieur van die stedelike plaaslike bestuur op 18 Januarie 1965 aan die Algemenedoeleindes-komitee 'n verslag oor moontlike elektrisiteitsskemas vir Thabong gelewer.

Op 12 Januarie 1965 het die Publiekewerke-komitee 'n vergadering gehou, maar daar was geen sake vir afhandeling nie. Op 14 Junie 1966 het die Bantoedorpsbestuurder aan die Algemenedoeleindes-komitee 'n verslag gelewer oor die kapitaalprogram vir Thabong oor die volgende drie tot vyf

jaar. Op 9 Junie 1966 was daar slegs *een* item deur die komitee bespreek wat in bogenoemde kapitaalprogram ingesluit was!

Die aangeleenthede wat voor die komitee gedien het, het gewoonlik die vorm van 'n voorlegging aan die komitee aangeneem waaroor hy dan 'n mening moes uitspreek en aanbevelings doen. Een so 'n voorbeeld is die oprigting van bykomstige skole in Thabong. Vergelyk ook in hierdie verband die eerste vergadering van die komitee toe die Bantoe dorpsbestuurder aan die komitee die bouprojekte bekendgemaak het wat deur die stedelike plaaslike bestuur goedgekeur is (dit was bo en behalwe genoemde kapitaalprogram).

Ten einde 'n oordeel te kan uitspreek oor die wyse waarop die komitee gefunksioneer het, is dit wenslik om aandag te gee aan projekte of versoeke wat uit die komitee self gekom het. Twee versoeke wat dit mooi sal illustreer, is die skoonhou van die Bantoewoongebied en die versoek om groter huise.

*a. Skoonhou van Bantoedorp*

Op 'n vergadering van die Publiekewerke-komitee, gehou op 20 Julie 1964 het die komitee aanbeveel dat:

> „elke lid van die Stedelike Bantoeraad hulle komitees (d.i. wykskomitees) aansê om in samewerking met die Bantoedorpspolisie persone wat vuilis in die strate gooi en persele nie skoonhou nie, aan die man te bring."

Die Algemenedoeleindes-komitee (20/7/1964) het besluit om hierdie versoek by die Stedelike Bantoeraad aan te beveel. Van hierdie besluit het die Stedelike Bantoeraad slegs *kennis geneem*. Niks verder kom in die notules hieromtrent voor nie. Hierdie aanbeveling van die komitee was beslis 'n positiewe, aangesien die toestand in sekere gedeeltes van Thabong beslis veel te wense oorlaat. Volgens die Bantoedorpsbestuurder moet daar, ten spyte daarvan dat elke perseel van 'n vullisdrom voorsien is, nog 'n spesiale eenheid in stand gehou word om die strate netjies te hou. Sonder dwang, bv. deur kompetisies tussen wykskomitees te reël, kan veel gedoen word om hierdie toedrag van sake te verbeter en wie weet, selfs 'n mate van dorpstrots onder

die inwoners aan te wakker.

*b. Versoek om groter huise*

Op 'n vergadering van die komitee gehou op 17 November 1964, het die komitee die behoefte gevoel aan huise wat groter is as die bestaande, aangesien daar, volgens die komitee, heelwat mense is wat 'n goeie salaris verdien en 'n hoër huishuur kan bekostig. Die komitee het toe aanbeveel dat:

i. hierdie inwoners toegelaat word om uitbreidings aan hul huise te voeg volgens 'n plan wat deur die Stadsraad toegelaat word; en

ii. huispersele aan inwoners toegeken word vir die oprigting van eie huise.

Die Algemenedoeleindes-komitee (25/11/1964) se verslag aan die Stedelike Bantoeraad berig hieromtrent soos volg:

> „Nadat die vergadering afskrifte van die verslag[99] oor ekonomiese wonings vir meer gegoede Bantoe in Thabong Bantoedorp gelees het, het die Algemenedoeleindes-komitee gevoel dat dit 'n antwoord was vir die versoek van die Publiekewerke-komitee vir groter huise."

Die Algemenedoeleindes-komitee het egter gevoel dat hulle die saak weer wil oorweeg en dan direk aan die maandvergadering van die Stedelike Bantoeraad verslag wil doen.[100] Die Algemenedoeleindes-komitee het toe op 1 Desember 1964 'n spesiale vergadering gehou by welke geleentheid die stadsingenieur oor hierdie aangeleentheid aan die komitee verslag gedoen het. Die stadsingenieur het die mening uitgespreek dat na sy mening die tyd ryp is dat Welkom

---

99. Verslag van die Algemenedoeleindes-komitee, item 6. Geen afskrifte van die verslag is aan die notule geheg nie en dit is gevolglik nie duidelik wie die verslag opgestel het, of wat die inhoud daarvan is nie.

100. Die besluit lui soos volg: „Die Komitee het toe besluit om deur die verslag te gaan en op Dinsdag 1 Desember 1964, *30 minute* voor die gewone vergadering van die Stedelike Bantoeraad weer te vergader en aanbevelings te maak." (Eie kursivering). Die Algemenedoeleindes-komitee het dus kans gesien om hierdie, vir hulle oënskynlik belangrike saak in 30 minute af te handel.

voorsiening moet maak vir die meer gegoede Bantoe wat 'n hoër huishuur kan bekostig en graag groter huise wil hê. Na bespreking het die komitee besluit

> „.... om die skema in beginsel te aanvaar en dat die inwoners genader word om presies vas te stel wat die behoeftes is en die aantal belangstellendes te bepaal."

Die Stedelike Bantoeraad het dienooreenkomstig besluit,[101] maar geen opdrag aan die Publiekewerke-komitee gegee om uitvoering aan die opdrag te gee nie.

Volgens die notules van die Publiekewerke-komitee van sy vergadering gehou op 12 Januarie 1965 was daar geen items vir afhandeling op die sakelys nie.

Op die vergadering van die komitee[102] gehou op 4 Februarie 1965 was daar ewe-eens niks oor die groter huise gerapporteer nie, maar die volgende sinsnede verskyn wel in die verslag:

> „Our houses in Thabong are proving to be too small to give comfort to visitors ...."

en daarom beveel die komitee die oprigting van 'n gastehuis aan! Op die vergadering van die komitee wat op 23 Maart 1965 gehou is, was daar weer geen sake vir afhandeling op die sakelys nie. Nietemin verskyn die volgende tog in die verslag van die Algemenedoeleindes-komitee:[103]

> „After a lengthy discussion on the subject, it was resolved that the Town Engineer be requested to attend the next meeting of the General Purposes Committee with a view to consider and discuss the possibility of reducing the rentals of the big houses for Thabong."

Hierdie besluit is deur die Stedelike Bantoeraad aanbeveel.[104]

---

101. Notule van die Stedelike Bantoeraad, 1 Desember 1964, Item 9.
102. Waar die uitdrukking *komitee* in hierdie afdeling verderaan gebruik word, verwys dit na die Publiekewerke-komitee.
103. Gehou op 31 Maart 1965, Verslag Item 3.
104. Notule van die Stedelike Bantoeraad, 15 April 1965, Item 6.

Op daardie stadium moes die komitee nog die behoefte vasstel en geen aanduiding is gegee van wat die huur van groter huise moontlik sal wees nie.

Weer eens verskyn in die verslag van die volgende vergadering van die komitee, gehou 29 April 1965 niks oor die kwessie van groter huise nie. Op die vergadering van die Algemenedoeleindes-komitee, 13 Mei 1965, was die Stadsingenieur weer teenwoordig om die behoeftes aan groter huise te bespreek. Die Stadsingenieur het veral drie argumente gehad:

i. Huurgeld kan nie vasgestel word, alvorens die prys van so 'n huis bekend is nie;

ii. sy afdeling is besig om addisionele huise op te rig en as die groter huise gelyk daarmee opgerig kan word, kan die oprigtingskoste laag gehou word; en

iii. sonder kennis van die onwoners se behoeftes, sal die bou van groter huise 'n groot risiko wees.

Weer het die Algemenedoeleindes-komitee gevoel dat die skema 'n baie goeie een is en het selfs die aantal vertrekke voorgestel wat 'n dergelike huis behoort te hê, maar oor die kernvraag waaroor die administrasie besonderhede wou hê, nl. hoe groot die inwoners se behoefte aan sodanige huise is, is daar geen opdrag aan die komitee gegee nie. Die kwessie van die oprigting van private huise (d.w.s. woonhuise volgens eie smaak opgerig) is uitgestel tot *'n latere vergadering van die Algemenedoeleindes-komitee.*

Van hierdie aanbevelings van die Algemenedoeleindes-komitee het die Stedelike Bantoeraad slegs kennis geneem.[105]

Op die vergadering van die komitee op 7 Junie 1965 is slegs die omskepping van die openbare washuise in klein saaltjies en besighede bespreek.[106] Op die vergadering van die komitee gehou op 24 Junie en 29 Julie 1965 was daar weer eens geen sake vir afhandeling op die sakelys nie.

---

105. Notule van die Stedelike Bantoeraad, 20 Mei 1965, Item 7.

106. Verslag van die Publiekewerke-komitee, 7 Junie 1965, Item 2.

Op die vergadering van die Algemenedoeleindes-komitee gehou op 5 Augustus 1965, het die Bantoedorpsbestuurder konsepplanne vir groter huise aan die vergadering voorgelê:

> „The meeting resolved to refer them to the Public Works Committee for full study and comments and to report at the next meeting of the General Purposes Committee."

Volgens die verslag van die komitee, gehou op 24 Augustus 1965 het die voorsitter gerapporteer dat hy en sy komitee nog besig is om die aangeleentheid te bestudeer. Verder het die komitee op dieselfde vergadering homself sterk ten gunste van die toekenning van persele aan die inwoners uitgespreek waarop hulle huise na eie smaak kon bou.

Op die vergadering van die Algemenedoeleindes-komitee, gehou op 9 September 1965 het die Bantoedorpsbestuurder 'n verduideliking in verband met laasgenoemde gegee en daar is eenparig aanbeveel om die aangeleentheid terug te trek.

Die konsepplanne is toe deur die komitee op sy vergadering wat op 29 September 1965 gehou is, aanbeveel vir goedkeuring. Toe die aanbeveling voor die Algemenedoeleindes-komitee op 7 Oktober 1965 gedien het, was laasgenoemde nie tevrede daarmee nie, omdat

> „.... (it) was not sufficient without intimation of the number of houses needed and the approximate rentals suggested."

Om hierdie rede is die aanbeveling na die komitee terugverwys. Die komitee het toe op sy vergadering, gehou op 26 Oktober 1965, besluit om aan te beveel dat 50 groter huise gebou word, teen 'n huur van nie meer as R10.00 p.m. nie.

Hierby het die Algemenedoeleindes-komitee nog sekere voorwaardes gevoeg[107] en ook aanbeveel

> „dat die Stadsraad versoek word om die leningstydperk langer as die gewone te maak om die huishuur so laag as moontlik te hou."

Hierdie aanbeveling is deur die Stedelike Bantoeraad bekragtig op 18 November 1965 vir aanbeveling by die stedelike plaaslike bestuur.

Die stedelike plaaslike bestuur het egter besluit om die aangeleentheid na die Stedelike Bantoeraad terug te verwys vir verdere oorweging en bespreking met die amptenare[108] en die Stedelike Bantoeraad het dan ook op dieselfde vergadering dienooreenkomstig besluit. Op 1 Februarie 1966 is die aangeleentheid opnuut deur die komitee heroorweeg. Die voorsitter het gerapporteer dat die saak terugverwys is en gesê dat

> „.... before he could place them for reconsideration, he would confer with the Township Manager in order to get the full facts.
>
> „He stressed that the need for bigger houses in Thabong was a *MUST*." (sic)!

Hiervan het die Algemenedoeleindes-komitee slegs kennis geneem.[109]

---

107. Notule van die Algemenedoeleindes-komitee, 4 November 1965, Item 2. Die voorwaardes was:
    a. Die mure moet nie gepleister word nie;
    b. plafonne moet nie ingesit word nie;
    c. slegs die kombuis en badkamer hoef betonvloere te kry;
    d. die stoof moet uitgelaat word;
    e. die badkamer en die latrine alleenlik moet met binnedeure voorsien word; en
    f. die badkamer moet sonder 'n bad gelaat word.

    Kommentaar oor die eindproduk wat die resultaat van hierdie aanbevelings sal wees, is sekerlik oorbodig. Ook kom dit vreemd voor aangesien hierdie huise bedoel is vir inwoners wat 'n goeie salaris verdien.
108. Sakelys vir die gewone vergadering van die Stedelike Bantoeraad vir 20 Januarie 1966, Item 3(B)(1).
109. Verslag van die Algemenedoeleindes-komitee, 3 Februarie 1966, Item 4.

Nieteenstaande die *dringende* behoefte aan groter huise was daar geen items vir afhandeling op die sakelys van die komitee van 2 Maart 1966 nie!

Die komitee het toe op 24 Maart 1966 weer die saak bespreek. Die voorsitter het die vergadering daarop gewys dat die Stadsraad nie bereid is om sekere bykomstighede (vide Voetnoot 106) uit die huise weg te laat ten einde die huur af te bring nie. Weer wys hy op die noodsaaklikheid om groter huise vir sekere inwoners te verkry, maar op 'n goedkoper huurbasis as deur die Stadsraad voorgestel. Hiermee het die komitee saamgestem en ook so aanbeveel.[110]

> "The houses should be of the same quality as the present doubles and rentals be not more than that of the doubles."

Die Algemenedoeleindes-komitee[111] het egter die voorsitter van die komitee opdrag gegee om die Bantoedorpsbestuurder te spreek in verband met die huur en die tipe huis wat aanbeveel is en dan aan die komitee[112] verslag te doen. Die verslag van die daaropvolgende vergadering van die komitee[113] het weer geen sake vir afhandeling op die sakelys gehad nie.

Op 9 Junie 1966 het die voorsitter aan die vergadering van die komitee gerapporteer dat die Bantoedorpsbestuurder hom meegedeel het dat die aangeleentheid na die Stadsingenieur verwys is.

Die volgende verwysing na hierdie aangeleentheid is in die verslag van die komitee, gehou op 24 November 1966. Volgens die voorsitter kan die inwoners in drie klasse verdeel word:

---

110. Die huise moes vierkantig wees met drie slaapkamers, 'n eetkamer, sitkamer, kombuis en 'n badkamer met toiletgeriewe. Verslag van die Publiekewerke-komitee, 24 Maart 1966, Item 2.

111. Verslag van die Algemenedoeleindes-komitee, 12 April 1966, Item 4.

112. Die Algemenedoeleindes-komitee.

113. Die presiese datum van die vergadering is onseker, maar die vergadering is ca. die einde April 1966 gehou.

i. Diegene wat nie 'n hoër huishuur as die bestaande kan beskostig nie;

ii. diegene wat 'n groter huis, gebou deur die plaaslike bestuur teen 'n hoër huishuur kan bekostig; en

iii. diegene wat hul huise volgens eie ontwerp wil bou.

Om die rede beveel die komitee aan dat die stedelike plaaslike bestuur versoek word om persele vir die oprigting van eie huise beskikbaar te stel.

Op die vergadering van die Algemenedoeleindes-komitee[114] het van die senior amptenare van die Departement Bantoesake hierop geantwoord:

i. Dit is die amptelike beleid om nie 'n gevoel van permanente residensie in Bantoewoongebiede te skep nie. Toekenning van persele vir die oprigting van eie huise sou die erkenning van permanente residensie beteken en bots met regeringsbeleid.

ii. In nuwe Bantoewoongebiede wat soos Thabong begin het, word 'n ander patroon as in ouer Bantoewoongebiede neergelê. Die stedelike plaaslike bestuur rig huise op en verhuur dit aan die inwoners.

Hierop het die voorsitter van die komitee geantwoord dat daar ander stedelike plaaslike besture is wat eie persele aan Bantoes toelaat? Wat sal in sulke gevalle gebeur? Die Bantoedorpsbestuurder het hierop geantwoord dat sodanige dorpe opgerig is voor die huidige beleid neergelê is.

> „.... and there was not a town which *could ordinarily contravene state policy*." (Eie kursivering).

Hy het dan verder herhaal dat die stedelike plaaslike bestuur bereid is om groter huise te bou as die Stedelike Bantoeraad ooreenstemming kan bereik oor die bouplan van sodanige huise. Die komitee het toe aanbeveel dat:

---

114. Verslag van die Algemenedoeleindes-komitee, 6 Desember 1966, Item 4.

> "..... the Municipality be requested to build bigger houses in Thabong for *the residents who need them.*" (Eie kursivering).

Die Stedelike Bantoeraad het ook dienooreenkomstig besluit.

Die volgende wat hierna weer in die notules hieromtrent verskyn, is in die sakelys van die Stedelike Bantoeraad van 18 Mei 1967 waarin slegs gemeld word dat die aanbeveling deur die stedelike plaaslike bestuur aanvaar is[115] en dat met die betrokke staatsdepartement onderhandel word oor die wyse van finansiering van die skema. Die raad het hiervan kennis geneem.

Hieroor slegs die volgende aanmerkinge:

i. Hoe ongelooflik dit ook al mag wees, is die hele kwessie van groter huise vir Thabong vir 2½ jaar lank oorweeg ten spyte van die feit dat in die eerste plek die stedelike plaaslike bestuur die beginsel goedgesind was, en, tweedens, volgens die Stedelike Bantoeraad, daar 'n definitiewe behoefte aan groter huise was.

ii. Die hele kwessie het om een vraag gewentel: Hoeveel van Thabong se inwoners is daar wat groter huise wil hê, m.a.w. 'n blote geval van 'n sensusopname wat die raadslede in hul onderskeie wyke moes hou. In hierdie verband mag die voorsitter van die komitee 'n rol gespeel het - die voorsitter gedurende die hele tydperk het onveranderd gebly. Dit bevestig in alle geval ook net een van die gevolgtrekkings waartoe skrywer op grond van die meningsopnames gekom het, nl. dat die gewone inwoners nie deur die raadslede op hoogte gehou word met die raad se werksaamhede nie.

iii. Hierdie aangeleentheid bevraagteken die Stedelike Bantoeraad se doeltreffendheid, bv. in die onderhawige geval om met 'n onbevoegde voorsitter af te reken. Daar word hiervoor geen voorsiening in die Reglement van Orde gemaak nie.

---

115. Die aantal huise sal deur die aanvraag bepaal word.

iv. Die amptenare van die stedelike plaaslike bestuur het 'n waardevolle geleentheid om raadslede in die hantering van plaaslike bestuur leiding te gee, onbenut gelaat.

### 4.5.5. DIE VERVOER- EN LISENSIEKOMITEE

Met die herindeling van die funksies van die Stedelike Bantoeraad wat hierbo in Afdeling 4.3. bespreek is, is geen funksies in die besonder aan hierdie komitee opgedra nie.

Die Reglement van Orde bepaal slegs:

> „The duties and functions of the Transport and Licences Committee shall be to deal with the following matters:"

Hierna volg die volgende lys aangeleenthede:

a. Busse;
b. huurmotors;
c. handelslisensies;
d. handelspersele;
e. hondelisensies;
f. stopstrate en verkeer; en
g. alle aangeleenthede wat in die algemeen op die handel, lisensies en vervoer betrekking het.

Weer eens kan opgemerk word dat geen leiding aan die komitee[116] gegee is oor die wyse waarop hy die aangeleenthede moes hanteer nie. Is dit uitvoerend - beskik die Stedelike Bantoeraad nóg oor die kapitaal, nóg oor die personeel om dit te hanteer. Is dit adviserend, is sy funksies ewe-eens onduidelik. Neem a. Busse, as 'n voorbeeld. Strek die komitee se funksie slegs sover as tot die lewer van advies oor die verskaffing van die diens, bv. busroetes, tydtafels, ens., óf gaan dit ook oor die beheer van die buspersoneel, bv. dissipline en ander diensvoorwaardes? Wat van die aankoop en instandhouding van die

---

116. Waar die uitdrukking „komitee" verderaan in hierdie Afdeling gebruik word, verwys dit na dit na die Vervoer- en Lisensiekomitee.

voertuie self?

Wat is die komitee se funksies in verband met handelslisensies? Moet die komitee slegs kommentaar lewer oor die tipe handelslisensies wat verskaf moet word en aan wie en vir watter tydperk of moet dit ook toesig hou, bv. d.m.v. inspeksies, of die voorwaardes waaronder die lisensie toegestaan is, nagekom word?

Aangesien die Stedelike Bantoeraad in die algemeen oor geen uitvoerende funksies beskik nie, kan aangeneem word dat hierdie komitee se funksies slegs adviserend is. Selfs in so 'n geval behoort daar vir die komitee maatstawwe neergelê te word waarvolgens dit advies oor genoemde aangeleenthede moet lewer.

Die eerste vergadering van die komitee is op 19 Mei 1964 gehou. Sover vasgestel kan word, het die komitee 41 vergaderings gehou, op 19 (d.w.s. 50%) waarvan daar geen items vir afhandeling op die sakelys was nie. Tot en met 30 Mei 1967 het die komitee gereeld vergader, maar daarna baie sporadies. Nieteenstaande die besluit van die Algemenedoeleindes-komitee[117] is dit moeilik om te glo dat daar so min aangeleenthede was wat na die komitee verwys kon word, dat hulle in die meer as twee-en-half jaar sedert daardie datum dit slegs nodig gevind het om ses keer te vergader.

Ten einde 'n indruk te kan vorm van die wyse waarop die komitee sy funksies behartig het, sal 'n voorbeeld geneem word van die hantering van een aansoek om 'n handelslisensie.[118]

Op 9 Junie 1966 het die Vervoer- en Lisensiekomitee 'n vergadering gehou, maar omdat daar geen items vir afhandeling op die sakelyswas nie het die vergadering verdaag.[119]

---

117. Kyk pp. 76-77 hierbo.

118. Om begryplike redes sal die naam van die aansoeker verswyg en bloot na hom as X verwys word.

119. Verslag van die Vervoer- en Lisensiekomitee, 9 Junie 1966.

Op 14 Junie 1966 het die Algemenedoeleindes-komitee[120] 'n aansoek van X om 'n restaurantlisensie oorweeg. Die Bantoedorpsbestuurder het die aandag van die komitee daarop gevestig dat die Adviserende Naturellekomitee in 1960 besluit het om handelslisensies tot bepaalde kommoditeite te beperk.

Die Algemenedoeleindes-komitee het hierop besluit om die aangeleentheid na die Vervoer- en Lisensiekomitee te verwys met die versoek om op 23 Junie te rapporteer.

Op 'n spesiale vergadering van die komitee op 20 Junie 1966, is besluit om aan te beveel dat die aansoek toegestaan word.

Hierdie aanbeveling is op 'n spesiale vergadering van die Algemenedoeleindes-komitee op 23 Junie 1966 weer oorweeg. Weer eens het die Bantoedorpsbestuurder die posisie in verband met handelaars uiteengesit en o.m. gesê:[121]

> „When the Committee decides on this application it must be fully aware of the precedent which would be created should the application be granted ...."

Hierop is besluit om aan te beveel dat die aansoek afgewys word en die Stedelike Bantoeraad het dit op sy volgende vergadering bekragtig.[122]

Die stedelike plaaslike bestuur het egter op 26 Julie 1966 besluit om die aansoek van X na die Stedelike Bantoeraad terug te verwys

> „.... for reconsideration and the submission of a more detailed motivation of the decision it had taken."[123]

Nóg die vergadering van die Algemenedoeleindes-komitee van 4 Augustus 1966, nóg op die vergadering van die

---

120. Verslag van die Algemenedoeleindes-komitee, 14 Junie 1966, Item 8.

121. Verslag van 'n Spesiale Vergadering van die Algemenedoeleindes-komitee, 23 Junie 1966, Item 3.

122. Notule van die Stedelike Bantoeraad, 23 Junie 1966, Item 6.

123. Inligting verkry uit 'n verslag van die Vervoer- en Lisensiekomitee, 23 Januarie 1969. Kyk verderaan vir rede hiervoor.

Stedelike Bantoeraad van 18 Augustus 1966 verskyn enige verwysing na bogenoemde besluit.

Op die daaropvolgende vergaderings van die komitee[124] was daar geen sake vir afhandeling op die sakelys nie.

In die sakelys van die maandvergadering van die Stedelike Bantoeraad van 17 November 1966 verskyn die hierbo aangehaalde besluit van die stedelike plaaslike bestuur vir die eerste keer! Die Stedelike Bantoeraad het besluit om die aansoek opnuut na die Vervoer- en Lisensiekomitee te verwys.[125]

Op 24 November 1966 het die komitee weer eens die aansoek oorweeg.[126] Hoewel die komitee 'n dringende behoefte aan 'n restaurantlisensie vir Thabong gevoel het, het hy nogtans besluit om aan te beveel:

> „that the application be shelved while efforts are made to collect further details and information regarding such licences."

(Dit is dan juis die hoofrede waarom die aangeleentheid na die komitee terugverwys is!)

Hierdie aanbeveling is deur die Algemenedoeleindes-komitee[127] aanbeveel en die Stedelike Bantoeraad bekragtig.[128]

Op dieselfde vergadering van die Algemenedoeleindes-komitee (cf. Voetnoot 127) is drie verdere aansoeke om restraurantlisensies ook na die komitee verwys.

Op die daaropvolgende vergadering van die komitee[129]

---

124. 28 Julie 1966, 25 Augustus 1966, 29 September 1966 en 27 Oktober 1966.
125. Notule van die Stedelike Bantoeraad, 17 November 1966, Item 3.
126. Verslag van die Vervoer- en Lisensiekomitee, 24 November 1966, Item 4.
127. Verslag van die Algemenedoeleindes-komitee, 6 Desember 1966, Item 2.
128. Notule van die Stedelike Bantoeraad, 6 Desember 1966, Item 4.
129. Verslag van die Vervoer- en Lisensiekomitee, 23 Januarie 1967, Item 4.

is egter geen aandag aan die aansoeke om restaurantlisensies gegee nie, maar wel die wenslikheid van addisionele besighede vir Thabong bespreek.

Op 'n spesiale vergadering van die komitee wat op 20 Januarie 1967 gehou is, is besluit om die drie addisionele aansoeke nie aan te beveel nie. Daar is geen verwysing na X se aansoek nie.[130]

Op die daaropvolgende vergaderings van die komitee[131] was daar weer eens geen aangeleenthede om deur die komitee afgehandel te word nie. Op een van hierdie vergaderings* was die voorsitter self sonder verskoning afwesig!

Die besluit is deur die Algemenedoeleindes-komitee aanbeveel[132] en deur die Stedelike Bantoeraad bekragtig.[133]

Hierna is daar geen verwysing na X se aansoek tot 28 November 1968 nie! Op daardie datum het 'n aansoek van X om 'n restaurantlisensie opnuut voor die komitee gedien.[134]

Op dié vergadering was slegs een lid van die komitee teenwoordig[135] - die voorsitter was weer afwesig - en derhalwe besluit die vergadering:[136]

> „Aangesien daar nie 'n kworum was van die komitee nie, het die lede teenwoordig[137] gevoel dat die saak in die Algemenedoeleindes-komiteevergadering besluit moet word."

Op die vergadering van die Algemenedoeleindes-komitee

---

130. Hierdie verslag is nie in die verslag van die Algemenedoeleindes-komitee van 9 Februarie 1967 opgeneem nie.

131. 1 en 27 Februarie 1967*, 30 Maart 1967 en 26 April 1967.

132. Verslag van die Algemenedoeleindes-komitee, 10 Mei 1967, Item 6.

133. Notule van die Stedelike Bantoeraad, 18 Mei 1967, Item 6.

134. Verslag van die Vervoer- en Lisensiekomitee 28 November, 1968, Item 4.

135. Drie ander raadslede, die Assistent-Direkteur en die Bantoedorpsbestuurder was teenwoordig.

136. Ibid.

137. Cf. Voetnoot 135.

en die Stedelike Bantoeraad van 5 Desember 1968[138] is na 'n lang bespreking[139] besluit om die aangeleentheid na die komitee terug te verwys. Op hierdie vergadering (5 Desember) het die voorsitter van die komitee te kenne gegee dat hy nie die Afrikaans van die regulasies[140] kon verstaan nie!

By die daaropvolgende vergadering van die komitee is toe 'n breedvoerige uiteensetting van die hele geskiedenis van die aansoek gegee[141] en besluit om aan te beveel dat aangesien X se aansoek oorspronklik van die hand gewys was; tweedens in die lig van die verbod op die hou van meer as een handelslisensie in 'n stedelike Bantoewoongebied;[142] en derdens die Stedelike Bantoeraad reeds by die stedelike plaaslike bestuur die oprigting van twee restaurant-, vis-en-skyfiebesighede aanbeveel het, die aansoek van X van die hand gewys word.

Die stedelike Bantoeraad het dienooreenkomstig aanbeveel.[143]

Hieroor net die volgende aanmerkinge:

a. Hier is weer eens, soos in die geval van die Publiekewerkekomitee, sprake van 'n voorsitter van 'n komitee

---

138. Verslag van die Algemenedoeleindes-komitee, 5 Desember 1968, Item 4.

139. Skrywer was self ook op hierdie vergadering teenwoordig.

140. Die regulasies, soos alle ander wetgewing, in albei die amptelike tale opgestel. Daarby is die voorsitter van die komitee 'n gegradueerde en was jarelank 'n tolk in die landdroshof.

141. Verslag van die Vervoer- en Lisensiekomitee, 23 Januarie 1969, Item 4. (Cf. ook Voetnoot 123).

142. *Bantoewoongebied regulasies*, Gk. R.1036, 14/6/1968, Reg. 4(1)(e). Die onderhawige bepaling lees:
*Voorwaardes van Toekenning van Handelspersele*
„4(1) Na die toepassing van hierdie regulasies in die Bantoewoongebied word geen perseel in die Bantoewoongebied vir handels-, besigheids- of beroepsdoeleindes toegeken -
(e) vir die dryf van meer as een besigheid in die Bantoewoongebied, hetsy van dieselfde tipe of nie, deur een en dieselfde Bantoe."

143. Notule van die Stedelike Bantoeraad, 20 Februarie 1969, Item 5.

wat gewoonweg net eenvoudig onbevoeg was om sy amp na behore te behartig. Dit werp egter ook 'n refleksie op die Sekretaris van die Stedelike Bantoeraad se bevoegdheid, aangesien dit deel van sy funksies is om die voorsitter van 'n komitee tot hulp te wees, bv. in die verskaffing van inligting wat as agtergrond kan dien in die oorweging van enige aangeleentheid. Dit onderstreep ook verder die leemte in die Reglement van Orde om met 'n onbevoegde voorsitter af te reken soos ook in die geval van die Vervoer- en Lisensiekomitee reeds opgemerk is. Die Reglement maak slegs daarvoor voorsiening[144] dat waar 'n voorsitter van 'n komitee vir drie agtereenvolgende vergaderings van die komitee sonder verskoning afwesig was, hy sy voorsitterskap van die komitee moet ontruim. Hierdie voorsitter was wel sonder verskoning van vergaderings van die komitee afwesig, maar sover vasgestel kon word nie op drie agtereenvolgende vergaderings nie.

b. Die besluit van die stedelike plaaslike bestuur om die aansoek van X om 'n restaurantlisensie na die komitee vir heroorweging terug te verwys (cf. p.27) was beslis 'n positiewe poging om die Stedelike Bantoeraad leiding te gee in verband met die hantering van sy funksies. Hoewel die Bantoedorpsbestuurder die nodige agtergrond vir die oorweging van die aansoek, op die eerste vergadering waar dit ter sprake gekom het, verskaf het, bemerk 'n mens tog hier 'n laissez-faire-houding. Die opvoedingsnut van die stelsel van Stedelike Bantoerade word beslis onderskat. Hier kon die amptenare, op sterkte van die plaaslike bestuur se besluit, baie positiewe leiding aan die komitee gegee het. As die betrokke voorsitter dan nie wou saamwerk nie, kon die nodige dissiplinêre stappe teen hom geneem word. Sou die Reglement van Orde egter nie vir 'n dergelike geval voorsiening maak nie, sou dit seker maklik gewysig kon word om vir 'n sodanige gebeurlikheid voorsiening te maak. Nadat die komitee 'n jaar lank met die aansoek gesloer het,

144. Reglement van Orde, Item 7(c), p.4.

kan dit eenvoudig nie begryp word, waarom dieselfde persoon in 1967/1968 en 1968/1969 weer tot voorsitter van die komitee herkies is nie.

c. Hoewel met 'n mate van huiwering, kan tereg gevra word, of die verhouding tussen die voorsitter van die komitee en X nie sterk met die aangeleentheid verband het nie. Albei is besigheidsmense in Thabong, hoewel laasgenoemde veel sterker as die voorsitter is.

d. Die regulasies, op grond waarvan die aansoek finaal van die hand gewys is, (cf. Voetnoot 142), is eers twee jaar na die aansoek die eerste keer ingedien is, uitgevaardig en kan dus nie op die eerste aansoek van toepassing gemaak word nie. Die aansoek wat op 28 November 1968 voor die komitee gedien het, kan dus tereg as 'n nuwe aansoek beskou word. Die regulasies het dus slegs op hierdie aansoek betrekking.

### 4.5.6. DIE ALGEMENEDOELEINDES-KOMITEE

Die funksies wat deur die stedelike plaaslike bestuur aan die Stedelike Bantoeraad verleen is, en aan hierdie komitee gedelegeer is, is die volgende:

a. Die toekenning van persele vir kerk- of skooldoeleindes. Dit is so vertolk dat die komitee slegs persele vir kerkdoeleindes mag toeken.

b. Die uitleg van die gebied. Dit is vertolk dat die Stedelike Bantoeraad, en dus die komitee, aanbevelings aan die stedelike plaaslike bestuur moet maak oor die uitlegplan van die Bantoewoongebied en enige wysigings daarvan.

c. Die ontwikkeling van oop ruimtes.

Die funksies in a en b genoem, val onder die klas Welsynsdienste, kategorie Omgewingsdienste, terwyl die derde funksie in c genoem in die klas Beskermingsdienste val. Hierdie laaste vertolking van die betrokke subartikel van die wet (kyk Afdeling 4.3. hierbo) is beslis baie wyd. Veel eerder kon dieselfde vertolking aan die subartikel wat hierbo in b genoem is, geheg word. Die subartikel waaraan

hierdie vertolking geheg is[145] het hoofsaaklik met die beheer oor die gebied te doen en kan daarom tereg onder Beskermingsdienste geklassifiseer word soos wat dan ook hierbo gedoen is.

In die Reglement van Orde word, soos in die geval van die vorige komitees, slegs gesê:

„The functions of the General Purposes Committee shall include, inter alia, all matters connected with:"

waarna die volgende lys verskyn:

a. Regulasies en bywette
b. Administrasie in die algemeen
c. Polisie (dit kan aangeneem word dat dit op die Departement van Bantoesake slaan)
d. Personeel
e. Lone
f. Arbeid en werkverskaffing
g. Hostelle
h. Toekenning van huise
i. Drank
j. Beleid
k. Geskille
l. Finansies
m. „Matter referred to it by the other standing committees."

Verder word in die Reglement bepaal dat hierdie komitee „be considered as the Policy and Finance Committee."

Soos reeds in die geval van die ander komitees opgemerk is, is ook hierdie aangeleenthede betreklik wyd geformuleer. Hoewel vaag, is dit makliker om in hierdie geval tot die gevolgtrekking te kom dat die funksies van die komitee nie anders kan as om bloot adviserend te wees nie. Neem die volgende aspekte as voorbeeld: Beleid, administrasie in die algemeen en toekenning van huise. In al drie hierdie gevalle

---

145. Art. 4(2)(a)(v) van Wet nr. 79/1961 (soos gewysig).

word die stedelike plaaslike bestuur se hantering van daardie aspekte self so aan bande gelê deur instruksies van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling dat dit moeilik veronderstel kan word dat die stedelike plaaslike bestuur enige uitvoerende bevoegdhede aan die Stedelike Bantoeraad daaromtrent sal gee.

Wat is die komitee se funksie egter ten opsigte van polisie, personeel, geskille, lone, drank en finansies? Daar kan dan ook ten opsigte van elkeen gevra word watter polisie, personeel, ens. bedoel word?

In die geval van polisie vind ons dat in Thabong konstabels van die S.A.P. en die Inspektoraat van die Departement sy-aan-sy funksioneer.

Moet die komitee oor die uitvoering van hul pligte toesig hou - wat natuurlik buite die kwessie in die geval van die S.A.P. is - of moet die komitee slegs kommentaar in die algemeen op hul werksaamhede lewer? Wat moet die komitee se optrede wees in geval van klagtes oor bepaalde optrede van die Suid-Afrikaanse Polisie?

'n Verdere voorbeeld is geskille. In die eerste plek kan gevra word geskille van watter aard? Slegs huishoudelike geskille of sluit dit ook probleme wat die inwoners in verband met administratiewe optrede ondervind in? Moet die komitee die geskille probeer bylê of moet hy optree as 'n tipe 'hof van eerste ondersoek' waarna die aangeleentheid dan hoër op verwys moet word. In daardie geval ontstaan dan die vraag - na wie? In werklik siviele of selfs kriminele sake is dit voor-die-handliggend dat dit na die plaaslike Bantoesakekommissaris moet wees. Deur wie moet ander geskille besleg word - deur die Direkteur van Bantoesake of een van die ondergeskikte amptenare?

In die geval van funksies wat eerste in hierdie afdeling genoem is, is daar duideliker voorskrifte as by die ander komitees. In die geval van die toekenning van kerkpersele is duidelik neergelê watter tersaaklike inligting elke aansoek moet vergesel.

Confusion due to unclear lines of authority scope of decisions

In die geval van die aanbevelings en kommentaar wat oor die uitlegplan van die Bantoewoongebied gelewer moet word, onstaan daar onmiddellik weer probleme. Een van die voorwaardes waaronder die funksie verleen is, bepaal dat die komitee

> „by die uitvoering van die opdrag .... in ooreenstemming met toepaslike beplannings en beleidsbepalings optree."

Daar word nêrens in die Reglement verduidelik wat hierdie voorskrifte presies behels nie. Weens die moeilike posisie waarin stedelike plaaslike besture hulle egter met betrekking tot die administrasie van die Bantoe in Blanke stedelike gebiede bevind, kan met sekerheid aangeneem word dat sorg gedra word dat die komitee van hierdie inligting voorsien sal word, wanneer so 'n aangeleentheid vir oorweging en kommentaar aan hom voorgelê word.

In die geval van die derde funksie is daar egter weer dieselfde onduidelikheid wat by die Publiekewerke-komitee reeds opgemerk is.

Dit is aan die komitee opgedra om oop ruimtes te *ontwikkel*. Die voorskrif waaronder hierdie funksie toegeken is, lui:

> „in die *uitvoering* van die funksie moet die raad (en dus die komitee want die funksie is aan hom gedelegeer) hom laat lei deur tegniese verslae en beplanning."

Albei die woorde wat kursief is, dui handeling aan. Die komitee moet dus die inisiatief neem in die ontwikkeling van oop ruimtes. Indien dit die geval is, is daar onmiddellik twee probleme. In die eerste plek sal die komitee dan met die funksies van die Publiekewerke-komitee oorvleuel indien hy self oop ruimtes ontwikkel. Die uitdrukking „oop ruimtes" kan insluit parke, openbare parkeerterreine, ens. in welke geval dit die taak van die Publiekewerke-komitee sal wees. In die tweede plek, indien die komitee self hierdie funksie moet behartig beskik die

Stedelike Bantoeraad nóg oor die personeel nóg oor die finansies om dit te kan uitvoer.

Verder word in die Reglement van Orde in die lys aangeleenthede wat binne die komitee se bevoegdheid val, verwys na

> „matters referred to it by the other standing committees."

Hiervolgens sou 'n mens kon aflei dat aangesien die komitee as die beleids- en finansiële komitee beskou word, slegs aangeleenthede wat een of ander beleids- of finansiële aspek raak deur die ander komitees na die komitee verwys sal word. In die praktyk egter is alle verslae van die ander komitees aan die komitee gerapporteer, wat dan op sy beurt aan die Stedelike Bantoeraad verslag gelewer het met sekere aanbevelings.

Hier is egter geen teenstrydigheid nie, aangesien die funksies van die ander vier komitees elkeen 'n bepaalde beleids- of finansiële aspek raak (vide bespreking van die komitees in Afdelings 4.5.1.-4.5.4.). Daardie komitees kan dus as vertikale komitees beskou word en die Algemenedoeleindes-komitee as 'n horisontale komitee.

Met die verloop van tyd het die komitee egter in 'n soort van uitvoerende komitee ontwikkel. Hiermee is geen fout te vind nie, aangesien dit baie algemeen is dat daar 'n uitvoerende komitee uit 'n bestuursliggaam saamgestel word om spoedeisende sake in die interim tussen vergaderings af te handel. 'n Dergelike uitvoerende komitee is in die reël 'n klein kompakte liggaam om aan hierdie doel te beantwoord. Dit is daarom vreemd dat die Algemenedoeleindes-komitee uit al die lede van die Stedelike Bantoeraad bestaan.

Soos die komitees aanvanklik gekonstitueer was, het hulle gelyke status gehad, maar omdat die Algemenedoeleindes-komitee se funksies deur dié van die ander heensny het die ander komitees sitting op hom gehad. Dit sou egter meer in ooreenstemming met algemene praktyk op plaaslike

bestuursvlak gewees het, indien die komitee uit die Voorsitter van die Stedelike Bantoeraad, die Onder-voorsitter en die voorsitters van die ander vier komitees en die sekretaris bestaan het. In hierdie geval sou die Algemenedoeleindes-komitee identies met die Komitee van Voorsitters wees waarvoor die Reglement wel voorsiening maak. Aangesien laasgenoemde komitee in elke geval nie gefunksioneer het nie (kyk Afdeling 4.5.) sou dit relatief maklik gewees het om albei komitees af te skaf en te vervang met 'n uitvoerende komitee.

Jackson[146] gee die doel van 'n algemenedoeleindeskomitee baie mooi bondig waar hy sê:

> „It is a sound rule of local government practice that everything that can arise must go to some committee, and *to meet the situation of new things arising* it is usually provided that one committee, often called the General Purposes Committee, is to take *all matters not specifically assigned elsewhere.*" (Eie kursivering).

'n Algemenedoeleindes-komitee moet dus nie alleenlik nuwe aangeleenthede wat nie elders gedek word op hom neem nie, maar ook nuwe sake wat deel van die plaaslike bestuur se funksies word, bv. deur nuwe wetgewing. Hierby sou dus maklik ingesluit kan word die verslae van ander komitees wat dan oorweeg moet word met die oog op beleids- en finansiële aspekte vir aanbeveling aan die volle vergadering.

Die toestand in die geval van die Stedelike Bantoeraad het egter so ontwikkel dat die vergaderings van die Stedelike Bantoeraad[147] en die Algemenedoeleindes-komitee op dieselfde dag gehou word, die een vergadering volg direk op die ander sodat daar van die oorspronklike doel met die komiteestelsel (kyk hierbo) weinig tereg kom. Daarby verlaag dit die vergadering van die Stedelike Bantoeraad tot 'n blote rubberstempel ter bekragtiging van besluite van die Algemenedoeleindes-komitee.

---

146. Jackson, op. cit., p.65.

147. Sedert Julie 1967.

In die bespreking van die ander komitees is reeds meermale na die Algemenedoeleindes-komitee verwys waaruit reeds 'n indruk gevorm kan word van die wyse waarop dit sekere funksies behartig het. In die lig van die feit dat die komitee ook as die finansiële komitee beskou word en die Stedelike Bantoeraad self nie oor eie geldsake beskik nie[148] sal gekyk word na die wyse waarop die jaarlikse begroting van uitgawes van die Bantoe-inkomsterekening deur die komitee bespreek is.

Daar is reeds daarop gewys dat die Stedelike Bantoeraad ook die funksies van die Adviserende Naturellekomitee moet behartig. Een van hierdie funksies was die oorweging van die jaarlikse begroting van uitgawes van die Bantoe-inkomsterekening (cf. Hoofstuk 2, Afdeling 3.3.1.). Vervolgens sal gelet word op die wyse waarop die komitee hierdie funksie behartig het, as voorbeeld van die wyse waarop dit in die algemeen gefunksioneer het.

In hierdie verband is daar iets eienaardigs. Dit was slegs in die begroting vir die finansiële jaar 1966/67 dat die begroting eers deur die komitee oorweeg is voordat die Stedelike Bantoeraad sy aanbeveling bekragtig het. In al die ander gevalle was dit slegs deur die raad self op 'n spesiale vergadering oorweeg.

Vir die finansiële jaar 1964/65 meld die notule slegs:[149]

> „Na 'n lang en breedvoerige bespreking het die Raad .... eenparig besluit om die begroting van Bantoe-inkomstes en -uitgawes sonder wysiging te aanvaar en dienooreenkomstig by die Stadsraad aan te beveel."

In die volgende finansiële jaar 1965/66 het die Rekenmeester (van die stedelike plaaslike bestuur) gewag gemaak van die gesonde posisie van die Bantoe-inkomsterekening en

---

148. Art. 8 van Wet Nr. 79/1961 reël wel dat 'n Stedelike Bantoeraad sekere gelde aan die stedelike plaaslike bestuur moet oorbetaal, veral boetes (vide artt. 5 en 6) maar omdat die raad nie oor hierdie bevoegdheid beskik nie, volg dit dus vanself dat hy nie enige funksie in hierdie verband het nie.

149. Notule van die Stedelike Bantoeraad, 7 April 1964, Item 8, dit was die gewone maandvergadering.

vrae van lede beantwoord - ongelukkig is dit nie genotuleer nie. Ook is op hierdie vergadering besluit om die toelaes van raadslede, komiteelede en wykskomiteelede te verhoog.

Vir die finansiële jaar 1966/67 is die begroting eers deur die Algemenedoeleindes-komitee bespreek, en op 'n spesiale vergadering van die Stedelike Bantoeraad bekragtig. In genoemde verslag van die Algemenedoeleindes-komitee verskyn egter niks i.v.m. die begroting nie![150]

Die vergadering vir die oorweging van die begroting vir die finansiële jaar 1967/68 was langer as die voriges.

Vir die eerste keer word gewag gemaak van die feit dat die Wieg in die Bantoedorp groot uitgawe verg wat moontlik 'n besnoeiing op ander rekeninge tot gevolg kan hê as die posisie nie in die komende finansiële jaar verbeter nie.

Ook word die eerste keer melding gemaak dat die Bestuurder van die Bantoedorp met die Voorsitter van die Stedelike Bantoeraad oorleg gepleeg het met die opstel van die begroting vir die pos Maatskaplike Welsyn.[151] Verder is ook gerapporteer dat voorsiening in die begroting gemaak is vir die verhoging van die lone van sekere Bantoewerknemers wat baie jare diens aan die stedelike plaaslike bestuur gelewer het en ook die Sekretaris van die Stedelike Bantoeraad. In die laaste plek is daar weer die opmerking[152]

> „Na 'n lang en breedvoerige bespreking waartydens lede genoeg tyd gegee was vir vrae en kommentaar, het die Stedelike Bantoeraad ..... eenparig besluit om aan te beveel dat die begroting ..... met dank aanvaar word ....."

In hierdie aanbeveling word verder gevra dat 'n nuwe salarisskaal vir die Sekretaris en 'n pos Hoofklerk by die Arbeidsafdeling geskep word.

---

150. Die notule van die Stedelike Bantoeraad en die verslag van die Algemenedoeleindes-komitee is aangeheg aan die Sakelys vir die Gewone Maandvergadering van die Stedelike Bantoeraad van Welkom van 21 April 1966, pp. 12 - 14.

151. Notule van 'n spesiale vergadering van die Stedelike Bantoeraad, 2 Maart 1967, Item 2.

152. Ibid.

In die oorweging van die begroting vir die finansiële jaar 1968/69 het die Assistent-Direkteur sekere projekte aangekondig. Daarna het die Assistent-Tesourier die begroting verduidelik en gewag gemaak van die feit dat groot tekorte in welsynsdienste, gesondheid en sport ondervind word

„and something would have to be done to control over-spending on these services."[153]

Geen voorstelle is egter gemaak oor wat gedoen kan word om die toestand reg te stel nie. Na verdere vrae en bespreking is die begroting aanbeveel.

Uit die aard van die saak kan hieruit nie veel afgelei word nie, veral omdat daar geen aanduiding is van die tipe vrae wat gevra, of kommentaar wat deur raadslede gelewer is nie. In die algemeen kan egter opgemerk word dat vir so 'n belangrike vergadering die werklike vergadertyd baie kort was. Met die uitsondering van die vergadering van 2 Maart 1967, was al die ander vergaderings binne 'n uur afgehandel - een selfs in dertig minute! Kan daar werklik iets konstruktiefs deur raadslede tot 'n begroting in so 'n kort tydjie bygedra word? Kan hulle iets leer in verband met die hantering van finansies in daardie tyd, byvoorbeeld hoe die inkomste vir die volgende jaar bereken word, ensovoorts?

Daar is vroeër (cf. Afdeling 4.4. van hierdie hoofstuk) verwys na 'n memorandum van die Voorsitter van die Stedelike Bantoeraad, waarin hy sekere voorstelle gedoen het in verband met die verdeling van die raad se funksies tussen die verskillende komitees.[154]

Een van die voorstelle was dat die Komitee van Voorsitters van tyd tot tyd byeenkom om die verskillende begrotingsposte wat op die Stedelike Bantoeraad betrekking het (Begrotingsposte 56/1 - 56/7 en ook 57/3 en 57/4 het veral op die Stedelike Bantoeraad betrekking - cf.

---

153. Notule van 'n Spesiale Vergadering van die Stedelike Bantoeraad, 4 April 1968, Item 2.

154. Cf. Voetnoot 79 en ook Bylae 8.

ook Afdeling 4.5.3. van hierdie Hoofstuk).[155] Toe die Verslag van die Algemenedoeleindes-komitee op die vergadering van die Stedelike Bantoeraad bespreek is, het die Direkteur van Bantoesake gesê:[156]

> "... he would have to discuss the pattern with the Township Manager and that the final details would be put on paper at a later stage."

Sover vasgestel kon word, is geen uitvoering egter aan hierdie gedagte gegee nie.

Die gebruik om die Voorsitter van die Stedelike Bantoeraad in te roep wanneer die begroting vir die pos Maatskaplike Welsyn uitgewerk word, is beslis 'n gesonde en behoort uitgebou te word. Uit gesprekke met die Assistent-Direkteur het dit dan ook geblyk dat die stedelike plaaslike bestuur wel van voorneme is om dit te doen.

Sou die Algemenedoeleindes-komitee in 'n uitvoerende komitee omskep word, kan genoemde voorstel van die Voorsitter deel van die uitvoerende komitee se funksies word. Dit behoort by te dra om nie alleen groter belangstelling in die raad se werksaamhede aan te wakker nie, maar ook 'n groter verantwoordelikheidsbesef by die hantering van finansies te kweek. Die Sosiale-welsynskomitee sal dan, bv. nie 'n twintig - dertig aansoeke om bystand bloot as roetine kan afhandel en aanbeveel nie en ook nie versuim om te kontroleer hoe lank 'n bepaalde geval hulp ontvang nie, omdat die komitee sal besef dat die finansies deur die begroting aan hom toegewys nie onbeperk is nie. Aansoeke om bystand sal sorgvuldig oorweeg en gereeld gekontroleer word aangesien die komitee tot verantwoording deur die uitvoerende komitee geroep sal word, indien hy sy begroting oorskrei. Hierop sal in Hoofstuk 6 verder uitgebrei word.

### *4.5.7. WYKSKOMITEES*

Hoewel hierdie komitee onder een hoof saam met die ander komitees van die Stedelike Bantoeraad bespreek word,

---

155. Agenda van 'n Spesiale Vergadering van die Algemenedoeleindes-komitee, 24 Februarie 1966, Item 7, p. 4.

156. Verslag van die Algemenedoeleindes-komitee, 24 Februarie 1966, Item 8, p. 6.

kan dit, streng gesproke, nie as 'n raadskomitee beskou word nie (soos byvoorbeeld in die geval van die Algemene-doeleindes-komitee)omdat dit ook uit nie-raadslede bestaan (vide bespreking van die komiteestelsel aan die begin van hierdie afdeling - 4.5.1.). Ook kan dit nie as 'n ad hoc-komitee[157] tipeer word nie, omdat dit, soos die Stedelike Bantoeraad self, deurlopend van een verkiesing tot die volgende funksioneer.

Die wykskomitees speel egter 'n belangrike rol in die algemene administrasie van die Bantoewoongebied van Welkom soos uit die bespreking verderaan sal blyk en om hierdie rede behoort hul funksies en samestelling baie duideliker omskryf te word.

Die gebruikmaking van die stelsel van wykskomitees is nie eiesoortig aan Welkom nie, en word trouens deur 'n hele aantal stedelike plaaslike besture in die administrasie van hul Bantoewoongebiede gebruik. Hierdie stelsel is by nege van die Stedelike Bantoerade wat reeds bestaan, in swang.[158]

In die Reglement van Orde van die Stedelike Bantoeraad van Welkom word ook vir die instelling van wykskomitees voorsiening gemaak, maar dieselfde vaagheid oor die presiese funksies van die komitees (soos wat reeds in die geval van die vyf raadskomitees opgemerk is) geld hier. Die Reglement bepaal slegs:[159]

> „That each ward be divided into not more than ten Blocks from each of which one male registered tenant shall be appointed, by the elected member of the ward, to represent the residents of that block on a ward committee, the Chairman of which shall be the elected member of that ward."

---

157. Plaaslike bestuursliggame maak dikwels van ad hoc-komitees gebruik. 'n Ad hoc-komitee word saamgestel uit lede van die plaaslike bestuursliggaam om een bepaalde opdrag uit te voer en as die opdrag uitgevoer is, word die komitee ontbind. Op 'n ad hoc-komitee kan dan persone wat nie sitting op die plaaslike bestuursliggaam het nie, gekoöpteer word.

158. Hierdie inligting is ontleen aan 'n skrywe wat aan elk van die stedelike plaaslike besture waar Stedelike Bantoerade reeds ingestel is, gerig is.(Daar bestaan reeds 21 Stedelike Bantoerade en ten opsigte van 18 is antwoord ontvang.)

159. Reglement van Orde van die Stedelike Bantoeraad van Welkom, p. 1.

Hieroor net die volgende aanmerkings:

a. Dit is nie duidelik waarom lidmaatskap van wykskomitees tot manlike inwoners beperk word nie, aangesien dit nie die geval by die Stedelike Bantoeraad self is nie. (Vgl. Afdeling 3.1. van Hoofstuk 3).

b. Daar is nie streng by die bepaling gehou dat wykskomitees uit tien lede moet bestaan nie en die samestelling van die wykskomitees in die Bantoewoongebied van Welkom het van sewe tot nege lede gewissel.

c. Dit is nie 'n baie gesonde beginsel dat die betrokke raadslid self die lede van die wykskomitee aanwys nie, omdat slegs een van die raadslede in die wyke wat hulle in die Stedelike Bantoeraad verteenwoordig, woonagtig was, en die vermoë van 'n persoon wat buite 'n bepaalde wyk woon, om 'n verteenwoordigende wykskomitee saam te stel kan sterk betwyfel word.

Bewys van hierdie stelling blyk uit die feit dat in die drie wyke waarin die meningsopname uitgevoer is bykans 46% hostelbewoners is, maar geen enkele hostelbewoner dien op die wykskomitee van enige van die betrokke wyke nie. Die aanwysing van die wykskomitee deur die raadslid self kan ook aanleiding tot nepotisme gee.

d. In die Reglement van Orde word geen aanduiding gegee wat 'n wykskomitee se funksies is nie, of wat die kanaal is waarlangs geskille wat nie opgelos kan word nie, gevoer behoort te word.

By wyse van teenstelling word daar in die geval van die wykskomitees wat in die Bantoewoongebied van Standerton funksioneer[160] 'n duidelike uiteensetting van sowel die wykskomitee as die blokkomitees [161]

---

160. Inligting ontleen uit korrespondensie met mnr. M.J. Lötter, Assistent Direkteur van die Departement van Bantoesake, Standerton, ged. 30/5/69.

161. Elke wyk word in vier blokke ingedeel, uit elk waarvan vier inwoners aangewys word as 'n blokkomitee deur die verkose lid vir die betrokke wyk. Laasgenoemde benoem self die voorsitter en sekretaris van die blokkomitee, maar die onder-voorsitter word deur die lede van elke blokkomitee self verkies. Die voorsitter en sekretaris van elke blokkomitee vorm dan die wykskomitee onder voorsitterskap van die verkose lid.

se funksies[162] gegee.

'n Verdere nuwe ontwikkeling op Standerton is dat daar benewens genoemde wyks- en blokkomitees ook van volkseenheid- en volkseenheidblokkomitees gebruik gemaak word.[163]

---

162. Die funksies van blokkomitees is die volgende:

„i. The Block Committee shall be responsible for performing such functions as relate to the maintenance of the good order and peaceful administration of such block.
ii. All male persons in the block above the age of 15 years who are unemployed, should be checked on and reported to the office of the Township Manager.
iii. All visitors to houses in the block should be checked and if their permits have expired, be reported to the office of the Township Manager.
iv. People sleeping at houses in the block without having obtained the permission from the Township Manager to do so, should be reported to the office of the Township Manager.
v. The condition of the streets in the block should be attended to and defects reported to the Township Manager.
vi. The condition of water taps on the block as well as the street lights should be attended to and any defects reported to the Township Manager.
vii. Any matter which the block committee cannot solve, shall be taken to the ward committee for attendance."

Die funksies van wykskomitees is:

„i. To assist the elected member of the U.B.C. for that ward.
ii. To deal with all matters referred to the Committee by the different Block Committees.
iii. To bring matters which the committee feel should be placed on the agenda of the Standing Committees of the U.B.C., to the notice of the elected member.
iv. All matters which cannot be solved by the Ward Committee shall be referred to the Standing Committee concerned of the U.B.C."

163. Die samestelling van volkseenheid- en volkseenheidblokkomitees is presies dieselfde as dié van die wyks- en blokkomitees. Die verskil lê egter by die funksies van die komitees. Die funksies van die volkseenheidblokkomitees is die volgende:

„i. To hear all family disputes in the block.
ii. All problems or disputes which cannot be solved shall be referred to the National Unit Committee for attention".

Die funksies van die volkseenheidkomitees is:

„i. To assist the Urban Representative concerned to act in the interest of the members of the National Unit concerned and on behalf of the Chief concerned in all matters affecting the National Unit concerned in the *Urban Area* of Standerton. The Urban Representative is the only channel of communication between the Chief concerned and the members of the National Unit concerned.

Daar word hierna verwys omdat dit 'n goeie aanduiding gee van die rigting waarin die sentrale owerheid in die algemeen wil hê dat die administrasie van die Bantoebevolking in Blanke stedelike gebiede moet ontwikkel.

Sonder om breedvoerig hierop in te gaan, is die volgende opmerkings ter sake:

a. Volgens die Reglement van Orde van die Stedelike Bantoeraad van Standerton is dit nie (baie) duidelik welke kapteinsverteenwoordiger die voorsitter van die volkseenheidskomitee sal wees in gevalle waar meer as een kapteinsverteenwoordiger van dieselfde volkseenheid in die gebied aangestel is nie.

b. Vanweë die heterogeniteit van die Bantoebevolking in talle stedelike gebiede en die skaarste aan kapteinsverteenwoordigers (waarna reeds verwys is in Afdeling 1.2.2.2. van Hoofstuk 3) sal hierdie stelsel baie moeilik, veral by die kleinere stedelike plaaslike besture, funksioneer.

c. Die duidelike uiteensetting van die funksies van die verskillende komitees is beslis aanbevelenswaardig, maar dit kan voorsien word dat daar duplikasie tussen die werksaamhede van die wyks- en blokkomitees aan die een kant en die volkseenheid- en volkseenheidblokkomitees aan die ander kant *kan* plaasvind.

d. Die funksies wat veral vir blokkomitees aangegee word (vide voetnoot 158) kan beskryf word as ,polisie-funksies' en kan slegs bydra dat die hele stelsel in onguns raak. Die bepaling dat die wykskomitee via die verkose lid sake na die staande komitees van die Stedelike Bantoeraad moet verwys is egter beslis aan te beveel omdat daardeur die werklike

---

163.(vervolg)

„ii. To attend to all matters referred to it by the different National Unit Block Committees concerned. The Committee shall act as arbitrator in all disputes referred to them by the National Unit Block Committees concerned.

iii. Matters or disputes which cannot be solved by the National Unit Committee shall be referred to the Township Manager, and if it cannot be solved by him, to the Bantu Affairs Commissioner.

iv. Should a Chief or a Representative of a Territorial Au Authority, visit Standerton the National Unit Committee concerned shall be responsible for the arrangements thereof in consultation with the Director.

v. The National Unit Committee shall deal with all matters referred to it by the Director or his Department."

behoeftes van die bevolking na die raad gekanaliseer kan word. Hierdie stelling word egter in 'n aansienlike mate deur opmerking c op p. 155 gekwalifiseer.

e. Die funksies wat aan die ander kant aan volkseenheidblokkomitees toegewys is (vide voetnoot 163) is slegs 'n opskrifstelling wat reeds in die praktyk plaasvind (kyk bespreking van die wykskomitees van Welkom verderaan). Wat egter beslis hier aan te beveel is, is dat die korrekte kanaal waarlangs geskille, wat nie deur die volkseenheidskomitee opgelos kan word nie, gevoer behoort te word, duidelik beskryf word (cf. funksie iii) van die volkseenheidkomitees in voetnoot 159).

f. In kleinere stedelike plaaslike besture se Bantoewoongebiede waar die etniese groepering ten opsigte van die verskillende volkseenhede nie so duidelik deurgetrek kan word nie, sou dit veel meer realisties wees indien die gebiedsowerheidsverteenwoordiger 'n persoon aanwys om hom in daardie Bantoewoongebied te verteenwoordig. Hierdie persoon kan dan optree as die voorsitter van 'n sentrale volkseenheidkomitee vir daardie Bantoewoongebied met subkomitees in die verskillende wyke in plaas van vier volkseenheidblokkomitees sy aan sy met blokkomitees in elke wyk.

Een van die vrae wat tydens die veldwerk aan die kiesers en raadslede gestel is, was:[164] Watter lid van die wykskomitee woon naaste aan hom? (verwysende na die kieser).

Slegs sewe uit die 48 respondente het nie een van die wykskomiteelede geken nie, en dié wat wel een geken het, het nie noodwendig altyd die een naaste aan hom geken nie. In een wyk was die leier van die wykskomitee (die verkose lid van die wyk is ook by Welkom die voorsitter van die wykskomitee) redelik goed bekend in daardie wyk en word skynbaar daar as leier aanvaar.

---

164. Die navorsingsmetodes wat tydens hierdie ondersoek gebruik is, is reeds in Hoofstuk 1 uiteengesit en in Hoofstuk 5 word die vraelys wat tydens die meningsopname gebruik is, vraag vir vraag bespreek (kyk Afdeling 2.3. van Hoofstuk 5).

Die feit dat so baie van die respondente 'n wykskomiteelid geken het, is betreklik eenvoudig te verklaar. Die wykskomitee vorm naamlik, onder voorsitterskap van die betrokke raadslid (soos reeds gesê is) 'n soort arbitrasiehof. (Indien die raadslid nie self in die betrokke wyk woon nie, benoem hy dikwels een van die wykskomiteelede as leier en laasgenoemde tree dan in sy afwesigheid as voorsitter van die wykskomitee op.) Die funksie van hierdie ‚hof' is hoofsaaklik die beslegting van huishoudelike geskille. Slegs indien die wykskomitee nie die betrokke partye met mekaar kan versoen nie, of waar een van die partye (gewoonlik dié wat in die ongelyk gestel is) nie tevrede is nie, word die saak verder gevoer. Die prosedure is in die reël die volgende:

A en B (man en vrou) kry rusie, byvoorbeeld oor 'n derde party. Die geskil neem sodanige afmetings aan dat die rus en vrede in die wyk versteur word sodat òf een van die bure, òf een van die partye self, 'n klag by een van die wykskomiteelede gaan lè. Gestel dit is een van die partye self. Die wykskomiteelid by wie die klag aanhangig gemaak is, sal eers self probeer om die vrede te herstel. Slaag hy daarin, gaan die saak nie verder nie. Slaag hy egter nie daarin nie, maak hy die saak by die daaropvolgende vergadering van die wykskomitee aanhangig (die wykskomitees vergader in die reël weekliks). Op die vergadering word dan 'n datum vasgestel waarop die klagte ‚gehoor' sal word. Die wykskomiteelid moet dan sorg dat die partye met die nodige getuies op die vasgestelde datum voor die wykskomitee verskyn.

In hierdie verband is die prosedure in Wyk 8 baie interessant. Hierdie wyk staan bekend as die Nguni-wyk, maar daar is lede van die Venda-, Matshangaan-, Xhosa- en Zoeloe-volkseenhede asook Ndebele daar woonagtig. Die raadslid van die wyk, wat 'n Xhosa is, het sy komitee uit lede van elke etniese groep saamgestel, sodat hulle inderwaarheid as assessore kan dien wanneer klagtes by die komitee

aanhangig gemaak word.[165]

Op die vasgestelde datum sal die wykskomiteelid dan die saak uiteensit. Daarna word die partye elkeen 'n kans gegee om sy/haar saak te stel. Nadat albei partye en hul getuies aangehoor is, sal die wykskomitee die saak probeer skik. In die proses van skikking neem die aanwesiges vryelik aan die bespreking deel. Slaag die komitee daarin om 'n skikking te bewerkstellig, eindig dit natuurlik daar. Is een van die partye egter nie tevrede nie, gaan die raadslid en die wykslid saam met die partye na die Sekretaris van die Stedelike Bantoeraad. Die raadslid gee daar 'n uiteensetting van die saak en die ‚beslissing' van die wykskomitee. Die sekretaris probeer dan om 'n skikking te bewerkstellig. Indien hy ook nie tevredenheid kan bewerkstellig nie, word die hulp van die Bantoedorpsbestuurder ingeroep en gewoonlik eindig die saak dan daar.

---

165. Hierdie raadslid het ook ‚reëls' vir wykskomiteevergaderings opgestel. Dit word vryelik vertaal weergegee. Die vertaling is deur mnr. van Rooyen van die Departement Bantoetale van Unisa goedgunstiglik onderneem.

„*Rules governing committee meetings (Ward 8) 1966 - 1969.*

1. To start with, every committee member is expected to be at the venue for the meeting before 5.45 p.m. every Tuesday.
2. When the meeting is to start, all people will get inside and take seats without making a noise.
3. When the chairman enters, the house will rise till he takes his seat.
4. After this no one must speak, smoke, spit or greet another person or ask each other about health.
5. The chairman will open the meeting with a prayer or ask someone to do so.
6. After this, order must be strictly observed, anyone who comes late must go to his seat stealthily without disturbing the meeting.
7. A member of the committee who comes while the meeting is in progress will pay respect to the chairman by bowing before taking his seat.
8. No man is allowed to be at the meeting with a hat put on, or without a jacket put on and no woman must be at the meeting without wearing a hat; only the accused will be excused if he or she did not have time to dress properly.
9. The meeting will be closed with a benediction.

By order of *R.T.N. Xaluva*
Ward 8 Councillor."

In sommige gevalle, waar 'n jongman byvoorbeeld 'n meisie swanger gemaak het, en die wykskomitee eis dat hy 'skadevergoeding' moet betaal en hy nie met die bedrag saamstem nie, word die saak na die Bantoesakekommissaris verwys. Op navraag het dit egter geblyk dat die meeste 'sake' deur die wykskomitees en/of die Sekretaris van die Stedelike Bantoeraad self besleg word. Sake wat gewoonlik op hierdie wyse hanteer word, is hoofsaaklik familietwiste, dronkenskap wat op 'n bakleiery uitloop, vloekery op straat, verkragting, ensovoorts.

Talle van die raadslede, en ook van die meer ontwikkelde kiesers, het dan ook die vernaamste funksie van die Stedelike Bantoeraad op die sosiaal-maatskaplike vlak gesien, en daarom behoort die stelsel van wykskomitees nie ligtelik ongedaan gemaak word nie, soos wat na verneem word, wel die voorneme is nie.

Beswaar is veral teen die hou van die 'hof' van wykskomitees gemaak. Indien 'n gebiedsowerheidsverteenwoordiger in 'n bepaalde streek aangestel word, kan die stelsel van wykskomitees 'n nuttige bydrae in die administrasie van Bantoewoongebiede in stedelike gebiede lewer, veral as 'n verteenwoordiger van die gebiedsowerheidsverteenwoordiger as 'assessor' op 'n wykskomitee gekoöpteer kan word, wanneer 'n lid van die betrokke etniese groep in 'n geskil betrokke raak.

Veral in wyke waar die etniese groepe baie vermeng is (soos in genoemde Wyk 8 van die Bantoewoongebied van Welkom) kan 'n dergelike 'assessor' 'n bydrae lewer om in 'n geskil tot 'n skikking te kom. Skrywer was byvoorbeeld teenwoordig toe 'n Ndebele aangekla was van verkragting van 'n jong Xhosa-meisie en die voorsitter (Wyk 8) was natuurlik self 'n Xhosa. Die beskuldigde se verweer was telkens: „Ons reg sê nie so nie."

In groter stedelike sentra waar daar meer etniese homogeniteit is, is hierdie probleem vanselfsprekend kleiner as in die geval van kleiner stedelike plaaslike besture. In alle geval behoort dit duidelik gestel te word dat daar wel op die plaaslike Bantoesakekommissaris in beroep gegaan kan word indien een van die partye nie tevrede is nie.

Die stelsel van wykskomitees vervul egter op hierdie vlak 'n uiters belangrike funksie en ondervang baie ondergeskikte sake wat volgens die Bantoedorpsbestuurder op Welkom, sowel as van sy voorgangers, 'n aansienlike verligting in hul werksaamhede meegebring het. Op sy beurt het die Bantoedorpsbestuurder dikwels eers partye na hul onderskeie wykskomitees verwys ten einde te kyk of die geskil nie eers op daardie vlak besleg kan word nie. Ook kan die wykskomitee 'n bydrae lewer om behoeftes van die bevolking na die Stedelike Bantoeraad te kanaliseer. Daar is reeds die stelling gemaak dat die funksies van die Stedelike Bantoeraad veral op die maatskaplike vlak lê. Hierop sal egter in die volgende hoofstuk teruggekom word.

# *H O O F S T U K 5*

## *FAKTORE WAT DIE FUNKSIONERING VAN DIE STEDELIKE BANTOERAAD (KAN) BEÏNVLOED*

### *1. INLEIDING*

In die voorafgaande hoofstukke is daar, na 'n uiteensetting gegee is van die Adviserende Naturellekomitee wat die voorganger van die Stedelike Bantoeraad was, op die struktuur en funksionering van laasgenoemde ingegaan.

Daar is uitgegaan van die standpunt dat die Stedelike Bantoeraad 'n vorm van plaaslike bestuur is en die uiteensetting wat daarvan gegee is, was tot 'n groot mate bloot beskrywend. Uit die bespreking van die komiteestelsel in Afdeling 4.5. van Hoofstuk 4 veral, het dit egter baie duidelik geblyk dat daar sekere eksterne faktore was wat ongetwyfeld 'n invloed op die raad se funksionering uitgeoefen het. Die vernaamste hiervan was:

i. Die hantering van die Stedelike Bantoeraad deur die Departement Bantoesake van Welkom;

ii. die invloed van die Departement Bantoe-administrasie en -ontwikkeling deur sy hantering van stedelike Bantoeadministrasie in die algemeen; en

iii. die raadslede en kiesers se houding jeëns die werksaamhede van die Stedelike Bantoeraad.

In Hoofstuk 3 is reeds ingegaan op die stedelike agtergrond waarteen Stedelike Bantoerade in die Blanke stedelike gebiede moet funksioneer. In hierdie verband sê Campbell:[1]

> „The close proximity of the traditional and the modern, both in space and time, has produced many problems peculiar to developing ... countries. Many of these problems are not exclusively related to local government, but they are of different magnitude and effect when viewed from the local government point of view."

---

1. Campbell, M.J., T.G. Brierly en L.F. Blitz, *The Structure of local government in West Africa.* Den Haag, Martinus Nijhoff, 1955, p. 17.

In die stedelike gebiede is die persentasie Bantoes wat 'n Westerse lewensstandaard en peil van geletterdheid bereik het oor die algemeen gesproke groter as in die Bantoegebiede. Hierdie proses van akkulturasie gaan gepaard met losmaking van die bande aan die tradisionele gesagsfiguur wat 'n gesagsvakuum in die stedelike gebiede geskep het.

> „It seems certainly true that the Urban African are generally more conscious of their status, and more clamant for a greater share in local government, than are the peasants in the tribal areas."[2]

Ten einde 'n kanaal te skep waarlangs hierdie behoeftes bevredig kan word, is die Adviserende Naturellekomiteestelsel in 1923 ingevoer.[3] Met verloop van tyd het daar egter soveel beswaar teen hierdie stelsel opgebou dat daar allerweë behoefte gevoel is om die stelsel tot niet te maak en deur iets anders te vervang.[4] Die volgende som daardie

---

2. Simons, H.J., „The Claims of the African in municipal government", in *Race Relations News*, Vol. VIII, September 1946, p.42.

3. Die ontstaan van die Adviserende Naturellekomiteestelsel is reeds breedvoerig in Hoofstuk 2, Afdeling 1 bespreek.

4. In Reyburn, L., *The Urban African in local government - A Study of the Advisory Board system and its operation*, Johannesburg, S.A.I.R.R., 1960 (Fact Paper No. 9/1960) word op pp.29-42 'n goeie opsomming van die verskillende standpunte in hierdie verband gegee.

   Kyk ook:

   Olivier, M.J., *Stedelike Naturelle-administrasie in Wes-Kaapland*, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch, 1955, pp.194-199; 431 en 472-477.

   Coertze, R.D., *Die Adviserende Naturellekomiteestelsel en politieke/organisasie soos aangetref in die stedelike gebied van Pretoria met besondere verwysing na toestande in Attridgeville*, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, Pretoria, 1957, pp.299-303.

   Mathewson, J.E., *The Establishment of an urban Bantu township*, unpublished M.A. thesis, P.U. for C.H.E.; Potchefstroom, (1957?), pp.194-197.

besware baie mooi op:[5]

> „These Boards are now generally conceded to have failed. Many reasons can be advanced for this failure; none ... match in significance the fundamental reason that advisory or consultative bodies, without any executive rights or duties, whose advice no-one is compelled to note, certainly not heed, cannot hope to be more than object-lessons in futility."

Dit is om hierdie rede dat reeds in 1952 'n wetsontwerp in die Staatskoerant gepubliseer is om die Adviserende Naturellekomitees deur Stedelike Bantoe-owerhede te laat vervang.[6] Weens heftige teenstand teen die wetsontwerp deur verskeie organisasies en plaaslike besture is die hele aangeleentheid op die lange baan geskuif. Op 20 Mei 1960 het die Minister van Finansies namens die Eerste Minister 'n verklaring in die Volksraad voorgelees waarin hy die regeringsbeleid vir toekomstige optrede met betrekking tot die Nieblanke uiteensit (kyk Voetnoot 7). Een van die voorstelle in die verklaring het die vervanging van die Adviserende Naturellekomitees deur Stedelike Bantoe-owerhede in die vooruitsig gestel. Daar word melding gemaak van die wetsontwerp van 1952 waardeur die „practically useless" Adviserende Naturellekomitees vervang sou word deur liggame met „limited though real authority" oor Bantoewoongebiede. Die besware wat teen die oorspronklike wetsontwerp ingebring was, het die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling deur onderhandelinge met belanghebbende partye ondervang en die wetsontwerp dienooreenkomstig gewysig.

> „It is the Goverment's intention, in accordance with its policy of separate development, to give the Bantu of the urban Bantu residential areas by these means *an increased measure of authority over their people in these areas.*"[7] (Eie kursivering).

In die volgende jaar is dan ook uitvoering aan hierdie

---

5. S.A.I.R.R., *Local government for Africans in urban areas*, Johannesburg, 1951 (R.R. 174/51), p.2.
6. Buitengewone Staatskoerant, nr. 4791, 22 Februarie 1952.
7. Hansard Vol. 105, 10 Mei 1960, Kol. 8337-43.

voorneme gegee met die promulgering van die *Wet op Stedelike Bantoerade,* 1961 (Wet nr. 79/1961)(soos gewysig).

Daar is reeds hierbo gesê dat daar uitgegaan word van die standpunt dat die Stedelike Bantoeraad 'n vorm van plaaslike bestuur is. Het die Stedelike Bantoeraad, *as plaaslike bestuursliggaam* doeltreffend gefunksioneer? Alvorens hierdie vraag beantwoord kan word, is dit nodig om duidelik te omskryf wat presies onder *plaaslike bestuur* verstaan word. Sodoende kan 'n maatstaf verkry word waaraan die funksionering van die Stedelike Bantoeraad van Welkom getoets kan word.

Daar bestaan reeds verskeie omskrywings van die begrip *plaaslike bestuur,*[8] maar sê Kotzé:[9]

> „Local government literature often steers clear of an explicit definition of local government, mainly because it is found in widely varying forms - structurally and functionally - all over the world."

Hierby kan ook gevoeg word dat genoemde literatuur, en gevolglik ook die omskrywings wat daarin gegee word,

---

8. a. Kyk o.m. die volgende:
United Nations, *Public Administration aspects of community developments programmes,* New York, 1959, p.2.

b. Humes, S. en E.M. Martin, *The Structure of local governments throughout the world,* Den Haag, Martinus Nijhoff, 1961, gee op p.2 'n baie omvattende omskrywing.

c. Harris, P.J., *Local government in Southern Nigeria,* Cambridge, Cambridge Univ. Press, 1957, p.25. Hierdie omskrywing is maar baie oppervlakkig en vaag.

d. Jackson, R.M., *The Machinery of local government,* Londen, Macmillan & Co., 1958. In Hoofstuk 1 gee hy 'n breedvoerige beskrywing van die aard van plaaslike bestuur.

e. Cambridge University Overseas Studies Committee, *Summer Conference on local government in Africa,* Cambridge, 1961, p.10, para. 14 en 15. Nuttige omskrywing.

f. Kotzé, D.A., *Traditionalism in African local government: With special reference to the Transkei and Lesotho,* unpublished Ph.D. thesis, University of Stellenbosch, Stellenbosch, 1968, p.81. Hierdie omskrywing is die suiwerste aan skrywer bekend.

9. Kotzé, op. cit., p.76.

beïnvloed word deur die plaaslike bestuurspatroon ('pattern')[10] wat aan die skrywer bekend is. Die Humes en Martin-omskrywing is hier 'n moontlike uitsondering aangesien dit gebaseer is op 'n bestudering van die struktuur van plaaslike bestuur dwarsoor die wêreld. Dit is ook om dieselfde rede dat die omskrywing van Kotzé as suiwer beskou word, omdat sy omskrywing weinig tekens van sodanige beïnvloeding toon. Hy omskryf plaaslike bestuur as:[11]

> „a deconcentrated, representative, institution possessing general and specific powers with locality order and integration as the main objective, devolved upon it and delegated to it by the central government, in respect of a limited geographical subdivision of a country, and in the exercise of which it is locally responsible and may to a certain degree act autonomously of the central government to which it remains ultimately responsible."

Voordat hierdie omskrywing op die Stedelike Bantoeraad van toepassing gemaak kan word, ten einde vas te stel of dit voldoen aan die gestelde vereistes vir plaaslike bestuur, moet enkele van die uitdrukkings eers bestudeer word wat in die voorafgaande omskrywing gebruik is. In die voorafgaande hoofstuk is reeds in Afdeling 1 op die betekenis van *deconcentrated* ingegaan. Dit word dan ook hier in dieselfde betekenis gebruik. Die enigste ander uitdrukking wat nadere omskrywing nodig het, is *locality order and integration.*[12] Dit sluit in die eerste plek pligte soos die voorkoming van misdaad, optrede teen vreemdelinge, siviele en kriminele jurisdiksie, beheer oor openbare vergaderings en die dra van gevaarlike wapens in. In die tweede plek sluit dit alle pligte

---

10. Alderfer, H.F., *Local government in developing countries*, New York, Mc-Graw-Hill Book Co., 1964, onderskei vier basiese patrone van plaaslike bestuur in die wêreld, nl. die Franse, Engelse, Sowjetse en die tradisionele, vide pp.1-16.

11. Ibid.

12. Kotzé, op. cit., p.78. Die uiteensetting van wat presies onder *locality order and integration* verstaan kan word, word met erkenning aan die skrywer gebruik.

"Which will enhance a feeling of community (and orderliness) among the people of the locality."[13]

Onder sodanige gemeenskapsontwikkeling word dan ingesluit die oprigting van gemeenskapsentra, markte, die dip van vee, verbetering van kommunikasie tussen verskillende dele van die gemeenskap, ens.

Word die omskrywing nou op Stedelike Bantoerade toegepas, kan opgemerk word dat hulle wel gedekonsentreerde, verteenwoordigende instellings is met algemene en spesifieke funksies wat kan bydra tot *locality order and integration.* (Vergelyk die bespreking van die funksionering van die Stedelike Bantoeraad in Afdelings 3 en 4 van Hoofstuk 4). Hierdie funksies is aan die Stedelike Bantoeraad, in oorleg met die Minister (wat deel van die sentrale owerheid vorm), gedelegeer. Dit funksioneer ook in 'n beperkte geografiese onderdeel van die land. In die uitoefening van sy funksies is die raad aan die stedelike plaaslike bestuur verantwoordelik. Daar kan verder ook gesê word dat die raad ook aan die plaaslike bevolking verantwoording verskuldig is, omdat verkose raadslede deur inwoners van die verskillende wyke verkies word. Indien die kiesers van 'n bepaalde wyk nie met hul raadslid tevrede is, sal hulle hom nie herkies nie. Dit het dan ook in die 1966- en 1969-verkiesing gebeur.[14]

Die Stedelike Bantoeraad kan egter nie outonoom optree nie, maar bly ondergeskik aan die stedelike plaaslike bestuur. 'n Saak kan egter daarvoor uitgemaak word dat hy deur die stedelike plaaslike bestuur aan die Minister, en dus aan die sentrale owerheid, verantwoording verskuldig is vir die wyse waarop hy sy funksies behartig.[15]

---

13. Ibid.

14. Die 1966-verkiesing is in Hoofstuk 3, Afdeling 3.5. behandel. In die 1969-verkiesing het nie minder nie as vyf raadslede hul setels verloor nie.

15. Die funksies is aan die Stedelike Bantoeraad verleen in oorleg met die Minister (vergelyk in hierdie verband voetnoot 72 in Hoofstuk 4).

Op grond van bogenoemde kan gesê word dat die Stedelike Bantoeraad 'n vorm van plaaslike bestuur is.

Nou ontstaan die vraag dat as die Stedelike Bantoeraad 'n vorm van plaaslike bestuur is, kan daar gesê word dat dit die funksies van 'n plaaslike bestuur so doeltreffend verrig dat *locality order and integration* as die hoofdoelwit wel bereik word?

Vorm dit inderdaad 'n skakel, of soos die Minister dit gestel het, is dit 'n rat in die administrasie van die stedelike Bantoebevolking, of is daar faktore wat die doeltreffende funksionering van Stedelike Bantoerade strem? In die bespreking van enkele faktore wat na skrywer se mening wel 'n invloed op die funksionering van die Stedelike Bantoeraad uitoefen, sal daar op die Stedelike Bantoeraad van Welkom en die stedelike plaaslike bestuur van Welkom gekonsentreer word.

## 2. FAKTORE WAT 'N INVLOED OP DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE STEDELIKE BANTOERAAD VAN WELKOM UITGEOEFEN HET

### 2.1. DIE HANTERING VAN DIE STEDELIKE BANTOERAAD DEUR DIE DEPARTEMENT VAN BANTOESAKE VAN WELKOM

Dit is nie so maklik om die invloed wat die Departement van Bantoesake van Welkom op die funksionering van die Stedelike Bantoeraad, deur sy hantering van die liggaam, gehad het, te bepaal nie.

Wat daarom hierna volg, is gebaseer op indrukke wat tydens navorsingsbesoeke gevorm is, onderhoude wat, ter plaatse veral met die meer senior amptenare van die departement gevoer is asook inligting wat uit primêre bronne verkry is.[16]

---

16. Die Direkteur van die Departement van Bantoesake van Welkom het goedgunstiglik aan skrywer vrye toegang tot sy departement se lêerkabinette gegee, maar omdat baie van die inligting wat op hierdie wyse verkry is, vertroulik is, en ook omdat persoonlikhede daarby betrokke is, sal daar geen verwysing na die onderhawige bronne gemaak word nie.

In die bespreking van die ontstaan van die Stedelike Bantoeraad (kyk Afdeling 4 van Hoofstuk 4) is reeds aandag gegee aan die betreklike haastigheid waarmee die instelling van die raad gepaard gegaan het.

Een sinsnede kom herhaaldelik in die notules voor sodat onwillekeurig die vraag ontstaan wat die primêre doel met die instelling van Stedelike Bantoerade was: Was dit inderdaad om aan die Bantoe-inwoners van Thabong 'n 'nuwe bedeling' te gee of was dit bloot om 'in pas' te bly?

Op die vergadering van die Adviserende Naturellekomitee[17] is 'n mosie aangeneem waarin die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling versoek word om 'n Stedelike Bantoeraad vir Welkom in te stel.

> „... (so)dat Welkom die eer aangedoen word om *die eerste te wees* ... om 'n Stedelike Bantoeraad in te stel."

Toe weer op die eerste amptelike opening van die Stedelike Bantoeraad het die Burgermeester o.m. gesê:

> „On behalf of the Town Council and the citizens of Welkom I congratulate Thabong in the fact that it gained for itself the honour and distinction of having the *first Urban Bantu Council in the Republic* ...[18]"
> (Eie kursivering).

Hierdie is maar twee voorbeelde wat na willekeur gekies is, maar op dieselfde vergadering is dieselfde uitdrukking deur verskeie van die sprekers gebesig. Een van die amptenare het dan ook tydens 'n onderhoud gesê dat daar 'n 'wedloop' met die stedelike plaaslike bestuur van Benoni was om die eerste Stedelike Bantoeraad ingestel te kry. Met watter doel?

In die Departement van Bantoesake van Welkom is daar voorstanders sowel as teenstanders van die stelsel van

---

17. A.N.K. Notule 11/7/61.

18. *Verbatim minutes of the First Special Meeting of the Urban Bantu Council of Thabong, Welkom,* held on Friday, 8th November, 1963, p.2.

Stedelike Bantoerade (in Afdeling 2.2. wat hierna volg, word ingegaan hierop). Die voorstanders van die maatreël sien daarin die moontlikheid om die raad uit te bou tot meer as net 'n 'verheerlikte' Adviserende Naturellekomitee deur aan die raad beperkte uitvoerende bevoegdheid binne die stedelike Bantoewoongebied te gee, maar organisatories bly die raad nog steeds *ondergeskik* aan die stedelike plaaslike bestuur. Hierdeur kan dan aan die Bantoe-inwoners van Thabong geleentheid gebied word om op verantwoordelike wyse ondervinding op te doen in die hantering van plaaslike bestuur in 'n stedelike milieu.

Die teenstanders sien dit aan die ander kant as 'n miskenning van die tradisionele beleid van skeiding - as 'n instelling wat nie in die Blanke stedelike gebiede tuishoort nie, en om daardie rede dit graag ongedaan gemaak wou sien. Die Bantoe, so glo hulle, moet homself polities in die Bantoetuislande uitlewe.

Daar is ook 'n tussenskakering van mening wat die Stedelike Bantoeraad bloot aanvaar en neutraal daarteenoor staan.

In die bespreking van die komiteestelsel (kyk Afdeling 4.5. van Hoofstuk 4) is daar gesien hoedat van die senior amptenare dikwels passief was wanneer daar uitstekende geleentheid was om aan die Stedelike Bantoeraad sinvolle leiding te gee in die uitvoering van sy funksies. Dink maar aan die laissez-faire-houding wat hulle ingeneem het teenoor die verskaffing van die groter huise aan die meer gegoede Bantoe-inwoners van Thabong. In die wyse waarop die aangeleentheid deur die amptenare gehanteer is, bemerk 'n mens 'n dubbelslagtigheid van optrede wat alleen stremmend op die funksionering van die Stedelike Bantoeraad kan inwerk. Met groot vertoon is die Stedelike Bantoeraad ingestel, maar op 'n vraag op 'n vergadering van die Algemenedoeleindes-komitee[19] waarom ander stedelike plaaslike besture hulle Bantoe-inwoners toelaat om hul eie huise te bou,

19. Verslag van die Algemenedoeleindes-komitee, 6 Desember 1966, Item 4.

word geantwoord dat dit regeringsbeleid is dat daar nie 'n gevoel van permanensie in stedelike gebiede geskep moet word nie, en daarom kan dit nie toegestaan word nie. Hierdie antwoord is simptomaties van die gebrek aan doelgerigtheid wat die hele hantering van stedelike Bantoe-administrasie ten grondslag lê waarop in die volgende afdeling teruggekom sal word.

Die raadslede was natuurlik ook nie sonder skuld nie, omdat hulle versuim het om die basiese inligting wat die stedelike plaaslike bestuur wou gehad het, nl. die presiese behoefte aan hierdie tipe huise, by die inwoners te verkry.

By sommige amptenare is ook 'n houding waargeneem wat 'n mens byna baasspelerig wil noem - 'n tekortkoming om die Bantoe as mens in eie reg te aanvaar. Hierdie houding is beslis nie bevorderlik vir goeie verhoudinge tussen die Bantoepubliek en raadslede nie.

In die normale uitvoering van hulle pligte, en ook tydens vergaderings is 'n byna paternalistiese houding jeëns die Bantoe waargeneem wat gepolariseer het rondom die amptenare se houding teenoor die Stedelike Bantoeraad. Tekens hiervan is gevind in die reaksie op sekere van die vrae wat tydens die onderhoude aan die inwoners gestel is en wat ook bevestig is deur segsmanne van die meer ontwikkelde groep. Onder veral die ongeletterde en halfgeletterde Bantoes word 'n byna passiewe aanvaarding van bepaalde administratiewe maatreëls aangetref[20] wat by nadere ondersoek, gespruit het uit 'n bedekte vrees dat enige besware van hulle kant kan lei tot opskorting van hul verblyfpermitte.

'n Verdere uiting van hierdie paternalistiese gevoel kon gesien word in die vertroue wat sommige raadslede by lede van die amptenare geniet het, in so 'n mate dat hulle

---

20. Bv. die bepaling dat persone wat nie onder Art. 10 van Wet nr. 25/1945 kwalifiseer nie, nie hulle afhanklikes in die Bantoewoongebied mag inbring nie.

as die 'leiers' van die Bantoewoongebied beskou word. Tydens onderhoude is hierdie persone dan ook as 'leiers' uitgewys, maar die vraag het onwillekeurig ontstaan of hulle nie bloot as leiers aanvaar word omdat hulle die vertroue van die administrasie geniet nie. Dit is vir baie van hierdie persone egter ekonomies voordelig om hierdie vertrouensposisie te vertroetel omdat hulle besigheidsmanne is.

Skrywer kan daarom nie anders as om met Simons saam te stem nie waar hy die volgende sê nie:[21]

> „We may find it convenient to describe the relationship between the European and the African in the urban areas as one of „trusteeship". *As long as the African is prepared to accept the position of a ward, and to accept decisions of the local authority as being conducive to his interest, it is conceivable that this relationship may provide opportunities for harmonious and cordial co-operation between the two sections."* (Eie kursivering).

Simons[22] gaan dan verder en wys op die reaksie van die Bantoe op hierdie houding.

> „This, however, is what many Africans are not prepared to accept, and the probability is that, to an increasing extent in the future, (let daarop dat hierdie woorde reeds in 1946 geskrywe is) *they will make demands that cannot be satisfied within the confines of a system based upon the relationship between guardian and ward."* (Eie kursivering).

Hoeveel te meer is hierdie woorde waar in die huidige omstandighede met die steeds toenemende aandeel van die Bantoe aan die landsekonomie en die uitbreiding op die gebied van Bantoe-onderwys nie?

Die stedelike plaaslike besture verkeer egter soms in 'n onhoudbare posisie waar hul uitvoering moet gee aan maatreëls waarteen hulle gevoel van menslikheid in opstand

---

21. Simons, op. cit., p.43.
22. Ibid.

kom.[23] Aan die ander kant egter kan die wyse waarop sommige aangeleenthede in die Stedelike Bantoeraad deur amptenare hanteer is, net eenvoudig nie begryp word nie.

### 2.2. DIE INVLOED VAN DIE DEPARTEMENT BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING DEUR DIE HANTERING VAN STEDELIKE BANTOE-ADMINISTRASIE IN DIE ALGEMEEN

In Hoofstuk 2 is reeds ingegaan op die wyse waarop deur die *Naturellen(Stadsgebieden) Wet,* 1923 eenvormigheid in die administrasie van die Bantoebevolking in die Blanke stedelike gebiede bereik is. Die posisie is vandag inderdaad dat inderwaarheid gesê kan word dat wat die administrasie van die Bantoebevolking in die Blanke stedelike gebiede betref, die stedelike plaaslike besture bloot die agente van die sentrale owerheid is.

Dr. Verwoerd het dit by geleentheid so uitgedruk:

> „As ons die wetgewing nagaan waarop die werksaamhede van die meeste van u (munisipale administrateurs van Bantoesake) berus, nl., ons Stadsgebiedewetgewing, dan sal u oplet dat vanaf 1923, dus ook in die verskillende wysigings en met die konsolidasie later, dwarsdeur, hierdie grondbeginsel helder en ondubbelsinnig daarin staan, nl., dat *die Staat die beleid bepaal en dat die plaaslike owerhede die helpers in die toepassing daarvan is*."[24] (Eie kursivering).

Vanweë hierdie feit dat die vraagstuk met betrekking tot die teenwoordigheid van die Bantoe in Blanke stedelike gebiede as behorende tot die breë naturellevraagstuk beskou is, het dit die spreekwoordelike speelbal van die

---

23. Bv. die bepaling dat dit 'n strafbare oortreding vir 'n Bantoeman is om by sy wettige vrou te slaap wat as huisbediende in die Blanke gebied in diens is.

24. Verwoerd, H.F., *Plaaslike owerhede en die staat - Openingsrede gelewer deur Sy Edele Dr. H.F. Verwoerd, Minister van Naturellesake, by geleentheid van die Vyfde Jaarkongres van die Instituut van Administrateurs van Nieblanke Aangeleenthede in suidelike Afrika, op 17 September, 1956,* Pretoria, Staatsdrukker, 1956, p.7.

verskillende politieke partye geword. Hiervan getuig veral die heftige debatte in die Volksraad wanneer wysigings in die Stadsgebiedewetgewing onder bespreking was. Om hierdie rede kan tereg gevra word of dit nie een van die belangrikste bydraende faktore tot die mislukking van die Adviserende Naturellekomitees was nie. Hierby kan verder ook gevoeg word dat die geskiedenis van stedelike Bantoe-administrasie oor die bykans vyftig jaar sedert die eerste *Naturellen (Stadsgebieden) Wet*, 1923 uitgevaardig is, 'n kaleidoskopiese verhaal was van die verlening van bepaalde regte aan die Bantoebevolking wat in die Blanke stedelike gebiede woonagtig is, en die wegneem van bykans dieselfde regte (na gelang die standpunt van die party aan bewind in hierdie verband). So bv. sê die Stallard-kommissie in hul verslag:[25]

> „Your Commissioners recommend ... that it should be a recognized principle of government that natives - men, women and children - should only be permitted within municipal areas *in so far and for so long as their presence is demanded by the wants of the White population.*" (Eie kursivering).

'n Jaar na die publikasie van hierdie verslag het Genl. Hertzog in die Volksraad gesê:[26]

> „Die Wet op Naturelle-grondbesit van 1913, het bepaal dat *die naturel in die blanke gebiede net 'n tydelike inwoner is en geen grondeienaar kan wees nie* en die blanke omgekeerd nie in die naturellegebiede nie. Deur die naturelle nou grond te laat kry in die lokasie, wyk ons van daardie beginsel af." (Eie kursivering).

Ten spyte van hierdie duidelike beleidsuiteensettings word die Adviserende Naturellekomitees in 1936 tot een van

---

25. *Report of the local government commission, 1921*, Pretoria, Staatsdrukker, T.P. 1/1922, para. 42.

26. Debatte van die Volksraad, 1923, aangehaal deur: Van As, B.S., *Moontlike alternatiewe vir adviserende naturellekomitees in die Unie*
Notule van verrigtinge van die Sewende Jaarkongres van die Instituut van Administrateurs van Nieblanke Aangeleenthede (suidelike Afrika), Muizenberg, 1958.

die stemeenhede van die vier kiesgebiede verhef vir die verkiesing van senatore en lede van die Naturelle Verteenwoordigende Raad.[27]

Hierdeur het die Bantoebevolking in die Blanke stedelike gebiede, wat volgens Genl. Hertzog se eie standpunt *tydelike inwoners* daarin is, op gelyke voet met die Blanke 'n aandeel in die wetgewende gesag van die land verkry.

> „Daar is geen beperking geplaas op die stembevoegdheid van hierdie senaatsverteenwoordigers nie. Dit beteken dus dat die verteenwoordigers van die naturelleburgers net so volledig as die verteenwoordigers van die blankes die reg het om opinie uit te spreek ten opsigte van die betaling van subsidies aan mielieboere of die Unie se buitelandse beleid."[28]

Die Fagankommissie[29] het weer in 1948 aanbeveel dat die Adviserende Naturellekomitees deur naturelle-dorpsrade vervang moes word. Volgens die wetsontwerp wat deur die kommissie opgestel is, sou uitgebreide bevoegdhede en funksies aan hierdie dorpsrade verleen word wat in die praktyk daarop sou neerkom dat die bestuur van Bantoewoongebiede ten volle in die hande van die Bantoe-inwoners sou oorgaan, alhoewel nog steeds onder jurisdiksie van die stedelike plaaslike bestuur.

Toe die verslag van die kommissie ter tafel gelê is, het die Minister van Naturellesake in antwoord op 'n vraag in die Volksraad gesê:[30]

> „Die agbare lid vir Oos-Kaap het gevra wat ons standpunt is i.v.m. die verslag van die Fagankommissie. In die algemeen meen ek dat ons bereid is om die bevindinge wat feite betref, te aanvaar, maar ons is

---

27. Art. 4(1)(a) en (b) van die *Naturelle-verteenwoordigingswet*, 1936 (Wet nr. 12/1936).

28. Coertze, op. cit., pp.323-24.

29. *Verslag van die Naturellewette Kommissie*, 1948 (U.G. nr. 28/1948, p.19.

30. Debatte van die Volksraad, Vol. 64, Aug. 6 - Sept. 10, Kol. 1654, 1948.

> nie bereid om al die gevolgtrekkings en die remedies wat in daardie verband aanbeveel word, te aanvaar nie. ... ons gee ernstige oorweging aan die hele saak en die voorgestelde wetsontwerp wat aangeheg is aan die Faganverslag, sal ernstig deur ons bestudeer word."

Dit het egter nie verder as dit gekom nie, maar in 1952 is die *Wetsontwerp op Stedelike Bantoe-owerhede* in die Staatskoerant gepubliseer waarna reeds in die Inleiding tot hierdie hoofstuk verwys is.

In 1956 het die Minister van Naturellesake in 'n beleidsverklaring die standpunt, soos oorspronklik deur die Stallardkommissie geformuleer, herbevestig met die volgende woorde:[31]

> „omdat dié naturellewoonbuurtes geleë is binne Blanke gebied, (sal) die belang van die blanke stadsbewoner oorwig ... moet hê bo die belang van die naturellebewoner."

En verderaan:[32]

> „*Die naturellewoongebied by die stad is alleen 'n plek waar die Blanke in sy deel van die land 'n tydelike woonplek gee aan diegene wat dit van hom behoef omdat hulle daar by hom werksaam is en daar by hom 'n verdienste verkry.*"

Uit hierdie aanhalings kan 'n mens nie anders as om tot die gevolgtrekking te geraak dat die beleid met betrekking tot die aanwesigheid van die Bantoe in die Blanke stedelike gebiede een van laissez-faire was nie, veral as in aanmerking geneem word dat deur die jare heen die geleentheid in die wet gelaat is vir Bantoe om permanente

31. Verwoerd, H.F., *Plaaslike owerhede en die staat - Openingsrede gelewer deur Sy Edele Dr. H.F. Verwoerd, Minister van Naturellesake, by geleentheid van die Vyfde Jaarkongres van die Instituut van Administrateurs van Nieblanke Aangeleenthede in suidelike Afrika, op 17 September 1956*. Pretoria, Staatsdrukker, 1956, p.18.

32. Verwoerd, op. cit., p.9.

verblyf in die Blanke stadsgebied te verwerf.[33]

Hierdie feite kan nie anders as om 'n invloed op die funksionering van die Stedelike Bantoerade uit te oefen nie.

'n Verdere voorbeeld van hierdie onsekere hantering van die stedelike Bantoevraagstuk word gevind in die uitvaardiging van die *Wet op Stedelike Bantoerade*, 1961 self.

Voorstanders van die maatreël het dit verwelkom as 'n positiewe poging om aan die Bantoebevolking seggenskap in die bestuur van sy eie sake in Blanke stedelike gebiede te gee na die mislukking van die Adviserende Naturellekomitees.

Die volgende is 'n goeie voorbeeld van hierdie standpunt:[34]

> „The pleasing features about it (die wetsontwerp) are that the urban African is at last being recognized as having rights and real interests in the urban Bantu townships and that he will be given some say in the conduct of the affairs of these townships in bodies which will be elected ..."

Teenstanders van die maatreël, aan die ander kant, het dit bestempel as 'n weerspreking van die beleid van afsonderlike ontwikkeling.

> „Die instelling en funksionering van 'n sodanige raad ('n Stedelike Bantoeraad) is egter nie te rym met die beleid van afsonderlike ontwikkeling veral waar dit die tydelikheid van die Bantoe in die blanke stedelike gebied raak nie."[35]

---

33. Hierdie feit is nie so onbeduidend soos dikwels voorgegee word nie. Daar is bereken dat ongeveer 400,000 van die Bantoe-inwoners van die Stedelike Bantoewoongebiede van Johannesburg, ± 66%, onder Art. 10 kwalifiseer. Welkom is egter belangriker, want hoewel die dorp as geheel nog net 20 jaar oud is, kwalifiseer na skatting reeds 30% van sy Bantoe-inwoners (van Thabong) onder hierdie bepaling vir permanente verblyf in die Blanke stadsgebied.

34. „Cape Times", 10 Junie 1961.

35. Riekert, P.J., *Presidentsrede gelewer tydens die Sestiende Jaarkongres van die Instituut van Administrateurs van Nieblanke Aangeleenthede (Suidelike Afrika)*. Durban 29 September - 2 Oktober 1969.

In die reeds aangehaalde berig uit die „Cape Times" is hierdie feit ook raakgesien, en word dan ook gesê dat die implementering van die maatreël

> „is a denial of the fundamental tenets of the apartheid philosophy ... to such an extent that the urban African will now enjoy elective rights which his counterpart in the Bantustans is not permitted."[36]

Verder is die maatreël ook beskou as 'n blote toegee aan buitelandse druk (die wet is presies 'n jaar na die gebeure by Sharpeville uitgevaardig).

Die volgende opmerking, wat byna tien jaar na die uitvaardiging van die wet, deur 'n senior amptenaar van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling gemaak is, staaf hierdie bewering.

> „Die Departement aanvaar die verpligting wat op hom gerus het na Sharpeville, as gevolg waarvan die Wet op Stedelike Bantoerade die lig gesien het. Die Departement sien hierdie raad as 'n liggaam wat op die plaaslike huishoudelike vlak nuttig kan optree en as hy meer as dit doen, is die Departement bereid om hom te ontman."[37]

Dit is baie sterk taal, maar as na die verloop van sake in plekke soos Johannesburg met die Stedelike Bantoeraad aldaar gekyk word, weerspieël hierdie opmerking die departement se houding goed.

Hierdie onsekerheid oor die doel met die Stedelike Bantoerade vind selfs weerklank in ministeriële verklarings. Toe die wetsontwerp die eerste keer in die Volksraad gedien het, het die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling in 'n onderhoud aan die pers gesê:[38]

---

36. Hierdie berig is geskryf voor die verlening van selfbestuur aan die Transkei.
37. Adjunk-Sekretaris van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling op die vergadering van die O.V.S. en Noord-Kaaplandse Provinsiale Afdeling van I.A.N.A. op 20 Augustus 1969, te Kroonstad.
38. „Cape Times", 10 Junie 1961.

> „Africans living in urban townships would have their own mayors before long.
>
> „... the townships would not get their own mayors immediately ... but it would come before long assuming of course that the Bantu themselves want them and that the local authorities agree."

Vier jaar tevore het die betrokke Minister se voorganger egter gesê:[39]

> „Geen lokasie kan 'n selfstandige dorp word met 'n eie bestuur wat op sy eie voete as 'n selfstandige newegeskikte, stedelike owerheid teenoor die blanke stadsbestuur te staan kom nie."

In 1968 weer het die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling gesê:[40]

> „Om verwarring te vermy, wil ek daarop wys dat Advieskomitees en Stedelike Bantoerade 'n rat in die administrasie van 'n plaaslike bestuur oor munisipale sake is."

Daar is duidelik 'n groot verskil tussen die kies van 'n eie burgemeester, wat in die Suid-Afrikaanse plaaslike bestuursopset, selfstandige plaaslike bestuur impliseer, en die funksionering as blote rat van die plaaslike bestuur. Op Welkom het 'n raadslid dan ook soveel te kenne gegee toe hy gesê het, dat dit aan die Stedelike Bantoeraad voorgehou is dat hulle 'n stedelike plaaslike bestuur in die kleine is. Dit is natuurlik nie so nie en een van die raadslede het ook teenoor skrywer sy teleurstelling oor hierdie feit uitgespreek.

„We were told that we would run this township ourselves,"

het hy gesê.

In die geheel gesien kan dit net nie begryp word waarom

---

39. Verwoerd, op. cit., p.19.

40. Toespraak gelewer by geleentheid van 'n Saamtrek van Administrateurs van Nieblanke Aangeleenthede, Pretoria, 22 Oktober 1968.

die „practically useless" Adviserende Naturellekomitees sy-aan-sy met Stedelike Bantoerade bly voortbestaan nie.[41] Dit kan alleenlik bydra tot die frustrasie van die Bantoe-bevolking in die Blanke stedelike gebiede en twyfel by hulle laat posvat oor die opregtheid van die Sentrale Owerheid se bedoelinge met hulle.

In Hoofstuk 4 is in Afdeling 3 daarop gewys dat geen enkele funksie aan die Stedelike Bantoeraad verleen is, wat nie deur die Minister

> „te eniger tyd sonder opgaaf van redes in(ge)trek, (ge)wysig of aan(ge)vul kan word nie."

Ministeriële kontrole oor plaaslike bestuur kom vry algemeen in plaaslike bestuur in Afrika voor.[42] Daar is egter aansienlike verskille tussen plaaslike bestuur in daardie gebiede en Stedelike Bantoerade.

a. Daardie plaaslike besture beskik oor die bevoegdheid om oor hul eie geldsake te beskik[43] - die Stedelike Bantoerade het geen finansiële bevoegdheid nie. In hierdie opsig is ministeriële kontrole oor plaaslike bestuur in Wes-Afrika baie streng en is aan die verantwoordelike minister selfs die bevoegdheid verleen om onder sekere omstandighede 'n plaaslike bestuursliggaam te ontbind.[44]

---

41. Art. 9 van Wet nr. 79/1961 maak weliswaar voorsiening daarvoor dat 'n Adviserende Naturellekomitee afgeskaf word as 'n Stedelike Bantoeraad t.o.v. dieselfde regsgebied ingestel word en plaas 'n verbod op die verdere instelling van Adviserende Naturellekomitees na promulgering van die wet, maar geen reëling word gemaak met betrekking tot bestaande Adviserende Naturellekomitees nie, waar nie Stedelike Bantoerade ingestel word nie. Hulle bly dus voortbestaan.

42. Vergelyk in hierdie verband:
Campbell, M.J., T.G. Brierly en L.F. Blitz, *The structure of local government in West Africa* Den Haag, Martinus Nijhoff, 1965, p.25; en kyk ook: Wraith, R., *Local government in West Africa*. Londen, Allen & Unwin, 1964, p.96 et. seq.

43. Campbell, e.a., op. cit., pp.50-52 en 80-84.

44. Campbell, e.a., p.25, pp.53-55 en 85-86; ook Wraith, op. cit., pp.29-32.

Dit is veral om korrupsie wat op betreklike wye skaal in daardie gebiede voorgekom het, te bekamp.

b. In die gebiede van Wes-Afrika het plaaslike besture veel omvattender funksies as in die geval van Stedelike Bantoerade.[45]

Hier word egter nie 'n pleidooi gelewer dat daar geen ministeriële kontrole oor Stedelike Bantoerade moet wees nie. Die posisie is egter inderwaarheid so dat die omvang van die kontrole wat die Minister oor die Stedelike Bantoerade uitoefen die uitwerking het dat dit enige inisiatief van hulle kant feitlik smoor en vir alle praktiese doeleindes sonder enige uitvoerende funksies laat. Dit het die gevolg dat daar weinig meer as net 'n verskil in naam tussen Stedelike Bantoerade en Adviserende Naturellekomitees oorbly.

Hierdie toedrag van sake moet ongetwyfeld die rade se funksionering beïnvloed. Die opmerking is reeds gemaak dat stedelike plaaslike besture weinig meer is as die agente van die Departement Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. Dit maak hulle huiwerig om sonder duidelike ministeriële voorskrifte nuwe wetgewing uit te voer. Kan hulle dit verkwalik word as die sentrale owerheid self traag is om uitvoering aan sy wetgewing te gee? Hiervan is die *Wet op Stedelike Bantoerade*, 1961 'n uitstekende voorbeeld.

Na die wet gepromulgeer is, het twee-en-half jaar verloop voor die eerste Stedelike Bantoerade ingestel is, en daarna 'n verdere twee jaar voor die volgende twee rade ingestel is. Van die huidige bestaande 21 Stedelike Bantoerade, is 12 in 1968 ingestel en sedertdien nog nie weer nie.

Die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling het in korrespondensie met die Departement van Bantoesake aangevoer dat die vertraging te wyte was aan die opstel van die modelregulasies. 'n Verdere rede was natuurlik die probleme wat opgedoen is met die instelling van

---

45. Campbell, e.a., op. cit., pp.47-49 en 78-80; ook Wraith, op. cit., Hoofstuk 6.

stedelike verteenwoordigers (kyk Hoofstuk 3, Afdeling 1.2.2.2.).

Die indruk word egter ongetwyfeld gelaat dat hierdie stuk wetgewing oorhaastig uitgevaardig is. Dit word veral deur die volgende versterk:

a. Deur die traagheid met die instelling van Stedelike Bantoerade;

b. deurdat die wet substansieel gewysig is voordat een enkele raad ingestel is;[46] en

c. deur die voortbestaan van die „practically useless" Adviserende Naturellekomitees.

Die hantering van hierdie hele aangeleentheid deur die sentrale owerheid gooi 'n skaduwee oor die Blanke se opregtheid en bedoelinge met die Bantoe in die hantering van aangeleenthede wat sy belange raak. Dit het dringend noodsaaklik geword dat onomwonde stelling ingeneem word oor die presiese rigting waarheen met die Bantoebevolking in Blanke stedelike gebiede beweeg gaan word. Deur slegs te sê dat hulle aanwesigheid aldaar *tydelik* is, is om die oë vir die volle werklikheid te sluit.

## 2.3. DIE HOUDING VAN DIE RAADSLEDE EN KIESERS JEENS DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE STEDELIKE BANTOERAAD

### 2.3.1. DIE KIESERS

Tydens die navorsingsbesoeke is 'n meningsopname onder 'n groep kiesers gedoen ten einde hul bekendheid met die Stedelike Bantoeraad en sy werksaamhede te toets. Hierby is ingesluit deelname aan die verkiesing. In Hoofstuk 1 is reeds 'n uiteensetting gegee van die metode wat gevolg is om hierdie meningsopname te doen, asook die probleme wat daarmee ondervind is. Dit moet ook

---

46. Deur Wet nr. 76/1963.

beklemtoon word dat hierdie ondersoek voor die 1969-verkiesing[47] afgehandel is en dat van die gevolgtrekkinge waartoe op grond van die meningsopname geraak is, na genoemde verkiesing moontlik gewysig sal moet word.

Skrywer is egter van mening dat nieteenstaande die opmerkinge wat in voetnoot 47 gemaak is, daardie gevolgtrekkinge in die breë nog geldig sal wees, in die eerste plek omdat genoemde groep nou 'leierloos' is en tweedens omdat die bedrywighede van die groep tot die verkiesing beperk was. Dit is moontlik dat onder die leiding van die jong geneesheer sake 'n ander wending sou geneem het, maar dit is nou blote bespiegeling.

---

47. In hierdie verkiesing het 'n groep van die jonger opgevoede Bantoe hulleself in 'n groep georganiseer, wat hulle *Imbumba, Ngatane* = eenheid genoem het. Handbiljette is gedruk en versprei voor die verkiesing en die Sondag voor die verkiesing is ook 'n openbare vergadering gehou. Betekenisvol is dat drie lede van die groep wat ook elk 'n setel verower het, op universiteit was. Een, wat 'n mens die leier van die groep sou noem, was 'n jong mediese dokter en die ander twee (albei welsynswerkers) was op die Universiteit van die Noorde. Een van die lg. twee het beweer dat hy die aankondiginge op studentevergaderings op universiteit gedoen het, terwyl hy op universiteit was. Die indruk is gekry dat die aktiwiteite van die groep heelwat beroeringe veroorsaak het, wat verder aangeblaas is deur die dood van die dokter gedurende Desember 1969 in 'n motorongeluk. Hy is verkies tot voorsitter van die Stedelike Bantoeraad en het die amp nie eens twee maande beklee nie toe hy gesterf het. Die bewering is gemaak (deur een van die ou manne) dat die krag agter hierdie dokter eintlik 'n ander persoon was wat van Lesotho afkomstig is, en wie se familie lede van die Lesotho Congress Party is. Hierdie bewering is nie gestaaf nie. Uit 'n onderhoud met die dokter is die indruk gevorm dat hy besliste idees het in verband met die rigting waarin hy die raad wou lei. Betekenisvol is dit egter dat die ou raadslede, wat hulle setels behou het, baie minder selfversekerd was as tydens die ondersoek. Dit was baie duidelik dat die bedrywighede van die groep hulle heeltemal onverhoeds gevang het. Interessant is dit nou dat die dokter deur 'n stedelike verteenwoordiger opgevolg is as voorsitter van die Stedelike Bantoeraad. Hyself is 'n ontwikkelde, opgevoede mens en hoewel hy die huidige regeringsbeleid in die breë onderskryf, is hy geen rubberstempel nie. Die wyse waarop hy die raad gaan hanteer sal baie insiggewend wees. Wat van die *Imbumba* nou gaan word, is moeilik om te bepaal. Die dokter het skrywer egter verseker dat daar geen sprake was om 'n party te stig nie. Hy het dit meer as 'n 'rallying cry' beskou.

Vanweë die omvang van die meningsopname sal dit gevaarlik en ook onwetenskaplik wees om te veel te veralgemeen, maar dit dui op 'n houding en optrede aan die kant van die kiesers wat ongetwyfeld 'n uitwerking op die funksionering van die raad moes gehad het.

In die vraelys[48] is vier vrae ingesluit wat veral direk hierop betrekking gehad het. Die vrae is goed verduidelik en die indruk is, op enkele uitsonderinge na, gekry dat die respondente wel die vrae begryp het.

*a. Is Respondent geregistreer as kieser vir verkiesings van die Stedelike Bantoeraad?*

Hierdie vraag het aanvanklik heelwat probleme opgelewer, aangesien 'n hele aantal respondente gemeen het dat hierdie vraag op verkiesings van die Transkei betrekking het. Hierdie probleem is egter deur geduldige verduideliking oorkom, maar selfs toe het slegs een bevestigend op die vraag geantwoord. Die mees ontwikkelde lid van die groep respondente, 'n persoon wat 'n inspekteur van skole was, kon nie hierdie vraag beantwoord nie.

*b. Het hy by die vorige verkiesing van die Stedelike Bantoeraad gestem?*

*Indien „Nee": Hoekom nie?*

Slegs drie uit agt-en-veertig respondente kon bevestigend op hierdie vraag antwoord. Van hierdie drie kan een buite rekening gelaat word, omdat hy 'n wykskomiteelid in Wyk 5 is waar geen verkiesing plaasgevind het nie. Dit is dus baie waarskynlik dat hy die betrokke lid se nominasie voor die verkiesing onderteken het en dit as sinoniem met die uitbring van 'n stem beskou het.

By geeneen van die ander kon egter afdoende rede gevind word waarom hulle nie aan die verkiesing deelgeneem het nie. In die meerderheid van gevalle was die antwoorde

48. Kyk Bylae 1.

vaag en niksseggend, soos bv. dat hulle nie daardie boodskap gehoor het nie; hulle het nie gehoor dat daar 'n verkiesing is nie (en dan was dit glad nie duidelik dat hulle begryp het wat met 'n verkiesing bedoel word nie); of hulle het nie daarvan geweet nie.

Hierdie negatiewe houding jeëns die verkiesings van die Stedelike Bantoeraad kan veral aan twee faktore toegeskryf word:

Eerstens aan die feit dat daar weinig sprake was van die voer van 'n verkiesingsveldtog by enige van die kandidate en tweedens die onkunde van die kiesers aangaande stemreg en stemprosedure.

Daar is reeds vroeër daarop gewys dat met die instelling van die Stedelike Bantoeraad in 1963 byna die helfte van die lede van die ou Adviserende Naturellekomitee tot die nuwe raad verkies is. In 1966 was daar 'n mate van opflikkering toe daar in twee wyke gestem is (die meningsopname is dan ook in hierdie twee wyke waargeneem). Volgens segsmanne het die een raadslid wat op hierdie wyse verkies is, op 'n beperkte wyse stemme verwerf en op ander maniere sy kandidatuur gepropageer. Die gevolg was dan ook dat die stemming in daardie wyk die lewendigste was, nogtans was die stempersentasie slegs 7%. Die 1969-verkiesing was die lewendigste tot dusver en het ook die grootste stempersentasie opgelewer.[49]

Word hierdie stempersentasies egter met verkiesings van ander Stedelike Bantoerade vergelyk, word die volgende beeld verkry:

Slegs in die geval van drie Stedelike Bantoerade was daar reeds meer as een algemene verkiesing, nl. in die geval van Benoni, Kroonstad en Welkom. Dit was slegs in die geval van Welkom dat die raadslede onbestrede by die eerste verkiesing verkies is. In die geval van die Stedelike Bantoeraad van Daveyton (Benoni) bv., het die

49. Cf. voetnote 14 en 47 van hierdie hoofstuk. In Wyk 1 was die stempersentasie 16.8%; in Wyk 2 15.1%; Wyk 3 16.3% Wyk 4 7.4% Wyk 5 24.7%; en in Wyk 8 17.3%.

stempersentasies tussen 21% en 39% gewissel, met slegs een wyk onder 20%.

Ook was daar glad nie sprake van georganiseerde partye soos in die geval van die Adviserende Naturellekomitee van Atteridgeville[50] of by die eerste verkiesing van die Stedelike Bantoeraad van Johannesburg nie. (Die *Ngatane* was bloot 'n groep wat gevorm was met die oog op die voer van 'n verkiesingsveldtog en daar was geen sprake van formele partyorganisasie nie.)

Daar word in die regulasies voorsiening vir die ongeletterde kieser gemaak, maar die prosedure is lomp en omslagtig. Die regulasies bepaal[51] dat die kiesbeampte op versoek van enige kieser en in sy teenwoordigheid, die stem van 'n sodanige kieser aanteken op die stembrief wat aan laasgenoemde uitgereik is, op 'n wyse deur die kieser aangetoon en dan die stembrief in die teenwoordigheid van die kieser in die stembus plaas. Hierdie prosedure kan maklik tot ongerymdhede lei hoewel 'n mens die integriteit van die kiesbeampte vooropstel. In sommige state van Wes-Afrika is dit algemeen gebruiklik om tydens verkiesings van kleure of simbole gebruik te maak om die verskillende kandidate te identifiseer.[52] Simbole kan (a) 'n bepaalde vorm wees, bv. 'n driehoek, sirkel, ens.; òf (b) 'n bepaalde simbool - sommige state gebruik 'n dier of ander voorwerp[53] as partysimbool (dit kan byna as partytotem beskou word);[54] òf

50. Coertze, op. cit., Hoofstukke VI en VII.

51. Reg. 12 van Ak. 173/1963.

52. In die gedeelte wat hierop volg, is gebruik gemaak van die uiteensetting van stemprosedure in Noord-Nigerië deur:
Campbell, M.J., *Law and practice of local government in Northern Nigeria* Londen, Sweet & Maxwell, 1963, pp.137-139.

53. Vgl. die domkrag as simbool van die Botswana Democratic Party en die slagspreuk van die party: „*Tsholetsa domkrag* - Domkrag die land op".

54. Vergelyk bv. die gebruik van die olifant deur die Republikeinse Party in die V.S.A., die kruithoring deur die N.P. en die lemoenboom deur die V.P.

(c) 'n simbool wat op die stemdag aan elke kandidaat toegeken is. (Die nadeel hieraan verbonde, is dat die kandidate die simbole nie in hul verkiesingsveldtogte kan gebruik nie en waarskynlik slegs die kiesers sal verwar.)

Waar 'n groot persentasie van die kiesers ongeletterd is, kan verkiesings, volgens Campbell,[55] op een van die twee maniere georganiseer word. Dit kan òf deur die enkelstembus-metode ('single box method') òf deur die veelvoudige-stembus-metode ('multiple box method') geskied. Alhoewel die eerste metode meer gebruiklik is, is laasgenoemde ook al met sukses by ongeletterde kiesers gebruik.

Die twee stembus-metodes word soos volg georganiseer:

*Enkel-stembus-metode*

In wese kom hierdie metode baie nou ooreen met die prosedure wat in Hoofstuk 3 (Afdeling 4.4.1.2.) t.o.v. die verkiesings van die Stedelike Bantoeraad uiteengesit is. Die enigste verskil is dat op die stembrief 'n besondere identifikasieteken t.o.v. elke kandidaat gedruk word.[56] Die ongeletterde kieser word dan hierdeur in staat gestel om die kandidaat van sy eie keuse te identifiseer en sy stem dienooreenkomstig uit te bring. Die onus rus in hierdie geval op elke kandidaat om sy simbool (of die van sy party) onder die kiesers te propageer. Nadat die kieser sy stem uitgebring het, verlaat hy die stemlokaal deur 'n afsonderlike uitgang.

Die *voordele* van hierdie metode is:

i. Die stem word voor die kiesbeampte uitgebring;

ii. die stembriefie kan nie deur die kieser uit die stemlokaal uitgeneem en verkoop word nie; en

55. Campbell, op. cit., p.137.

56. Hierdie identifikasieteken is te onderskei van die geheime werk wat deur die kiesbeampte op elke stembrief aangebring word om aan te dui dat dit op een bepaalde verkiesing geldig is - cf. ook Reg. 10 van Ak. 173/1963.

iii. daar is slegs een stembus waarmee die kiesbeampte hoef te werk.

Die *nadele* is:

i. Die kiesers mag nie ten volle begryp hoe om hul stem op die stembriefie uit te bring nie, maar hier kan die kandidate 'n belangrike rol speel om die kieserskorps op te voed;

ii. die kieser mag nalaat om sy stem op die briefie aan te bring, maar hierdie moontlikheid bestaan by enige prosedure en kan selfs die uitbring van 'n negatiewe protesstem beteken; en

iii. die kieser kan die stembriefie bederf, maar hier geld dieselfde opmerkings soos by die voorgaande gemaak.

*Veelvoudige-stembus-metode*

Die aanvangsprosedures t.o.v. kontrolering van kiesers, ens. stem ooreen met dié van die enkel-stembus-metode. Ook is in hierdie geval aan elke kandidaat 'n besondere identifikasieteken toegeken. Die verskil lê daarin dat geen name op die stembriefie verskyn nie, maar slegs 'n reeksnommer vir kontroleringsdoeleindes (die stembriefie self is wit). In die stemlokaal is daar 'n stembus in 'n stemhokkie vir elke kandidaat wat duidelik met sy identifikasieteken gemerk is en die kieser plaas dan sy stembriefie in die stembus van sy kandidaat. Die *voordele* van hierdie metode is:

i. Dit is eenvoudig en maklik om te verstaan; en

ii. daar word geen merke op die stembriefie aangebring nie en daar kan dus geen bedorwe stembriewe wees nie.

Die *nadele* van hierdie metode is:

i. Die kieser stem in die geheim en kan dus sy stembriefie hou en verkoop;

ii. kiesers mag met die stembusse peuter; en

iii. die stelsel is lomp en omslagtig veral indien daar geen partyvorming in die geval van 'n bepaalde plaaslike bestuur is nie en die getal kandidate wat per wyk genomineer

kan word, onbeperk is.

Die stelsel vir die uitbring van die ongeletterde kieser se stem in die geval van die Stedelike Bantoeraad van Welkom is nie wenslik nie, en behoort vervang te word met 'n stelsel van identifikasie van die kandidate. Dit sou dan onmiddellik die onus op 'n kandidaat plaas om sy kandidatuur in sy wyk te propageer en kan ook meer aktiewe deelname van die kiesers (veral die ongeletterdes) aan verkiesings tot gevolg hê.

Die enkel-stembus-metode, wat reeds in gebruik is by die verkiesings van die Stedelike Bantoeraad, behoort behoue te bly omrede sy betreklike eenvoud en beskerming teen wanpraktyke. Ook mag die stelsel van identifikasie van kandidate die volgende uitwerking hê:

a. Die reedsgenoemde groter aktivering van die kiesers.

b. Die kandidate sal gedwing word om veel meer aktief, nie alleen voor en tydens verkiesings nie, maar ook daarna, op te tree, want 'n persoon wat die paal wil haal sal sorg moet dra dat sy besondere identifikasieteken aan die groots moontlike getal kiesers in sy wyk bekend is.

c. Omgekeerd kan dit lei tot groter belangstelling in die werksaamhede van die Stedelike Bantoeraad want die kiesers sal nou groter belangstelling in hul kandidate toon.

Daar is egter 'n derde alternatief wat waarskynlik onder die huidige omstandighede sal bydra tot 'n veel groter deelname aan die werksaamhede van die Stedelike Bantoeraad, nl. deur van die wykskomitee 'n tipe van kieskollege te maak vir die aanwysing van die raadslid van die besondere wyk.

In hierdie geval sal die prosedure soos volg wees. 'n Wyk word in tien blokke verdeel (volgens die bestaande kieserslys sal dit 90-100 kiesers per blok beteken). Op 'n openbare vergadering kies die kiesers van 'n blok onder toesig van die kiesbeampte of 'n persoon deur hom aangewys, 'n lid vir die wykskomitee. Na afloop daarvan verkies die nuutverkose wykskomitee dan hul eie voorsitter wat dan

in een die raadslid vir daardie wyk word.

Die voordeel van hierdie metode is dat dit tot groter deelname en aktivering van die kiesers *kan* lei. Ook sal wykskomiteelede met veel meer sorg hul funksies verrig, omdat die voorsitter steeds bewus daarvan sal wees dat sy sitting as raadslid in 'n groot mate sal afhang van die wyse waarop hy sy funksies as raadslid uitvoer.

Ten einde te voorkom dat 80 verkiesings van wykskomiteelede gelyktydig plaasvind, kan 'n stelsel van rotasie op die Stedelike Bantoeraad ingevoer word, nl. dat twee raadslede jaarliks aftree. Dit bring dus die verkiesing van 20 wykskomiteelede per jaar mee.

Met die verloop van tyd soos die kiesers meer gesofistikeerd raak kan dan aandag geskenk word om hierdie stemprosedure deur die enkel-stembus-metode te vervang.

Dit is belangrik dat die hele kwessie van stemprosedure van die Stedelike Bantoeraad hersien moet word, want die huidige apatie van die kiesers jeëns die Stedelike Bantoeraad kan tot 'n baie groot mate aan onbekendheid met die stemprosedure toegeskryf word. Alvorens die kiesers nie veel meer algemeen aan die verkiesings van die Stedelike Bantoeraad deelneem nie, moet die effektiwiteit van die raad as kanaal vir die kanalisering van die Bantoebevolking se behoeftes ernstig bevraagteken word.

c. *Ken Respondent die Lid wat sy wyk op die Stedelike Bantoeraad verteenwoordig?*

Op hierdie vraag kon slegs vyftien uit die 48 respondente bevestigend antwoord. Een van hierdie was 'n wykskomiteelid en hy kan dus buite rekening gelaat word, aangesien dit vanselfsprekend is dat hy sy eie raadslid behoort te ken. In 'n ander geval het die verkose lid voor die verkiesing kom stemme werf (een van die min gevalle waar dit tydens die 1966-verkiesing plaasgevind het) en hy was as gevolg hiervan met die raadslid bekend.

Een van die respondente het direk langs die raadslid

gewoon, maar ontken dat hy weet wie die raadslid van daardie wyk is. Die korrektheid van hierdie antwoord moet egter betwyfel word, omdat hy ten minste behoort te weet wie sy buurman is. Sou dit egter nie die geval wees nie, werp dit 'n ernstige refleksie op die raadslid se doeltreffendheid.

Die opmerkings wat dusver gemaak is, het hoofsaaklik op die minder-ontwikkelde kieser betrekking gehad, m.a.w. dié met 'n minimum of glad geen skool-opleiding nie. Daar was enkele respondente in besit van 'n St. VI-sertifikaat en in 'n paar gevalle self hoër, maar in totaal was hulle in die minderheid.

Benewens hierdie groep is op twee na al die raadslede, en 'n aantal van die professionele klas onder die Bantoebevolking, geneeshere, onderwysers en ander persone in diens van Bantoe-onderwys en 'n predikant ook by die ondersoek betrek.

By wyse van vergelyking word die antwoorde van hierdie groep nou bespreek. Die deelname van die groep nie-raadslede aan die werksaamhede van die Stedelike Bantoeraad is veral insiggewend.

Van die vyf nie-raadslede kon slegs twee bevestigend antwoord op die vraag of hulle as kiesers geregistreer is. Twee van die vyf het geantwoord dat hulle wel by die laaste verkiesing gestem het, maar ook in hulle geval is die ondertekening van 'n nominasie met die uitbring van 'n stem verwar. Al vyf het hul raadslede geken en slegs in een geval kon 'n wykskomiteelid nie uitgewys word nie.

Die element van plaaslike verteenwoordiging vorm 'n belangrike aspek van plaaslike bestuur. Hieraan gemeet, wil dit voorkom of die inwoners van Thabong nie veel begrip het van die funksies van die Stedelike Bantoeraad as plaaslike bestuursliggaam nie. Hulle begryp nie dat hulle kiesers is waardeur hulle sekere bevoegdhede (en ook verantwoordelikhede) het, bv. om op georganiseerde wyse uitvoering aan hul wil te laat gee nie. Ook begryp baie min van die inwoners die verskil tussen 'n raadslid en 'n

wykskomiteelid en wat die verskil tussen die funksies van die twee liggame is. Vele het hulle bloot as sinoniem beskou. Vir hulle is dit om't ewe solank hulle weet dat daar 'n plek is waar hulle klagtes en geskille geskik sal word en dat hulle in vrede en orde woon. Die behoud van die verblyfpermit en die vrees om 'uitgewys' te word as hulle as 'moeilikheidmakers' bestempel word, weerhou hulle van die vrye mening van hul opinies. Die raadslede het ook tot 'n groot mate hiertoe bygedra soos uit die volgende afdeling sal blyk.

### 2.3.2. RAADSLEDE

Uit die bespreking van die komiteestelsel in Afdeling 4.5. van Hoofstuk 4 het die byna passiewe rol wat sommige van die raadslede teenoor die werksaamhede van die Stedelike Bantoeraad ingeneem het, baie duidelik geblyk.

In die vorige afdeling is daar reeds ingegaan op die negatiewe houding van die kiesers jeëns die verkiesings en is twee faktore bespreek wat moontlik hiertoe aanleiding kon gegee het. Die raadslede het ook 'n aansienlike bydrae hiertoe gelewer.

Daar word wel in die regulasies[57] vir die ongeletterde kieser voorsiening gemaak, maar dit gaan nie vêr genoeg nie. Ten einde die gewone ongeletterde kieser effektief aan verkiesings van die Stedelike Bantoeraad te laat deelneem, is daar slegs twee metodes wat enigsins doeltreffend sal wees, nl. van huis-tot-huis stemwerwing (waarvoor weinig van die ou raadslede die energie gehad het) en deur middel van openbare vergaderings in elke wyk. Alleen op hierdie wyse sal die kiesers bewus gemaak kan word van die werksaamhede van die Stedelike Bantoeraad, en welke bydrae individuele kandidate sal probeer lewer in die uitvoering van daardie werksaamhede. Hierdie wyksvergaderings kan ook na afloop van verkiesings met vrug gebruik word om die inwoners van die verskillende wyke op hoogte te hou van

---

57. Reg. 13 van Ak. 173/1963

die werksaamhede van die raad. Op 'n vraag aan 'n kieser of hy al van die Stedelike Bantoeraad gehoor het, was die antwoord: „Ja, oor die F.M."! Dit is miskien 'n pluimpie vir Radio Bantu, maar beslis nie vir die betrokke raadslid nie.

Hoewel die regulasies wat die Bantoewoongebied beheer,[58] nie die hou van openbare vergaderings belet nie, is die bewering tog gemaak dat die stedelike plaaslike bestuur nie kandidate wil toelaat om openbare vergaderings te hou nie, en dat raadslede self nie gretig is om op sulke vergaderings, as dit toegelaat word, op te tree nie, omdat die mense bang is vir die teenwoordigheid van die Veiligheidspolisie. Hierdie opmerking verwys na die 1966-verkiesing. Gedurende die 1969-verkiesing is wel toestemming verleen om vergaderings te hou (daar was twee) wat 'n mens laat twyfel aan die korrektheid van die eerste deel van die bewering. Op grond van gebrekkige inligting wil skrywer nie kommentaar lewer op die tweede deel van die bewering nie.

Wat verder opgeval het was dat slegs een of twee van die raadslede skynbaar 'n studie van die *Wet op Stedelike Bantoerade*, 1961, die regulasies daarvolgens met betrekking tot Welkom uitgevaardig (Ak. nr. 173/1963), die Reglement van Orde en die regulasies wat op die Bantoewoongebied van toepassing is, gemaak het. Gevolglik sal weinig van die raadslede in staat wees om op een van bogenoemde terug te val indien daar aangeleenthede in raads- of komiteevergaderings ter sprake kom wat daarop betrekking het. Die toekenning van die restaurantlisensie aan X staaf hierdie bewering (vide 4.5.5. van Hoofstuk 4).

Indien 'n kieser dus by een van hulle kom aanklop om hulp sal hulle hom dus nie behulpsaam kan wees nie. Tydens die voer van die onderhoude is voortdurend die indruk gekry dat weinig van die raadslede moeite doen om hul onderskeie wyke op hoogte te hou met die werksaamhede van

58. Reg. 26 van Gk. nr. 1036/1968.

die raad, en hoor hulle maar selde wat daar aangaan. 'n Faktor wat bepaald hier 'n rol speel, en waarna reeds verwys is, is die feit dat so min van die raadslede binne die wyke wat hulle op die raad verteenwoordig, woonagtig was. Dit was slegs in die geval van een wyk, die Nguni (dit was n.a.v. die 1966-verkiesing) die posisie. Hier is 'n leemte wat reggestel behoort te word, nl. dat persone in die wyke moet woon wat hulle op die raad verteenwoordig. Dit kan baie bydra om die kommunikasie tussen raadslede en kiesers te verbeter.

'n Verdere aspek wat opval as die notules deurgewerk word, is die laksheid waarmee vergaderings bygewoon word. Op 'n vergadering van die Algemenedoeleindes-komitee[59] het die Voorsitter raadslede gewaarsku dat ingevolge die Reglement van Orde[60] 'n lid 10% van sy toelaag verbeur ten opsigte van elke vergadering gedurende die maand waarvoor die toelaag betaalbaar is, wat nie deur hom bygewoon word nie. Aangesien verskeie raadslede hierdie bepalings oortree het, het die komitee aanbeveel

> „dat die bepalings van regulasie 18(2) in die toekoms streng toegepas word."

Op 'n vergadering van die Stedelike Bantoeraad gehou op 3 November 1964 was twee raadslede sonder verskoning afwesig. Op hierdie vergadering is 'n onbestrede mosie aangeneem dat:[61]

> „As from this month of November 1964 and onward, every councillor who fails to attend any meeting of the Urban Bantu Council and that of its various standing committees to which he belongs, without submitting a reasonable apology, shall forfeit 10% of his allowance for every meeting which he did not attend."

By die daaropvolgende vergadering (1 Desember 1964) was weer drie raadslede afwesig sonder verskoning en het die

59. Verslag van die Algemenedoeleindes-komitee, 22 September 1964, Item 6.

60. Reg. 28(2) van Ak. nr. 173/1963 en Item 7(b) in die Reglement van Orde.

61. Notule ... Item 8.

Direkteur

> „die Stedelike Bantoeraad aangeraai om die raadslede wat afwesig is, hul redes te laat gee by die volgende vergadering voor 'n besluit geneem kan word dat hulle 'n gedeelte van hulle toelae verbeur."

Die vergadering het toe ook so besluit.[62]

Hierna is hierdie prosedure toe ook gevolg, maar hoewel dit daarna gereeld in die notules opgemerk is, dat raadslede sonder verskoning afwesig is, word nêrens 'n aanduiding gegee dat daar inderdaad volgens bogenoemde besluit opgetree is nie.

Op 'n vergadering van die Algemenedoeleindes-komitee wat op 7 Julie 1966 gehou is, het die Bantoedorpsbestuurder gesê:[63]

> „dat dit 'n gereelde gewoonte word dat lede van die Stedelike Bantoeraad sonder redes afwesig is, of laat by die vergadering kom."

Hy wys verder daarop dat ingevolge die Reglement lede 'n persentasie van hul toelae kan verbeur as hulle sonder verskoning van 'n vergadering afwesig is. Op grond hiervan besluit die vergadering toe dat die 10% van die toelaag afgetrek sal word elke keer as 'n lid sonder redelike verskoning by vergaderings afwesig is, en dat lede ten minste drie dae voor 'n vergadering die voorsitter in kennis moet stel as hulle nie die vergadering kan bywoon nie. Van hierdie besluit het die Stedelike Bantoeraad kennis geneem![64]

Weereens word in die daaropvolgende notules herhaaldelik opgemerk dat lede sonder verskoning afwesig is, maar dat hulle nie by die volgende vergadering òf verskoning vra òf dat daar teen hulle opgetree word nie.

---

62. Notule van die Stedelike Bantoeraad, 1 Desember 1964, Item 10.

63. Verslag van die Algemenedoeleindes-komitee, 7 Julie 1966, Item 7.

64. Notule van die Stedelike Bantoeraad, 21 Julie 1966, Item 4.

Op 'n vergadering van die Stedelike Bantoeraad [65] het die Voorsitter andermaal op die herhaalde afwesigheid van lede gewys

„(he) stressed the fact that apologies and absences were a great inconvenience to the progress of meetings.

„He appealed to all members that in future apologies should be made early enough at least 3 days ahead, *to give the Secretary chance to postpone the meeting should he find that there would be no quorum.*[66]

„He explained that if a meeting has to be postponed when people had already come, it was a waste of their valuable time." (Eie kursivering).

Kommentaar hierop is feitlik oorbodig, maar die algemene opmerking kan tog gemaak geword dat dit tog sekerlik 'n ernstige refleksie is, nie alleen op die betrokke raadslede nie, maar ook op die hantering van die Stedelike Bantoeraad deur die amptenare van die Departement Bantoesake. Hoewel die Reglement van Orde bepaal dat enige voorsitter van 'n komitee wat op drie agtereenvolgende vergaderings sonder verskoning afwesig is, sy voorsitterskap van die komitee moet ontruim,[67] is hierdie bepaling nie streng genoeg nie. Voorsiening moet daarvoor gemaak word, dat op elke raadsvergadering dit genotuleer moet word welke raadslede sonder verskoning afwesig was, of wat meer as 15 minute laat was (vergelyk Item 7(b) van die Reglement van Orde) en dat dit aangeteken word dat die 10% van sy toelae afgetrek is. Gereelde bywoning van vergadering van verkose lede is 'n elementêre, maar baie noodsaaklike onderdeel vir die doeltreffende funksionering van plaaslike bestuur.

---

65. Notule van die Stedelike Bantoeraad, 20 Oktober 1966, Item 6.

66. Op een vergadering waarop skrywer teenwoordig was, moes die vergadering byna 'n halfuur wag vir 'n lid sodat daar 'n kworum kon wees. Sy verskoning was dat hy vergeet het van die vergadering!

67. Reglement van Orde, Item 7(c).

### 3. ENKELE ALGEMENE GEVOLGTREKKINGS

In die voorafgaande afdelings is die houding van die stedelike plaaslike bestuur jeëns die Stedelike Bantoeraad bespreek en die vraag gepostuleer of dit nie meer om die uitbouing van die eie prestige as die werklike soeke na die bevordering van die Bantoe se belange was nie. Ook is ingegaan op die halfhartige manier waarop die sentrale owerheid die Stedelike Bantoerade in die algemeen ingestel het. Ten slotte is dan ook die houding van die Bantoe-inwoners, kiesers en raadslede bespreek.

Benewens die formele kennisgewings van die aanstaande verkiesing in 1963 kon geen aanduiding gevind word dat vanaf die kant van die administrasie pogings aangewend is om die kiesers in te lig aangaande die nuwe bedeling wat hulle voor die deur staan nie. Hier word o.m. aan die volgende gedink:

a. Doel met die nuwe bedeling;

b. funksies van die nuwe raad; en

c. verduideliking van die nuwe stemprosedure.

Hierdie houding van die administrasie is simptomaties van die hele gesindheid teenoor die Bantoebevolking in die Blanke stedelike gebiede.

Ten slotte kan gevra word of die aanwesigheid van die Bantoesakekommissaris en 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie tydens elke vergadering van die Stedelike Bantoeraad bevorderlik vir die doeltreffende funksionering van die raad is? Die indruk is gevorm dat die aanwesigheid van hierdie amptenare stremmend op die debatte ingewerk het. Daar was selde werklike openlike meningswisseling. Die verskil in atmosfeer tussen 'n vergadering van die raad en 'n vergadering van die Maatskaplike Welsynskomitee toe slegs die Bantoedorpsbestuurder teenwoordig was, was 'n openbaring. Die betrokke amptenare ontvang gereeld stukke van die raad en waar hulle teenwoordigheid noodsaaklik blyk te wees, kan dit seker maklik gereël word. Die Stedelike Bantoeraad moet die geleentheid gegun word om self die mas op te kom.

# H O O F S T U K 6

## ALGEMENE GEVOLGTREKKINGE

In die lig van die voorafgaande moet ek tot die gevolgtrekking kom dat die stelsel van Stedelike Bantoerade nog nie geslaag het nie. Hoewel dit as 'n vorm van plaaslike bestuur beskou kan word, word aan die rade, op die wyse waarop hulle tans georganiseer is, weinig geleentheid gebied om ondervinding op te doen in die hantering van plaaslike bestuursfunksies.

Vooraf wil ek dit stel dat ek meen dat die ontwikkeling van die Bantoebevolking van Suid-Afrika in die rigting van eie volwaardige nasies lê, of soos Maritz dit stel[1]

> „... volksentries (moet) wees, met as mikpunt optimum gemeenskapsontwikkeling waarin die tradisionele stamdemokrasie middelpuntsoekende krag is."

Weer eens moet beklemtoon word, dat in die lig van die huidige feitelike situasie dit aanvaar moet word dat 'n aansienlike persentasie van die Bantoebevolking in die Blanke stedelike gebiede permanent daar aanwesig is (die grootte van hierdie persentasie sal bepaal word deur die tempo van sosio-ekonomiese ontwikkeling van die tuislande) (cf. ook Hoofstuk 4, Afdeling 3).

Reeds in 1950 het dr. Verwoerd gesê:[2]

> „Hoewel dit denkbaar is dat aansienlike getalle Bantoes wie se wortels nog in die reservate vasgeheg is daarheen terug sal gaan, vernaamlik namate daar dorps- en industriële ontwikkeling plaasvind, en selfs dat baie

---

1. Maritz, C.J., *Bestuursontwikkeling van die Tswanastammegroep met besondere verwysing na die skakeling tussen stad en tuisland*. M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1965, p.222.

2. Verwoerd, H.F., „Toespraak voor die Naturelle-verteenwoordigende Raad, 5 Desember 1950", uit: Pelzer, A.N. (red.), *Verwoerd aan die woord - Toesprake 1948-1962*. Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1963, p.24.

> verstedelikte Bantoes daarheen sal trek vanweë die kanse wat gebied word aan hul talente as vakmanne, handelaars, klerke of professionele mense, of om hul politieke ambisies uit te lewe, *sal ongetwyfeld nog groot getalle by die groot stede bly. Dit sal altans seker nog lank so wees.*" (Eie kursivering).

Die beskouing dat die Bantoebevolking *in die geheel* se teenwoordigheid in die Blanke stedelike gebiede *tydelik* is solank sy teenwoordigheid daar behoef word, is nie alleen onrealisties nie, maar hou ook nie rekening met die werklikheid nie (cf.Afdeling 2.2.van Hoofstuk 5). Dit is 'n voorbeeld van 'n paternalistiese houding teenoor die Bantoe wat slegs verset uitlok en 'n negatiewe nasionalisme by hulle aanwakker. Om hierdie rede is uitlatings soos die volgende ongepas en ongevraag en misken die bestaan van die Bantoe as mens in eie reg, asook sy vermoë om sy eie sake te behartig.

> „Ek wil ... daarop wys dat ten minste twee groot Bantoewoonbuurtes in Blanke gebiede vir meer as 10 jaar elk sonder die „hulp" van hierdie instansies (Stedelike Bantoerade) deur die Blanke amptenare behartig word en wel met 'n gesonder kontak tussen die amptenare en inwoners as wat oor die algemeen bestaan waar hierdie komitees en rade in funksie is."[3]

Uitlatings van hierdie aard is dikwels in die voormalige onafhanklike gebiede in Afrika voor onafhanklikheid van die kant van die Blanke amptenare gemaak en die gevolge is oorbekend.

Ek meen hierdie vraagstuk moet uit 'n meer positiewe hoek benader word. Is die beginsel om Stedelike Bantoerade in Blanke stedelike gebiede in te stel, in stryd met die beleid van afsonderlike ontwikkeling, soos deur kritici van die stelsel meermale beweer word?[4]

---

3. Coertze, R.D., „Stad en tuislandskakeling in stedelike Bantoe-administrasie - Volkekundig." Referaat gelewer op die Sestiende Jaarkongres van die Instituut van Administrateurs van Nieblanke Aangeleenthede (suidelike Afrika), Durban, 1969, p.20.

4. Vergelyk in hierdie verband die voorafgaande voetnoot en ook Voetnoot 35 van Hoofstuk 5.

Alvorens hierdie vraag beantwoord word moet kortliks op die vraag ingegaan word: Wat word bedoel met afsonderlike ontwikkeling? Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie beleid nie die skepping van een individu (bv. Genl. Hertzog of Dr. Verwoerd), of 'n bepaalde politieke party of slegs uit een bepaalde tydperk uit die geskiedenis van Suid-Afrika kom nie.

> „Apartheid is die gedragswyse waardeur die verhouding tussen die groepe bepaal word. *In werklikheid word die eerste spore daarvan reeds in die dae van Van Riebeeck aangetref* waarna dit skerper en duideliker omlyn is na die mate wat kleurkontakte toegeneem het."[5] (Eie kursivering)

Sonder om breedvoerig verder op die ontstaan van die beleid van afsonderlike ontwikkeling in te gaan[6] of 'n poging tot eie definiëring aan te wend, kan met enkele aanhalings van die vernaamste eksponente van hierdie beleidsrigting van die afgelope aantal dekades volstaan word. In sy bekende toespraak by De Wildt het Genl. Hertzog gesê:[7]

> „Laten wij niet, de gehele Unie voor ons nemen, doch een deel afstaan aan de naturellen. *Laat men ze daar zich laten ontwikkelen volgens hul eigen aard* onder toezicht der Unieregering .... Zwarten en blanken moeten gescheiden worden en *ieder afzonderlijk bestaan."* (Eie kursivering).

'n Ander bekende eksponent van hierdie beleidsrigting was Dr. Verwoerd en naas Genl. Hertzog, was hy die staatsman van Suid-Afrika wat stellig die meeste gedoen het om uitvoering daaraan te gee, en ook die Blanke bevolking ryp te maak daarvoor. Hy het die beleid by geleentheid soos

5. Pelzer, op. cit., Inleiding, p. xxviii.
6. Oor die beleid van afsonderlike ontwikkeling het al talle publikasies verskyn soos bv.
   Rhoodie, N.J. en H.J. Venter, *Die Apartheidsgedagte*. Kaapstad, H.A.U.M., 1960:
   Rhoodie, N.J., *Apartheid en Partnership*. Kaapstad, Academica, 1966;
   Brookes, E.H., *Apartheid - a documentary study of modern South Africa*. Londen, Routledge & Kegan Paul, 1968; en nog talle ander.
7. Aangehaal deur Pelzer, op. cit., Inleiding, p.xxix.

volg beskryf:[8]

> „Die enigste moontlike uitweg is die tweede alternatief ... dat albei (Blank en Bantoe) 'n ontwikkeling aanvaar geskei van mekaar. ... Hy (d.i. die Regering gedurende daardie tyd - 1950) glo in die heerskappy (baasskap) van die blanke in sy gebied, maar dan glo hy ook net so in die heerskappy (baasskap) van die Bantoe in sy gebied. Vir die blanke kind wil hy al die moontlike kanse vir eie ontwikkeling, voorspoed en volksdiens skep in sy eie gebied; maar vir die Bantoe wil hy ook al die geleenthede skep vir die vervulling van ambisies en die verskaffing van diens aan *sy* eie mense."

By 'n ander geleentheid het Dr. Verwoerd die beleid van afsonderlike ontwikkeling so omskryf:[9]

> „Die kern daarvan (d.w.s. van afsonderlike ontwikkeling) is dat terwyl die Blanke al sy regte en al sy voorregte in een deel van die land het ... daar het die Naturel ook soortgelyke regte en ook voorregte, maar dit kan hy op sy beurt beoefen binne die naturellegebiede ... Dit is daar waar hy sy tuiste - en minstens die tuiste van sy regte - moet sien. *In dié gebiede het die Blanke geen aanspraak op eiendoms- en sekere burgerlike regte nie. Hy is daar die tydelike bewoner wat help met die ontwikkeling van daardie gebiede, maar dit is die Naturelle se gebied. Daaraan is die regte van die Naturel gebonde. Daar bly die Blanke van permanente regte van enige soort ontstoke. Net die omgekeerde is in blanke gebied die geval. Daar het die Blanke die tuiste van sy regte en daar is die Naturel die tydelike bewoner en gas, vir watter doel ookal."*

Hierdie aanhalings spreek vir hulself en die onderliggende filosofie aan die beleid van afsonderlike ontwikkeling word mooi daardeur geïllustreer.

Ek meen dat die stelsel van Stedelike Bantoerade nie in stryd is met die beleid van afsonderlike ontwikkeling nie, omdat dit, in die woorde van die voorlaaste aanhaling,

---

8. Ibid., p.24.

9. Verwoerd, H.F., *Plaaslike owerhede en die staat- Openingsrede gelewer deur Sy Edele Dr. H.F. Verwoerd, Minister van Naturellesake, by geleentheid van die Vyfde Jaarkongres van die Instituut van Administrateurs van Nieblanke Aangeleenthede in suidelike Afrika op 17 September 1956.* Pretoria, Staatsdrukker, 1956-8, p.8.

„... geleenthede skep vir die vervulling van ambisies en *die verskaffing van diens aan sy eie mense.*" (Eie kursivering).

Ten spyte van die standpunt wat hy ingeneem het met betrekking tot die status van die Bantoebevolking in Blanke stedelike gebiede (kyk Hoofstuk 5, p.15) het Dr. Verwoerd in dieselfde toespraak gesê:[10]

„Daarom glo ek wel dat ons tot 'n stelsel van stedelike Bantoe-owerhede moet kom, ... altyd ondergeskik aan die blanke stadsraad en met steeds duidelike omskrewe beperkte magte, magte waaroor die blanke stadsraad as toesighoudende liggaam nog die finale kontrole bly voer."

Vier jaar later het die Minister van Finansies 'n verklaring namens die Eerste Minister in die Volksraad voorgelees waarin o.m. gesê is:[11]

„Five years ago a Bill had already been prepared in terms of which the practically useless Native Advisory Boards in the Bantu urban areas could be replaced by urban Bantu authorities with *limited though real authority* over the Bantu residential areas, under the supervision of the White municipalities concerned. ... Meanwhile, however, the Department has gone ahead and amended this type of legislation in the light of negotiation with all such interested parties. The completion of this task coincides with the changed atmosphere, and it is the Government's intention, *in accordance with its policy of separate development, to give the Bantu of the urban Bantu residential areas by these means an increased measure of authority over their own people in those areas.*" (Eie kursivering).

Die verklaring het verder ook in die vooruitsig gestel dat skakeling met Bantoe-owerhede sal plaasvind (indien nodig in oorleg met die Kommissarisse-Generaal van die verskillende volkseenhede).

Die oplossing van hierdie vraagstuk lê dus daarin dat die Stedelike Bantoeraad so uitgebou moet word dat dit op verantwoordelike wyse die bestuur van die Bantoewoongebied

---

10. Verwoerd, op. cit., p.19.
11. Debatte van die Volksraad, Vol. 105, 10 Mei 1960, Kol. 8337-8343.

kan behartig.

Die Stedelike Bantoeraad bly egter struktureel ondergeskik aan die stedelike plaaslike bestuur en die nodige kontrole-meganismes vir beheer oor die raad behoort in die wetgewing ingebou te word. Hiermee saam moet dan *beperkte duidelik omskrewe* uitvoerende funksies aan die Stedelike Bantoeraad verleen word. Hierdie funksies, behoort *veral* op die maatskaplike welsynsvlak te lê, omdat dit 'n terrein is wat noue aansluiting by die tradisionele gebruik van onderlinge hulpbetoon vind.

Die Stedelike Bantoeraad aanvaar dus volle verantwoordelikheid vir hierdie funksies wat ook die kontrole oor *alle Bantoepersoneel* (insluitende die Sekretaris van die Stedelike Bantoeraad) sal insluit. Funksies soos „die verwydering van persone wat onwettiglik in die gebied woonagtig is;" en „die verbod op of die reëling van binnekoms of tydelike verblyf in die gebied"[12] wat die wese van die beleid van afsonderlike ontwikkeling raak, behoort uit die wet geskrap te word, aangesien dit tot regstreekse aftakeling van die beleid *kan* lei.

Die finansies vir die uitvoering van hierdie funksies kan die Stedelike Bantoeraad verkry deur 'n vasgestelde bedrag (wat jaarliks hersien moet word in oorleg met die stedelike plaaslike bestuur) van die inwoners van die Bantoewoongebied in te vorder. Die maandelikse huur wat geregistreerde okkupeerders betaal, word dan dienooreenkomstig verminder en die verlies in inkomste uit hierdie bron word dan uit die Bantoebierwinsterekening verhaal (die Pos welsyn word uit hierdie rekening gedek).[13] Die finansies wat die Stedelike Bantoeraad op hierdie wyse verkry, moet dan volgens 'n goedgekeurde begroting van inkomste en uitgawes

12. Art. 4(2)(iii) en (ix) van Wet nr. 79/1961 (soos gewysig).

13. Hierdie voorstel is gebaseer op die ondervinding met die Thabong Sportbeheerraad soos aan my deur die Assistent-Direkteur meegedeel. Hierdie komitee was vir jare die verantwoordelikheid van die Bantoedorpsbestuurder. In alle sake het die komiteelede op hom gesteun vir

deur die Stedelike Bantoeraad bestee word. Op die jaarlikse vergadering van die Uitvoerende Komitee waar die begroting voorberei word, behoort die Direkteur van Bantoesake en die Stadstesourier sitting te hê ten einde sinvolle leiding aan die komitee te verskaf. Verder moet ook van die Stedelike Bantoeraad verwag word om gereeld aan die stedelike plaaslike bestuur verslag te doen oor die wyse waarop hy sy finansies bestee het.

Die veelvuldige komitees van die Stedelike Bantoeraad van Welkom behoort afgeskaf te word en vervang te word deur slegs twee komitees, nl. 'n Uitvoerende Komitee en 'n Maatskaplike Welsynskomitee. Die samestelling van eersgenoemde behoort slegs te wees: Die Voorsitter, die Ondervoorsitter, die Sekretaris en die Voorsitter van die Maatskaplike Welsynskomitee. (Die Uitvoerende Komitee handel dan spoedeisende sake tussen vergaderings af en vervul dan verder die normale funksie van enige uitvoerende komitee - kyk Hoofstuk 4, afdeling 4.6.) Die samestelling van die Maatskaplike Welsynskomitee behoort te wees, vier raadslede waarvan twee jaarliks aftree sodat lidmaatskap

---

uitsluitsel en beslissing met die gevolg dat die geldsake van die komitee kronies 'n nadelige saldo getoon het. Die komiteelede wou geen verantwoordelikheid aanvaar nie en het, soos reeds gesê, eenvoudig alle beslissings na die voorsitter (die Bantoedorpsbestuurder) teruggevoer. Toe is die konstitusie van die raad (twee lede van die Adviserende Naturellekomitee, en later die Stedelike Bantoeraad, het sitting op die raad) so gewysig dat die komitee uitsluitend uit Bantoe bestaan het, insluitend die voorsitter. Met die verloop van tyd het die geldsake van die raad dermate verbeter dat dit vandag 'n batige saldo toon (maar met eksterne kontrole deur die Bantoedorpsbestuurder).

onder al die raadslede roteer. Die Sekretaris van die raad is ook ex officio sekretaris van die komitee. Verder moet aan die komitee reg van koöpsie verleen word sodat die verkose lid van 'n wyk (indien hyself nie lid van die komitee is nie) op die komitee gekoöpteer kan word indien welsynsake wat spesifiek op sy wyk betrekking het, onder bespreking is. Die komitee kies sy eie voorsitter.

Uit die aard van die saak kan ook in hierdie opsigte geen rigoristiese voorskrifte aan stedelike plaaslike besture gegee word nie. Die aantal raadslede, die omvang van die funksies van die Stedelike Bantoeraad en die aantal komitees behoort na gelang van omstandighede in elke individuele geval vasgestel te word.

Wat die samestelling van die Stedelike Bantoeraad betref, word daar reeds voorsiening gemaak dat verkose lede op etniese grondslag verkies word. Hierdie is 'n gesonde beginsel wat verdere oorweging verdien, maar die uitvoering daarvan behoort nie te rigoristies te wees nie ten einde verskille in die bevolkingssamestelling van verskillende stedelike plaaslike besture te akkommodeer. Wat die stedelike verteenwoordigers (kapteinsverteenwoordigers) betref, kan tereg gevra word of hierdie instelling enige doel dien en of dit nie afgeskaf behoort te word nie?[14] Hierdie vraag word gestel teen die agtergrond van diep robleme wat ondervind word om 'n eweredige dekking van stedelike verteenwoordigers dwarsdeur die land te verkry (kyk die bevindinge van Coertze in hierdie verband soos bespreek in Hoofstuk 3, Afdeling 1.2.2.2.). Hierby moet ook steeds in aanmerking geneem word dat manne van die kaliber wat 'n stedelike verteenwoordiger behoort te wees, veel nuttiger in hul tuislande gebruik kan word en dat so min moontlik addisionele magnete geskep behoort te word om hierdie kaliber Bantoe uit die tuislande weg te trek. Veel sinvoller sou dit wees as die gebiedsowerhede verteenwoordigers in die vernaamste

14. Kapteinsverteenwoordigers is toe wel ingevolge art. 8 van die *Derde Wysigingswet op Bantoewetgewing, 1970* (Wet nr. 49/1970) afgeskaf.

stedelike sentra het en skakeling met die tuisland dan op daardie vlak geskied.[15]

Verder kan in hierdie verband ook die vraag gestel word, of dit enige doel dien om hostelbewoners by die omskrywing 'geregistreerde okkupeerder' in te sluit (een van die vereistes vir 'n kieser van die Stedelike Bantoeraad). Die hostelbewoners is oorwegend in die ware sin van die woord trekarbeiders en hulle bande met hul onderskeie tuislande is nog sterk en lewendig. Volgens waarneming, en wat ook bevestig is deur verskeie segsmanne, stel hulle net nie in die werksaamhede van die Stedelike Bantoeraad belang nie. Dit sou veel meer sinvol wees om hierdie groep direk deur die gebiedsowerheidsverteenwoordiger aan die tuisland te skakel. In plaas van stemreg op Stedelike Bantoerade kan hulle ook by die etniese rade ingeskakel word (vide voetnoot 12).

Wykskomitees moet op demokratiese wyse deur die inwoners van 'n wyk verkies word en die wykskomitees moet dan dien as 'n tipe van kieskollege vir die verkiesing van die gekose lid van elke wyk. (Kyk Afdeling 2.3.1. van Hoofstuk 5). Ook behoort die wykskomitees veel meer aktief betrek te word by die werksaamhede van die Stedelike Bantoeraad. Een metode is deur die wykskomitees te gebruik in die insameling van die finansies van die raad. Daar behoort dan gereeld wyksvergaderings (sê elke kwartaal) in elke wyk gehou te word waar die raadslid aan die inwoners van sy wyk verslag doen oor die werksaamhede van die raad.

Raadslede behoort dan verder ook gereeld aan die Stedelike Bantoeraad verslag te doen oor die toestand in hulle wyke sodat hulle inderwaarheid die medium kan wees waardeur kommunikasie met die plaaslike bevolking plaasvind en

---

15. Daar is reeds gebiedsowerheidsverteenwoordigers aangestel (cf. Voetnoot 43 in Hoofstuk 3). Hiermee saam kan dan die organisasienetwerk soos deur Maritz, op. cit., pp.212-3 t.o.v. die Tswana en op pp.224-5 uiteengesit ingevoer word wat 'n veel nouer skakeling van die verskillende etniese groepe en hul onderskeie tuislande sal bewerkstellig.

die behoeftes van die bevolking na die raad gekanaliseer word. Dit sal nie alleen groter verantwoordelikheidsin by raadslede kweek nie maar hulle opvorder om werklik die belange van hul kiesers te dien. Vir die huidige woon hulle in hoofsaak die vergaderings by en op grond van die meningsopname en uit gesprekke met persone wat as 'leiers' in die Bantoewoongebied beskou kan word, kan beweer word dat daar weinig sprake is van kommunikasie tussen die raadslid en die inwoners van die wyk wat hy verteenwoordig.

Die vernaamste oogmerk met die Stedelike Bantoeraad moet wees dat dit as medium dien waardeur die Bantoe in die Blanke stedelike gebiede ondervinding opdoen in die hantering van plaaslike bestuur, maar dan *verantwoordelike* plaaslike bestuur en nie slegs 'verheerlikte' adviesliggame waaraan enkelinge meedoen nie. Uit die bespreking van die komiteestelsel in Hoofstuk 4 is telkens daarop gewys hoedat amptenare talle geleenthede om aan die Bantoe hierdie kennis van plaaslike bestuur oor te dra, net eenvoudig onbenut gelaat het. Te veel van die kritiek wat teen die rade in die algemeen ingebring word, is negatief en beklemtoon veel eerder die leemtes in die wet en regulasies self as tekortkominge aan die kant van die Bantoe.

Die Bantoebevolking in die Blanke stedelike gebiede is aan veel meer strominge en invloede onderworpe as wat oor die algemeen besef en aanvaar word. Dit moet steeds besef word dat die opgevoede Bantoe terdeë bewus is van wat rondom hom aangaan omdat hy deur sy opvoeding toegang tot die massakommunikasiemedia het. Dit het meermale in besprekings gebeur dat wanneer 'n bepaalde saak onder bespreking is, 'n raadslid na die posisie in ander Blanke stedelike gebiede sal verwys, soos byvoorbeeld toe die kwessie van groter huise onder besprekings is, is daar ook na die eienaar-bouer-skemas van Johannesburg verwys en gevra

waarom dieselfde nie ook op Welkom toegelaat kan word nie. Deur slegs van die standpunt uit te gaan dat die Bantoebevolking in die Blanke stedelike gebiede (in sy totaliteit) daar *tydelik* aanwesig is en dat hulle derhalwe aan die verskillende tuislande geskakel moet word, bied op sigself geen volkome oplossing nie. Hierdie laasgenoemde stap is noodsaaklik en die uitbreiding van die nodige skakelmasjinerie behoort versnel te word, sodat hulle meer onder die besef kan kom waar hul ware tuiste lê. 'n Raadslid[16] het by geleentheid gevra: „Where is my homeland?" en self geantwoord: „This (Soweto) is my homeland". Die uitbreiding van die skakelmasjinerie kan veel doen om die groei van hierdie invloede teen te werk, maar hierdie proses sal nog baie tyd in beslag neem.

Deur aan die Bantoe in die Blanke Stedelike gebiede *werklike* verantwoordelikhede te gee, kan hul energie in positiewe bane gelei word.

Die sukses, al dan nie, van die beleid van afsonderlike ontwikkeling lê nie alleen in die ontwikkeling van selfbesturende Bantoetuislande nie. Dit wel, maar tot 'n baie groot mate sal hierdie sukses bepaal word deur die wyse waarop die vraagstuk met betrekking tot die Bantoebevolking in die Blanke stedelike gebiede hanteer word. Die wyse waarop Stedelike Bantoerade in die algemeen tot dusver gehanteer is, getuig tot 'n groot mate van onsekerheid oor die doel met hierdie liggame. Die Bantoebevolking bevind homself in die Blanke stedelike gebiede in 'n smeltkroes waar nuwe waardes en begrippe voortdurend ontwikkel en nuwe bande gesmee word - bande wat dikwels oor etniese bande heensny. Alleenlik deur 'n doelgerigte, ferme hantering van hierdie vraagstuk, waarvan die Stedelike Bantoerade 'n integrale deel is, kan die nasionalisme wat noodwendig in hierdie gispot moet ontstaan, in gesonde bane gelei word.

---

16. Dit was weliswaar van die Johannesburgse Stedelike Bantoeraad, maar die verrigtinge van hierdie liggaam word gereeld in „The World" gerapporteer.

# B I B L I O G R A F I E

## I *OORSPRONKLIKE BRONNE*

*Ongepubliseerd*

a. Notules van die Thabongse Adviserende Naturelle-komitee, Oktober 1951 tot Julie 1963

b. Notules van die Stedelike Bantoeraad van Welkom, 8 November 1963 tot 1 Oktober 1969.

Volledige stelle van albei is beskikbaar by die kantore van die Departement Bantoesake van die Stadsraad van Welkom.

## II *ONGEPUBLISEERDE VERHANDELINGE EN PROEFSKRIFTE*


Coertze, R.D., *Die Adviserende komiteestelsel en politieke organisasie soos aangetref in die stedelike gebied van Pretoria, met besondere verwysing na die toestand in Atteridgeville.* M.A.-verhandeling, U.P., 1957.

Kotzé, D.A., *Traditionalism in African local government: With special reference to the Transkei and Lesotho.* D.Phil.-proefskrif, U.S., 1968.

Maritz, C.J., *Bestuursontwikkeling van die Tswana-stammegroep met besondere verwysing na die skakeling tussen stad en tuisland.* M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1966.

Mathewson, J.E., *The Establishment of an urban Bantu township.* M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., (ca. 1957).

Olivier, M.J., *Stedelike naturelle-administrasie in Wes-Kaapland.* M.A.-verhandeling, U.S., 1955.

Taljaard, J.C., *Die naturelle-administrasie van die stad Bloemfontein.* M.A.-verhandeling, U.S., 1953.

## III BOEKE EN PAMFLETTE

Alderfer, H.F., *Local government in developing countries.* New York McGraw-Hill, 1964.

Barbour, K.M. & Prothero, R.M., *Essays on African population.* Londen, Routledge & Kegan Paul, 1961.

Barzun, J. & Graff, H.F., *The Modern researcher.* New York, Harcourt, Brace, 1957.

Buchanan, L.M., *Report on urban local government in Uganda.* Kampala, 1954.

Cambridge University Overseas Studies Committee, *Summer conference on local government in Africa.* Cambridge, 1961.

Campbell, M.J., *Law and practice of local government in Northern Nigeria.* Londen, Sweet & Maxwell, 1963.

Campbell, M.J. et. al., *The Structure of local government in West Africa.* Den Haag, Martinus Nijhoff, 1965.

Comhaire, J.L.L., *Aspects of urban administration in tropical and Southern Africa.* Kaapstad, U.K., 1953 ('School of African Studies' communications, New Series No. 27).

Comhaire, J.L.L., *Introduction to the urban problem in tropical Africa.* Addis Ababa, Haile Selassie I University, 1966.

Cowan, L.G., *Local government in West Africa.* New York, Columbia University Press,1958.

Davis, G.L., et. al., *Urban Native Law.* Port Elizabeth, Grotius Publications, 1959.

Goode, W.J. & Hatt, P.K., *Methods in social research.* New York, McGraw-Hill, 1952.

Green, L.P., *History of local government in South Africa.* Kaapstad, Juta, 1957.

Harris, P.J., *Local government in Southern Nigeria.* Cambridge, Cambridge University Press, 1957.

Herskovits, M.J., *The Human factor in changing Africa.* Londen, Routledge & Kegan Paul,1962.

Hinden, R., *Local government and the colonies; a report to the Fabian Colonial Bureau.* Londen, Allen & Unwin, 1950.

Howman, R., *African local government in British East and Central Africa, principles and practice; a report, 1953.* Pretoria, Universiteit van Suid-Afrika, 1962 (Xerografiese reproduksie X37/183, 31/12/62).

Humes, S. & Martin, E.M., *The Structure of local governments throughout the world.* Den Haag, Martinus Nijhoff, 1961.

Ibbotson, P., *Report on Native councils.* Bulawayo, 'Federation of African Welfare Societies in Southern Rhodesia', 1952.

Jackson, R.M., *The Machinery of local government.* Londen, MacMillan, 1958.

Lewin, A., *The Law, procedure and conduct of meetings in South Africa. 2de Uitgawe.* Kaapstad, Juta, 1966.

Martin, R.C., *Grass roots.* Alabama, University of Alabama Press, 1957.

Nsarkoh, J.K., *Local government in Ghana.* Accra, Ghana University Press, 1964.

Pelzer, A.N. (red.) *Verwoerd aan die woord; toesprake 1948 - 1962.* Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1963.

Riggs, F.W., *Administration in developing countries, The theory of prismatic society.* Boston, Houghton, Mifflin, 1964.

Reyburn, L., *The urban African in local government - A study of the Advisory Board system and its operation.* Johannesburg, South African Institute of Race Relations, 1960.

Verwoerd, H.F., *Plaaslike owerhede en die staat.* Pretoria, Staatsdrukker, 1957.

Wraith, R.E., *Local government in West Africa.* Londen, Allen & Unwin, 1964.

## IV *TYDSKRIFARTIKELS*

*N.B.* Die volgende afkortings word hierna gebruik:

| | |
|---|---|
| I.A.N.A. | *Instituut van Administrateurs van Nie-blanke Aangeleenthede (Suidelike Afrika)* |
| *Inst. of Town Clerks* | *Institute of Town Clerks* |
| *J. of Afr. Adm.* | *Journal of African Administration* (sedert 1961 die *Journal of Local Administration Overseas)* |

*Munic. Aff.* — *Municipal Affairs*

S.A.I.R.R. — *South African Institute of Race Relations*

-----


Adams, A.W., *Advisory Boards and urban Bantu Councils with special reference to Johannesburg.* Johannesburg, S.A.I.R.R., 1968 (RR. 71/68).

African Studies Branch, "The amalgamation of two town Councils in Nyasaland." *J. of Afr. Adm.*, 8(3): 135 - 138, Jul. 1955.

Akpan, N.U., "Have traditional authorities a place in modern local government systems?" *J. of Afr. Adm.*, 6(3): 109 - 116, Jul. 1955.

Anon., "The organization of Native Administration in the Belgian Congo - A contribution from the Ministry of Colonies, Brussels." *J. of Afr. Adm.*, 8(2): 88 - 95, Apr. 1956.

Apter, D.E., "Some problems of local government in Uganda." *J. of Afr. Adm.*, 11(1): 27 - 37, Jan. 1959

Banton, M.P., "Tribal headman in Freetown." *J. of Afr. Adm.*, 6(3): 140 - 144, Jul. 1954.

Bhengu, H.J., *Report of the Location Advisory Boards Congress of South Africa held at Sobantu Village Hall, Pietermaritzburg, on 9th - 12th January, 1956.* Durban, Natal Regional Committee of the S.A.I.R.R., 1956.

Brent, J.R., *The fusion of the ward and native advisory board systems in urban Native locations.*
Revised copy of address given before the South African Location Advisory Boards' Congress at Port Elizabeth, on the 20th Dec., 1937.

Brown, R.T., "Local government in the African areas of Kenya."
*J. of Afr. Adm.*, 12(3): 147 - 149, Jul. 1960.

Clark, G.F., "Development of local government in the native areas of Southern Rhodesia."
*Inst. of Town Clerks*, pp. 179 - 197, 1957.

Clay, G.C.R., "African urban advisory councils in the Northern Rhodesia Copperbelt."
*J. of Afr. Adm.*, 1(1): 33 - 38, Apr. 1949.

Coertze, R.D., "Stad en tuislandskakeling in stedelike Bantoe-administrasie - Volkekundig."
Referaat gelewer voor die Sestiende Jaarkongres van I.A.N.A. te Durban, 29 Sept. - 2 Okt. 1969.

Conyngham, L.D., "African towns in Northern Rhodesia."
*J. of Afr. Adm.*, 3(3): 113 - 117, Jul. 1951.

Cope, J., "Verwoerds blue print for the towns."
*Forum*, 8(7): 8 - 11, Okt. 1958.

Evans, M.N., "Local Government in the African Areas of Kenya."
*J. of Afr. Adm.*, 7(3): 123 - 127, Jul. 1955.

Froomkin, J., "Fiscal management of municipalities and economic development."
*J. of Afr. Adm.*, 8(1): 15 - 26, Jan. 1956.

Green, L.P., *A criticism of the Urban Bantu Authorities Bill, 1952.* Johannesburg, S.A.I.R.R., 1952 (R.R. 78/52).

Green, L.P., "Foundations of local self-government in a multi-racial society, Durban." *Munic. Aff.*, 17(202): 41 - 47, Jun. 1952.

Hannigan, A. St. J.J., "Local government in the Gold Coast." *J. of Afr. Adm.*, 7(3): 116 - 123, Jul. 1955.

Harlow, V., "Tribalism in Africa." *J. of Afr. Adm.*, 7(1): 17 - 20, Jan. 1955.

Howman, R., "African local government in Southern Rhodesia." *J. of Afr. Adm.*, 11(3): 132 - 138, Jul. 1959.

Hurley, D.E., *Participation by Non-Europeans in Local Government.* Durban, Natal Region, of the S.A.I.R.R., 1960, (NR. 65/1960).

Jones, A.C., "The place of African local administration in colonial policy." *J. of Afr. Adm.*, 1(1): 3 - 6, Jan. 1949.

Jones, J.D.R., "Native urban administration: functions of native advisory boards." *Race Relations*, 13: 53 - 60, Sept. 1946.

Kent, L., *Some thoughts on the Advisory Boards System.* Locations Advisory Boards Congress, 1953.

Lengene, P.M., *Local Government.* Johannesburg, S.A.I.R.R., 1960 (RR. 226/60).

Liebenow, J.G., "Tribalism, traditionalism, and modernism in Chagga local government." *J. of Afr. Adm.*, 10(2): 71 - 82, Apr. 1958.

MacKenzie, W.J.M., "Local Government elections in towns." *J. of Afr. Adm.*, 8(2): 61 - 68, Apr. 1956.

Mahabane, E.E., *African local government.* Johannesburg, S.A.I.R.R., 1960. (RR. 213/60).

Mair, L.P., "Representative local government as a problem in Social change." *J. of Afr. Adm.*, 10(1): 11 - 24, Jan. 1958.

Marshall, A.H., "The Adaptation of English local government principles to colonial territories." *J. of Afr. Adm.*, 2(4): 34 - 39, Okt. 1950.

Mawhood, P.N., "Choosing the town councillor. The development of representative local government in the towns of Tanganyika." *J. of Afr. Adm.*, 13(3): 131 - 138, Jul. 1961.

Murray, A.H. & Drysdale, J.G.S., "Town Boards in Agona state - an experiment." *J. of Afr. Adm.*, 3(3): 110 - 112, Jul. 1951.

Norton, I.H., "An interracial local council in Tanganyika." *J. of Afr. Adm.*, 8(1): 26 - 32, Jan. 1956.

Ottenberg, S., "Comments on local government in Afikpo Division, South Eastern Nigeria." *J. of Afr. Adm.*, 8(1): 3 - 10, Jan. 1956.

Peters, W. "Tradition and change in the Saltpond sub-district of the Gold Coast Colony." *J. of Afr. Adm.*,6(1): 5 - 11, Jan. 1954.

Roux, B.J., "Die Terminologiese vraagstuk in Publieke Administrasie." *SAIPA*, 2(1): 218 - 234, Jul. 1966.

Simons, H.J., "The claims of the African in municipal government." *Race Relations*, 13: 42 - 49, Sept. 1946.

Simons, H.J., "Some aspects of urban native administration." *Race Relations*, 7: 101 - 111, 1940.

S.A.I.R.R., *Local governments for Africans in urban areas.* Johannesburg, S.A.I.R.R., 1951 (RR. 174/51).

S.A.I.R.R., *The Urban Bantu Authorities Bill.* Johannesburg, S.A.I.R.R., 1952 (RR. 36/52).

S.A.I.R.R., *Urban Native Administration. Functions of Native Advisory Boards.* Johannesburg, S.A.I.R.R., 1946 (RR. 9/46).

Song, M.M., "Nigerian local government in transition." *J. of Afr. Adm.*, 12(2): 74 - 76, Apr. 1960.

Stevens, R.A., "The application of English local government principles in Africa." *J. of Afr. Adm.*, 1(2): 68 - 73, Apr. 1949.

Venables, L.I., "Relations of a municipality with its' African people." *Race Relations*, 13: 50 - 53, Sept. 1946.

Wallis, C.A.G., "The administration of towns in the Belgian Congo." *J. of Afr. Adm.*, 10(2): 95 - 100, Apr. 1958.

Wallis, C.A.G., "Local administration in the Sudan." *J. of Afr. Adm.*, 13(3): 158 - 164, Jul. 1961.

Wallis, C.A.G., "Reorganization of local government in Ghana." *J. of Afr. Adm.*, 11(1): 22 - 26, Jan. 1959.

Wallis, C.A.G., "Urgent local government problems in Africa." *J. of Loc. Adm. Overseas*, 2(2): 61 - 64, Apr. 1953.

Woodroffe, I., "The relationship between central and local government in Africa." *J. of Afr. Adm.*, 9(1): 3 - 15, Jan. 1957.

V *STAATSPUBLIKASIES*

1. Good Hope, Cape of, *Bluebook on Native Affairs - Compiled in compliance with a resolution of the Honourable the House of Assembly, dated the 10th June 1873.*

Hiervan is die volgende jaarverslae deurgewerk:

1873 - U.G. nr. 27/1874
1876 - U.G. nr. 16/1876
1877 - U.G. nr. 12/1877
1879 - U.G. nrs. 33/ en 43/1879
1880 - U.G. nr. 13/1880
1881 - U.G. nr. 20/1881
1882 - U.G. nr. 47/1882
1883 - U.G. nr. 8/1883
1884 - U.G. nr. 3/1884
1885 - U.G. nr. 2/1885

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1886 | - U.G. | nr. | 5/1886 |
| 1887 | - U.G. | nr. | 12/1887 |
| 1888 | - U.G. | nr. | 6/1888 |
| 1889 | - U.G. | nr. | 3/1889 |
| 1890 | - U.G. | nr. | 4/1890 |
| 1891 | - U.G. | nr. | 4/1891 |
| 1892 | - U.G. | nr. | 7/1892 |
| 1893 | - U.G. | nr. | 4/1893 |
| 1894 | - U.G. | nr. | 9/1894 |
| 1895 | - U.G. | nr. | 8/1895 |
| 1896 | - U.G. | nr. | 5/1896 |
| 1897 | - U.G. | nr. | 19/1897 |
| 1898 | - U.G. | nr. | 42/1898 |
| 1899 | - U.G. | nr. | 31/1899 |
| 1900 | - U.G. | nr. | 50/1900 |
| 1901 | - U.G. | nr. | 52/1901 |
| 1902 | - U.G. | nr. | 25/1902 |
| 1903 | - U.G. | nr. | 29/1903 |
| 1904 | - U.G. | nr. | 12/1904 |
| 1905 | - U.G. | nr. | 46/1906 |
| 1906 | - U.G. | nr. | 36/1907 |
| 1907 | - U.G. | nr. | 24/1908 |
| 1908 | - U.G. | nr. | 19/1909 en |
| 1909 | - U.G. | nr. | 28/1910. |

2. Die volgende jaarverslae van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling (vroeër die Departement van Naturellesake) is deurgewerk:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1910 | - U.G. | nr. | 17/1911 |
| 1911 | - U.G. | nr. | 10/1913 |
| 1912 | - U.G. | nr. | 33/1913 |
| 1913 - 1918 | U.G. | nr. | 7/1919 |
| 1919 - 1921 | U.G. | nr. | 34/1922 |
| 1922 - 1926 | U.G. | nr. | 14/1927 |
| 1935 - 1936 | U.G. | nr. | 41/1937 |

*Memorandum insake die beleid en bedrywighede van die Departement van Naturellesake, 1942.*
Kaapstad, Cape Times, (ca. 1942),

*Oorsig van departementele werksaamhede vir die jaar 1943/1944.*
Kaapstad, Cape Times, 1944.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1944 - 1945 | U.G. | nr. | 44/1946 |
| 1945 - 1947 | U.G. | nr. | 14/1948 |
| 1947 - 1948 | U.G. | nr. | 35/1949 |
| 1948 - 1949 | U.G. | nr. | 51/1950 |
| 1949 - 1950 | U.G. | nr. | 61/1951 |
| 1950 - 1951 | U.G. | nr. | 30/1953 |
| 1951 - 1952 | U.G. | nr. | 37/1955 |
| 1952 - 1953 | U.G. | nr. | 48/1955 |
| 1953 - 1954 | U.G. | nr. | 53/1956 |

1.7.1954 - 31.12.1957 U.G. nr. 14/1959
1.1.1960 - 31.12.1962 R.P. nr. 78/1964
1963 - R.P. nr. 41/1965
1964 - R.P. nr. 14/1966
1965 - R.P. nr. 18/1967
1966 - R.P. nr. 24/1968
1967 - R.P. nr. 48/1969.

3. *Verslag van die verrigtinge van die Verteenwoordigende Natureleraad* - die volgende verslae is deurgewerk:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Desember | 1937 | - | U.G. | nr. | 7/1938 |
| November | 1938 | - | U.G. | nr. | 10/1939 |
| Nov. - Des. | 1939 | - | U.G. | nr. | 11/1940 |
| Nov. - Des. | 1940 | - | U.G. | nr. | 12/1941 |
| November | 1941 | - | U.G. | nr. | 13/1942 |
| Desember | 1942 | - | U.G. | nr. | 10/1943 |
| Mei | 1943 | - | U.G. | nr. | 16/1944 |
| Aug. en Nov. | 1944 | - | U.G. | nr. | 11/1945 |
| Augustus | 1945 | - | U.G. | nr. | 7/1946 |
| April | 1946 | - | U.G. | nr. | 34/1946 |
| Aug. en Nov. | 1946 | - | U.G. | nr. | 12/1947 |
| Januarie | 1949 | - | U.G. | nr. | 20/1949 en |
| Desember | 1950 | - | U.G. | nr. | 39/1951. |

4. Suid-Afrika, Unie van, *Report of the local government commission, 1921.* Pretoria, Staatsdrukker, 1922 (T.P. nr. 1/1922).

5. Suid-Afrika, Unie van, *Verslag van die Naturellewette Kommissie, 1946 - 1948.* Pretoria, Staatsdrukker, 1948 (U.G. nr. 28/1948)

6. Suid-Afrika, Unie van, *Rapport van de Naturellenzaken Kommissie, 1921.* Pretoria, Staatsdrukker, 1922 (U.G. nr. 15/1922)

7. Suid-Afrika, Unie van, *Report of the Native Affairs Commission, 1922.* Pretoria, Staatsdrukker, 1923 (U.G. nr. 36/1923)

8. Linington, P.A. *A Summary of the reports of certain pre-Union commissions on Native Affairs.* Pretoria, 1924

9. Cape of Good Hope, Colony of, *Reports (interim and final) of the Native Affairs Commission, 1910.* Kaapstad, Cape Times, Staatsdrukker, 1910 (U.G. nr. 26/1910).

# *B Y L A E 1*

## *VRAELYS AAN KIESERS VIR DIE STEDELIKE BANTOERAAD VAN WELKOM*

1. Naam

2. Naam van werkgewer
   2.1. Adres van werkgewer

3. Herkoms
   a. Etnies
      Groep
   b. Wie is die kaptein/hoofman?

4. Opvoedkundige kwalifikasies

5. Waar het respondent tevore gewerk?

6. Hoe lank is respondent uit tuisgebied afwesig?

7. Besoek hy die tuisgebied nog gereeld?
   a. Elke jaar
   b. Elke 18 maande
   c. Elke 2 jaar
   d. Nie meer nie

8. Indien „ja" op 7(d): hoekom nie?

9. Hoe lank woon respondent reeds in Thabong?
   Een jaar
   Twee jaar
   Drie jaar
   Langer as drie jaar

10. Het respondent in 'n ander stadsgebied gewoon?
    10.1. Indien „ja": watter een?
    10.2. Indien „nee": hoekom nie?

11. Is respondent geregistreer as kieser vir verkiesings van die Stedelike Bantoeraad?

12. Het hy by die vorige verkiesing van die Stedelike Bantoeraad gestem?

13. Indien „nee": hoekom nie?

14. Ken respondent die lid wat sy wyk op die Stedelike Bantoeraad verteenwoordig?

15. Watter lid van die wykskomitee woon naaste aan hom?

16. 'n Mens het baie probleme wat sy tyd in beslag neem. In die lig hiervan, watter aandeel behoort 'n gewone mens te hê in die sake van sy dorp?

17. In die algemeen gesproke, wat sal jy sê: Is mense meestal geneig om hulself te help of ander mense?
Hulself
Ander

18. Veronderstel 'n regulasie word deur die Stedelike Bantoeraad oorweeg wat jy dink baie onregverdig of skadelik is, wat dink jy kan jy doen?

19. As jy iets probeer doen om 'n regulasie te verander, dink jy jy sal daarin slaag?

20 As so 'n saak opkom, wat is die kans dat jy hoegenaamd iets sal probeer doen?

21. Het jy al ooit probeer om 'n besluit van die Stedelike Bantoeraad te probeer beïnvloed?

22. Hoeveel invloed dink jy het die Stedelike Bantoeraad op die sake van Thabong?
'n Groot invloed;
'n bietjie invloed, of
niks

23. In die geheel gesien, het die werk van die Stedelike Bantoeraad toestande in Thabong verbeter of sal dit beter wees om sonder die raad klaar te kom?

24. Wat is die belangrikste pligte van die Stedelike Bantoeraad?

25. Hoekom het jy hierdie betrokke pligte uitgekies?

26. Gestel jy moet iets aan hierdie sake doen, hoe sal jy te werk gaan?

27. Het jy al ooit met 'n klagte na jou raadslid gegaan?

28. Indien „ja": het die toestand toe verbeter?

29. Indien „nee": hoekom nie?

30. As die raadslid nie na jou wil luister nie, wat sal jy dan doen?

31. Het jou raadslid al ooit iets aan dié sake gedoen? (kyk antwoord op vraag 24).

32. Watter van die volgende persone beskou jy as die belangrikste:
    a. Direkteur van Bantoesake
    b. Bantoedorpsbestuurder
    c. Onderwyser(s)
    d. Handelaar(s)
    e. Wykskomiteelid
    f. Raadslid.

33. Hoekom het jy hulle so gerangskik?

34. Watter ander mense in jou wyk is belangrik? Hoekom dink jy so?

35. Behoort jy aan enige verenigings?

36. Het jy al ooit met jou bure saamgewerk om enigiets te probeer doen? Byvoorbeeld?

*B Y L A E 2*

*STEDELIKE BANTOERADE IN DIE REPUBLIEK*

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Welkom, | Ak. 173/1963 |
| 2. | Benoni, | Ak. 657/1963 |
| 3. | Boksburg, | Ak. 850/1967 gewysig deur |
| | | Ak. 22/1968 |
| 4. | Johannesburg, | Ak. 41/1968 |
| 5. | Roodepoort, | Ak. 843/1967 gewysig deur |
| | | Ak. 5/1968 |
| 6. | Grahamstad, | Pk. 798/1967 |
| 7. | Uitenhage, | Pk. 738/1967 |
| 8. | Bloemfontein, | Ak. 177/1967 |
| 9. | Kroonstad, | Ak. 164/1965 |
| 10. | Parys, | Ak. 197/1966 |
| 11. | Durban, | Ak. 630/1967 |
| 12. | Alberton, | Ak. 423/1968 |
| 13. | Witbank, | Ak. 321/1968 |
| 14. | Oogies, | Ak. 310/1968 |
| 15. | Nigel, | Ak. 234/1968 |
| 16. | Carletonville, | Ak. 233/1968 |
| 17. | Standerton, | Ak. 276/1968 |
| 18. | Ermelo, | Ak. 384/1968 |
| 19. | Bethlehem, | Ak. 153/1968 |
| 20. | Virginia, | Ak. 205/1968 |
| 21. | Odendaalsrus, | Ak. 153/1968 |

## *B Y L A E 3*

### *TABEL I. BEVOLKINGSAANWAS VAN DIE STEDELIKE BANTOEBEVOLKING*[*]

| Streek | 1960 | 1951 | 1946 | 1936 | 1921 | 1911 | 1904 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| K.P. | 618 527 | 430 456 | 336 936 | 217 831 | 134 772 | 99 188 | 119 987 |
| Natal | 421 483 | 286 352 | 218 999 | 146 790 | 83 762 | 39 487 | 36 387 |
| Transvaal | 2 015 428 | 1 433 462 | 1 150 728 | 739 942 | 364 092 | 311 449 | 152 760 |
| O.V.S. | 411 145 | 231 332 | 156 614 | 115 329 | 66 688 | 44 151 | 43 492 |
| Suid-Afrika | 3 466 583 | 2 381 592 | 1 863 277 | 1 219 892 | 649 314 | 494 275 | 352 626 |
| % Stedelike Bantoe [**] | 31.7 | 27.8 | 23.8 | 18.5 | 13.8 | 12.3 | 10.1 |

[*] Inligting verkry van die Buro vir Statistiek, Pretoria 1970.

[**] Uitgedruk as 'n persentasie van die totale Suid-Afrikaanse Bantoebevolking.

*B Y L A E 4*

*VOORSTEL VAN DIE THABONGSE ADVISERENDE NATURELLEKOMITEE WAARIN DIE MINISTER VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING VERSOEK IS OM 'N STEDELIKE BANTOERAAD VIR WELKOM IN TE STEL (NOTULE T.A.N.K., 11 JULIE 1961).*

„Mong. Mokoli submitted the following proposal:

„Die Adviserende Naturellekomitee van die Stedelike Bantoewoongebied van Thabong, Welkom, behoorlik ingestel ingevolge artikel een-en-twintig van die Hoofwet, wil eerbiediglik langs hierdie weg sy opregte dank uitspreek teenoor Sy Edele, die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, mnr. M.D.C. de Wet Nel, vir die voorsiening wat gemaak is vir die instelling van stedelike bantoerade.

Met die amptelike opening van Thabong Bantoewoongebied op 5 Desember 1958 deur Sy Edele, het daar alreeds 'n samesnoering van wedersydse vertroue plaasgevind wat hegte bande van vrienskap gesmee het tussen Sy Edele, die Minister en die Bantoepubliek van Welkom.

Gedagtig hieraan, het die Bantoepubliek van Welkom reeds in die onlangse verlede, deur sy optrede en gedrag, bewys gelewer van die goeie trou en lojaliteit teenoor die owerhede.

Na oorlegpleging met die Bantoepubliek, is dit nou die wens van die Adviserende Naturellekomitee van Thabong dat Welkom die eer aangedoen sal word om toegelaat te word om die *eerste te wees* om ingevolge Artikel 2(3)(a) van die wetsontwerp, 'n Bantoeraad in te stel vir of ten opsigte van die Thabong Bantoewoongebied.

Verder word daar versoek dat Sy Edele, die Minister, siviele en strafregtelike jurisdiksie verleen aan die Bantoeraad aldus ingestel, asook 'n gemeenskapswag, albei ingevolge die bepalings van die betrokke wetsontwerp en sulke voorskrifte as wat Sy Edele, die Minister mag bepaal.

Die Adviserende Naturellekomitee besluit hiermee eenparig om te ontbind sodra daar aan sy versoek voldoen word en 'n Bantoeraad ingestel word, ongeag die moontlikheid dat een of almal van sy lede nie gekies of verkies mag word om op die Bantoeraad te dien nie.

Indien daar aan hierdie vriendelike versoek voldoen word deur die betrokke owerhede, en ons glo daar sal, is dit die verdere wens dat die instelling van die Bantoeraad, sy funksies, ensovoorts, sal geskied streng volgens die voorskrifte van Sy Edele, die Minister en dat advies en hulp op alle vlakke, geredelik beskikbaar sal wees om te verseker dat hierdie eerste stedelike Bantoeraad so suksesvol sal fungeer dat dit as voorbeeld vir die res van die stedelike Bantoe van die Republiek, gestel sal kan word.

Hierdie, ons eenparige vertoë, word in die eerste instansie vriendelik en eerbiediglik gerig aan die Stadsraad van Welkom met die versoek dat dit so gou doenlik oorgedra sal word aan Sy Edele, die Minister, sodat hy bewus kan wees van ons innige dank en erkentlikheid vir wat daar vir ons, die stedelike Bantoe gedoen word."

## *B Y L A E 5*

## *KENNISGEWING VAN DIE HOU VAN 'N ALGEMENE VERKIESING VAN DIE STEDELIKE BANTOERAAD VAN WELKOM*

### *MUNISIPALITEIT VAN WELKOM*

*ALGEMENE VERKIESING VAN LEDE VAN DIE STEDELIKE BANTOERAAD, THABONG BANTOEDORP INGEVOLGE ADMINISTRATEURSKENNISGEWING NR. 173 VAN 1963*

Kennis geskied hiermee ooreenkomstig Regulasie 5 van die genoemde Administrateurskennisgewing dat nominasies, van bevoegde Bantoes, ingewag word as kandidate vir verkiesing as lede van die Stedelike Bantoeraad, in die agt wyke waarin die Thabong Bantoedorp ingedeel is, vir drie jaar vanaf die eerste dag van Oktober 1966.

Nominasievorms is op aanvraag verkrygbaar by die Bestuurder, Thabong Bantoedorp, gedurende gewone kantoorure.

Die Kiesbeampte sal nominasies ontvang in die Raadsaal, Administratiewe gebou, Thabong, op Woensdag, 17 Augustus 1966, tussen die ure 2 en 4 nm.

Die Kieserslys en die wykindeling lê ter insae van die publiek by die kantoor van die Bestuurder van Thabong vanaf 20 Julie 1966.

*Gedateer 20 Julie 1966.*

*H.P. SCHEEPERS.*
*BESTUURDER,*
*THABONG BANTOEDORP.*

*B Y L A E  6*

*NOMINASIEVORM VIR NOMINERING VAN KANDIDATE VIR VERKIESING TOT LEDE VAN DIE STEDELIKE BANTOERAAD*

Die Bestuurder Bantoedorp,

Nominasie van Kandidaat vir Vakature in Stedelike Bantoeraad vir Wyk nr. ..........

Ons, die ondergetekende, geregistreerde kiesers van Wyk nr. .......... nomineer hierby .................... (naam van kandidaat) ingevolge subregulasie (2) van regulasie 6 van die regulasies afgekondig by Administrateurskennisgewing Nr. .173.. van 27..September..1963. vir verkiesing in bogenoemde Wyk.

| Naam (in Drukletters) | N.I. nr. | Adres | Handtekening |
|---|---|---|---|
| 1. ................ | .......... | ........... | ........... |
| 2. ................ | .......... | ........... | ........... |
| 3. ................ | .......... | ........... | ........... |
| 4. ................ | .......... | ........... | ........... |
| 5. ................ | .......... | ........... | ........... |
| 6. ................ | .......... | ........... | ........... |
| 7. ................ | .......... | ........... | ........... |
| 8. ................ | .......... | ........... | ........... |
| 9. ................ | .......... | ........... | ........... |
| 10. ................ | .......... | ........... | ........... |
| 11. ................ | .......... | ........... | ........... |
| 12. ................ | .......... | ........... | ........... |
| 13. ................ | .......... | ........... | ........... |
| 14. ................ | .......... | ........... | ........... |
| 15. ................ | .......... | ........... | ........... |
| 16. ................ | .......... | ........... | ........... |

Aanvaardiging van Nominasie deur Kandidaat.

Ek,........................................N.I. Nr. .................... woonagtig te ............................ .................... aanvaar hierdie nominasie vir die vakature in die Stedelike Bantoeraad.

...........................
Handtekening van Genomineerde

Datum ..................

## *B Y L A E 7*

## *REGLEMENT VAN ORDE VAN DIE STEDELIKE BANTOERAAD VAN WELKOM*

## *URBAN BANTU COUNCIL: THABONG, WELKOM*

## *S T A N D I N G O R D E R S*

### 1. *WARD COMMITTEES:*

That each ward be divided into not more than ten blocks from each of which one male registered tenant shall be appointed, by the elected member of the ward, to represent the residents of that block on a ward committee, the Chairman of which shall be the elected member of that ward.

### 2. *STANDING COMMITTEES:*

That the Council be divided into the following six standing committees:

(a) Sport and Entertainment Committee
(b) Social Welfare Committee
(c) Public Works Committee
(d) Transport and Licences Committee
(e) General Purposes Committee
(f) Committee of Cheirmen

### 3. *CONSTITUTION AND FUNCTIONS OF STANDING COMMITTEES:*

That the constitution and functions of each of the Committees shall be:

#### A. *Sport and Entertainment Committee*

To be constituted by not less than three members, one of whom shall be elected Chairman. The duties and functions of the Sport and Entertainment Committee shall be to deal with the following matters:

(a) Social Centre
(b) Créche
(c) Sport facilities
(d) Swimming bath
(e) Children's play Grounds
(f) Cultural activities i.e. tribal dancing, home craft, etc.

B. *Social Welfare Committee:*

To be constituted by not less than three members, one of whom shall be elected Chairman. The duties and functions of the Social Welfare Committee shall be to deal with the following matters:

(a) Family Welfare,
(b) Child Welfare
(c) Mental Health
(d) Blood Transfusion
(e) Cripple Care
(f) Clinics and health matters
(g) Charitable organisations

C. *Public Works Committee:*

To be constituted by not less than three members, one of whom shall be elected Chairman. The duties and functions of the Public Works Committee shall be to deal with the following matters:

(a) Road Construction
(b) Construction of Houses
(c) Electricity
(d) Sanitation
(e) Parks
(f) Water reticulation
(g) Cemeteries
(h) General Maintenance
(i) Any matters of a works nature
(j) Schools

D. *Transport and licences Committee:*

To be constituted by not less than three members, one of whom shall be elected Chairman. The duties and functions of the Transport and Licences Committee shall be to deal with the following matters:

(a) Buses
(b) Taxis
(c) Trading Licences
(d) Trading Sites
(e) Dog Licences
(f) Stop Streets and Traffic
(g) All matters dealing with trading, licences and transport generally.

E. *General Purposes Committee:*

To be constituted by all members of the Council. That this Committee be considered as the Policy and Finance Committee. That the Chairman of the Council be accepted as Chairman of the General Purposes Committee. That the Vice Chairman preside at any meeting of the Council, in the absence of the Chairman of the Council

The functions of the General Purposes Committee shall include, inter alia, all matters connected with:

(a) Regulations and By-Laws
(b) Administration generally
(c) Police
(d) Staff
(e) Wages
(f) Labour and Employment
(g) Hostels
(h) Allocation of Houses
(i) Liquor
(j) Policy
(k) Disputes
(l) Finance
(m) Matters referred to it by the other standing Committees.

F. *Committee of Chairmen:*

To be constituted by the Chairman and Vice Chairman of the Council, and the Chairmen of all the standing committees. The duties and functions of the Committee of Chairmen shall be:

In terms of Section four (2)(f) of the Urban Bantu Council Act No. 79 of 1961 the Committee shall carry out any executive powers expressly delegated to it by the Council and shall be empowered in cases of urgency to deal with any matter falling under the purview of any other standing committee:

Provided that any action taken in respect of such matter shall be reported to the next meeting of the respective standing committee for confirmation of the action taken.

4. *CHAIRMAN AND DEPUTY CHAIRMAN:*

In terms of Regulation 25 of the regulations published in Administrator's Notice No. 173 dated 27th September, 1963, a special meeting of the Council shall be held within fourteen days after every general election and annualy thereafter during the first fourteen days of the month of October and at every such meeting the members present shall elect one of their number to be Chairman and one member to be Deputy Chairman.

The chairman shall be an ex-officio member of all standing committees, in addition to the numbers as laid down in the standing orders.

5. *QUORUM OF STANDING COMMITTEES:*

That the quorum of the standing committees except the General Purposes Committee shall be two members present including the Chairman of the Committee concerned.

That the quorum of the General Purposes Committee shall be any number of members exceeding one half of the total number of duly elected and selected members comprising the Council.

6. *COMPOSITION OF STANDING COMMITTEES AND PROCEDURE:*

That the following procedure in respect of the standing committees be adopted:

(a) Each Councillor must be elected to at least two committees.

(b) Councillors who do not belong to a particular standing committee may attend a meeting of that standing committee, take part in discussions thereat; but shall have no vote.

(c) Reports, Resolutions, of standing committees must be submitted for discussion, approval and amendment to the General Purposes Committee. The approved or amended reports of resolutions shall be reproduced in the report of the General Purposes Committee prior to their submission to the urban Bantu Council.

(d) Resolutions finally passed by the General Purposes Committee will be submitted to the monthly Council meeting for adoption. Resolutions so adopted shall be reproduced in the minutes of the Urban Bantu Council.

(e) Only the reports of the General Purposes Committee shall be submitted for adoption at the monthly meeting of the Urban Bantu Council.

Any member or ex-officio member of the Urban Bantu Council may speak on any resolution or report submitted by the General Purposes Committee.

(f) No member of the Council shall speak on any subject under discussion, at a regular monthly meeting on more than one occasion except at the request or permission of the Chairman or the Director.

(g) All Committees of the Urban Bantu Council may have as many meetings as the Chairman of various committees or the Director may find it necessary, and further no member of the Council shall speak on any subject on the agenda of the monthly meeting if such a member had been absent from the Committee meeting at which the agenda was approved.

(h) No member of the Council may speak on any one item for longer than five minutes without the approval of the Chairman or the Director.

7. *ATTENDANCE AT MEETINGS:*

(a) That any member of the Council who fails to attend a duly convened meeting of a Committee of which he is a member, or, of the General Purposes Committee, or, of the Council, without leave of absence being granted to him, shall forfeit 10% of his monthly allowance per meeting.

(b) That any member arriving at a duly convened meeting of the Council or its committees or which he is a member, later than 15 (fifteen) minutes after the appointed time for the commencement of such a meeting, and whose excuse for being late is not acceptable to that committee, shall be considered as having been absent without leave of absence being granted to him, and shall forfeit 10% of his monthly allowance per meeting.

(c) That any Chairman of any standing committee failing to attend three consecutive meetings of his committee without applying for leave of absence, or whose application for leave of absence was not granted shall be deemed to have vacated his position as Chairman, and the Chairmanship of that Committee shall become vacant.

(d) That upon a vacancy occurring in terms of (c) above, the Committee concerned shall be as soon as possible elect another Chairman; the former Chairman retaining his membership on the Committee.

*B Y L A E 8*

*a. SAKELYS VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE ALGEMENE DOELEINDESKOMITEE VAN DIE STEDELIKE BANTOERAAD VAN WELKOM, 24 FEBRUARIE 1966.*

*POWERS, FUNCTIONS & DUTIES*
*URBAN BANTU COUNCIL*

1. Attached hereto is a Memorandum containing the POWERS, FUNCTIONS AND DUTIES of the URBAN BANTU COUNCIL prepared by the BANTU TOWNSHIP MANAGER;

2. The following are the contents of a Memorandum by the Chairman of the Urban Bantu Council in this regard:

*1. PROPOSED AMENDMENTS TO PROCEDURE OF STANDING COMMITTEES.*

*6(c).* The whole clause to be replaced by:

Reports, Resolutions of Standing Committees must be submitted for discussion, approval and amendment to the General Purposes Committee. The approved or amended reports or resolutions shall be reproduced in the report of the General Purposes Committee prior to their submission to the Urban Bantu Council.

*6(d).* Add the following at the end of the sentence:

Resolutions so adopted shall be reproduced in the minutes of the Urban Bantu Council.

*6(e).* The whole clause to be replaced by:

Only the reports of the General Purposes Committee shall be submitted for adoption at the monthly meeting of the Urban Bantu Council.

Any member or ex-officio member of the Urban Bantu Council may speak on any resolution or report submitted by the General Purposes Committee.

*6(g).* The whole clause to be replaced by:

All Committees of the Urban Bantu Council may have as many meetings as the Chairman of various Committees or the Director may find it necessary.

*2. RELATION OF COMMITTEES TO POWERS, DUTIES & FUNCTIONS.*

| | |
|---|---|
| Article 4 (2)(a)(i) | A. General Purposes Committee Function (j) |
| Article 4 (2)(a)(v) | C. Sport & Entertainment Committee Function (a) |
| Article 4 (2)(a) | E. General Purposes Committee Function (b) |
| Article 4 (2)(a)(vi) | A. Public Works Committee Function(b) |
| Article 4 (2)(a) | B. Public Works Committee Function(h) |
| Article 4 (2)(a) | C. General Purposes Committee Function (a) |
| Article 4 (2)(a)(vii) | A. General Purposes Committee Function (j) |
| Article 4 (2)(a)(x) | A. Public Works Committee Function (d) |
| Article 4 (2)(a)(xi) | A. Social Welfare Committee Function (a) |
| | G. Sport and Entertainment Committee Function (b) |
| | B. Social Welfare Committee Function (b) |
| | C. Sport & Entertainment Committee Function (c) |

*3. ORGANIZATIONAL PLANNING*

You will note that article 4 (a)(xi) gives the Urban Bantu Council powers to plan and to administer all relevant matters under that particular functional duty.

I wish to indicate to you my very personal view of how I would like to lead the Urban Bantu Council under your guidance and advices.

*A. STAFF REQUIREMENTS*

*(a) A Social Worker*

I understand that the care of the individual refers to the following:

(i) Garden competition
(ii) T.B. Dependents
(iii) Investigation of paupers' conditions and recommendations to the Bantu Commissioner on that
(iv) Organising charitable organizations
(v) Care of Poor, needy and aged people in Winter and their Christmas treat
(vi) Children's Christmas party, sight seeing provision, etc. and
(vii) Bursaries and promotion of Library facilities.

In view of the fact that the Urban Bantu Council has to administer all these duties I want to suggest that this Social Worker accumulate the data on all the above matter for submission to a relevant committee.

(b) *Administrative Assistant or Assistant Secretary*

Due to the increasing matrimonial cases, I would plead that an official suitably qualified or suitably experienced be appointed.

I am having in mind the likelihood of having eight or more "Kgotla" places built so as to revive traditional Kgotla system in the Township. The ward committees could use these places for the benefit of Thabong.

This Official could also be trained to take over in the absence of the Secretary of the Urban Bantu Council.

(c) *Female Field Social Worker*

The work done by Sister Cook is essentially a valuable one. I understand that a Bantu Female Social Worker is employed. One would like to see that whilst we propagate the virtues of Planned Parenthood one must not lose sight of the importance of teaching Bantu wives simple home craft and economics.

(d) *Field Sport Organiser*

We have a duty to promote Sports. I personally think that a Field Sport Organiser must be appointed to organise:

(i) Cultural Activities
(ii) Tribal dances
(iii) Athletics
(iv) All types of Sports
(v) Indoor games, and
(vi) Youth clubs

I think it would be in the interest of Thabong if this official could be separated from the Welfare Section of the work.

It could contribute to the happiness of Thabong if idling children could be made to spend their leisure more usefully in sports. One would like to see organised athletic sports next year when we shall be celebrating Republic Day.

(e) *Créche*

I do not know if the Créche falls within the duties, powers and functions of the Urban Bantu Council.

## 4. *COMMUNITY ORGANISATION*

I have covered a great part of sport facilities under the field sports organiser.

*(a) Community Centre*

I would like to stress that when the community centre is built the Director be advised that the following facilities will require priority:

(i) *Arena* where tribal dances and other sports may be held.

(ii) *A spacious Bioscope Hall.* One may mention here that bioscope shows will be a good source of income. At present many people from Thabong attend shows at places outside Welkom.

(iii) *Side Halls* will be necessary where training for sport activities and cultural practices could be held. These halls could be rented at a reasonable profit to organised sports.

(iv) *Library*

(v) *A bar and Cafeteria*

(vi) *Committee Rooms*

(vii) *Board Room, and*

(viii) *Offices, etc. etc.*

## 5. *ADMINISTRATIVE OFFICER*

As we are being schooled in the administration system I would be pleased if where practicable all Bantu Staff who fall under powers, duties, and functions of Urban Bantu Council to be supervised by the Secretary of the Urban Bantu Council.

I plead that you must not regard this suggestion as an unnecessarily ambitious one but merely as service motive inspired.

## 6. *TYPIST CLERK*

I plead for employment of a Bantu Typist Clerk to handle typing from all sections of this organisation.

(i) Chairman
(ii) Secretary
(iii) Social workers, and
(iv) Secretary of Sports Board, etc.

I would like to ask you to take this memo as an indication of what is taking place in my mind. I might have made a mistake of inflating the small insignificant Urban Bantu Council into something big and pompous. I want to repeat that if any of the suggestions seem ambitious, please regard that more as service motive than anything else.

I include a drawing of a small diagram to illustrate my ideas.

TOWN COUNCIL

|

BANTU ADMINISTRATION DEPARTMENT

|

URBAN BANTU COUNCIL

|

SECRETARY

|

ASSISTANT SECRETARY (Not to be filled. Senior Clerk Thabong on part-time arrangement.)

|

| | | |
|---|---|---|
| Social and Sports Organisation | Créche | Office Administration |

*7. BUDGET CONTROL*

One condition of the powers of the Urban Bantu Council is to see that they do not over-spend the funds put at their disposal for financing their activities.

I suggest that the Committee of Chairmen meets when necessary to decide on the expenditure items.

*POWERS, FUNCTIONS AND DUTIES: THABONG URBAN BANTU COUNCIL; W E L K O M.*

A Section 4(1) of the Urban Bantu Councils Act. 1961 (Act. No. 79 of 1961) provides: "An Urban Bantu Council and members thereof shall exercise the powers and perform the functions and duties which in terms of the principal Act or any other law are conferred or imposed upon a native advisory board established in terms of section twenty-one of that Act and the members thereof, respectively as if such council were a board so established.

The abovementioned powers, functions and/or duties are found in sections 19(5)(a) and 21(2) of the Bantu (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act. No. 25 of 1945) and regulation 33 of Administrators Notice No. 42 of 1952. The provisions thereof are the following:

1. *SECTION 19(5)(a) ACT 25 OF 1945:*

The appropriation of moneys from the Bantu revenue account ahall not take place otherwise than in accordance with estimates of expenditure which have been passed by the urban local authority under the law governing such urban local authority and approved in writing by the Minister or an officer designated thereto by him, subject to such conditions as he may deem fit: provided that such estimates shall, except in the case of the appropriation of moneys from the Bantu services levy fund, be prepared by such urban local authority after consultation with the Bantu Advisory Board or boards (where such a board exists or such boards exist) or with a meeting of members of two or more such boards convened in terms of any regulation , or with an urban Bantu Council established under section two of the Urban Bantu Councils Act, 1961 (Act No. 79 of 1961), (where such a council exists) in the manner determined by such urban local authority or, if the Minister is satisfied that the manner so determined does not afford an opportunity for proper consultation, in the manner then determined by the Minister, and any relevant report submitted by such board or boards or meeting or council shall be duly considered by the urban local authority.

2. *SECTION 21(2) OF ACT 25 OF 1945:*

(a) "A Bantu advisory board or a meeting of members of two or more such boards convened in terms of any regulation, shall consider and report upon -

(i) any regulation which the urban local authority proposes to make under sub section (3) or (4) of section thirty eight (other than a regulation referred to in paragraph(s) of sub-section (3) of the said section).

(ii) any matter referred to it by the urban local authority or through such urban local authority by the Minister

(iii) any matter specially affecting the interest of Bantu in the urban area, upon which the board or meeting may consider it useful or desirable to report;

and shall transmit its report to the urban local authority or through the urban local authority to the Minister, as the case may be, within such period as may be communicated to it by such urban local authority.

(b) A Bantu advisory board or a meeting of members of two or more such boards convened in terms of any regulation may also recommend to the urban local authority the making or adoption of any regulation which it considers necessary or desirable in the interest of the Bantu in the urban area.

3. *REGULATION 33 OF ADMINISTRATORS NOTICE NO. 42 OF 1952:*

The duties and functions of the Advisory Board shall be:

(a) To act in an advisory capacity on matters concerning the location;

(b) to receive and consider complaints, representations and suggestions from the inhabitants and, if deemed necessary, to make representations thereon to the Council or to any Committee appointed by the Council to deal with the affairs of the location·

(c) to receive and consider any report concerning the location by the Council or any of its officials and, if necessary, to make representations in regard to such a report to the Council·

(d) to perform the functions assigned to it by the Act, and

(e) to render any assistance to the authorities in preserving law and order in the location.

B. Section 4(2), (3) & (4) of the Urban Bantu Councils Act grant additional functions, powers and/or duties to an Urban Bantu Council and provides:

4(2)An urban Bantu Council shall also:

(a) in respect of the area for or in respect of which it has been established, on behalf of and subject to the directions of the Urban Local Authority concerned, exercise such powers and perform such functions and duties of an urban local authority in respect of one or more of the following matters in connection with Bantu as the urban local authority may after consultation with the Administrator in question assign to such council with the concurrence of and subject to such conditions as may be determined by the Minister:

(i) the lay out of the area;

(ii) the accommodation of Bantu not living under conditions of family life;

(iii) the removal of persons unlawfully resident in the area,

(iv) the unlawfull occupation of land and buildings;

(v) the management and control of the area (including the determination of the order of priority to be observed in the allocation of residential facilities) and the maintenance of good order therein;

(vi) the erection and use of dwellings, buildings and other structures, and the removal or destruction of unauthorised or abandoned buildings or structures

(vii) the allotment of sites for church or school purposes.

(viii) the prohibition, regulation or restriction of the keeping of animals and the grazing on any commonage of stock belonging to persons living in the area;

(ix) the prohibition or the regulation of entry into or sojourn in the area;

(x) the provision of sanitary, health and medical services;

(xi) the moral and social welfare of persons living in the area.

(b) have power to control and manage, subject to the provisions of this Act, a community guard established in terms of section seven in respect of the area.

(c) consider and report to the Chief Native Commissioner in question or the Native Commissioner in question on any matter referred to it by such Chief Native Commissioner or Native Commissioner or which it deems it advisable so to report on;

(d) if it has been established for the Bantu belonging to a particular national unit, assist and advise any representative recognized in respect of that national unit in terms of section four of the promotion of Bantu Self-government Act, 1959 (Act No. 46 of 1959) in regard to matters affecting such Bantu.

(e) exercise such other powers and perform such other functions and duties as in the opinion of the Minister ought to be exercised or performed by an urban Bantu Council in respect of the area for or in respect of which it has been established and as the Minister may after consultation with the Administrator in question assign to it with the concurrence of the urban local authority in question and subject to such conditions as the Minister may determine.

(f) have power, subject to the provisions of any applicable law, to provide for any matter relating to the exercise of its powers or the performance of its functions or duties for which it considers it expedient to provide, including provision for the delegation of executive powers to a committee of such council or any Bantu designated by it.

4(3) If the Minister after a report by the Native Affairs Commission established or deemed to have been established under the Native Affairs Act 1959 (Act No. 55 of 1959) is satisfied that the concurrence of an urban local authority referred to in paragraph (e) of sub-section (2) of this section is in regard to any matter being withheld unreasonably, he may in regard to such matter act in terms of that paragraph without such concurrence.

4(4) Nothing in sub-section (2) contained shall be construed as derogating from the powers, functions and duties of an urban local authority in respect of any matter assigned to an urban Bantu Council and any such assignment may, after consultation with the Administrator in question and with the concurrence of the Minister, be withdrawn by the urban local authority."

C. The following are the powers, functions and/or duties assigned to the urban Bantu council by the Town Council of Welkom in consultation with the Administrator of the O.F.S. and with the concurrence of the Minister and also indicating the conditions determined by the Minister:

(1) The urban Bantu Council must make recommendations in regard to and comment on the lay out plan of the bantu residential area and any alterations thereto, to the urban local authority. (Sect.4(2)(a)(1)).

*Conditions:*

(a) The Minister may at any time withdraw, amend or supplement this function without giving reasons.

(b) In the execution of this function the urban Bantu Council must comply with any applicable planning and policy determinations.

(2) The urban Bantu Council must consider applications for the use of the community hall and make recommendations to the urban local authority for their final consideration and decision. (Section 4(2)(a)(v)).

*Conditions:*

(a)The Minister may at any time withdraw, amend or supplement this function without giving reasons.

(b)A committee or Bantu to whom this function has been delegated must table details of the applications and a recommendation at the following meeting.

(c)The execution of this function must not conflict with applicable law or regulation.

(3)The urban Bantu Council is responsible for the execution of the duties functions and powers of the urban local authority in respect of the following matters:-

(a) Development of open spaces. (Section 4(2)(a)(v)).

*Conditions:*

(a) The Minister may at any time withdraw, amend or supplement this function without giving reasons.

(b) In the execution of this function the urban Bantu Council is bound by technical reports and planning.

(4)(a) The urban Bantu Council must consider and submit its comments and recommendations to the urban local authority in regard to the accommodation and type of dwellings required.

(b) The urban Bantu Council must see to it that buildings be used for the purpose for which it were erected and must report any misuse thereof to the urban local authority.

(c) The urban Bantu Council may consider, comment on and make recommendations to the urban local authority on the demolishing and removal of abandoned buildings. (Section 4(2)(a)(vi)).

*Conditions:*

(a) The Minister may at any time withdraw, amend or supplement this function without giving reasons.

(b) In the execution of this function the provisions in respect of the minimum standard for accommodation must be maintained.

(c) All policy and legal provisions and regulations applicable to the demolishing and removal of buildings must be complied with.

(5) The urban Bantu Council shall allocate sites in the Bantu residential area for church purposes. (Section 4(2)(a)(viii)).

*Conditions:*

(a) The Minister may at any time withdraw, amend or supplement this function without giving reasons.

(b) That no application is considered unless it is submitted in writing to the officer licenced in terms of Section 22(1) of Act No: 25 of 1945, with particulars as required and which indicates among others:-

(i) The confession and constitution or deed of foundation;

(ii) The status and standing of the church and to which extent it is established in the community where the site is required;

(iii) The local number of members of the church concerned which will be administered by the church on the site;

(iv) The facilities at the disposal of the denomination for the education of its ministers;

(v) The educational qualifications and theological training of the minister or evangelist who will be in charge of the site ;

(vi) The association of the church with other bodies if any-;

(vii) Whether it will promote the spiritual welfare and interests of the bantu ;

(viii) The financial or latent financial ability of the denomination to erect a suitable building ;

(ix) The availability of church sites.

(c) That the applicant be prepared to occupy the building in terms of the permission to occupy approved by the Minister of Bantu Administration and Development

(d) That no site be occupied until approval is obtained from the Minister in terms of Section 42(f) of the Bantu (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945).

1 (6) The urban Bantu Council shall furnish the urban local authority with their comments and recommendations on the provision of sanitary, health and medical services to bona fide inhabitants of the Bantu residential area. (Section 4(2)(a)(x)).

*Conditions:*

(a) The Minister may at any time withdraw, amend or supplement this function without giving reasons.

(7) The urban Bantu Council is responsible for the planning and administration of:-

(i) The care of the individual, e.g. the aged, the physically and mentally retarded, the indigent, etc.

(ii) Family care, e.g. matrimonial problems, moral bahaviour, illegitimate relations, child welfare, juvenile care, créches etc.

(iii) Community organization, e.g. community centre, sports grounds and facilities etc.

o r

any part of those functions determined by the Ministers. (Section 4(2)(a)(xi)).

*Conditions:*

(a) The Minister may at any time withdraw, amend or supplement this function without giving reasons.

(b) The urban Bantu Council assumes responsibility for all expenditure arising from the rendering of these services which otherwise would have been accepted by the urban local authority and is responsible that expenditure shall not at any time exceed the amount of available funds and sources of income. The necessary funds are provided out of the Bantu revenue account and such other sources which are approved by the Minister.

(c) For the execution of its functions the urban Bantu Council make use of the services of suitable qualified Bantu staff which are employed subject to the approval of the urban local authority, as well as European staff made available by the urban local authority, for the execution of functions for which suitable qualified Bantu staff are not available, provided that where the urban Bantu Council excercises complete control over its Bantu staff, the European staff stand under the supervision and control of the urban local authority.

(d) The staff attached to the execution of these functions stand under the specialised supervision and guidance of the urban local authority.

(e) The staff and administration form for administrative purposes an integral part of the urban local authority.

Because of the foregoing it is necessary to amend the standing orders of the urban Bantu Council as well as the functions assigned to the standing committees.

*B Y L A E 8*

*b. VERSLAG VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE ALGEMENE-DOELEINDES-KOMITEE AAN DIE STEDELIKE BANTOERAAD, 24 FEBRUARIE 1966 (SAKELYS VAN DIE STEDELIKE BANTOERAAD VAN WELKOM, 17 MAART 1966, pp. 4 - 7).*

*REPORT OF THE SPECIAL MEETING OF THE GENERAL PURPOSES COMMITTEE 24th FEBRUARY, 1966.*

*2. PROPOSED AMENDMENTS TO PROCEDURE OF STANDING COMMITTEES*

On the proposal of Clr. Masole seconded by Clr. Thelingoane, it was resolved to

*RECOMMEND* that

6(c). The whole clause to be replaced by:-

Reports, Resolutions, of Standing Committees must be submitted for discussion, approval and amendment to the General Purposes Committee. The approved or amended reports of resolutions shall be reproduced in the report of the General Purposes Committee prior to their submission to the Urban Bantu Council.

6(d). Add the following at the end of the sentence:-

Resolutions so adopted shall be reproduced in the minutes of the Urban Bantu Council.

6(e). The whole clause to be replaced by:-

Only the reports of the General Purposes Committee shall be submitted for adoption at the monthly meeting of the Urban Bantu Council.

Any member or ex-officio member of the Urban Bantu Council may speak on any resolution or report submitted by the General Purposes Committee.

6(g). The whole clause to be replaced by:-

All Committees of the Urban Bantu Council may have as many meetings as the Chairman of various Committees or the Director may find it necessary.

*3. RELATION OF COMMITTEES TO POWERS, DUTIES AND FUNCTIONS;*

On the proposal of Clr. Masole seconded by Clr. Leutluileng, it was resolved to

*RECOMMEND* that the powers, duties and functions be distributed as follows :-

| | |
|---|---|
| Article 4(2)(a)(1) | A. General Purposes Committee Function (j). |
| Article 4(2)(a)(v) | C. Sport & Entertainment Committee Function (a). |
| Article 4(2)(a) | E. General Purposes Committee Function (b). |
| Article 4(2)(a)(vi) | A. Public Works Committee Function (b). |
| Article 4(2)(a) | B. Public Works Committee Function (h). |
| Article 4(2)(a) | C. General Purposes Committee Function (a). |
| Article 4(2)(a)(vii) | A. General Purposes Committee Function (j). |
| Article 4(2)(a)(x) | A. Public Works Committee Function (d). |
| Article 4(2)(a)(xi) | A. Social Welfare Committee Function (a). |
| | G. Sport & Entertainment Committee Function (b). |
| | B. Social Welfare Committee Function (b). |
| | C. Sport and Entertainment Committee. Function (c). |

*4. STAFF REQUIREMENTS*

(a) *SOCIAL WORKERS*

It was decided that the Social Workers compile the data on the following items for submission to the relevant Committees:-

1. Garden Competitions
2. T. B. Dependents
3. Investigation of paupers' conditions and recommendations to the Bantu Commissioner on that.
4. Organising charitable organizations.
5. Care of Poor, needy and aged people in Winter and their Christmas treat.

6. Children's Christmas party, sight seeing provision etc. and
7. Bursaries and promotion of Library facilities.

(b) *ASSISTANT SECRETARY*

It was agreed in principle that the Town Council be requested to create a post of an Assistant Secretary.

On the proposal of Clr. Sebolai seconded by Clr. Masole it was

*RECOMMENDED* that when the Town Council had accepted creating the post, the appointment be left to the discretion of the Urban Bantu Council.

At this juncture, the Township Manager drew the attention of the meeting to paragraph 7 condition (c) of the Translated Powers, Duties and Functions:..

"For the execution of its functions the Urban Bantu Council makes use of the services of suitably qualified Bantu staff which are employed subject to the approval of the urban local authority."....

(c) *FEMALE FIELD SOCIAL WORKER*

An appointment of a Bantu Female Social Worker has already been made.

(for information).

(d) *CRECHÉ*

The Director assured the meeting that the Creché would fall under the control of the Urban Bantu Council.

(for information).

(e) *FIELD SPORTS ORGANISER*

The Welfare Section would attend to all the needs under this section.

(for information).

5. *COMMUNITY CENTRE*

The Director hinted that he would see that all the necessary amenities were provided in the new Community Centre.

6. *ADMINISTRATIVE OFFICER*

The Chairman explained that the Urban Bantu Council would issue instructions to the Secretary who in turn would become the Administrative Officer to execute such orders.

7. *TYPIST CLERK*

The Chairman reported that the post of a typist clerk has been filled already and on behalf of the Urban Bantu Council he thanked the Town Council for having created such a post.

8. *BUDGET CONTROL*

The Director explained that he would still have to discuss the pattern with the Township Manager and that the final details would be put on paper at a later stage.